AGENDA

vir die buitengewone vergadering van die

ALGEMENE SINODE

van die

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

NG GEMEENTE, PIERRE VAN RYNEVELD, PRETORIA
Maandag 7 tot Donderdag 10 November 2016

Let daarop dat daar 'n embargo op die inhoud van die Agenda geplaas is. Die embargo is tot 7 November 2016 om 15:00 van krag. Hanteer asseblief alle dokumentasie as uiters vertroulik. Geen stukke mag elektronies of op enige ander wyse versprei word nie.

ROEPINGSVERKLARING

van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

2007

Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy:

(a) *Om met 'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe.*
Ons is daarvan oortuig dat slegs die evangelie van Jesus Christus mense op die pad van verlossing, versoening en lewende hoop plaas. Daarom wil ons die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, as profete optree en oral getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.

(b) *Om voortdurend in liefde na mekaar te luister en in ons vertroue van mekaar te groei.*
Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande. Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat.

(c) *Om in deernis met ander saam te leef.*
Ons word deur God geroep as deel van sy liggaam in Afrika. Ons is dankbaar vir alle positiewe ontwikkelinge op ons kontinent, waaronder die snelle groei van die Christelike geloof. Daar is ook vele tragiese verhale van geweld, misdaad, armoede, hongersnood en die gevolge van MIV-Vigs. Ons betuig ons meegevoel aan die talle slagoffers hiervan en wil meewerk aan genesing vir mens, dier en omgewing. God roep en stuur sy kerk om 'n verskil te maak. Ons verseker alle owerhede van ons voorbidding.

(d) *Om met openheid onvoorwaardelik diensbaar te wees in die wêreld.*
Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons oral hoor. As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk.

Ons buig voor die Here. Ons is hier. Ons is sy kerk. Ons is gestuurdes.

Aan God al die eer.

VOORWOORD

Op die ASM vergadering van 5-7 September 2016 is besluit om ‘n buitengewone vergadering te belê met ‘n spesifieke opdrag:

1. om sy besluit van November 2015 (4.1.1.8.1 Notule ASM 16-18 November 2015) waarin die advies van die Algemene Taakspan Regte oor die hantering van appèlle teen die besluite van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudings aanvaar word, te herroep;

2. om ‘n buitengewone Algemene Sinode voor 10 November te belê om besware, appèlle, gravamina en ander voorleggings te hanteer.

Afgevaardiges is byeengeroep om biddende, luisterend met onderskeidingsvermoë die wil van die Here te soek rondom die hantering van dit wat op die tafel is. Die vergadering sal met oop Bybels aan die hand van EsegiëL 47:1-12 leiding soek. In hierdie gedeelte word water gebruik as ‘n metafoor vir nuwe lewe in omstandighede wat wil voorkom asof daar geen uitkoms is nie. In die teks bevind die volk hulself in die Babiloniese ballingskap. Dié situasie het oud-Israel in ‘n ongelooflike krisis gedompel. Daar is by die volk ‘n ervaring van verslaentheid en godverlatenheid. Menslik gesproke was daar by hulle geen verwagting op ‘n goeie uitkoms nie.

Esegiël 47 vertel dan van ‘n klein stroompie wat van die nuwe tempel af na die Jordaanvallei tot in die Dooie See vloei. Hoe verder hierdie water vloei, hoe breër en dieper word die stroom en oral waar dit kom, bring dit volhoubare lewe. Selfs die Dooie See, ‘n simbool van doodsheid, word vars en bruis van lewe. Langs die dieper vloeiende stroom groei ‘n verskeidenheid van vrugtebome wat jaar in jaar uit vrugte dra. In die dorheid en hopeloosheid van hul bestaan is die water lewegewend en bring dit hoop. Dit is wat gebeur wanneer God met ‘n vasgeloopte gemeenskap ‘n nuwe begin maak. Lewe is moontlik, sê die profeet; daar is kans op ‘n hoopvolle toekoms ongeag die ervaring van moedeloosheid.

Die klein stroompie van lewegewende water het sy oorsprong in die tempel - plek van God se teenwoordigheid. Die plek waar gemeenskap tussen God en mens en met mekaar, weer nuut begin. God se teenwoordigheid maak nuwe lewe vir ‘n gemeenskap moontlik. Dit bring varsheid, groei en lewe waar alles oënskynlik doodgeloop het. Esegiël se metafoor van lewegewende water het ‘n diep indruk op sy hopelose gehoor gemaak. Dit wil ook vir ons, die NG Kerk, wat in diepe vertwyfeling en verdeeldheid oor sake is, hoop gee oor wat God weer in ons tyd en in ons omstandighede nuut en vars kan oopbreek.

Mag die NG Kerk in die dae van 7-10 November die diepte van God se teenwoordigheid en sy genesende krag soos ‘n sterk, meesleurende stroom ervaar. Mag die vergadering nie net ervaar dat dit in die diepkant van onsekerheid is vanweë die groot uitdaging nie, maar bo alles die oorweldigende belewenis dat dit in die diepkant van God se helende teenwoordigheid is. Waar Sy genade, liefde en sorg eindeloos oor ons stroom.

Die vergadering is moontlik gemaak deur ‘n klompie mense, met min beskikbare tyd, onder enorme druk, met groot opoffering. Groot dank aan die Ontwerpspan, kantoorpersoneel, Taakspanne en wie ookal ongelooflik baie ingesit het!

Dr GF Claassen
Algemene Sekretaris

INHOUDSOPGAWE

A.VERSLAE

A.1 AGENDA-ONTWERPSPAN .....

A.2 BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA & VOORLEGGINGS SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

A.2.1 Inleidende opmerkings en proses.....
A.2.2 Kompilasie van voorstelle .....
A.2.3 Kerkordelike aangeleenthede.....
A.2.4 Skrifgesag en hermeneutiek .....
A.2.5 Skrifgesag - samevatting van argumente .....
A.2.6 Voorlegging ter ondersteuning van 2015 besluit .....
A.2.7 Etiese besware.....
A.2.8 Persone in die amp.....

A.3 APPèLLIGGAAM

A.3.1 Verslag en bevindinge .....
A.3.2 Appèl teen die besluite van die Algemene Sinode 2015 .....
A.3.3 Beskrywingspunt - Belhar Belydenis: Wes Kaap.....
A.3.4 Tydelike Taakspan - Belydenisskrifte 2015.....
A.3.5 Repliek Moderatuur Appèlgronde Belhar Belydenis.....

A.4 FREKWENSIE VAN DIE ALGEMENE SINODE .....

A.5 TAAKSPAN REGTE (REGLEMENT 19) (Laatstuk) .....

B.TERSAAKLIKE DOKUMENTE

B.1 BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE – MODERAMEN BESLUIT
B.2 REGLEMENT VAN ORDE.....
B.3 HUISREËLS.....
B.4 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS
B.4.1.Besluit 2004.....
B.4.2 Besluit 2007.....
B.4.3 Besluit 2013.....
B.4.4 Besluit 2015.....

C. BESKRYWINGSPUNTE

C.1 VERSLAG TAAKSPAN REGTE .....
C.2 GRAVAMINA, BESWAARSKRIFTE EN VOORSTELLE – BUNDEL 2

AFKORTINGS

A

AACC	All Africa Conference of Churches
ABF	Algemene Bedieningsfonds
ABID	Argief- en Bestuursinligtingsdienste
ABR	Algemene Bevoegdheidsraad
ACK	Afrikaanse Christen Kerk NS
ACRC	Africa Communion of Reformed Churches
ACSA	Anglican Church of Southern Africa
ADD	Algemene Diensgroep Diens en Getuienis
ADGO	Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling
AGS	Apostoliese Geloofsending
AJK	Algemene Jeugkommissie
AK	Algemene Kuratorium
AKLAS	Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake
APK	Afrikaanse Protestantse Kerk
ARCA	Alliance of Reformed Churches in Africa
ASGISA	Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa
ASM	Algemene Sinodale Moderamen
ATA	Algemene Taakspan Argief
ATABID	Algemene Taakspan Argief- en Bestuursinligtingsdienste
ATBV	Algemene Taakspan Bybelvertaling, -Verklaring en -Verspreiding
ATDV	Algemene Taakspan Diensverhoudinge
ATF	Algemene Taakspan Fondse
ATKM	Algemene Taakspan Kerklike Media
ATLAS	Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake
ATR	Algemene Taakspan Regte
ATTO	Algemene Taakspan Teologiese Opleiding
A-Z	Omvattende handleiding tov alle fasette rakende leraars

B

Bep	Bepaling
BDV	Die Bybel: Direkte Vertaling
BIG	Basiese Inkomste Toelaag (Basic Income Grant)
BM	Bybel-Media
BSA	Bybelgenootskap van Suid-Afrika

C

CABSA	Christen Vigsburo vir Suidelike Afrika
CAD	Christelike Afhanklikheidsdiens
CCAP	Church of Central Africa Presbyterian
CEC	Evangelical Community in the Congo
CPK	Calvyn Protestantse Kerk
CLF	Christelike Lektuurfonds
CMR	Christelike Maatskaplike Raad
CRCA	Communion of Reformed Churches in Africa
CRCA	Christian Reformed Churches of Australia
CRCNA	Christian Reformed Church in North America
CRWRC	Christian Reformed World Relief Committee
CUC	Church Unity Commission
CUM	Christelike Uitgewersmaatskappy

D

DL	Dordtse Leerreëls
DRC	Dutch Reformed Church (NGK)
DRCB	Dutch Reformed Church in Botswana
DVK	Diensverhoudingkommisie

E

ELKSA	Evangelies-Lutherse Kerk van Suider-Afrika

F

FEPS	Federasie van Switsers-Protestantse Kerke
FJKM	Church of Jesus Christ in Madagaskar
FLAM	Eietydse Musiekbediening

G

GCF	Global Christian Forum
GDN	Gemeentedienstenetwerk
GEKA	Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië
GER	(REC) Gereformeerde Ekumeniese Raad
GISA	Genealogiese Instituut van Suid-Afrika
GKSA	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
GSU	Genealogical Association of Utah

H

HK	Hugenote Kollege
HK	Heidelbergse Kategismus

I

IFAPA	Inter-faith Action for Peace in Africa
IFFM	Independent Forum for Faith and Media
IKOO	Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys
ISWEN	Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing

J

JONK	Jeugbediening van die NG Kerk

K

KBB	Kommissie vir Buitelandse Bediening

KJWV	Kerklike Jeugwerkersvereniging
KMDR	Kerklike Maatskaplikediensteraad
KO	Kerkorde

L

LXX	Septuaginta

M

MoA	Memorandum of Agreement

N

NAV	Nuwe Afrikaanse Vertaling
NBI	Nehemia Bybelinstituut
NBO	Nuwe Bedieningsontwikkeling
NDR	Nasionale Demokratiese Revolusie
NEK	Nuwe Gemeente-ontwikkeling, Evangelisasie, Kerkplanting
NGB	Nederlandse Geloofsbelydenis
NG Kerk	Nederduitse Gereformeerde Kerk
NGKA	(DRCA) Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika
NGKU	NG Kerk Uitgewers
NGSK	NG Sendingkerk
NGO	Nuwe Gemeente-ontwikkeling
NGTT	Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif
NHK	Nederduitsch Hervormde Kerk
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NRASD	National Religious Association for Social Development
NRLC	National Religious Leaders Council
NRLF	National Religious Leaders Forum
NT	Nuwe Testament
NWO	Nie-winsgewende organisasie

O

OT	Ou Testament
OWO	Openbare weldaadsorganisasie (PBO)

P

PASD	Predikant in Algemene Sinodale Diens
PCUSA	Presbyterian Chuch in the USA
PKN	Protestantse Kerk in Nederland
PL	Parlementêre Lessenaar
Prim	Primarius
Ps	Psalm
PSD	Predikant in Sinodale Diens

R

REC	(GER) Reformed Ecumenical Council
RCA	Reformed Church in Africa
RCEA	Reformed Church in East Africa
RCH	Reformed Church in Hungary
RCJ	Reformed Church in Japan
RCWF	Reformed Christian Womens' Forum
RCZ	Reformed Church in Zimbabwe

S

SAARC	Southern African Alliance of Reformed Churches
SAID	Suid-Afrikaanse Inkomstediens
SAKOV	Suid-Afrikaanse Kerkorrelisvereniging
SACLA	South African Christian Leadership Assembly
SACLI	South African Christian Leaders Indaba
SAKV	Suid-Afrikaanse Koorvereniging
SAOU	Suid-Afrikaanse Onderwysersunie
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisiediens
SARK	Suid-Afrikaanse Raad van Kerke
Sek/Sec	Sekundus/Sekundi
SKB	Sentrum vir Kontekstuele Bediening
STDV	Sinodale Taakspan Diensverhoudinge

T

TEASA	The Evangelical Alliance of South Africa
TIW	Toerustingsburo vir Interkerklike Werkers
TM	Tydskriftemaatskappy
TKK	Tussenkerklike Kommissie
TKR	Tussenkerklike Raad
TSO	Teologiese Studente Opleiding

U

UCA	Uniting Church in Australia
UMSW	Uniting Ministry for Service and Witness
UP	Universiteit Pretoria
UPCSA	Uniting Presbyterian Church in Southern Africa
URCSA	Uniting Reformed Church in Southern Africa
US	Universiteit Stellenbosch
UV	Universiteit Vrystaat

V

VBO	Voortgesette Bedieningsontwikkeling
VCSV	Verenigende Christelike Studentever-eniging
VDDG	Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis
VDM	Verbi Divini Minister (Bedienaar van die Goddelike Woord)
vGKN	voortgezette Gereformeerde Kerken in Nederland
VGKSA	(URCSA) Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
VONKK	Adviesnetwerk vir klassieke kerklied
VPKB	Verenigde Protestantse Kerk in België
VTO	Voortgestette Teologiese Opleiding

W

WARC	World Alliance of Reformed Churches
WBG	Wêreldbond van Bybelgenootskappe
WBGK	(WARC) Wêreldbond van Gereformeerde Kerke
WCRC	World Communion of Reformed Churches
WGGK	Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke
WRF	World Reformed Fellowship
WRK	(WCC) Wêreldraad van Kerke
WVK	Waarheids- en Versoeningskommissie

A.VERSLAE

A.1 AGENDA/ONTWERPSPAN

1. OPDRAG

1.1 Reglement 3 pt 3.1: *Die Ontwerpspan van die Algemene Sinode word deur die Moderamen saamgestel…*

Die Moderamen het besluit om 'n Ontwerpspan saam te stel wat die beplanning vir die buitengewone Algemene Sinode doen. Die Ontwerpspan het aan die Moderamen verslag gedoen van sy werksaamhede.

1.2 Personeel

Die personeel was die volgende: Dr Gustav Claassen (sameroeper), me Rinel Hugo (skriba), mnr Gerhard Potgieter, me Ester Steyn, di Nelis J van Rensburg, Dirkie vd Spuy, prof Johan van der Merwe, dr Chris van Wyk, me Elize Bezuidenhout.

2. PLEK EN DATUM VAN SINODE

2.1 Datum

Die Moderamen het die datum vir die buitengewone Algemene Sinode bepaal vir Maandag 7 tot Donderdag 10 November 2016.

2.2 Kennisgewing

Die skribas en saakgelastigdes van die tien sinodes het op 16 September 2016 formeel kennis van die vergadering ontvang soos bepaal deur die Reglement van Orde.

2.3 Plek

Die Moderamen het goedgekeur dat die buitengewone Algemene Sinode by die NG Gemeente Pierre van Ryneveld, Pretoria, gehou word. Verblyf is gereël te Padre Pio Retreat Centre, Emseni Christian Centre te Benoni en Le Chateau. Sinodes het ook hulle eie reëling tov verblyf getref.

3. AFGEVAARDIGDES

3.1 Die name van die afgevaardigde predikante en ouderlinge/diakens (met sekundi) verskyn in die lys van afgevaardigdes in die Agenda (**bl 10**).

3.2 In ooreenstemming met Reglement 3 pt 1.2 berus hierdie lys op die gesamentlike geloofsbriewe wat deur die skribas van sinodes ingedien is op grond van Kerkorde Art 38.1. Die berekening verskyn ook in die Agendaboek (**bl 22**). Die berekening is deur die Moderamen goedgekeur en deurgegee aan die sinodes.

3.3 Die Kerkorde bepaal die volgende insake 'n buitengewone Algemene Sinode:

"..... By konstituering word die geloofsbriewe ter tafel geneem. By 'n buitengewone Algemene Sinode word geloofsbriewe en verslae ingedien soos deur die Moderamen bepaal en dien alleen die sake waarvoor die buitengewone Algemene Sinode byeengeroep is. (vgl. Reglement 3 pt 1.2)

3.4 Die dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite is adviserend teenwoordig (Kerkorde Art 38.2).

3.5 Daar word aan predikante in algemene sinodale en in sinodale diens, sowel as aan skriba's van kommissies en amptenare van soortgelyke status wat mede-verantwoordelikheid dra vir verslae wat voor die Algemene Sinode dien, en wat nie afgevaardigdes na die Algemene Sinode is nie, die reg van sitting met adviserende stem verleen wanneer daardie verslae en sake wat hulle werk raak, behandel word.

3.6 Alle wysigings van afgevaardigdes moet tydens registrasie op Maandag 7 November 2016 voor 14:00 by die Algemene Sekretaris, dr Gustav Claassen, ingehandig word.

3.7 Plekke word gereserveer vir die ekumeniese verteenwoordigers en besoekers wat die Moderatuur/ Moderamen uitgenooi het.

3.8 'n Beperkte getal sitplekke is op die gallery beskikbaar vir besoekers.

4. REGISTRASIE

4.1 Die registrasie van afgevaardigdes vind **op Maandag 7 November 2016 vanaf 11:00 tot 14:00** plaas **by die NG Gemeente Pierre van Ryneveld.** Meer detail verskyn in die omsendskrywe aan sinodes en elke afgevaardigde.

4.2 Afgevaardigdes ontvang naamkaartjies by registrasie wat elke dag gedra moet word.

4.3 Alle besoekers, pers ingesluit, moet daagliks registreer.

5. VERBLYF

5.1 Die Kantoor van die Algemene Sinode het verblyf en kamerindelings, in oorleg met die sinodes, vir die afgevaardigdes gereël.
5.2 Sinodes het ‘n skrywe met die detail hiervan ontvang en dit is ook na afgevaardigdes gekommunikeer.

6. OPENINGSGELEENTHEID

6.1 Die **openingsliturgie** vind om 15:00 in die kerkgebou van die NG Gemeente Pierre van Ryneveld plaas. Dit is die amptelike opening van die buitengewone Algemene Sinode. Die liturgie vind plaas soos deur die Ontwerpspan gereël.
6.2 Die prediker is ds Nelis J van Rensburg, leraar van die NG Gemeente Welgemoed.
6.3 Musiekbegeleiding word deur FLAM se Taakspan hanteer.

7. KONSTITUERING

Die Algemene Sekretaris hanteer die konstituering na die opening.

8. SITTINGSTYE

Die sittingstye word in die *Werkskema* weergegee **(bl 15).**

9. VERLOF EN PERSONEELVERANDERINGS

9.1 Afgevaardigdes word dringend versoek om die hele tyd teenwoordig te wees. Elke sinode tref self reëlings ten opsigte van die verlof van sy afgevaardigdes. Elke sinode se skriba hanteer die verlofaansoeke (op die voorgeskrewe verlofvorm) van sy afgevaardigdes. Tafelleiers moet ook die verlofvorms teken.
9.2 Skriba’s moet alle verlof van afgevaardigdes aan die Notulekommissie deurgee vir plasing in die notule. Dit is ook noodsaaklik vir die kontrole van die kworum van die vergadering deur die Algemene Sekretaris.

10. ANDER REËLINGS

10.1 Vervoer
Lug-/padvervoer van groepe is deur die Kantoor van die Algemene Sinode en sinodes gereël/gekoördineer. Sinodes is ook versoek om te reël dat afgevaardigdes wat per motor kom, saamry ter wille van kostes. Afgevaardigdes wat per vliegtuig kom se reisreëlings na en van Johannesburg word via die Kantoor van die Algemene Sinode met sinodes gereël.
10.2 Sitplekindeling
10.2.1 Afgevaardiges sit om ronde tafels. Tafelnommers verskyn op afgevaardigdes se naamkaartjies.
10.2.2 Indien 'n sekundus ná die verskyning van die Agenda (en tydens die vergadering) opgeroep word, neem hy/sy die sitplek van die primarius wat hy/sy vervang in.
10.3 Mikrofone
Reëlings oor mikrofone en spreekbeurte word ter vergadering getref.
10.4 Parkering
Daar is genoeg veilige parkering vir afgevaardigdes en besoekers op die kerkterrein.
10.5 Navrae- en Inligtingstoonbank
Daar is ‘n navrae- en inligtingstoonbank in die voorportaal van die kerkgebou van die gemeente Pierre van Ryneveld ingerig en word deur personeel van die gemeente hanteer.
10.6 Administrasiekantoor
'n Administrasiekantoor word ingerig waar die nodige administrasie hanteer word.
10.7 Etes en verversings
10.7.1 Etes (ontbyt uitgesluit) word vir afgevaardigdes by die gemeente Pierre van Ryneveld bedien. *Afgevaardigdes **kan nie** op sinodekoste elders gaan eet nie*.
10.7.2 Tee/koffie en verversings word tydens teetye by die gemeente Pierre van Ryneveld bedien.
10.8 Uitstallings
10.8.1 Die NG Kerk se maatskappye BM en CLF stal van hulle produkte uit.
10.8.2 Geen ander boeke, pamflette, artikels, ware, ensovoorts mag op enige plek op die terrein uitgestal, verhandel of uitgedeel word nie. Geen opname van die verrigtinge van die vergadering mag gemaak word behalwe met vooraf-goedkeuring deur die Moderatuur nie.

10.9 Mediese dienste

Enige persoon wat dringend mediese hulp nodig het, kan navraag doen by die navrae- en inligtingstoonbank. Daar is ‘n mediese sentrum naby die kerkgebou indien mediese sorg benodig word.

10.10 Media

Die Algemene Sinode is ‘n oop vergadering en die pers is welkom by die Sinode. Daar is plek op die gallery vir lede van die pers.

10.11 Bybel

Aangesien ons vanuit die Skrif werk word afgevaardigdes versoek om ‘n Bybel saam te bring.

10.12 Kleredrag

Daar is nie voorskrifte vir kleredrag nie, maar die aanbeveling is netjies-informeel. Afgevaardigdes word versoek om nie klere te dra met grafika wat hulle standpunte adverteer en bevorder nie.

10.13 Besoekers

***1** Besoekers wat die volle duur van die sitting wil bywoon moet asseblief met hulle sinodes onderhandel – tov registrasie en betaling, en woon die sitting as waarnemers by.

Besoekers wat die sitting vir sekere verslae bywoon moet daarop let dat hulle verantwoordelikheid aanvaar vir eie verversings en etes by nabygeleë eetplekke asook vir eie verblyf.

***2** Daar is beperkte plek vir waarnemers sowel as besoekers.

***3** *Dit is nie moontlik om te reël vir ekstra verversings/ etes vir besoekers nie* (behalwe diegene wat by die volledige pakket inskakel).

***4 Alle besoekers moet daagliks by die inligtingstoonbank aanmeld waar hy/sy ‘n besoekerskaartjie sal ontvang.**

10.14 Internettoegang

10.14.1 Internettoegang is afgevaardigdes se eie verantwoordelikheid. Die navraetoonbank sal in dringende gevalle hiermee behulpsaam wees.

10.15 Herwinning

10.15.1 Daar is daagliks 2 bottels water per persoon beskikbaar. Daar is waterhouers beskikbaar indien ekstra water benodig word.

10.15.2 Daar sal houers beskikbaar wees om papier, plastiek, glas en blik te herwin. Afgevaardigdes se samewerking word hiervoor gevra.

11. AGENDABOEK

11.1 Die Agenda is deur die Ontwerpspan saamgestel en gedruk op grond van die besluit van die Moderamen wat deel van die Agenda sal uitmaak. Die **Agenda word as geslote beskou en daar word ook ‘n embargo op die Agenda geplaas tot met die opening van die sinode** (vgl besluit van Algemene Sinode 1998 (bl 465: 2.3 onder C.1.2): *Die Algemene Sinode plaas geen embargo op toekomstige agendas nie, afgesien van spesifieke sake waaroor die Kommissie vir die Agenda vooraf sou kon besluit dat ten opsigte daarvan 'n embargo nodig is.)*

11.3 Die Agenda sal tydens die sinodesitting as gelese beskou word. Die *Werkskema* dui die verloop van die sitting aan

11.4 Volgens ‘n besluit van die Algemene Sinode word die koste van die Agenda- en Handelingboeke deur gemeentes gedra. Rekeninge word egter aan sinodes gestuur wat die geld self by gemeentes moet insamel. Dit vorm alles deel van die totale koste van die sitting.

11.5 In ooreenstemming met die Reglement van Orde pt 3.1 word Agendaboeke aan *"alle diensdoen-ende bedienaars van die Woord van die Kerk, sowel as gemeentes, amptenare en belanghebbende instansies"* voorsien. Sinodes sal versoek word om aan te dui hoeveel eksemplare van die boeke hulle nodig het.

11.6 Alle navrae in verband met die Agenda moet gerig word aan die Algemene Sekretaris, dr Gustav Claassen.

12. TAAKSPANNE TYDENS DIE ALGEMENE SINODE

Die volgende Taakspanne wat tydens die sitting moet funksioneer, word aanbeveel:

12.1 TAAKSPANNE

12.1.1 Notulespan

12.1.1.1 Die Notulespan soos saamgestel deur die Ontwerpspan.

12.1.1.2 Die Notulespan is in opdrag van en in oorleg met die Algemene Sekretaris verantwoordelik vir die noukeurige notulering van die Handelinge van die buitengewone Algemene Sinode.

12.1.1.3 Die notule word daagliks aan die Sinode voorgelê. Wysigings en verbeterings moet skriftelik aan die aangewese lid van die Notulespan gegee word. Die Notulespan werk dit in en lê dit, waar toepaslik, aan die Sinode voor by die behandeling van die notule.

12.1.2 Musiekspan
Die musiekbegeleiding word deur FLAM se musiekgroep gedoen. Musiek van VONKK, FLAM en die Liedboek word gebruik.
12.1.3 Tafelleierspan
Daar is vir elke tafel ‘n tafelleier aangewys.
12.1.4 Ontwerpspan
Die Ontwerpspan tref logistieke reëlings sodat die vergadering vlot kan verloop.
12.1.5 Stemtellers
12.1.5.1 ’n Span soos aangewys deur die Ontwerpspan.
12.1.6 Steunspan
12.1.6.1 Me Ester Steyn (Kantoor van die Algemene Sinode) predikante en teologiese studente van UP, soos aangewys deur die Ontwerpspan.
12.1.7 Taakspan Regte
Die Algemene Taakspan Regte sal tydens die sitting advies gee soos nodig.
12.1.8 Tolke
Daar sal tydens die sitting tolke wees wat dienste aan besoekers verskaf.
12.1.9 e-KERKBODE
Die Redakteur van Kerkbode sorg daagliks met sy span vir ‘n *e-Kerkbode.* Dit kan op selfone en tablette afgelaai word.
12.1.10 Die proses ter vergadering
***1** Die Moderatuur word tydens die vergadering bygestaan deur die volgende groepe mense:
** Die voorsitters van die tien sinodes se diensrade/ sinodale kommissies/ moderamens.*
** Die lede van die Ontwerpspan.*
***2** Fasiliteerders is beskikbaar om, waar nodig, hulp te verleen by oop gesprekke en prosesse wat in die vergadering nodig mag wees.

12.2 TYDELIKE TAAKSPANNE
12.2.1 Samestelling en taak
12.2.1.1 Die Reglement van Orde bepaal dat Tydelike Taakspanne, behalwe waar anders voorgeskryf, deur die Agendaprojekspan (Ontwerpspan) aangewys word.
12.2.2 Tydelike Taakspan vir Algemene Sake
Die Tydelike Taakspan vir Algemene Sake word tydens die Algemene Sinode aangewys en bestaan uit die Moderatuur en voorsitters van die 10 sinodes se diensrade/sinodale kommissies/moderamens.
12.3 Funksionering van Tydelike Taakspanne
12.3.1 Sodra 'n tydelike taakspan 'n redelike deel van sy agenda afgehandel het, word die betrokke deel van sy verslag aan die Notulekommissie oorhandig wat dit nasien ten opsigte van die regte vorm en numerering en wat sorg vir die tik en duplisering daarvan. Proefleeswerk word deur die Notulekommissie en die skriba van die betrokke tydelike kommissie gedoen.
12.3.2 Die verslae van tydelike taakspanne kry dieselfde nommer as die afdeling van die Agenda waarop die saak betrekking het, met 'n T vooraan, byvoorbeeld T.1.4. Indien daar meer as een verslag van die betrokke tydelike kommissie is, word dit T.1.4.1, T.1.4.2, ens.
12.3.3 Tydelike taakspanne moet die beskrywingspunt of punte uit 'n verslag waaroor dit gaan, duidelik aandui en, indien hulle dit aanbeveel, in hulle aanbeveling die volledige besluit wat deur die sinode geneem moet word, weergee, sodat dit woordeliks in die Handelinge van die Algemene Sinode opgeneem kan word.

13. WERKSKEMA
Die *Werkskema* verskyn op **bladsy 15** van hierdie Agendaboek

14. PROSESSE VIR DIE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE
Die Ontwerpspan het prosesse bepaal om die vergadering van die Algemene Sinode te help om verantwoordelik en onderskeidend te werk te gaan.

14.1 BIDDEND EN LUISTEREND
Afgevaardiges is byeengeroep om biddend, luisterend met onderskeidingsvermoë die wil van die Here te soek rondom die hantering van dit wat op die tafel is. Die vergadering sal met oop Bybels aan die hand van EsegiëL 47:1-12 leiding soek.

Die Algemene Sinode is ’n vergadering in eie reg waar afgevaardigdes nie deur hulle sinode se besluite gebind word nie, maar deur die Gees van God gelei word.

14.2 VERHOUDINGS
Verhoudings word om tafels gebou waar gelowiges saam die Bybel lees, saambid en luister na wat God vra.

14.3 LITURGIE
Die vergadering word so ingerig dat die liturgie geïntegreer word met die dialoog en gesprekke.

14.4 LUISTERSEISOEN SE WAARDES
Die Ontwerpsan versoek afgevaardigdes om gedurende die vergadering met ‘n bepaalde styl met mekaar om te gaan en die waardes van die Seisoen van Luister toe te pas: **leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid –** om sodoende **doelgerig diensbaar aan mekaar te wees.**

14.5 HUISREËLS
Ten einde die vergadering vlot te laat verloop is Huisreëls opgestel wat saam met die Reglement van Orde gelees moet word.

14.6 ONS GAAN ONDERSKEIDEND TE WERK

14.6.1 Onderskeiding beteken om ’n saak met wysheid te oorweeg en tot ’n praktiese besluit daaroor te kom.
14.6.2 Ons leer dit ken in die Nuwe Testamentiese gebruik van die Griekse woorde phronesis en phroneo wat in die betekenis van wysheid of onderskeiding gebruik word:
* In **Lukas 1:17** word *phronesis* gebruik in die sin van “**die regte pad te vind**”, dit waarmee Johannes die Doper die volk moes help – “the right way of thinking” (New Century Version).
* In **Efesiërs 1:8** word *phronesis* gebruik in die sin van om God se genade met wysheid en “**insig te ontvang**”, die geskenk wat God in en deur Christus vir gelowiges in oorvloed gee.
* In **Filippense 2:2** word die werkwoord *phroneo* gebruik saam met die woord *autos* in die sin van “**saam te dink**” wat met eensgesindheid vertaal is. Dit beteken nie om eenders te dink nie, maar om verskillende perspektiewe met mekaar te deel totdat daar ’n gesamentlike oortuiging opdaag. Dit sluit die onderlinge liefde en die dra van mekaar se belange in (**vers 3-4**) en word deur die voorbeeld van Christus verder beliggaam (**vers 5-11**).
* Dit is ook hierdie *saamdink* wat van Euodia en Sintige in **Filippense 4:2** gevra word, waar dieselfde woorde gebruik word. Daar word dit verder gekwalifiseer dat hierdie saamdink “**in die Here**” moet geskied, dws in Sy teenwoordigheid, waarin Sy wil uiteindelik die deurslag gee.

14.6.3 Die verhaal in **Handelinge 15** waar die kerk **die wyse pad moes onderskei** rondom die vraagstuk van die insluiting van gelowiges uit die heidendom in die Christelike geloofsgemeenskap, help ons om onderskeiding beter te verstaan:

***1 Onderskeiding sluit almal se bydraes in**
Die hele gemeente is saam met die apostels en die ouderlinge as partye in die gesprek betrokke (**vers 4-5**). Beide die gewone gelowiges en die leierskap gesels saam. Die aandrang op die besnydenis kom immers spesifiek uit *gelowiges* wat vroeër Fariseërs was se geledere.

Dit is duidelik dat baie menings en perspektiewe verreken word.

***2 Onderskeiding werk met getuienisse oor God se werk in die lewe**
Die gesprek in die gemeente handel oor alles wat **God** gedoen het. Die tema is die lewe van geloof, en die wyse waarop gelowiges beleef dat God handel. **Verhale** word vertel om op die spoor van God se aksie te kom.

Wanneer die apostels en ouderlinge byeenkom praat **Petrus** ook eers oor wat God doen en gedoen het. Hy is geroep om die evangelie aan die heidennasies te bring. Trouens, hy het so pas van ’n eie sendingreis teruggekom. En hy het self beleef hoedat God sy Gees aan heidense gelowiges gee net soos aan Joodse gelowiges. En hy het gesien dat hulle harte deur geloof gereinig is, nie deur die nakoming van die Joodse wet nie.

Hierna vertel **Barnabas en Paulus** wat God onder die heidennasies gedoen het**.** Hierdie benadering gee ruimte aan God. Die vraag is wat God doen, en hoe God deur die gemeente se bediening nagevolg moet word. Dis nie 'n strategiese gesprek wat voor- en nadele opweeg, of takties korrek wil wees nie. Hier is 'n diepe soeke na God se handelinge ter sprake, en die vertel van verhale wat dit op die agenda plaas, is die benadering wat gevolg word.

Dit is in die verhale van God se werk wat Sy wil duidelik word!

***3 Onderskeiding toets alles aan die Skrifwoord totdat daar klaarheid daaroor kom.**
Nadat die vertelling van God se handelinge in die hede en verlede afgehandel is, word dié verhale aan die Skrif getoets. **Jakobus** speel 'n belangrike rol om die Skrif, die gebeure en die gelowiges se interpretasie daarvan bymekaar te bring.

Oor die leer van die Skrif is daar **gesprek** – dws die blote *lees* van die Woord word aangevul deur die *interpretasie* van daardie Woord. Jy kan nie maar net tekste aanhaal en daarmee basta nie. Jy moet deel wat jy daaruit agterkom van wat God wil hê.

Uiteindelik is dit die **vergadering** (**vers 22**) wat aandui dat die verbintenis tussen die verhale wat vertel word en die interpretasie van die Skrif vir hulle sin maak en dan 'n besluit daaroor neem.

Dit is so belangrik dat 'n mens nie die Bybel gebruik om mekaar af te kraak nie. Die Bybel is nie 'n geweer waaruit ons tekste soos Bybel-koeëls op mekaar afskiet ten gunste van een of ander standpunt nie.

Nee, gelowiges soek saam en lank genoeg – tot die punt van voldoende konsensus en 'n gedeelde oortuiging – na waarheid uit die Woord. Dit geskied totdat die sake waaroor die besluit geneem moet word voldoende deur die Woord belig is en helderheid bereik is.

***4 Eers as daar wye instemming bereik is, word dit die besluit van die geloofsgemeenskap**
*Onderskeiding is dus om saam te soek na 'n gemeenskaplike konsensus wat gebore word uit die oortuiging dat God reg gehoor en sy Woord reg geïnterpreteer word, soos wat dit in die lewe gestalte kry in die verhale van God se werk onder ons. Eers dan neem die geloofsgemeenskap 'n besluit (**vers 22**).*

14.6.4 Die Seisoen van Luister se **luistersiklus** word in ons geloofsonderskeidende prosesse gebruik.
Die volgende grafiese voorstelling verduidelik die proses :



ONTVANG
****1 Ons beskou die verslae wat in die agenda ingebind is, as gelese. Dit beteken egter nie dat dit daarmee afgehandel is nie. Ons maak net staat op almal se voorbereiding sodat ons tyd kan wen deur nie vir die eerste keer by die sinode daarna te kyk nie. Dit sal baie help as elkeen 'n kort sinopsis maak oor sake van belang wat daarin voorkom.***

ONTGIN
****1 In die tafelgesprekke wil ons 'n diep gesprek voer oor die onderwerp van die sessie totdat daar 'n breë instemming of oortuiging posvat.***

2 Ons deel met mekaar gedeeltes uit die Bybel wat vir ons help om oor die tema te dink. Die waarde wat ons lei is leerbaarheid.
3 Ons neem gebeure en gedagtes uit ons konteks in ag om tot helderheid te kom oor wat regtig van belang is. Die waarde wat ons begelei is deernis.
4 Ons span ons in om te luister na mekaar totdat ons begryp wat die essensie daarvan is, sonder om standpunte af te skiet. Ons gee genoeg tyd en geleentheid dat almal gehoor word. Die waarde wat ons begelei is vertroue.
5 Ons probeer ons ook in die skoene van ander plaas wat nie teenwoordig is nie om hulle standpunte te verreken en verstaan. Die waarde wat ons begelei is openheid.
6 Ons vra strykdeur die Godsvrae wat ons help om Sy wil vir ons te onderskei. Dit is vrae soos: Wat is God besig om nou te doen? Watter moontlikhede het God vir ons oopgemaak? Watter van dié moontlikhede voel ons wil God hê moet ons laat vaar/ontgin?

ONTPLOOI
1 Ons deel met mekaar ons oortuigings in vloerbesprekings met die oog op 'n breë dialoog en konsensus. Enigiemand kan deelneem en eie bydraes lewer, maar dit sal ons baie help as ons as sinode kan hoor watter oortuigings by die tafelgesprekke posgevat het. Ons wil graag onderskei hoe die Here ons as vergadering lei deur die insette van die tafels.
2 Ons gaan oor tot besluitneming om aan ons oortuigings gestalte te gee, tesame met voorstelle vir die implimentering daarvan wat verantwoordelikhede en verwagtinge uitspel vir verdere ontplooiing.

15. ANDER SAKE

15.1 Ekumeniese Besoekers

15.1.1. Ekumeniese verteenwoordigers sal by gereserveerde tafels sit en per geleentheid inskakel by die tafelgesprekke van die vergadering. (Tolkdienste word voorsien).

15.2 Spreekbeurte

15.2.1 Die Moderatuur saam met die Ontwerpspan oefen hier hulle diskresie uit.

15.2.2 Vgl reglement van orde pt 3.9

Geen lid van die vergadering is geregtig op meer as een spreekbeurt oor dieselfde saak nie, behalwe wanneer die persoon die aandag van die voorsitter wil vestig op 'n afwyking van die reglement van orde, óf met die verlof van die vergadering óf om as voorsteller repliek te lewer.

15.2.3 Die lengte van die spreekbeurt word bepaal deur pt 4.4 van dié reglement. *Die indiener van 'n voorstel word beperk tot 'n spreekbeurt van 8 minute, met 5 minute tyd vir repliek, en ander sprekers tot 5 minute. Die vergadering mag in bepaalde gevalle van hierdie tydsbeperking afsien.*

15.3 In-werking-stel van besluite

Die Algemene Sinode het in 1994 besluit dat 'n besluit van die Sinode *in werking tree met die publikasie van die Handelinge van die Algemene Sinode tensy die sinode anders besluit. Die Kerkorde en Reglemente tree in werking by die publikasie daarvan.* (Handelinge 1994, bl 426)

16. AFSLUITING VAN DIE SINODE

16.1 Die afsluitingsgeleentheid van die sinode vind op Donderdag 10 November om **12:00** plaas. **Afgevaardigdes moet asseblief hulle reisreëlings so tref dat hulle die sitting enduit kan bywoon.**

17. AANBEVELING:

17.1 Die Algemene Sinode keur die reëlings van die Ontwerpspan tov die buitengewone sinode goed.

17.2 Die Algemene Sinode keur die Huisreëls goed.

17.3 Die Algemene Sinode keur goed dat die notules, wat nie tydens die vergadering gedien het nie, elektronies deur die Moderamen goedgekeur word.

WERKSKEMA

MAANDAG 7 NOVEMBER 2016

11:00-14:00 Registrasie by die NG Gemeente Pierre van Ryneveld.

13:00-14:00 MIDDAGETE: Afgevaardigdes en waarnemers eet by die Pierre van Ryneveld se saal.

13:00-14:30 Oriënteringsgeleentheid vir tafelleiers by Pierre van Ryneveld gemeente. Moderatuur en tafelleiers eet saam om 13:00. Vergader hierna in die kapel.

15:00 **Opening: Prediker : ds Nelis J van Rensburg**
Kerkgebou van die gemeente Pierre van Ryneveld

TEMA: *WAAR DIE STROOM KOM, IS DAAR LEWE*
Die **konstituering** word na die opening hanteer.

16:30 Afgevaardigdes geniet verversings na afloop van die erediens by die gemeente Pierre van Ryneveld.

17:00- 18:00 **Sessie 1**
Administratiewe sake
Wys Tydelike Taakspan vir Algemene Sake aan

18:00 – 19:00 AANDETE: Pierre van Ryneveld

19:00 – 20:45 **Sessie 2**

20:45 – 21:00 AANDWYDING - prof Johan vd Merwe
Afgevaardiges vertrek na hul onderskeie slaapplekke
Tydelike Taakspan Algemene Sake vergader

DINSDAG 8 NOVEMBER 2016

07:00-08:00 ONTBYT
Afgevaardigdes eet by hulle onderskeie slaapplekke.
08:00 Busvervoer na die vergadering.

08:30 Tafelleiers ontmoet die Ontwerpspan

09:00 DAGWYDING – ds Dirkie van der Spuy
09:30-10:30 **Sessie 3: Selfdegeslagverhoudings**

10:30 VERVERSINGS
11:00 **Sessie 4:Selfdegeslagverhoudings**

13:00 MIDDAGETE

14:00- 15:30 **Sessie 5: Selfdegeslagverhoudings**

15:30 VERVERSINGS

16:00-18:00 **Sessie 6: Selfdegeslagverhoudings**

18:00 AANDETE

19:00 – 20:45 **Sessie 7: Selfdegeslagverhoudings**

20:45-21:00 AANDWYDING – Elize Bezuidenhout
Afgevaardiges vertrek na hul onderskeie slaapplekke
Tydelike Taakspan Algemene Sake vergader

WOENSDAG 9 NOVEMBER 2016

07:00-08:00 ONTBYT *Afgevaardigdes eet by hulle onderskeie slaapplekke.*
08:00 Busse vervoer die afgevaardigdes na die vergadering.

08:30 Taffelleiers ontmoet die Ontwerpspan

09:00 DAGWYDING – ds Dirkie van der Spuy
09:30-10:30 **Sessie 8: Selfdegeslagverhoudings**

10:30 VERVERSINGS
11:00 **Sessie 9: Selfdegeslagverhoudings**

13:00 – 14:00 MIDDAGETE
14:00-15:30 **Sessie 10: Belydenisgrondslag**
Gesprekke

15:30 VERVERSINGS

16:00 – 18:00 **Sessie 11: Belydenisgrondslag**
18:00 AANDETE

19:00 – 20:45 **Sessie 12: Belydenisgrondslag**

20:45 – 21:00 AANDWYDING – dr Chris van Wyk
Afgevaardiges vertrek na hul onderskeie slaapplekke
Tydelike Taakspan Algemene Sake vergader

DONDERDAG 10 NOVEMBER 2016

06:30-08:00 ONTBYT **-** *Afgevaardigdes eet by hulle onderskeie slaapplekke.*
08:00 Busse vervoer die afgevaardigdes na vergadering.

08:30 Tafelleiers ontmoet die Ontwerpspan
09:00 DAGWYDING- ds Nelis J van Rensburg
09:30-10:30 **Sessie 13: Frekwensie van die Algemene Sinodevergaderings**

10:30 VERVERSINGS
11:00 – 12:00 **Sessie 14**
ATR verslag: Reglement 19
Pastorale brief aan gemeentes met uitkomste van die buitengewone sinode

12:00-12:45 **Afsluitingsgeleentheid – Ds Dirkie van der Spuy**
Die Kerk se pad vorentoe (Hand 15)
13:00 Vertrek

LYS VAN AFGEVAARDIGDES ALGEMENE SINODE 2016

Let wel: Hierdie lys word vóór die konstituering van die Sinode deur die skriba van elke sinode verbeter of aangevul. Die konstituering geskied dan aan die hand van die verbeterde en getekende lys wat as geloofsbrief dien. Die gegewens hieronder is soos dit met die uitgee van die Agenda van die 10 sinodes ontvang is:

SINODE VAN WES- EN SUID-KAAPLAND

PRIMARII: PREDIKANTE	SEKUNDI: PREDIKANTE
C Janse van Rensburg	CR Benadé
JF Marais	JJ Pretorius
QE Heine	DS. Kriel
CJ Stander	C Koch
JG Grobbelaar	JT van Rooyen
M. Britz*	AF Louw
MS Janse van Rensburg	JH lê Roux
DH de Wet	WA Smit
GH Smit	JD Smit
JS Bruwer	MH lê Roux
HAH van den Heever	AJ Verwey
MS van Zyl	PJ van Staden
H van Niekerk	TJ Botha
N Venter*	C van Rensburg
T Bosman*	WdW van Velden
DT Nel	R Potgieter*
Ds MP Sahd	
Ds. RJ Holloway	

PRIMARII: KERKRAADSLEDE	SEKUNDI: KERKRAADSLEDE
E Morkel *	WTB Janse van Rensburg
FW Bosman	W Fry
M Thirion *	N Kriek
CM de Wet *	PGJ Koornhof
A van der Spuy	C Cloete
PHR Griesel	PB Cilliers
NL Rossouw *	JM Swart
ME. jansen van Rensburg*	TJ Marais
CA van der Merwe	DE Jordaan*
J.C. Furniss*	KG Williams
NDL Burger	MS Beukes*
FPA Schreuder	PR de Wet
JL Jansen van Rensburg	L Maritz
M du Preez*	AP Westraat
B lê Roux	DL Sampson
SJK Pretorius	A Laubscher*
JM Pretorius*	

SINODE VAN OOS-KAAPLAND

PRIMARII: PREDIKANTE	SEKUNDI: PREDIKANTE
ds NW Bezuidenhout	ds WD Schoeman
ds JJD Nel	dr JP Cloete
ds JJ Louw	ds AJ Beyers
ds E Malan	ds DC Thomas
ds DW Mouton	ds DW O'Kennedy
ds DO Strydom	
ds EGJdeG Schutte	
ds M Van Niekerk*	
dr ACV Van Wyk	

PRIMARII: KERKRAADSLEDE
GDP Haman
AE Büchner
DP de W Coetsee
G Bekker*
JM Nel
TF Rintoul
L Stander
J van der Westhuizen

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE
SJ Nel

SINODE VAN NOORD-KAAPLAND

PRIMARII: PREDIKANTE
Ds J Oosthuizen
Ds S J Strydom
Dr JJ Knoetze
Ds GJ Duursema
Ds SW Albertyn
Ds PG Otto
Ds C Janse van Rensburg

PRIMARII: KERKRAADSLEDE
N Loots
LSG Claassens
F Vorster
EJ v Z Greyling
H J Lourens
T Grobler
JL Snyman

WAARNEMER
Ds JPL Mostert

SINODE VAN KWAZULU-NATAL

PRIMARII: PREDIKANTE
Ds FJ van der Merwe
Dr BJ Tolmay
Dr H Theunissen
Ds MW Pienaar
Ds SWP Scott
Ds M Sadie *
Ds BJ van Dyk

SEKUNDI: PREDIKANTE
Ds GJ van Jaarsveld
Ds PJ Meyer
Ds AC Steyn
Ds FJ Klopper
Dr DSG Oosthuysen
Ds M Malherbe

PRIMARII: KERKRAADSLEDE
Ds HAJ Viljoen
P Nel
LA Nel
F Vermaak
C Stander
R Vreken *

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE
G Smith
H Mynhardt
W Maree
E Joubert

SINODE VAN DIE VRYSTAAT

PRIMARII: PREDIKANTE
Ds HM Janse van Rensburg
Dr CHJ van Schalkwyk*
Ds JH Els
Ds JC Louw
Ds A van Staden
Ds NJ Mostert
Ds JPM Maree

SEKUNDI: PREDIKANTE
Ds DJ Pretorius
Ds J Vermeulen
Ds JT Jackson
Ds J Orsmond

Ds JJ Louw
Ds C Weideman
Ds S Maritz
Ds PS Conradie

PRIMARII: KERKRAADSLEDE
Prof SD Snyman
A van Wyk
EA Hendriks*
PJB Coetzer
M de Jager
JP Matthews
DS Bothma
SJ Terreblanche
R Meyer
J Loots

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE
J Mans

SINODE VAN GOUDVELD

PRIMARII: PREDIKANTE
JPA Brink
AP Burger
MJG du Plessis
JHG Gous
G Jansen van Rensburg
JA Kritzinger
I Nel*
HJ Niemand
N Rossouw*
NWJ van Rensburg

SEKUNDI: PREDIKANTE

PRIMARII: KERKRAADSLEDE
JA Barnard
AJ Bezuidenhout
BV Buys
P Nel
JvW du Plessis
W Lampbrecht
TA Louw
CC Maritz
YS Moldenhauer

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE

NOORDELIKE SINODE

PRIMARII: PREDIKANTE
Dr JA Botha
Dr HL Carelsen
Dr SI Cronje
Dr C Gericke
Ds PJ Grobler
Dr JD Kirkpatrick
Dr HP Kotze
Dr AK le Roux
Ds TJH Meyer
Ds AS Nel
Dr WA Pretorius
Dr L Ungerer

SEKUNDI: PREDIKANTE
Ds De Beer FCA
Ds WH Immelman
Ds PF Janse van Vuuren
Ds C Jansen van Vuuren
Ds JP Kotzé
Ds PJ Kriel
Ds B Powell
Ds PGJ Swart
Ds PH Venter
Dr JM Wildenboer

PRIMARII: KERKRAADSLEDE
CM Brand

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE
DS du Toit

DS de Klerk
JP Kirchner
Prof M Nel
JH Loots
MW Pretorius
HA Schreuder
AJ Smal
Dr MN van der Merwe
GJ van Rensburg
IS Wilson
RJ Engelbrecht
R Hugo *
DH Joubert
HKA Moll
AA Oberholzer
CP Olivier
HW Olivier
JC Swanepoel
WHJL van der Heever
L van Rheede van Oudshoorn

SINODE HOËVELD

PRIMARII: PREDIKANTE

Dr HH van der Linde
Dr AL Bartlett
Ds T Danzfuss
Ds JJ McDuling
Ds GJPJ vd Merwe
Dr JS Botha
Ds DS Oosthuizen
Ds JS Sandenbergh
Ds JH Windell
Dr C Naudé

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Dr AS Koorts
IP Schoeman *
RW van Niekerk
GPE Grobler
J Annandale
WD de Klerk
N van der Walt
GC Olivier
Ds PM Strydom
PD Klut

WAARNEMERS

Ds GA Cruywagen
Ds RNJ van der Westhuizen

OOSTELIKE SINODE

PRIMARII: PREDIKANTE

Dirkie van der Spuy
Freddie Schoeman
Lourens Bosman
Jean Strydom
Johan Koen
Maartje van der Westhuizen*
Gerrit Vosloo
Johan van der Merwe
Casper Booy
Peet Boshoff
Jorrie Potgieter
Hancke van Blerk

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Dawie Klopper
Elize Bezuidenhout*
Francois Retief
Dobbie Booy

Johan Smook
Johan du Preez
Johan Gerber
Cornelia Heyns
Marius Janse van Vuren
Dawid Spangenberg
André Nagel

SINODE VAN NAMIBIË

PRIMARII: PREDIKANTE
Dr AR Olivier
Ds JHG Maritz
Ds MJN van der Merwe
Ds E Coetzee
Ds AP Coetzee
Dr JC Woest

SEKUNDI: PREDIKANTE
Ds H Hay*

PRIMARII: KERKRAADSLEDE
Dr CJ Bedeker
CD Smith
GP van der Westhuizen
AC Louw*
MA Etsebeth*
R Theron*

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE

BEREKENING VAN DIE PROPORSIONELE KOMPONENT VAN SINODES SE AFVAARDIGING NA DIE EERSKOMENDE ALGEMENE SINODE ITV KERKORDE ARTIKEL 38. DIE BEREKENING IS GEDOEN VOLGENS DIE STATISTIEK IN DIE 2016-UITGAWE VAN DIE JAARBOEK.

Komponent gebaseer op die aantal belydende lidmate van sinodes

Sinode	Getal	%	Afvaardiging
Wes-en-Suid Kaapland	192,992	25.49%	25
Oos-Kaapland	52,616	6.95%	7
Noord-Kaapland	30,018	3.97%	4
Natal	21,323	2.82%	3
Vrystaat	81,321	10.74%	11
Wes-Transvaal	90,964	12.02%	12
Noordelike Sinode	98,378	12.99%	13
Hoëveld Sinode	77,843	10.28%	10
Oostelike Sinode	96,989	12.81%	13
Namibie	14,614	1.93%	2
	757,058	100.00%	100

Totale Afvaardiging

Sinode	Vaste Komponent	Berekende Komponent	Totaal	Dominees	Oudelinge
Wes-en-Suid Kaapland	10	25	35	17	18
Oos-Kaapland	10	7	17	9	8
Noord-Kaapland	10	4	14	7	7
Natal	10	3	13	7	6
Vrystaat	10	11	21	11	10
Wes-Transvaal	10	12	22	11	11
Noordelike Sinode	10	13	23	11	12
Hoëveld Sinode	10	10	20	10	10
Oostelike Sinode	10	13	23	11	12
Namibie	10	2	12	6	6
	100	100	200	100	100

A.2 TAAKSPAN VIR BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORSTELLE

A.2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS EN PROSES

1.1 MANDAAT EN WERKSWYSE:

1.1.1 Die Taakspan het sy **opdrag en mandaat** van die vergadering van die ASM, gehou op 5-9 September, ontvang.

Die ASM besluit om ‘n Buitengewone Algemene Sinode voor 10 November te belê om besware appèlle, gravamina en ander voorleggings te hanteer.

Die ASM besluit dat
4. ‘n tydelike Taakspan vir Gravamina & Beswaarskrifte en ander voorleggings saamgestel word
4.1 Opdrag: om appèlle, gravamina en ander voorleggings te orden en voor te berei met die oog op die vergadering
4.2 Personeel: James Kirkpatrick, Danie Malan, Attie Nel, Dewyk Ungerer, Lourens Bosman (sameroeper) en Frikkie vd Merwe (die Moderatuur benoem nog ‘n vrouelid).

5. Die ASM besluit dat die volgende proses gevolg word met die oog op die finalisering van die Agenda:
5.1 al die appèllante word versoek om te oorweeg om hul appèlle te herformuleer as beswaarskrifte/gravamina en dit as sodanig in te dien met die oog daarop dat dit tydens die buitengewone sinode hanteer kan word;
5.2 die appèllante word versoek om binne 7 dae na kennisgewing hierop te antwoord;
5.3 alle beswaarskrifte/gravamina moet voor 30 September by die skriba van die Algemene Sinode ingedien wees;
5.4 alle beswaardes word genooi om van hierdie kerklike remedie gebruik te maak,
5.5 sinodes mag beskrywingspunte/gravamina via die Ontwerpspan indien tot en met 4 November.

1.1.2 Personeel.
Dr Ronell Bezuidenhout is deur die moderatuur op die taakspan benoem.
Dr James Kirkpatrick kon, vanweë siekte, nie aan die werk van die Taakspan deelneem nie.

1.2 Werkswyse
In die uitvoering van die opdrag het die Taakspan alle besware, gravamina en voorleggings wat ontvang is, gelees, opgesom en georden het om dit bevatlik te maak vir die sinode. Dit is opgeneem in 6 verslae wat voor die Sinode gelê word.
Die werk is verdeel tussen die lede van die taakspan wat, waar moontlik, kleiner sub-spanne gevorm het.
Die taakspan moes ‘n geweldige groot hoeveelheid werk in ‘n baie kort tydjie afhandel. Die besware het uiteraard nie so eenvoudig in die voorgestelde kategorieë ingepas nie en elke sub-span moes al die dokumente deurlees.

Die uitgangspunt van Taakspan was om die standpunte van die besware, gravamina en voorleggings so billik as moontlik te hoor, op te som en weer te gee aan die vergadering. Die verslae gee egter nie voor om volledige weergawes van die besware te gee nie. Daarvoor moet die afgevaardigdes die dokumente self lees.

1.2.1 Kriteria vir ontvanklikheid
Die taakspan het die opdrag gekry om kriteria vir ontvanklikheid vas te stel en te beoordeel of besware, gravamina en voorleggings aan die kriteria voldoen. Die volgende kriteria vir ontvanklikheid is vasgestel:
1.2.1.1 Slegs besware en gravamina van lidmate en kerkvergaderings van die NG Kerk is ontvanklik (Regl.19.8, Kerkorde, 2015).
1.2.1.2 Besware moet gebaseer wees op die Skrif, die Belydenisskrifte en/of die Kerkorde (Regl.19.8, Kerkorde, 2015).
1.2.1.3 Dit kan slegs gaan oor die sake op die agenda van buitengewone sitting van die Algemene Sinode, soos bepaal deur die ASM naamlik die 2015 besluite oor selfdegeslagverbintenisse en oor die uitbreiding van die Belydenisgrondslag.
1.2.1.4 Die sluitingsdatum was 30 September 2016.

Die verslae handel dus slegs oor kommentaar op en besware teen die 2015 besluite.
Die besware en gravamina en die saamroep van die vergadering word gesien as kennisgewing van revisie van die 2015 besluite van die Algemene Sinode met betrekking tot Selfdegeslagverhoudinge en die uitbreiding van die Belydenisgrondslag van die Kerk.

1.2.2 Kategorieë van besware
Die taakspan het die opdrag gehad om appèlle, gravamina en ander voorleggings te orden en voor te berei. Ter wille van werksverdeling en om die Sinode te help om die besware sinvol te kan hanteer, is ‘n aantal kategorieë vasgestel waarvolgens die stukke hanteer kon word. Die kategorieë is die volgende:
1.2.2.1 besware wat handel oor kerkordelike probleme met die prosedures tydens die 2015 sitting;

1.2.2.2 besware oor die getrouheid van die 2015 besluite aan die Skrif en Belydenisskrifte van die Kerk;
1.2.2.3 besware wat gaan oor die ampte van die kerk;
1.2.2.4 besware teen die manier waarop etiese oordeelsvorming ten grondslag van die 2015 besluite plaasgevind het.

1.2.3 Voorleggings
Daar is ook ‘n aantal voorleggings ten gunste van die 2015 besluite ontvang. Dit is opgesom in ‘n aparte verslag tesame met die voorstelle wat uit die voorleggings kom.

1.2.4 Voorstelle en aanbevelings
In die formulering van aanbevelings wat voor die Sinode dien, het die Taakspan gepoog om alle voorstelle by die toepaslike verslae wat volgens die kategorieë van besware opgestel is, te laat dien. Die Taakspan het dus nie eie voorstelle geformuleer nie.
Daar is ook besware wat nie onder hierdie kategorieë kon inpas nie. Om seker te maak dat niemand se beswaar deurval nie, het die taakspan alle voorstelle en aanbevelings wat duidelik as sodanig geformuleer is, in ‘n aparte verslag (A.2.2) gekompileer.
Vanweë die groot hoeveelheid dokumente wat in ‘n baie kort tyd hanteer moes word, is dit steeds moontlik dat daar voorstelle of aanbevelings is wat iewers deurgeval het. Ons maak by voorbaat verskoning daarvoor.

1.2.5 Die inhoud van die besware, gravamina en voorleggings het geweldig gewissel van die eenvoudige aanteken van ‘n beswaar teen die besluite in geheel tot gedetailleerde teologiese uiteensettings. Daar was ook ‘n veelheid van voorstelle, aanbevelings, die aanteken van gravamina en van revisie.

Wat die Taakspan aan die afgevaardigdes na hierdie buitengewone vergadering van die Algemene Sinode, 2016, voorlê, is **werksdokumente** wat die vergadering kan help om die massa dokumentasie te hanteer. Om die nuanses van die argumente te kan verstaan, sal dit steeds nodig wees om die oorspronklike dokumente self te lees

1.2.5 Spreekbeurte
Persone en vergaderings wat voorstelle ingedien het, is ook uitgenooi om op eie koste die sitting van die Algemene Sinode by te woon. Die voorsitter sal aan hierdie persone spreekbeurte toeken in lyn met die kerkordelike bepalings.

1.2.6 Laat stukke
Die ASM het besluit dat sinodes beskrywingspunte / gravamina via die Ontwerpspan mag indien tot en met 4 November. Hierdie laatstukke word deur die Algemene Taakspan Regte ontvang en aan die Sinode voorsien.
Die Taakspan vir Gravamina & Beswaarskrifte en ander Voorleggings beveel aan dat voorstelle en aanbevelings uit hierdie stukke **saam met die tersaaklike verslae** sal dien.

1.3 Volgorde waarin sake hanteer kan word.
Die Taakspan stel voor dat die vergadering in bepaalde volgorde met die verskillende kategorieë van besware handel. Die verslae is dan ook in hierdie volgorde genommer.

1.3.1 Kerkordelike / Prosedurele Besware (A.2.3)
Die verslag hanteer eerstens die kerkordelike en prosedurele besware teen die wyse waarop die saak met betrekking tot selfdegeslagverhoudinge op die vergadering van die 2015 Algemene Sinode hanteer is. Hierdie besware sou ‘n invloed kon hê op die regsgeldigheid van die besluit wat geneem is. Die Taakspan is van mening dat sommige van hierdie besware van so ‘n aard is dat, indien dit gehandhaaf word, die 2015 besluite opgehef word. In so ‘n geval geld die 2013/2011/2007 besluite oor homoseksualiteit as die geldende besluite van die Algemene Sinode.

In hierdie verslag is ook die besware en gravamina wat gerig is teen die besluit van 2015 waarin ruimte vir streeksinodes gegee is vir die **uitbreiding van die belydenisgrondslag** van die Kerk, opgeneem. Dit word voor die vergadering gelê op 'n tyd waaroor die ontwerpspan besluit.

Daar was ook besware wat ingebring is teen die inhoud van die Belhar Belydenis. Hierdie besware was nie ontvanklik nie omdat die buitengewone sinodesitting nie die inhoud van Belhar op sy agenda het nie.

Die Taakspan het geoordeel dat wanneer die buitengewone vergadering van die Algemene Sinode (2016) die regsgeldigheid van die 2015 moet beoordeel, geld die **Kerkorde van 2013**.

Die Taakspan versoek die Algemene Taakspan Regte om die Sinode ter vergadering te adviseer oor regstegniese aspekte wat in die hantering van hierdie besware na vore kom.

1.3.2 Indien die prosedurele besware afgewys word, is die voorstel van 2015 op die tafel en word die inhoudelike besware en gravamina teen die 2015 besluit deur die sinode hanteer.

Die voorstelle wat uit die gravamina kom, behoort in ‘n bepaalde volgorde hanteer te word omdat die aanvaarding van sekere voorstelle die 2015 besluite in geheel as ongeldig kan verklaar terwyl ander oor spesifieke punte in die 2015 voorstelle gaan.

1.3.3 Besware wat te make het met Skrifgesag, Skrifgebruik en hermeneutiek (verslae 4A en 4B)

Die behandeling van hierdie belangrike saak is in 2 verslae voor die sinode, naamlik verslag A.2.4 en A.2.5
In verslag A.2.4 word die argumente wat te doen het met die moontlike afwyking van die Belydenisskrifte eers breedweg gestel en daarna dien die aanbeveling dat die wyse waarop die Skrif in die 2015 besluite hanteer is, in stryd is met die Belydenisskrifte van die Kerk.

Tesame met hierdie verslag dien verslag A.2.5 van die Taakspan. In A.2.5 word die INHOUD van die besware beredeneer. Sinodegangers moet A.2.5 lees om tot ‘n konklusie oor die aanbevelings in A.2.4 te kom.

In verslag A.2.4 van die Taakspan dien die aanbevelings wat die 2015 besluit in sy geheel sou kon afwys en vervang met ‘n ander inhoud, eerste.

Indien die vergadering vind dat die 2015 besluite substantief afwyk van die Belydenisskrifte, moet die vergadering ook besluit of hierdie afwyking sodanig is dat dit die opheffing van die besluite beteken.

1.3.4 Voorleggings ten gunste van die besluit van 2015 (A.2.6)
Die voorleggings wat gemaak is ter ondersteuning van die besluit van 2015, handel hoofsaaklik oor die wyse waarop die Skrif hanteer word. In hierdie verslag is ook voorstelle

1.3.5 Besware wat te make het met etiek (A.2.7)
Hierdie besware gaan hoofsaaklik oor die wyse waarop etiese oordeelsvorming in die 2015 besluite plaasgevind het. Dit hang saam met die vorige twee verslae in die sin dat dit meer inhoudelik kyk na die verstaan en interpretasie van die Skrif oor hierdie spesifieke saak.
Inhoudelik spreek dit ook die saak van die Christelike huwelik aan.

1.3.6 Besware wat te make het met die amp (A.2.8)
In verslag A.2.8 gaan dit oor besware wat standpunt inneem teen die besluit van 2015 dat persone wat in selfdegeslagverbintenisse staan, in al die ampte van die kerk, insluitend die predikantsamp kan staan.

1.4 Die Taakspan versoek die Algemene Taakspan Regte om

1.4 AANBEVELINGS:
1.4.1 Die Sinode keur die prosesse en prosedures soos hierbo uiteengesit, goed.

Die taakspan se gebed vir die Sinode is dat dit gekenmerk sal word deur liefde, respek, omarming en luister. Mag die Here hierdie vergadering gebruik sodat daar ‘n seisoen van rustigheid, vrede en groei in ons geliefde NG Kerk sal aanbreek.

Lourens Bosman (sameroeper), Ronell Bezuidenhout, Danie Malan, Attie Nel, Dewyk Ungerer en Frikkie van der Merwe.

Handelinge 9:31 In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk 'n tyd van rus en vrede belewe. Dit het gevestig geraak en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe. Die kerk is deur die Heilige Gees versterk, en die ledetal het toegeneem.

A.2 TAAKSPAN VIR BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORLEGGINGS
A.2.2 KOMPILASIE VAN VOORSTELLE EN AANBEVELINGS

01 – Kerkraad Gravamen Burgersfort
Die Kerkraad beveel aan:
1. Dat alle besluite oor selfdegeslag verhoudings wat tydens die 2015 Sinodesitting geneem is ter syde gestel word.
2. Dat die Algemene Sinode van die NG Kerk al haar lidmate om verskoning vra oor die feit dat die sinodegangers geswig het onder die druk om wat God as sonde beskou, goed te praat.
3. Dat die Algemene Sinode herbevestig dat die Woord van God bo alle ander 'Algemene Openbarings' prioriteit neem en dat die NG Kerk as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis *Sola Scriptura – Slegs die Woord.*
4. Dat die NG Kerk afstap van die tema van selfdegeslag verhoudings en fokus op die prioriteite van die Kerk soos wat God dit aan die kerk opgedra het.
5. Dat daar nie weer in die toekoms besluite geneem word wat die leer van die kerk raak, alvorens daar met al die streeksinodes na behore gekonsulteer is nie.

03 – Beswaarskrif Kerkraad NGK Fouriesburg
In ooreenstemming met Kerkorde "REGLEMENT 19: REGLEMENT VIR APPÈL EN BESWAAR, item 1.1.3 Gravamen word gebruik om op die Algemene Sinode 'n ernstige beroep te maak om 'n beslissing in sake die leer van die Kerk."
Die kerkraad is oortuig dat die vorige Algemene Sinode 'n besluit téénoor die Bybelse leer geneem het en daarom versoek ons die Algemene Sinode dringend om by die komende spesiale sitting in diepte te praat oor die NG Kerk se interpretasie van die Bybel rondom spesifiek die sake van homoseksualiteit en daaruit voortspruitende selfdegeslagverhoudinge.

05 – Gravamen Lidmaat Tinus & Anita de Jager NG Kerk Burgersfort
Uit die lig van bg. beveel ons aan
Dat alle besluite, geneem tydens die Sinodesitting 2015 oor selfdegeslag verhoudings, nietig verklaar sal word.
Alle lidmate in die toekoms kan stem alvorens rigtinggewende besluite geneem sal word (soos met die Belhar belydenis)
Dat die Woord van God as die hoogste gesag beskou sal word en dit nie verdraai sal word nie.

10 Beskrywingspunt Kerkraad NG Kerk Hoopstad Kerkraad
BESKRYWINGSPUNT
Die Kerkraad van die Gemeente Hoopstad distansieer haarself van die Algemene Sinode se besluit van 2015 oor selfdegeslagverhoudings en versoek die Buitengewone Algemene Sinode om in November 2016 spesifiek punte 2.4 en 2.5 van die besluit van 2015 te herroep. (Ons verwys na die Notule van die 16de vergadering van die Algemene Sinode, bladsy 32, Voorstel Twee, punt 2.4 en 2.5)

11 – Beskrywingspunt Ring van Estoire
Beskrywingspunt van die Ring van Estoire aan die buitengewone vergadering van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk in sitting op 7-10 Nov. 2016:
1. Die Algemene Sinode vereenselwig hom met die besluite van die Algemene Sinodes (2004, 2007 en 2013) dat die huwelik slegs tussen een man en een vrou kan bestaan. Die Sinode bevestig dat homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
2. Die Sinode bevestig ook dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
3. Die Sinode bevestig dat alle ongetroude mense wat selibaat lewe, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die Sinode bevestig dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.

14 – NG Kerk Kerkraad NGK Greylingstad
Die Ring van Heidelberg versoek die Algemene Sinode en die Hoëveld streeksinode om indringend te kyk na die afvaardiging na die Algemene Sinode om 'n groter verteenwoordiging daar te stel.

21 – Beswaarskrif Kerkraad NGK Bethal-Oos
Die Kerkraad versoek die Algemene Sinode om die samestelling van die Sinode getalle-gewys meer verteenwoordigend tov die kerk in breë verband te organiseer.

23 – Gravamen Chris van Wyk
6.1 AANBEVELING:
6.1.1 Die buitengewone Algemene Sinode van 2016 besluit dat die besluite oor

selfdegeslagverhoudings van die Algemene Sinode van 2015 in stryd is met artikel 1 van die kerkorde van die NG Kerk wat as volg bely: “Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.”
6.1.2 Die buitengewone Algemene Sinode van die NG Kerk 2016 aanvaar die onderstaande standpunt (6.2.1 – 6.2.7) oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Gereformeerde tradisie en die Skrif as in ooreenstemming met artikel 1 van die kerkorde van die NG Kerk.
6.1.3 Hierdie besluit in 6.1.1 en hierdie standpunt in 6.1.2 – soos hieronder verwoord in 6.2.1 – 6.2.7 – herroep enige vorige besluit en standpunt van die NG Kerk oor die status van selfdegeslagverhoudings.

24 – Gravamen Kerkraad NG Kerk Witbank-Panorama
Die Kerkraad beveel aan:
1. Dat alle besluite oor selfdegeslagverhoudings wat tydens die 2015 Sinodesitting geneem is, ter syde gestel word.
2. Dat die Algemene Sinode van die NG Kerk al haar lidmate om verskoning vra oor die feit dat die sinodegangers geswig het onder die druk om wat God as sonde beskou, goed te praat.
3. Dat die Algemene Sinode herbevestig dat die Woord van God bo alle ander “Algemene Openbarings” prioriteit neem en dat die NG Kerk as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis, Sola Scriptura – Slegs die Woord.
4. Dat die NG Kerk afstap van die tema van selfdegeslagverhoudings en fokus op die prioriteite van die Kerk soos wat God dit aan die kerk opgedra het.

28 - Beswaarskrif Lidmaat J J (Kobus) Smit NG Kerk Parowvallei-Oos
Protokol wil dit hê dat enige beswaar met ŉ voorstel moet kom om die probleem op te los. In hierdie geval lê die oplossing in die waarheid soos uitgespel in Genesis 1 27:28. Die Bybel waarsku juis teen dwaling. Dit sal ook wenslik wees om die ASM vir die buitengewone sitting in sy geheel te ontbind. Hierdie beswaarskrif word in my privaat hoedanigheid en gekoppel aan wat met my gesin gebeur het, ingedien en my leraar (Theo Swart) is dienooreenkomstig ingelig.

36 – Beskrywingspunt Jong proponente en predikante
Voorstel: Dat die Algemene Sinode van 2015 se besluit oor selfdegeslagverhoudings gehandhaaf en sonder enige verdere oponthoud geïmplementeer word.

37 - Beskrywingspunt Voornemende Predikante van US Teologie Fakulteit
Voorstel: Dat die Algemene Sinode van 2015 se besluit oor selfdegeslagverhoudings gehandhaaf en onmiddellik geïmplementeer word.

45 – Beswaarskrif Leraar Dr SJ Louw NGK Eendracht
Aanbevelings:
1. Dat die samestelling van die Algemene Sinode vergroot word na minstens 400 lede
2. Dat die Ned Geref Kerk die moontlikheid ondersoek om minstens elke dekade (10 jaar) ŉ Generale Sinode te hou waar alle gemeentes verteenwoordig is en die plaaslike gemeente self die onkostes van sy afgevaardigdes dra.
3. Dat leerstellige sake en “beleids-kwessies” eers op streeksinodes bespreek word en aanbevelings gemaak word, waarna die Algemene Sinode dit dan in behandeling neem

46 – Beswaarskrif Kerkraad NGK Eendracht
Aanbeveling: Volgens die Skrif is ŉ *monogame huwelik*, tussen één man en één vrou, die enigste Christelike verbintenis waarbinne seksualiteit uitgeleef en beoefen kan word, volgens die wil en bedoeling van God

47 – Beswaarskrif JH Ernst
Die beswaar is dat daar met die besluite oor selfdegeslagverhoudings gehandel word asof die besluite op die voorgeskrewe kerkordelike wyse tot stand gekom het en daarom ŉ regsgeldige besluit is. Dit is beswaarde se submissie dat dit nie die geval is nie, dat die besluite daarom ongeldig en nietig is.

53 – Gravamen Lidmaat Almari Coetsee NG Kerk Lydenburg Moedergemeente
Aanbeveling: Ek stel dus voor, dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende “selfdegeslagverhoudings” herroep moet word.

54 – Gravamen Lidmaat Rina Smith Lydenburg NG Kerk Moedergemeente
Daarom stel ek voor, met uiterste dringendheid, dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende “selfdegeslagverhoudings” herroep moet word.

Gravamen Lidmate B&T Olivier NG Gemeente Burgersfort

Ons versoek dat die Sinode die volgende besluite neem:
Alle besluite rondom selfde geslag verhoudings wat geneem is tydens die Sinode Sitting in 2015, ter syde gestel word
Dat die Sinode God se Woord sal eer en geen verdeeldheid in die liggaam van God sal veroorsaak nie. 1 Korintiërs 12:25 “sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra.” Jakobus 4:17 “As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde.”

56 – Gravamen Hannes Schultz en Riaan van Zyl
1. Die Algemene Sinode herroep die besluite wat bots met die Kerkorde.
2. Die Algemene Sinode herroep voorts die Oktober 2015 besluit omdat hierdie besluit alle huidige homoseksueel georiënteerde-lidmate (ooreenkomstig die 2007 en 2012 se beleid as voorbeeld) van die sakrament van die doop ontneem, omdat die Oktober 2015 besluit nou 'n nuwe doopformulier vir selfdegeslagverhouding lidmate (as alternatief tot die huwelik) noodsaak.
3. Die Algemene Sinode verbind die NG Kerk opnuut tot haar konstitusie soos ooreengekom met die parlement.
4. Die Sinode versoek lidmate om erns te maak met ons tweeduisend jaar tradisie (Johannes 17 vers 202) en herinner lidmate om weer ruimte te maak vir die prominente rol wat die Bybel in 'n gelowige en die kerk se lewe speel.

59 – Gravamen Gert Viljoen Moedergemeente Lydenburg
Aanbeveling
Aangesien die saak nou meer as 20 jaar sloer en ander gemeenskappe en kerk die spot met ons dryf en gemeentelede van die NG kerk nie meer vertroue het in die sinode nie stel ek die volgende voor
1.Ons hou 'n referendum in die NG kerk “vir of teen selfdegeslagverhoudings”
2.Die groep wat sê selfdegeslagverhoudings is sonde bly bestaan as NG kerk. Die ander wat sê dis nie sonde nie stig hul eie kerk weg van die NG Kerk

60 – Gravamen Pieter Botha Lydenburg NG Kerk Moedergemeente
Aanbeveling: Daarom stel ek voor, dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende “selfdegeslagverhoudings” spoedig herroep moet word.

65 – Beswaarskrif Presbytery of Central Africa
We recommend and urge General Synod to consult widely in the church and ecumenical world before a final decision is made and implemented.

67 Beswaarskrif Leraar (Emeritus) JS Zaayman Worcester-Brandwag
Ek onderskryf die besluit wat die Algemene Sinode van 2013 oor selfdegeslag-verbintenisse geneem het ten volle en doen 'n beroep dat daarheen teruggekeer word.

68 – Beskrywingspunt Kerkraad NGK Sekunda Oos
Die kerkraad van die NGK Secunda-Oos stel voor:
1. Dat die jongste besluit oor dieselfdegeslagverbintenisse van die Algemene Sinode in revisie geneem word.
2. Dat die Sinode besluit om te volstaan by die vorige Algemene Sinode besluit aangaande selfdegeslagverbintenisse. (2011)

72-Standpunt Kerkraad NGK Bergville
Hierdie Kerkraad versoek u dus om die besluite wat geneem is aangaande homoseksuele en lesbiese predikante te herroep en alle predikante op te roep oor wedergeboorte en bekering.

76 – KZN Sinode moderamen
Op die afgelope Moderamenvergadering van KZN het die Moderamen die volgende besluit geneem

1. Die Moderamen besluit op 28 Oktober 2015:
In die lig van die negatiewe reaksie in KZN op die besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudinge, oordeel die Moderamen van die Sinode van KZN dat dit in belang van die NG Kerk is dat die besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudinge nie nou geïmplementeer word alvorens Streeksinodes dit nie bespreek het en die besluit bevestig nie.
5.2.2.3.2 Die ASR en die Moderamen van die Algemene Sinode word gevra om dit te oorweeg.

77 Standpunt Kerkraad NG Kerk Marquard
Die kerkraad versoek die Sinode van die Vrystaat om weer te besin oor die besluit van die Algemene Sinode 2015 rakende selfdegeslag verhoudings.

89 – Beswaarskrif Mannegroep NG Kerk Citrusdal

Die besluit van die Algemene Sinode van 2015 rakende selfdegeslagverbintenisse het ons beslis weer laat dink aan die belangrikheid en “gesondheid” van huwelike in ons gemeente en ook in die NG Kerk. Ons voorstel is dat daar erns gemaak moet word om die huwelik as heilige instelling van God weer te erken en dat daar spesifiek aandag gegee moet word aan gesonde huwelike en familiewees.

90 – Beswaarskrif Lidmaat – JA Griesel NG Kerk
Dit word aanbeveel dat die NG Kerk Algemene Sinode:

- Ernstig besin wat sy Belydenisskrifte werklik beteken en bevestig wat die kerk onderskryf en sal handhaaf; en
- Daarvolgens riglyne en leiding sal verskaf oor die uitleg en verkondiging van die Bybel en evangelie en dissipline en leierskap daaroor sal inneem en handhaaf
- Die teologiese fakulteite wat vir die opleiding van NG Kerk predikante se opleiding gebruik word sal evalueer in ooreenstemming met wat die kerk se verwagting is vir gereformeerde opleiding – in ooreenstemming met die NG Kerk leer hierbo aangedui en herformuleer wat die sillabusse behoort in te sluit en toe te sien dat dit uitgevoer word. Indien dit nie moontlik is nie oorweging aan die vestiging van ’n/ of kweekskole sal skenk
- Standpunt sal inneem in ooreenstemming met gereformeerde skrifgefundeerde beginsels en leerstellings met betrekking tot SGV, dit te bevestig en te handhaaf
- Die sambreel van geloofsbeskouinge sal vernou tot wat die Skrif daaroor fundamenteel uitsluitsel gee en nie verder amptelik ruimte maak vir diverse en afwykende sienings oor die skrif nie -wat die evangelie afbreek en ondermyn nie en kerkeenheid toenemend bemoeilik

94 – Ring van Heidelberg
Die Ring van Heidelberg versoek die Algemene Sinode en die Hoëveld streeksinode om indringend te kyk na die afvaardiging na die Algemene Sinode om ’n groter verteenwoordiging daar te stel.

97- Beswaarskrif Henry de Jager NGK Lydenburg
Aanbeveling: Ek stel voor dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende homoseksuele verhoudings herroep moet word.

98 – Beswaarskrif Ds. Carel Smith NGK Suider-Strand
Revisie: Dus op grond van bogenoemde vier punte van beswaar vra ons dat revisie geneem word van al bogenoemde sinode besluite en dat die volgende vier voorstelle in die plek daarvan oorweeg sal word, naamlik:
Dat ’n homoseksuele leefstyl deur die NG kerk as sonde beskou en hanteer sal word,
dat die huwelik in ere herstel sal word as die enigste legitieme ruimte waarbinne geslagtelike omgang mag geskied en wel slegs tussen een man en een vrou en dat geen homoseksuele verhoudings en verbintenisse die kerk se goedkeuring wegdra nie,
dat die kerk sy profetiese roeping vervul deur die humanistiese aard van die gay-regte beweging uit te wys en nie die kerklike lewe daarvolgens kompromitteer nie,
dat die kerk sy bediening aan homoseksuele persone opskerp deur hulle in liefde te ontvang en saamwerk met bestaande bedieninge wat homoseksuele persone help om vry te kom van ’n homoseksuele leefstyl.

100 – Beswaarskrif Lidmaat Schalk Strauss NGK Philippolis
My voorstel rondom hierdie saak is dat is dat die hele NG Kerk sal terugkeer na die status quo soos wat dit was voor die Algemene Sinode van 2015 en dat daar uit een mond gepraat sal word volgens die Woord van God.

101 – Schalk Strauss
Daarom rig ons hierdie beswaarskrif aan die Sinode en vra dat huidige besluit rondom Belydenis van Belhar herroep sal word en uitvoering gegee sal word aan die besluit volgens die stemming oor hierdie saak volgens Artikel 44 van die Kerkorde.

104 – Aanbeveling Kerkraad van Witbank-Vallei N G Gemeente
Aanbeveling:
Die Kerkraad van Witbank-Vallei N G Gemeente stel voor dat punte 2,4 en 5 van die Algemene Sinode van 2015 se besluit oor selfde geslagverhoudinge ter syde gestel word. Ook dat punt 7 van die Algemene Sinode van 2007 se besluit gehandhaaf word.

Commented [L1]:

109 Witbank-Suid en 110 Ring van Witbank (gelykluidend)
Aanbeveling: Die Ring van Witbank beveel aan dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende Selfdegeslagverhoudings ter syde gestel word.

112 – Gravamen FS Mulder
Aanbeveling – Nie ontvanklik nie, dit vra vir ’n wysiging van Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 87

113 Gravamen (6) Charl Cilliers) NGK

Proses en prosedure Die gemeente versoek verder die AS en / of die appélkommissie om duidelik die nakoming van alle proses en / of prosedure voorskrifte te ondersoek om veral die voldoening aan die tweederdemeerderheid bepaling soos vereis deur Artikel44 en 45 aan voldoen is.

117-Gravamen lidmaat Freda de Jager 4 NGK Brugersfort
Die besluit oor selfdegeslag verhoudings bring diep berou in my hart
Ek beveel aan dat die besluit oor selfdegeslag verhoudings nietig verklaar word.

119 – Voorlegging André Bartlett
Ek sou graag 'n dringende beroep op die buitengewone Algemene Sinode wou doen om die besluite van die Algemene Sinode te handhaaf en om moeite te doen om die inklusiewe aard van hierdie besluite duidelik aan lidmate te kommunikeer.

121- Beswaarskrif Boksburgpark
Die Kerkraad van die Ned. Geref. Kerk Boksburgpark versoek die Algemene Sinode:
Om sy besluite i.v.m. selfde-geslag verhoudings van Okt. 2015 te herroep;
Om sy besluite wat dit moontlik maak vir streeksinodes om hul Belydenisgrondslag / Belydenisskrifte eensydig aan te vul / verruim te herroep;
Om af te stap van die onderwerp van die Belydenis van Belhar. Die uitslag van die afgelope stemming oor Art. 1 van die Kerkorde deur gemeentes en Sinodes maak dit duidelik dat hierdie onderwerp tans verdelend en nie ter stigting is van die Ned. Geref. Kerk nie. Aangesien daar 'n uitspraak in die Hoogste Hof van Appèl is dat slegs kerke wat dieselfde Belydenisskrifte het en dit op dieselfde manier vertolk, verband kan vorm, versoek ons die Algemene Sinode
Om, sonder om die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika noodwendig uit te sluit van eenheidsgesprekke, sy energie i.v.m. kerkhereniging eerder vir eers te rig om homself te beywer vir eenheid met kerke wat alreeds dieselfde Belydenisskrifte het as ons, bv. Ned. Geref. Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en moontlik selfs kerke soos die Dutch Reformed Church in Botswana, Reformed Church in Zimbabwe, Reformed Church in Zambia wat tot stand gekom het a.g.v. die sending-arbeid van die Ned. Geref. Kerk;
Om ernstig te besin oor óf die Ned. Geref. Kerk nog haarself inderdaad as 'n Gereformeerde Belydeniskerk kan of wíl beskou in haar Skrifbeskouing en –gebruik;
Om ernstig te besin oor óf ons in die Ned. Geref. Kerk nie inderdaad alreeds 'n punt bereik het nie waar ons ons Belydenisskrifte alreeds só verskillend vertolk dat ons breër en plaaslike kerkverband alreeds in die gedrang is – en of dit moontlik is vir die Algemene Sinode om in te sien of begrip te hê waarom sommige Sinodes, Kerkrade en gemeentes die indruk sou kon hê dat ons kerkverband regtens alreeds verbreek is a.g.v. sommige besluite oor leer en lewe wat daarop neerkom dat daar nie meer eenheid is in die dinge wat veronderstel is om die grond van ons kerkverband te wees nie, bv. dat ons ons Belydenisskrifte dieselfde vertolk, dat ons dieselfde glo oor die Skrif en die Persoon en Verlossingswerk van Jesus Christus.
Ons besef dat die Algemene Sinode 'n liggaam is wat regtens ophou bestaan met die uiteengaan van die vergadering en dat die Algemene Sinode regtens eers by sy volgende gewone vergadering aan ons beswaarskrif aandag hoef te gee. Maar, aangesien die Algemene Sinode in die resestyd wel sekere bevoegdhede aan gevolmagtigde kommissies opdra, voel ons dat dit is billik om te vra dat die Algemene Sinode of sy gevolgmagtigde kommissie(s) op hierdie dokument spoedig sou kon reageer; ons Kerkraad se volgende sitting is einde Februarie 2016 waar ons graag 'n respons van die Algemene Sinode sou wou oorweeg om daarvandaan ons verdere opsies te oorweeg.

122-Beswaarskrif – Kerkraad NGK Victoria Wes
Ons versoek dus die vergadering van die Algemene Sinode om sy besluit van 2015 te herroep en roep alle afgevaardigdes op om hulle stem dienooreenkomstig uit te bring.

123-Beswaarskrif Kerkraad NG Gemeente Springs-Oos
Die Algemene Sinode kon nie 'n besluit neem wat in stryd is met die Woord van God nie en daarom stel die Kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Springs-Oos voor dat die Besluit van 9 Oktober 2015 herroep en geskrap word. 2. Die Ned. Geref. Gemeente Springs-Oos stel voor dat die Algemene Sinode die besluite oor die huwelik en homoseksualiteit van 2004, 2007 en 2013 bevestig en daarmee die status quo volgens die vorige besluite van die Algemene Sinode handhaaf.

128 – Gravamen Lidmaat Anna-Marie de Kock NG Gemeente Burgersfort
Ek stel voor dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende selfdegeslagverhoudings ter syde gestel word.
Ek stel ook voor dat die NG Kerk die tema van selfdegeslagverhoudings nou staak en fokus op die prioriteit en verantwoordelikheid van die kerk soos God dit aan ons opgedra het.

137 – Voorlegging – Egpare in burgerlike verbintenisse
Ons aanvaar dat hierdie besluit van die Algemene Sinode nou geldig is en dat die erkenning van ons burgerlike verbintenisse dus van krag is.

Ons beskou hierdie erkenning deur die Kerk enersyds as 'n voorreg waaroor ons baie dankbaar is, maar andersyds as 'n kosbare reg wat ons met groot jaloersheid sal beskerm.
Ons doen 'n ernstige beroep op die Algemene Sinode om enige poging om hierdie reg van ons af weg te neem met groot beslistheid teë te staan en om op dié manier te verseker dat ons Godgegewe menswaardigheid nie weer geskend word nie.

A.2 TAAKSPAN VIR BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORLEGINGS

A.2.3 KERKORDELIKE AANGELEENTHEDE

1. TERSAAKLIKE BESWAARSKRIFTE

Die besware waarna in hierdie dokument verwys word, word in die volgende beswaarskrifte aangespreek (nommer van beswaarskrif en naam beswaarde word aangedui):
1. NG Gemeente Burgersfort.
2. NG Gemeente Fouriesburg.
6. NG Gemeente Piet Plessis.
8. WL Basson.
9. PJ de Villiers.
12. NG Gemeente Fakkel.
14. NG Kerk Greylingstad.
15. NG Gemeente Ermelo-Oos.
21. Bethal-Oos.
23. Chris van Wyk.
25. NG Gemeente Lydenburg.
28. JJ (Kobus) Smit.
29. André Oberholzer.
34. Prof J. Janse van Rensburg.
45. Dr. SJ Louw – NGK Eendracht.
47. JH Ernst.
48 Freddie Lotter.
49 Dr. Frans Budding
52. Marius Joubert, namens die kerkraad NG Gemeente Robertson.
56 Dr. Hannes Scultz.
58 Thinus en Anita de Jager.
61 AP Oberholzer.
95 Ring van Heidelberg.
126 HWJ Smit, Lidmaat NG Gemeente Helderberg.

2. OPSOMMING VAN BESWARE

In die opsomming van die besware is daar nie probeer om die besware te beoordeel nie. Die bedoeling van die beswaarde(s) word slegs oorgedra. Sommige van die besware handel slegs oor die kerkregtelike implikasies en uitvoerbaarheid van die 2015 besluit van die Algemene Sinode oor Selfdegeslagverhoudings. Die leser van hierdie verslag sal baat vind daarby om telkens na die beswaar self te gaan kyk soos aangedui. In die verwysing in hakies word die nommer van die beswaarskrif sowel as die outeur, waar nodig die paragraaf en die bladsy aangedui. Waar moontlik is die besonderhede van Artikels en Reglemente wat ter sprake is ook in swart aangedui en onderstreep. Wanneer ‘n artikel, bepaling of Reglement aangehaal word is dit onderstreep.
Hierdie opsomming van die kerkregtelik/kerkordelike/prosedurele besware maak geen aanspraak op volledigheid nie. Afgevaardigdes word aangemoedig om die verslae waarna verwys word te lees, of dan ten minste die tersaaklike verwysing in ‘n bepaalde dokument te gaan naslaan.
Die volgende Kerkregtelik/Kerkordelik of prosedurele besware is ontvang.

2.1 DIE WYSE WAAROP DIE VERSLAE IN DIE AGENDA VAN 2015 HANTEER IS

Daar was vier verskillende verslae oor selfdegeslagverhoudinge in die agenda, net een van die vier verslae is aan die vergadering voorgelê (23 - Chris van Wyk p 1; 47 – JH Ernst pt 1.4.70 p 42).

Die vloer is geopen vir gesprek oor twee voorstelle sonder dat die verslag van die Moderamen of die verslag van die Diensraad Oostelike Sinode gedien het (47 – JH Ernst, pt 1.4.67, p 41). Reglement 3.4.2 lees as volg: “Geen spreekbeurt mag aangevra word, of voorstel of amendement(e) dien, voordat die voorsitter die saak aan die orde stel nie.” (*Kerkorde*, 2013)

Al die verskillende verslae is nooit na die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake verwys nie. Die wyse waarop die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake op Dinsdagaand 6 Oktober 2016 ‘n beskrywingspunt van die Sinodale Diensraad van die Oostelike Sinode hanteer het, was onreëlmatig en in stryd met **par 7.4 van die Reglement van Orde** (47 – JH Ernst, 1.4.45, p 23; 1.4.71 (1), p 48). Reglement 3.7.4 lees as volg:
“Beskrywingspunte wat betyds ontvang word, word deur die algemene sekretaris na die toepaslike projek- of algemene steunspanne verwys vir verslag aan die Algemene Sinode. Ander beskrywingspunte word deur tydelike steunspanne hanteer. Insenders van beskrywingspunte mag dit by die projek- of algemene steunspan toelig.” (*Kerkorde*, 2013)

Die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake het onregmatig 'n saak hanteer wat nie in terme van **7.5 van die Reglement van Orde** daarheen verwys is nie (47 – JH Ernst, pt 1.4.58, p 32). Reglement 3.7.5 lees as volg: "Tydelike steunspanne maak nie aanbevelings oor die verslae van projek of algemene steunspanne nie, tensy daar 'n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer 'n saak deur die vergadering na hulle verwys is." (*Kerkorde*, 2013)

2.2 DIE HANTERING VAN DIE VOORSTEL VAN DIE MODERAMEN IN DIE VERSLAG

Die voorstel van die Moderamen was nie die voorstel voor die vergadering soos dit kerkordelik hoort nie (47 – JH Ernst, 1.4.45, p 23; 1.4.71 (2), p 48). Die aanbeveling van die moderamen oor die aangeleentheid was in terme van die **Reglement van Orde 4.1** die voorstel voor die sinode. Reglement 3.4.1 lees as volg: "Aanbevelings van 'n projekspan en 'n algemene of 'n tydelike steunspan word as voorstelle aan die vergadering voorgehou. Indien 'n tydelike steunspan 'n aanbeveling doen wat 'n aanbeveling van 'n projekspan of algemene steunspan raak, het die projekspan of die algemene steunspan die voorstel en moet die tydelike steunspan amendeer." (*Kerkorde*,2013). (Verg. 47 – JH Ernst, pt 1.4.51, p 28).

Dr. Chris van Wyk se voorstel was bedoel as 'n amendement op die voorstel van die moderamen wat eintlik as die eerste voorstel voor die vergadering moes gedien het. Die voorsitter het nagelaat om die saak so te hanteer. Die volgorde moes gewees het: (i) Die aanbeveling van die moderamen. (ii) Die voorstel van die Oostelike Sinode Diensraad. (iii) Enige aanvullende voorstelle. Teenvoorstelle kon nie gedien het nie. Die proses rakende die indiening van verdere voorstelle, was onbehoorlik en onregmatig. Gevolglik is die besluit van die vergadering ongeldig en nietig (47 – JH Ernst, pt 1.4.63, p 36).

2.3 TWEE VOORSTELLE GELYKTYDIG VOOR DIE VERGADERING

Daar was twee voorstelle gelyktydig voor die vergadering (23 Chris van Wyk p 1; 47 – JH Ernst pt 1.4.70 p 42) waarvan een 'n teenvoorstel was (47 – JH Ernst pt 5 p 45). Aangesien die Moderamen se voorstel eintlik die enigste voorstel was wat voor die vergadering kon gedien het (47 – JH Ernst pt 2 p 43) en dit (twee voorstelle en die gedagte van 'n teenvoorstel) was wat volgens **Reglement van Orde, bep. 4** nie moontlik nie (47 – JH Ernst pt 1.4.30 p 13; vgl. ook 1-7, p 43-48; 47 – JH Ernst, pt 1.4.61, p 35)**.**

Die vloer is geopen vir gesprek oor twee voorstelle sonder dat die verslag van die Moderamen of die verslag van die Diensraad Oostelike Sinode gedien het (47 – JH Ernst, pt 1.4.67, p 41).

2.4 AANSOEK OM REVISIE VAN DIE 2007 BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE

Daar was geen aansoek om revisie van die 2007 besluit van die Algemene Sinode nie (47 – JH Ernst pt 1.4.1 p 2). "Die hersiening van die besluit van 2007 is dus nie in die Addendumverslag van die Moderamen aan die Algemene Sinode 2015 en in terme van **Artikel 22.1 van die Kerkorde of 6.5 van die Reglement van Orde** op die tafel van die vergadering geplaas nie." (47 – JH Ernst, pt 1.4.36, p 12; 47 – JH Ernst, pt 1.4.49, p 25; 47 – JH Ernst, pt 1.4.55, p 30). Reglement 19.1.2 is hier ook ter sprake: "Besluite wat geneem is, mag slegs na vooraf kennisgewing deur 'n lid van die vergadering en met die toestemming van die vergadering in revisie geneem word. Kennisgewing geskied of tydens die vergadering waar die besluit(e) geneem is of in die agenda vir die volgende vergadering." (*Kerkorde,* 2013) Reglement 3.8 behoort hiermee saam gelees te word.

2.5 AANSPREEK VAN PERSONE IN DIE GEHOOR

Ds. Monty Sahd se direkte aanspreek van Lulani Vermeulen, een van die besoekers was 'n oortreding van **bepaling 3.7 in die Reglement van Orde** wat bepaal dat lede van die vergadering die voorsitter moet aanspreek (47 – JH Ernst pt 6 p 50). Reglement 3.7 lees as volg: "Elke lid van die vergadering moet by deelname aan die vergadering die voorsitter aanspreek." (*Kerkorde,* 2013)

2.6 GEFASILITEERDE GESPREK

Die voorsitter het 'n gefasiliteerde gesprek oor die aangeleentheid gereël voordat en sonder om die verslag van die moderamen en/of die verslag van die Sinodale Diensraad Oostelike Sinode aan die orde te stel en daarmee het hy nie volgens **bepaling 4.2 van die *Reglement van Orde*** gehandel nie (47 – JH Ernst, pt 1.4.52, p 28). Reglement 3.4.2 lees as volg: "Geen spreekbeurt mag aangevra word, of voorstel of amendement(e) dien, voordat die voorsitter die saak aan die orde stel." (*Kerkorde,* 2013)

2.7 SAMESTELLING VAN TYDELIKE TAAKSPAN LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE

Die ***Reglement van Orde*, 7.4 en 7.5** is oortree deurdat die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake eerstens op 'n onwettige wyse saamgestel (Regl. 3.7.4) is. Nie dr André Bartlett, ds. Monty Sahd, dr. Nadia Marais of dr. Tiana Bosman is deur die Sinode op die Taakspan aangewys nie (47 – JH Ernst, pt 1.4.58, p 32).

2.8 AANBEVELINGS VAN TYDELIKE TAAKSPAN

In T.18.2 word ongevraagd en sonder magtiging aanbevelings geformuleer oor verslae van algemene steunspanne **(Regl. 3.7.5)**. "Tydelike steunspanne maak nie aanbevelings oor die verslae van projek- of algemene steunspanne nie, tensy daar 'n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer 'n saak deur die vergadering na hulle verwys is." (Regl. 3.7.5, *Kerkorde*, 2013) Die vergadering is deur die fasiliteerders sonder

opdrag van die Sinode gereël en voorstellers is na die vergadering genooi. Daar was nie veronderstel om voorstelle tydens die oop gesprek geformuleer te word nie (47 – JH Ernst, pt 1.4.58, p 32).

2.9 OPTREDE VAN DIE VOORSITTER
Die voorsitter het deur suggesties (soos telkens in die notule blyk) van hoe en in watter volgorde sake hanteer moet word, die vergadering verhinder om tot 'n beslissing te kom (47 – JH Ernst, pt 1.4.64, p 36). Die sake is in verkeerde volgorde (vgl **Regl. Van Orde 4.4**) ter stemming gebring (47 – JH Ernst, 1.4.71 (3), p 48). Reglement 3.2.3.2 lees as volg: "In die geval van 'n voorstel met amendemente, word die amendemente eers tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste amendement wat ingedien is en daarna die voorstel soos deur die aanvaarde amendement(e) gewysig. Slegs indien al die amendemente verwerp word, stem die vergadering oor die oorspronklike voorstel." (*Kerkorde,* 2013)

2.10 BEKENDMAKINGMAKING VAN GETAL STEMME VIR EN TEEN
Regl. 3.2.3.3 is oortree deurdat die getal stemme aangekondig is (47 – JH Ernst, pt 1.4.66, p 40). "Na elke stemming oor 'n amendement of 'n voorstel word die uitslag van die stemming aangekondig – nie die getal stemme vir of teen die voorstel nie of amendement uitgebring nie, maar of dit aanvaar of verwerp is." (Reglement 3.2.3.3, *Kerkorde,* 2013)

Meer mense het aan die stemming deelgeneem as wat veronderstel was om deel te neem (47 – JH Ernst, 1.4.73, p 54).

2.11 DEELNAME VAN DOSENTE AAN GESPREK
Dr. Nadia Marais, prof Alphonso Groenewald en dr. Ben du Toit se deelname aan die gesprek was onregmatig. **Artikel 38.2** van die kerkorde is willens en wetens oortree. Dr Marais se deelname het die wettigheid van die vergadering en ook die wettigheid van die besluite wat spesifiek oor selfdegeslagverhoudinge geneem is, in gedrang gebring. (47 – JH Ernst, 1.4.39, p 20) Prof Alphonso Groenewald het self gevra om as sekundus aan die deel van die gesprek deel te neem terwyl die primariuslid, prof Dirk Human, ook ter vergadering verskyn het. Prof Alphonso Groenewald is ook nie 'n NG Kerk dosent by Tukkies nie. (47 – JH Ernst, 1.4.42, p 22). "Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein." (Artikel 38.2, *Kerkorde,* 2013)

Dr Ben du Toit se deelname was in stryd met **par 7.3 van die Reglement van Orde**. "Amptenare in diens van die sinodes en van die Algemene Sinode het sitting met adviserende stem in tydelike steunspanne (as afgevaardigdes of waarnemers wat op koste van die siondes teenwoordig is). (*Kerkorde,* 2013).

2.12 OPTREDE VAN DIE LEDE VAN Die UITTREDENDE MODERAMEN
Die lede van die uittredende Moderamen het teen die besluite van die Moderamen, waarvan hulle deel was, gepraat (47 – JH Ernst, 1.4.45, p 23; 1.4.71 (4), p 48).

2.13 BEÏNVLOEDING DEUR BESOEKERS EN NIE AFGEVAARDIGDES
Die lede van die vergadering is beïnvloed deur die posisie van en kleredrag van besoekers wat 'n oortreding was van **Artikel 21 van die *Kerkorde*** in die sin dat kerklike sake nie meer op kerklike wyse hanteer is nie en dat persone wat nie afgevaardigdes was nie toegelaat is om die openinge waar te neem (47 – JH Ernst, 1.4.71 (5), p 49, 50). "Die kerkvergadering behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse." (Artikel 21, *Kerkorde*, 2013). "Elke sittingsdag word op 'n gepaste wyse geopen met Skriflesing en gebed en afgesluit met gebed." (Reglement 3.1.6, *Kerkorde*, 2013)

2.14 DIE HANTERING VAN DIE SUBSTANTIEWE VOORSTEL
"Hoe het dr. André Bartlett se voorstel die substantiewe voorstel geword? Die hantering van die voorstel as die substantiewe voorstel was onregmatig. Die Algemene Sinode het geen ander keuse as om die besluit in geheel nietig te verklaar nie, anders kan die burgerlike hof gevra word om dit op grond van proseduriële nalatigheid of die nie-nakoming van eie reëls en prosedures te doen (47 – JH Ernst, 1.4.74, p 55).

Opmerking deur taakspan: Sonder om aanspraak te maak op volledigheid, blyk dit uit die besware wat ontvang is, dat ten minste die volgende punte (geen spesifieke volgorde) van beswaar gemaak word teen die wyse waarop en die feit dat, die voorstel van dr. André Bartlett uiteindelik die substantiewe voorstel en later die besluit van die vergadering geword het:

1. Daar was nie kennis van revisie van die besluit van 2007 gegee nie, terwyl die substantiewe voorstel die besluit van 2007 ingrypend gewysig het. Daar behoort ook kennis geneem te word van die feit dat die 2013 besluit en opdrag van die Algemene Sinode, oor hierdie aangeleentheid nie die bedoeling gehad het om die besluit van 2007 te wysig nie. In die verslae voor die vergadering was daar ook geen aanduiding dat die 2007 besluit van die Algemene Sinode gewysig gaan word nie (**Vgl. 2.4 onder andere hier bo**).
2. Die aanbeveling van die moderamen was die voorstel voor die sinode en daar kon slegs amendemente op die voorstel voor die sinode ingedien word. Die uiteindelike substantiewe voorstel en ook besluit van die Algemene

Sinode sou as ‘n teenvoorstel gesien kon word wat nie toegelaat kan word nie. Iemand wat nie ten gunste van die voorstel voor die vergadering was/is nie, stem daarteen, maar kan nie ‘n teenvoorstel indien nie (**Vgl. onder andere 2.2 hier bo**).
3. Die bekendmaking van die aantal stemme vir en teen ‘n bepaalde voorstel/amendement was ongehoord en kon ‘n invloed gehad het op die verdere verloop van die vergadering met betrekking tot Selfdegeslagverhoudings **(Vgl. onder andere 2.10 hier bo)**.
4. Die wyse waarop die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake saamgestel is en einde laaste met voorstelle na die vergadering gekom het, blyk ongehoord te wees **(Vgl. onder andere 2.7 en 2.8 hier bo)**.
5. Die deelname van dosente van die fakulteite van Stellenbosch en Pretoria blyk ongehoord te wees (**Vgl. onder andere 2.11 hier bo)**.
6. Die feit dat meer mense gestem het as wat daar volgens die presensielys veronderstel was om te stem **(Vgl onder andere 2.10 hier bo)**.

2.15 BESLUITE VAN 2013
Weens die voortdurende mala fide-optrede van dr Gaum en ander en die medewerking van lede van die moderamens en algemene sinodes, sal die versoek wat die Moderamen van Wes- en Suid Kaapland voor die 2013 Algemene Sinode, die hantering daarvan deur die Moderamen en eerste Taakspan, asook die besluit van die 2013 Algemene Sinode en die kwaadwillige uitvoering daarvan deur sekere individue en groeperings, in besonder die tweede Taakspan en die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake van die Algemene Sinode met wie onregmatig saamgespan is, ook tot niet gemaak moet word (47 – JH Ernst, 1.4.74, p 57).

Opmerking van Taakspan: Slegs die besluit van die Algemene Sinode, 2015 met betrekking tot selfdegeslagverhoudings is op die agenda.

2.16 OPSIG EN TUG TEENOOR GAY LIDMATE
Die hantering van opsig en tug teenoor gay mense. (1 - NG Gemeente Burgersfort, p 7) Aangesien die kerkraad homoseksualiteit as sonde verstaan, kan die kerkraad nie saamgaan met besluit 2 van die Algemene Sinode nie, aangesien die Sinode impliseer dat homoseksuele mense in ‘n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here kan leef. Persone wat in so ‘n verhouding leef sal aan ‘n gesprek (tug) onderwerp word, wat sal beteken dat so ‘n persoon nie nagmaal kan gebruik nie (2. NG Gemeente Fouriesburg p 1; 12 NG Gemeente Fakkel p 3).

Opmerking van Taakspan: Hierdie benadering blyk in botsing te wees met die besluit van die Algemene Sinode in 2007 en 2013. Hierdie besluite is nie deel van die agenda van Buitengewone Algemene Sinode nie.

2.17 DIE DISKRESIE VAN KERKRADE
Die opsionele aard van die besluite aan mindere vergaderings (9 - PJ de Villiers, p 1) Hoe moet kerkrade die Algemene Sinode se besluit (6) dat kerkrade hulle eie standpunte en praktyke kan formuleer implementeer? Wat sou hierdie “eie standpunte en praktyke” moontlik kon wees? Kerkregtelike uitklaring (skriftelik) is nodig. Hierdie werkswyse skep onhoudbare verdeeldheid in die kerk. (2 - NG Gemeente Fouriesburg, p 2; 6 - NG Gemeente Piet Plessis, p 1; 15 - NG Gemeente Ermelo-Oos). Kan kerkrade hulle diskresionêre besluit hieroor in die openbaar bekend maak en hulle van die besluit van die Algemene Sinode distansieer en steeds deel van die NG Kerk bly? (15 - NG Gemeente Ermelo-Oos, p 5) Deur hierdie besluit het die Algemene Sinode haar van haar verantwoordelikheid teenoor streeksinodes, ringe gemeentes en lidmate onteien (28 JJ (Kobus) Smit).
Opmerking van Taakspan: Die Algemene Sinode behoort hieroor riglyne aan ringe en gemeentes te gee.

2.18 DIE ROL VAN RINGE EN GEMEENTES
Ringe en gemeentes is nie geken nie. Die proses was ondeursigtig en eensydig deurdat gemeentes/lidmate nie in die besluitneming vooraf geken is nie. ‘n Voorbeeld van deursigtigheid is Belhar. Algemene Sinode het geen mandaat van Ringe of gemeentes gehad om ‘n stemming oor die aangeleentheid te hou nie. (28 JJ (Kobus Smit p 1). Hierdie benadering bevorder independisme (45 Dr. SJ Louw – NGK Eendracht). Die besluit is nie in ooreenstemming van artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde hanteer in die sin dat elke Sinode dit eers met ‘n tweederde meerderheid moes bekragtig en derhalwe is die besluit onregmatig geneem (29 André Oberholzer p 1). Plaaslike gemeente is selfstandig kerk (*ecclesia completa*). Christus is die enigste Hoof van sy Kerk en daarom is daar geen sprake van hiërargie nie. (45 Dr SJ Louw - NGK Eendracht p 2). Sinodekrasie - waar die Sinode die hoogste gesag is. Lidmate moet die kans kry om oor sulke belangrike sake te besluit soos in die geval van Belhar. (45 Dr. SJ Louw – NGK Eendracht p 2; ; 49 – Dr. Frans Budding; 52 Marius Joubert, p 2; 58 – Thinus en Anita de Jager, p 2; 9 PJ de Villiers p 1; 1. NG Gemeente Burgersfort p 8; 14 NG Gemeente Ermelo-Oos p 4; 48 – Freddie Lotter, p 2).
Opmerking van Taakspan: Die 2015 besluit van die Algemene Sinode het nie die Belydenis van die kerk gewysig nie, alhoewel daar verskillende interpretasies van die Belydenis ter sprake is. Derhalwe is Artikel 44.1 en 44.2 nie ter sprake nie.

2.19 VERKLEINDE SINODE

Die verkleining van die Algemene Sinode het tot gevolg gehad dat die Algemene Sinode al hoe minder verteenwoordigend van die NG Kerk geword het. (6 NG Gemeente Piet Plessis p 1; 21 Bethal-Oos p 2; 45 Dr SJ Louw – NGK Eendracht; 94 – Ring van Heidelberg, p 3; 126 – NG Gemeente Helderberg, p 1).
Opmerking van Taakspan: Die saak is op die agenda van die Buitengewone Algemene Sinode, 2016.

2.20 DIE BESLUITE IMPLISEER WYSIGING VAN DIE KERKORDE
Die besluite impliseer wysigings van die *Kerkorde* wat in terme van die *Kerkorde* 'n twee-derde meerderheid vereis. Die besluit is nie met 'n twee-derde meerderheidstem geneem nie (61 – AP Oberholzer, p 2).
Opmerking van Taakspan: Alhoewel van die besluite dalk tot gevolg kan hê dat die *Kerkorde* gewysig moet word, is die *Kerkorde* nie gewysig nie, en derhalwe was die tweederde stem in terme van Artikel 44.3 nie nodig nie. Die tweederde stem sal egter nodig wees wanneer die *Kerkorde* as gevolg van die besluit van die Algemene Sinode gewysig word.

2.21 PREDIKANTE EN DIE UITVOERING VAN DIE BESLUIT
Sal predikante wat nie hulle weg oopsien om homoseksuele paartjies in die huwelik te bevestig nie, van diskriminasie en aantasting van menseregte beskuldig kan word? (8 - W L Basson p 3; 28 - JJ (Kobus) Smit) Die wisseling van predikante sal beteken dat gemeentes deurlopend 'n beleidsverandering sal moet maak (28 - JJ (Kobus) Smit).

2.22 ARBEIDSWETGEWING
In watter mate sal kerkrade hulle skuldig maak aan die oortreding van arbeidswetgewing by die toepassing van die besluit. Bv. Hoe gaan kerkrade op 'n wettige wyse vasstel wat die seksuele oriëntasie van 'n aansoeker is? (8 - WL Basson p 4)

2.23 DOOP VAN KINDERS
Hoe gaan die doop van kinders van homoseksuele paartjies hanteer word? (8 WL Basson p 5)

2.24 OPTREDE TEEN DIE VOORSTELLERS
Kerkrade en Ringe behoort op te tree teen diegene wat die voorstel soos deur die Sinode voor die Algemene Sinode gelê het (14 - NG Gemeente Greylingstad p 3).

2.25 KOSTE VAN APPÈL
Volgens **Reglement 19.6.6** kan die appellant verantwoordelik gehou vir koste van appèl. (25 NG Gemeente Lydenburg p 5)

Opmerking van Taakspan: Die Buitengewone Algemene Sinode is op koste van die Algemene Sinode gereël en geen appellant en/of beswaarde sal vir enige koste verantwoordelik gehou word nie, behalwe hulle eie koste indien hulle die vergadering bywoon terwyl hulle nie afgevaardig is nie.

2.26 SAMESTELLING VAN NAVORSINGSPAN
Span was eensydig saamgestel en die vorige ASM wou nie die verslag aanvaar nie, omdat die Skrif nie genoeg verreken is nie. (34 Prof JJ van Rensburg).

3. OPSOMMING VAN VOORSTELLE WAT BESWAARDES MAAK

3.1 Die kerk stap af van die tema van selfdegesagverhoudings en fokus op die prioriteite van die kerk soos wat God dit aan die kerk opgedra het. Die taakspan moet ontbind word (1 - NG Gemeente Burgersfort p 8; 14 NG Gemeente Greylingstad p 3).

3.2 Daar mag nie weer in die toekoms besluite geneem word wat die leer van die kerk raak, alvorens daar met al die streeksinodes na behore gekonsulteer is nie (1 - NG Gemeente Burgersfort p 8; 45 - Dr. SJ Louw – NGK Eendracht p 3)

3.3 Dat die samestelling van die Algemene Sinode vergroot word na ten minste 400. (45 Dr. SJ Louw – NGK Eendracht p 3)

3.4 Oorweeg 'n Generale Sinode minstens een keer elke 10 jaar waar al die gemeentes teenwoordig is (45 Dr. SJ Louw – NGK Eendracht p 3).

3.5 Die Algemene Sinode het geen ander keuse as om die besluit in geheel nietig te verklaar nie, anders kan die burgerlike hof gevra word om dit op grond van proseduriële nalatigheid of die nienakoming van eie reëls en prosedures te doen (47 – JH Ernst, 1.4.74, p 55).

3.6 Weens die voortdurende male fide-optrede van dr Gaum en ander en die medewerking van lede van die moderamens en algemene sinodes, sal die versoek wat die Moderamen van Wes- en Suid Kaapland voor die 2013 Algemene Sinode, die hantering daarvan deur die Moderamen en eerste Taakspan, asook die

besluit van die 2013 Algemene Sinode en die kwaadwillige uitvoering daarvan deur sekere individue en groeperings, in besonder die tweede Taakspan en die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake van die Algemene Sinode met wie onregmatig saamgespan is, ook tot niet gemaak moet word (47 – JH Ernst, 1.4.74, p 57).

4. TAAKSPAN WAARNEMINGS/OPMERKINGS (Selfdegeslagverhoudings)

5.1 Die Kerkordelike en prosedurele besware is van so ‘n aard dat dit waarskynlik heel eerste deur die Sinode hanteer moet word. Van die voorstelle is dat die besluit van 2015 (en selfs 2013 en 2011) nietig verklaar moet word. Indien die Sinode dus in effek geen besluit in 2015 geneem het nie, as gevolg van prosedurele en ander foute, sal dit ‘n baie groot invloed op die gesprek en verdere verloop van die vergadering hê.

5.2 Een van die punte van beswaar is dat die 2015 besluit oor Selfdegeslagverhoudings die 2007 besluit wysig en dat daar geen kennis van revisie op ‘n regmatige wyse voor die Sinode gedien het nie.
In terme van die agenda van die Buitengewone Algemene Sinode 2016, is die 2015 besluit van die Algemene Sinode met betrekking tot Selfdegeslagverhoudings die agendapunt voor die vergadering. Die besluite van 2013, 2011 en 2007 is dus nie ter sprake nie. Gravamina wat oor die 2013, 2011 en 2007 besluite van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudings gehandel het, was nie ontvanklik nie.
Indien daar genoegsame gronde bestaan om die besluit van 2015 nietig te verklaar, is die Algemene Sinode weer waar hy was voordat die besluit geneem is, en is die besluit van 2013 die geldige besluit voor die Sinode.

5. UITBREIDING VAN BELYDENISGRONDSLAG – ARTIKEL 35

Die besluit van die Algemene Sinode 2015 om aan sinodes toestemming te gee om hulle belydenisgrondslag te wysig, kom daarop neer dat die twee sinodes ‘n nuwe kerkverband vorm. (14 - NG Gemeente Greylingstad p 3). Die besluit respekteer nie die uitslag van die onlangse stemming in gemeentes en sinodes nie (21 - NG Gemeente Bethal-Oos; 45 Dr. SJ Louw – NGK Eendracht p 2). Die besluit waarin twee sinodes toegelaat word om hulle belydenisgrondslag te wysig bedreig die eenheid van die kerk met betrekking tot belydenisgrondslag (21 – Bethal-Oos).
Die besluit van die Algemene Sinode, 2015 waarin deur die byvoeging van Artikel 35.7 by die kerkorde aan streeksinodes toestemming gegee word om hulle belydenisgrondslag te wysig is in stryd met Artikel 44.1 en 44.2 van die kerkorde. Die betrokke Artikels lees as volg: 44.1 “Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met ‘n tweederdemeerderheid en twee derdes van alle kerkrade elk met ‘n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.”44.2 “Artikel 44.1 en 44.2 van die *Kerkorde* word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met ‘n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit.” Hierdie twee Artikels kan as ‘n verskansingsklousule verstaan word (NG Gemeente Charl Cilliers).
Die Algemene Sinode, 2013 het besluit om gemeentes en sinodes te toets oor die moontlikheid van die wysiging van die belydenisgrondslag van die NG Kerk soos dit in Artikel 1 beskryf word. Die uitkoms was dat die belydenisgrondslag nie gewysig is nie aangesien die voorgeskrewe meerderhede nie verkry is nie (Vgl. NG Gemeente Charl Celliers).

5.1 Voorstelle

GRAVAMEN – NGK Charl Cilliers

Die optrede van die AS in die bogenoemde besluite is in stryd met die bepalings van Artikel 44 van die Kerkorde (2013) en die toepaslike regsbeginsels in die Suid Afrikaanse reg. Die bepalings van Artikel 44, 'n duidelike verskansingsklousule, neem voorkeur bo enige ander artikel in die Kerkorde waar dit in stryd is met Artikel 44J en 2. Al die bogenoemde besluite het die effek dat Artikel 1 gewysig kan word sonder nakoming van Artikel 44 en moet dus as ongeldig verklaar word.
Alhoewel slegs die bogenoemde aanhalings gemaak is, is die gravamen ook gemik teen enige ander besluit wat daarop gemik is om die belydenisskrifte te wysig en / of uit te brei.

A.2 TAAKSPAN VIR BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORLEGINGS

A.2.4 SKRIFGESAG EN HERMENEUTIEK

Die volgende dokument is op versoek vir die ASM gelewer om die spesiale vergadering te begelei deur die 138 posstukke ontvang vir die aandag van die vergadering. (Dit sluit in besware/gravamina/voorleggings) wat ter tafel gelê word.
Die doel van hierdie dokument is om as 'n leeshulp te dien vir sinodegangers om die omvang van die besware/voorstelle te kompakteer. Die werkswyse van hoe die spesiale sinode met die gravamina moet omgaan, word verduidelik.
Hierdie dokument fokus primêr op gravamina en voorstelle t.o.v. die Gesag van die Skrif en Hermeneutiek (die verstaan van die teks).

1. SAKE IN GRAVAMINA EN BESWAARSKRIFTE OOR SKRIFGESAG EN DIE LEES, VERSTAAN EN VERTOLKING VAN DIE SKRIF (VGL SAMEVATTING IN VERSLAG 3B):

1.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

1.1.1 **Die gesindheid en waardigheid** van die debat is van groot belang. Gaan die debat oor menswaardigheid en ons insluiting of uitsluiting van mense, of oor God se liefde vir sondaars wat almal insluit wat sy genade aanvaar en daaruit lewe? Van weerskante is daar tot dusver onvleiende insinuasies gemaak van liefdeloosheid en Fariseïsme as mense nie soos Jesus almal wil insluit nie, en van dwaalleraars wat valse evangelies verkondig en postmodernisme en relativisme intrek in die kerk. Die "kuns van dapper en eerlike gesprekvoering" sal hierin die deurslag moet gee, waar mense sonder skroom hulle harte kan oopmaak en hulle opinies kan deel met 'n openheid om saam te soek na God se wil met 'n leerbare gees sonder om ander se integriteit verdag te maak. Waar ons gefouteer, die Skrif verkeerd gelees of gebruik en selfs misbruik het of God se Gees bedroef het, moet ons dit openlik kan bely. Ons almal se gebed is dat die Heilige Gees ons in die eenheid van Christus sal saambind tot eer van sy Vader.

1.1.2 Die lees van die besondere openbaring (die Skrif) en van die algemene openbaring (kennis van nuwere wetenskap en die bevindinge rakende selfdegeslag verhoudinge) en die gesag van die Skrif volgens die Belydenisskrifte is die eerste saak aan die orde in die gravamina. Is ons uitgangspunt gereformeerd? Is ons nog by die belydenis dat God in mensewoorde gesagvol sy wil en plan aan ons meedeel sodat ons tot sy eer kan leef? Of is dit mense se nadenke oor God en hulle woorde oor God?

1.2 INHOUDELIK GAAN DIE BESWARE OOR DIE VOLGENDE SAKE:

1.2.1 **Die verstaan van die Skrif** (die uitleg van die teks binne sy konteks toe en nou); die uitgangspunt rakende die gesag van die Skrif en die uitleg van die Skrif vir sy eie tyd en vir vandag, die betekenis van die belangrike geheel-verhaal van die Skrif, die siening van Jesus oor die huwelik en die lees en verstaan van ander tekste wat handel oor verhoudings, naasteliefde en verhoudinge tussen die geslagte.

1.2.2 Die kernvraag is: was die **Bybelse tekste** wat oor die huwelik en oor selfdegeslag verhoudinge praat, afgestem op alle homoseksuele verkeer, ook die tussen mense wat langtermyn verhoudinge van liefde en trou gehandhaaf het? Of gaan dit slegs oor sake soos verkragting, tempelprostitusie en kindermolestering? Is daar 'n verandering in die Bybelse standpunte oor homoseksualiteit van die Ou na die Nuwe Testament of in verskillende kontekste? Hoe vergelyk ons verstaan van die tekste oor homoseksualiteit met ons verstaan van tekste wat gaan oor sake soos slawerny, die vrou in die amp, die patriargale samelewing en egskeiding. Watter leesbril het ons op? Elke leser bring sy eie veronderstellings na die teks toe. Is daar dan nog 'n gesagvolle teks?

1.2.3 Dit gaan oor die vertolking van die Skrif - vrae oor die interpretasie van die Skrif, die verhouding Ou en Nuwe Testament, die plek en rol van Jesus as Woord van God in die vertolkingsproses, die Heilige Gees en die menslike inspanning om die Woord opnuut en reg te hoor en te gehoorsaam, die verhouding tussen ons uitgangspunte (verstaansmodelle bv kanonieke vertolking / hermeneutiek vs kultureel-sensitiewe lees van die Skrif, die belang van saam-lees van die Skrif deur die eeue en saam met al die heiliges vandag, die waarde en leeshulp van ons Belydenisskrifte om saam die wil van God te onderskei.

1.2.4 Nog 'n vraag op die tafel is die **verhouding tussen die Algemene Sinode en die gemeentes** – behoort daar volgens ons gereformeerde belydenis 'n eenvormige standpunt te wees of bestaan die moontlikheid vir veelvormige standpunte? Die besware bring ook die vraag na eensgesindheid of 'n ruim-huis benadering en diversiteit na vore.

1.2.5 Hoe raak die NG Kerk se verstaan van hierdie saak ons **ekumeniese verhoudings**, eenheid en luister na die kerke in Afrika en die wêreld asook ons getuienis aan mense buite die kerk.

1.2.6 Die besware spreek ten slotte oor die **gereformeerde aard van die NG Kerk**, ons kerkverband en teologiese opleiding aan.

1.3 DIE AARD VAN DIE GESAG VAN DIE SKRIF

Die besware ten opsigte van 'n afwyking van die Belydenisskrifte wat die meeste na vore kom, is dat die 2015 besluit **'n** dwaling inhou wat betref **die beskouing van die Bybel en die gesag van die Woord.**

1.3.1 Dokument 121: Ons is diep bewus daarvan dat die Bybel in tyd, ruimte, kultuur en taal ver verwyderd is van ons as mense vandag. Maar, gelyktydig moet ons onsself daaraan herinner dat die Ned. Geref. Kerk tans amptelik nog, kragtens Art. 1 van die Kerkorde, 'n Gereformeerde Belydeniskerk is waar ons ampsdraers en lidmate, kragtens hul bevestiging en openbare belydenis van geloof, verbind is aan ons Belydenis en 'n Gereformeerde verstaan van die Skrif. Een van die mees sentrale belydenisse van 'n Gereformeerde Belydeniskerk, is dat ons die Bybel as die onfeilbare Woord van God bely.
1.3.2 Dit is fundamenteel tot ons gereformeerde belydenis dat ons die Bybel as God se Woord beskou waarin God se wil geopenbaar word. In hierdie verband word daar dan veral verwys na Artikels 2; 3; 5 en 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.
NGB Artikel 5: Die gesag van die Heilige Skrif
Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.
NGB Artikel 7: Die volkomenheid van die Heilige Skrif
Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps. 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: '...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is' (1 Joh. 4: 1), en: 'As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...' (2 Joh. :10).

1.4 DIE HERMENEUTIESE BEGRONDING VAN DIE 2015 VERSLAG

1.4.1 **Hermeneutiek** gaan oor hoe ons die tekste van die Bybel vandag verstaan. Eksegese poog om so goed as moontlik te verstaan wat die tekste se oorspronklike bedoeling was. Dit vra vrae soos: wat beteken die woorde en sinne, wat was die konteks waarin dit geskryf was, wie was die oorspronklike hoorders en wat was die bedoeling van die teks vir daardie mense in daardie tyd. Eksegese vra na *"What the text meant?"*

Hermeneutiek vra *"what the text means?"* Hoe verstaan ons vandag die teks? Ons leef immers vandag in 'n ander konteks waarin die kwessies van die oorspronklike teks dalk nie eens meer bestaan nie (byvoorbeeld slawerny). Hermeneutiek poog om die historiese - en kultuurgaping tussen die tyd toe die Bybel geskryf is en vandag te oorbrug sodat die Bybel vandag in ons konteks God se lewende en gesagvolle Woord vir ons tyd sal wees.

Verskeie besware verwys na die **hermeneutiese beredenering** in die verslag wat voor die Algemene Sinode van 2015 gedien het en stel dat hierdie hermeneutiek in stryd is met die belydenis van die Kerk en met name artikel 5 van die NGB. Vergelyk die volgende:

1.4.2 Dokument 121: Ons erken dat daar is óók tekste in die Bybel wat ons a.g.v. ons menslike swakheid nie mooi verstaan nie. Ons glo egter wel dat daar tog bepaalde benaderings tot die Skrif is wat nié tuishoort binne 'n Kerk wat bely dat sy 'n *Gereformeerde* en *Belydenis*-kerk is nie en dat dit buite 'n Gereformeerde benadering tot die Skrif is om die Skrif só te interpreteer asof dit só kultureel-, mens- en tydgebonde is dat dit vir vandag nie meer God se wil vir ons leer en lewe openbaar nie.

1.4.3 Dokument 34 spreek hom soos volg uit oor die Skrifhantering ten grondslag van die 2015 besluite:
'n Nog vreemder beginsel van die Taakspan se hermeneutiek handel oor die gesag van die Skrif:
"*Die gesag van die Skrif berus op God se gesag en nie primêr omdat ons as kerk die Skrif as kanonies aanvaar het nie. Gesag is die uitkoms van 'n voortdurende interpretasieproses wat lei tot geloofsverstaan waarin nuwe*

lewensmoontlikhede as uitnodiging en toesegging betroubaar en geloofwaardig meegedeel word. Gesag is binne geloofsverstaan dialogies en pneumaties van aard".
Die konsekwensies van hierdie uitgangspunt is duiselingwekkend. Dit impliseer dat die gesag van die Skrif nie in die Skrif sélf geleë is nie, maar in die voortdurende geloofsverstaan, "dialogies en pneumaties".
Nie alleen is dit 'n afwyking van hoe die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 5 oor die gesag van die Skrif praat nie, maar dit impliseer dat die Skrif in die kerk se "voortdurende verstaan" in 'n gegewe tydperk anders interpreteer kan word om daaraan 'n nuwe of ander betekenis te gee. Só verstaan kan die gesag van die Skrif vloeibaar wees en van menslike insigte afhang.. Wat vandag waar is, is dalk môre nie meer geldig nie. Die NGB formuleer die gesag van die Skrif egter soos volg: "Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is". Terwyl die NGB 'n teologie "van Bo" gebruik om die gesag van die Skrif te definieer, verraai die verslag se omskrywing van die gesag van die Skrif 'n teologie "van onder". Volgens die verslag van die taakspan leef gesagsherkenning en erkenning in en vanuit die ontmoetingsgebeure wat geloof tot gevolg het. Dit is duidelik hoe die gesag van die Skrif van 'n ontiese na 'n eksistensiële toekenning verskuif word.

1.4.4 Dokument 56: Die derde en baie belangrike grond vir hierdie gravamen is geleë in die feit dat die Algemene Sinode in 2007 duidelike besluite en beleid geformuleer het (kyk, Bylae B, pp. 16 tot 27 van 33) waarin Skrifgesag in lyn met die formuliere gedefinieer is (eie beklemtoning): "Die Bybel kry nie gesag wanneer ons of die kerk daaraan gesag toeken nie; dit het eie gesag omdat God Hom deur hierdie Woord die helderste en duidelikste bekend maak.
Hierdie verslag (2007) vereenselwig hom met die NGB, art 3, en ons bely "dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens voortgebring is nie, maar dat deur die Heilige Gees meegevoer, mense die woord van God verkondig het" (2 Petrus 1:20-21: "Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.")
Ons aanvaar die Bybel as "heilig en kanoniek", nie in die eerste plek omdat die kerk die geskrifte van die Bybel aanvaar en as sodanig beskou nie, maar "veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is" (NGB, art 5). Ons glo dat die Bybel "die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word" (NGB, art 7). Die Bybel bly egter altyd vir die kerk die hoogste bron van waarheid wanneer dit gaan oor ons nadenke oor die mens se verhouding tot God en sy medemens (NGB art 7) – ook wanneer dit gaan oor sy seksuele verhoudings."

1.5 AFWYKING VAN DIE GEREFORMEERDE TRADISIE

Dit gaan in die besware teen die 2015 besluit nie net oor die gesag van die Skrif en die hermeneutiese uitgangspunte nie, maar ook oor **die tradisie waarin die NG Kerk staan.**

1.5.1 Gravamen 23: verwys uitvoerig na die geskiedenis van die Christelike tradisie. Selfdegeslagverbintenisse is konsekwent afgewys deur die drie monoteïstiese godsdienste (Joods-Christelike en Moslem tradisie) en ook deur die vroeë kerkvader en besluite van vroeë kerklike konsilies.

1.5.2 Gravamen 23 kyk ook na hoe die hervormers self op die NT tekste wat oor selfdegeslagverhoudings gaan, kommentaar gelewer en dit verstaan het.
In die kommentaar van Calvyn oor 1 Kor 6:9-11 skryf, wys hy selfdegeslag seksuele verkeer in baie sterk taal af. Luther het ook 'n baie sterk afwysende uitspraak gemaak oor selfdegeslag seksuele verkeer. Hy was baie duidelik daaroor dat selfdegeslag seksuele gedrag teen-natuurlik is, 'n perversie van normale seksuele gedrag
Een van die skrywers van die Heidelbergse Kategismus, Zacharias Ursinus, (23, p 49-50) het enige seks buite die huwelik tussen 'n man en 'n vrou as onkuis en onsedelik beskou en moeite gedoen om baie spesifiek ook selfdegeslag seksuele gedrag af te wys as teen-natuurlik en korrup en daarom onsedelik en onkuis, veral met verwysing na Romeine 1.

1.6 Die hantering van die tekste wyk af van die manier waarop die Belydenisskrifte dit verstaan het.

Hierdie beswaar kyk na die inhoud van die belydenisskrifte en die manier waarop die Bybeltekste wat oor selfdegeslagverhoudings gaan, daarin gebruik is. Die besluit van 2015 toon in die hantering van hierdie tekste 'n afwyking van die manier waarop hierdie tekste in die Belydenisskrifte self hanteer is.

1.6.1 Gravamen 34 wys daarop dat die tekste wat oor seksuele verkeer tussen mense van die selfde geslag gaan, in die Belydenisskrifte oor en oor gebruik word as voorbeelde van sondige gedrag. Hy argumenteer dat hierdie interpretasie van die tekste in die Belydenisskrifte 'n bindende deel van die inhoud ons Belydenisskrifte is:

In die nagaan van Bybeltekste wat as bewysplase in die Nederlandse Geloofsbelydenis en Heidelbergse kategismus gebruik word, kom die tekste wat selfdegeslag seksuele verkeer afwys herhaaldelik voor. Die tekste word gebruik om die Nederlandse Geloofsbelydenis se belydenisse te begrond oor die middele waardeur ons God

ken (art. 2); die Voorsienigheid van God (art. 13); die Skepping van die mens, die sondeval en die gevolge daarvan (art. 14); die Versoening deur Christus (art. 21); die Heilige Doop (art. 34).
Die tekste onderstreep die oortuigingskrag van die Algemene Openbaring om die skuld vir die sonde vierkantig voor die deur van die mens te plaas (Rom. 1:20); die belydenis dat mense nie God vir die onbetaamlike dinge kan verwyt wat hulle doen weens hulle verdraaide opvattings nie, onder andere in terme van selfdegeslag seksuele gedrag (Rom. 1:28); die belydenis dat al die sondes wat in Romeine 1 uitgespel word, die gevolg is van die sondeval wat selfdegeslag seksuele gedrag insluit (Rom. 1:20-21); die betroubaarheid van die boodskap van versoening vir sondaars wat in die konteks selfdegeslag seksuele gedrag insluit (1 Tim. 1:15) en die waarheid van die afwassing van die sonde wat selfdegeslag seksuele gedrag insluit (1 Kor. 6:11).
Die Bybeltekste wat in die 2015 besluit negeer word, word in al drie dele van die Heidelbergse Kategismus (ellende, verlossing, dankbaarheid) gebruik. Dit dien as begrondingstekste vir God se straf oor die ellende van die erfsonde sowel as oor die sonde wat ons self doen (vraag 10); die verlossing in terme van die vernuwing van die Heilige Gees om godvresend en onbesproke te kan lewe (vraag 70); die afwassing van sondes deur die sakrament van die doop (vraag 72); die feit dat ons nie kan salig word as ons in ’n goddelose ondankbare lewe volhard nie (vraag 87); die sewende gebod oor egbreuk (vraag 108).

1.6.2 Gravamen 113: Die verwysing na Art 2 van die NGB (in die 2015 verslag) is 'n klap in die gesig van die opstellers. Let eerder op die woorde in die artikel wat bepaal "Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem".

2. VOORSTELLE

2.1 Die buitengewone Algemene Sinode van 2016 besluit dat die besluite oor selfdegeslagverhoudings van die Algemene Sinode van 2015 in stryd is met artikel 1 van die kerkorde van die NG Kerk wat as volg bely: “Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.”
(Gravamen 23 Dr Chris van Wyk. Hierdie is kern van die besware teen die inhoud van die 2015 besluite. Die meeste beswaarskrifte en gravamina stem hiermee saam byvoorbeeld beswaarskrifte 1,2, 3, 4, 10, 11, 12, 14, 15, 16, 21, 31, 33, 46, 55, 56, 59, 60, 86 (sinode van Namibië) 94, 113, 116, 117, 121, 122, 123, 125 en nog plus minus 80 ander).

2.2 Die buitengewone Algemene Sinode van die NG Kerk 2016 aanvaar die onderstaande standpunt in 3.1.1 – 3.1.7 (6.2.1 – 6.2.7 van gravamen 23) **oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Gereformeerde tradisie en die Skrif as in ooreenstemming met artikel 1 van die kerkorde van die NG Kerk.**
2.3 Hierdie besluit in 2.1 (6.1.1 in die gravamen) en hierdie standpunt in 3.2 (6.1.2 in die gravamen) – soos hieronder verwoord in 3.1.1 – 3.1.6 (6.2.1 – 6.2.7 in die gravamen) herroep enige vorige besluit en standpunt van die NG Kerk oor die status van selfdegeslagverhoudings.

Notas van die Taakspan:
Met voorstelle 2.2 en 2.3 besluit die Sinode oor die inhoud wat hieronder in 3.1.1 -3.1.7 uiteengesit word en wat aangebied word as ‘n nuwe inhoud in die plek van die besluite van 2015 oor die status van selfdegeslagverhoudings.
Daar kan slegs oor hierdie punte gestem word as die vergadering ooreenkom om dit so te verstaan dat mense wat daarteen stem, nie alles in die voorstelle afstem nie (bv “dat die huwelik heilig is”, maar slegs die gedeeltes in die voorstelle afwys wat te make het met die selfdegeslagverhoudings en die wyse waarop dit in hierdie voorstel geïnterpreteer word).

Die voorstel lui as volg:
3.1 VOORSTEL OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS
3.1.1 GESKREWE WOORD VAN GOD
Die Geskrewe Woord van God is ons uitgangspunt in alle sake van leer en lewe. Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus se (Nederlandse Geloofsbelydenis [NGB] artikel 2; 2 Pet. 1:21). Ons aanvaar die gesag van al die boeke van die Bybel, en beskou hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is (NGB 5). Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Die Skrif is gesaghebbend vir die lewe van gelowiges, omdat dit betroubaar, helder en genoegsaam is. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus se (Gal. 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen

geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps. 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reel ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle se: '...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is' (1 Joh. 4:1), 62 en: 'As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...' (2 Joh. 10) - NGB 7.
Die kerk self moet met sy leer, tradisie, belydenis en praktyk in alles aan die Skrif onderworpe bly. Vir die Reformasie is die Skrif alleen die hoogste en finale gesag wat die leer en lewe van die kerk betref, dienorm waaraan alles gemeet moet word, die laaste skeidsregter in al die geskille, die bron en norm van die belydenis en verkondiging van die kerk. Die wyse waarop die inspirasie van die Bybel as die Woord van God plaasgevind het, word getipeer as organiese inspirasie. Dit beteken dat God die skrywers se arbeid so geinspireer het dat dit wat hullegeskryf het, sy openbaring effektief en voldoende oordra. Hierdie inspirasie het egter nie gebeur met uitsluiting van die skrywers se eie persoonlikhede, agtergrond en ander omstandighede nie; hulle het elkeen geskryf binne die konteks van hulle eie kultuurhistoriese situasie.
Hierdie organiese inspirasie teorie hou dus in dat dit ongeldig is om te stel dat sekere dele van die Bybel menslik is, asof die Bybelleser dan die goddelike dele uit die Bybel moet selekteer. Die hele Bybel is terselfdertyd Goddelik en menslik. Meer noukeurig geformuleer: die Bybel is honderd persent God se Woord en honderd persent deur mense geboekstaaf. Ons verstaan van die teks (hermeneutiek) moet dus op die verklaring van die teks (eksegese) gebaseer word, omdat dit die geinspireerde Woord van God is, in sy Goddelike en menslike karakter. In ons nadenke en besluite oor selfdegeslag verhoudings soek ons vanuit die vertrekpunt eerlik na maniere om die Bybelse gegewens betekenisvol binne die konteks te interpreteer. Die leer van die belydenisskrifte begelei ons egter in die formulering van ons standpunt.

3.1.2 SONDE

Dit is duidelik dat alle mense geskep is na die beeld van God en daarom menswaardig is voor Hom (Heidelbergse Kategismus [HK] vraag 6). Dit is egter ook duidelik dat alle mense sondig is weens die erfsonde sowel as hulle eie moedswillige sondes en daarom skuldig en verlore is voor God (HK vr. 7- 9). Dit is die gevolg van die sondeval waaraan die mens hom willens en wetens onderwerp het (NGB 14;
Rom. 1:20-21). Dit bevestig dat die sondes wat bv. in Romeine 1 uitgespel word die gevolg is van die sondeval wat selfdegeslag seksuele gedrag insluit.
Die Algemene Openbaring is eintlik al genoeg om mense hiervan te oortuig en van enige verontskuldiging te ontneem in terme van wat vir ons in hierdie lewe nodig is om tot God se eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort, te lewe. Die Besondere Openbaring van die Geskrewe Woord van God spel dit egter nog meer duidelik en meer volkome uit as die Algemene Openbaring (NGB 2; Rom. 1:20). Die Algemene Openbaring is dus nie in stryd met die Besondere Openbaring nie en kan nie iets anders vir ons se as wat die Besondere Openbaring doen nie. Die Algemene Openbaring kan nie gebruik word om mense te verontskuldig van sondes wat deur die Besondere Openbaring voor die deur van mense gele word nie.
Dit is egter ook belangrik om te bely dat God in sy voorsienigheid nie verantwoordelik is vir die sonde nie. Hy is nie die bewerker van die sonde nie en dra ook nie die skuld daarvoor nie. Niemand kan God dus vir die onbetaamlike dinge verwyt wat hulle doen weens hulle verdraaide opvattings nie, onder andere in terme van selfdegeslag seksuele gedrag soos in Romeine 1 uitgespel word nie (NGB 13; Rom. 1:10).
God doen dus die mens nie 'n onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie, want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen. Die ongemaklike waarheid is dat: "die mens homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof het." (HK vr. 9; Ef. 4:24; Gen. 3:13; 1 Tim. 2:13, 14; Gen. 3:6; Rom. 5:12).
Dit roep onmiddellik die vraag na vore: "Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?" Die antwoord is, nee, glad nie. "Inteendeel, sy toorn is verskriklik (HK vr. 10; Gen. 2:17; Rom.5:12) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf (Ps. 50:21; 5:6; Nah. 1:2; Eks. 20:5; 34:7; Rom. 1:18; Ef. 5:6)". Dit sluit die hele lys van sondes in Romeine 1 in wat selfdegeslag seksuele gedrag inkorporeer. "God het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (Deut. 27:26; Gal. 3:10)".
Dit is dus duidelik dat die wet van God steeds van krag bly in die gestalte van 'n tugmeester na God toe vir diegene wat hulle skuldig maak aan die sondes wat in Romeine 1 genoem word, onder andere die seksuele onreinheid van die skandelike drifte, teen-natuurlike, en perverse selfdegeslag seksuele gedrag soos Romeine 1 dit uitspel. Die gestalte van die wet as tugmeester sal wel in die derde deel van die Heidelbergse Kategismus verander na die gestalte van die wet as reel van dankbaarheid. Maar, die oordeel van die wet sal steeds van krag bly op mense wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie, soos vraag 87 dit duidelik maak. Die saligheid word vir sulke mense toegesluit.

3.1.3 VERLOSSING

Ons bely dat Christus ons aan die kruis van ons sondes verlos het waarmee Hy ons met God versoen het (NGB 21; 1 Tim. 1:15). Dit onderstreep die betroubaarheid van die boodskap van versoening vir
sondaars wat in die konteks van die aanhaling uit Timoteus selfdegeslag seksuele gedrag insluit. Die

sondaars waarna hier verwys word, het Paulus in die vorige perikoop beskryf in die sondelysie in vers 9- 10, wat onder andere pornois (ontugtige mense/manlike prostitute) en arsenokoitais (mans wat met mans intiem verkeer) insluit.
Elkeen wat dus sy toevlug onder leiding van die Heilige Gees (HK vr. 65; Ef. 2:8) tot ons Middelaar en Verlosser, Jesus Christus, neem met 'n ware geloof, word deur Hom van hulle sondes verlos (HK vr. 29;). Hierdie ware geloof beteken om alles te glo wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof, onder andere die Apostoliese Geloofsbelydenis, ons in hoofsaak leer (HK vr. 22; vr. 61; 1 Joh. 5:10). Dit regverdig ons in Christus voor God en maak ons'n erfgenaam van die ewige lewe (HK vr. 59; Rom. 1:17). Hiervan is die doop die teken (HK vr. 72; 1 Joh. 1:7; 1 Kor. 6:11) en die nagmaal die versekering (HK vr. 75; Mark. 26:24-26).Deur die doop word alle gelowiges in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra (NGB 34). Die doop besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word. Hy beklee ons met die nuwe mens en ontklee ons van die ou mens en al sy werke, wat die afwassing van selfdegeslag seksuele gedrag insluit (1 Kor. 6:11).
Nie alle mense ontvang egter hierdie wonderlike evangelie deur 'n ware geloof nie en bly daarom verlore (HK vr. 20). Niemand kan verder ook salig word wat in hulle goddelose ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie (HK vr. 87; 1 Kor. 6:9-10; Ef. 5:5; 6:1; 1 Joh. 3:14). Maar die wat met die bloed en Gees van Christus gewas is, ontvang van God vergewing van sonde uit genade ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (HK vr. 70; Hebr. 12:24; 1 Petr 1:2; Openb. 1:5; 7:14; Sag. 13:1; Eseg. 36:25). Vir alle kinders van die Here is dit die vertrekpunt in verlossing, om vergifnis van sonde uit genade te ontvang. Dit is waarom daar 'n kruis was om deur die bloed van Christus vir ons vryspraak te koop.
Dit beteken verder om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (HK vr. 70; Joh. 1:33; 3:5; 1 Kor. 6:11; 12:13; Rom. 6:4; Kol. 2:12). 1 Kor. 6:11 verwys in die geval na onder andere die sondes van malakoi en arsenokoitai - die woorde vir passiewe en aktiewe selfdegeslag seksuele partye - sowel as pornoi (onsedelikheid in die algemeen) en moichoi (egbreuk) in die vorige twee verse. Hieroor verklaar die teks: "so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sondes laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van God." Vraag 72 eggo dit deur weereens 1 Kor. 6:11 te koppel aan die reiniging van alles sondes. Selfdegeslag seksuele gedrag word dus deur die HK beskou as iets waarvan 'n mens gereinig moet word.Die verlossing van sonde is dus duidelik ook van die seksuele gedrag wat met malakoi en arsenokoitaigeassosieer word, sodat die vernuwing van die Heilige Gees gelowiges kan help om onder andereselfdegeslag seksuele gedrag af te sterwe om godvresend en onbesproke te kan lewe.

3.1.4 DANKBAARHEID

Ons dankbaarheid bestaan uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (HK vr. 88; Ef. 4:22-24). Ons betoon 'n hartlike berou oor ons sondes wat God vertoorn het en vlug daarvan weg (HK vr 89; Rom. 8:13). Ons staan op met 'n hartlike vreugde in God deur Christus en leef met 'n lus en liefde volgens die wil van God in alle goeie werke wat Hy vir ons voorberei het (HK vr. 90; Gal. 2:20). Hierdie goeie werke word uit 'n ware geloof (HK vr. 90; Rom. 14:23), volgens God se wet (Lev. 18:4) tot sy eer (1 Kor. 10:31), en nie op grond van ons goeddunke gedoen nie (Matt. 15:7-9), soos veral die Tien Gebooie dit uitspel (HK vr. 92 vv.). Hierin volg ons ook die Sewende Gebod na wat ons leer dat alle onkuisheid deur God vervloek is (HK 108; Lev. 18:28), en dat ons dit daarom hartgrondig moet haat (Jud. 1:23). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (1 Tess. 4:3-5) sowel binne as buite die huwelik (Hebr. 13:4; 1 Kor. 7:7). God verbied met hierdie gebod nie net egbreuk en sulke skandes nie, maar alle onkuise dade, gebare, woorde (HK vr. 109; Ef. 5:3,4; 1 Kor. 6:18,19), gedagtes, luste (Matt. 5:27-28) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (Ef. 5:18; 1 Kor. 15:33).
Dit sluit dus selfdegeslag seksuele gedrag in, soos die opsommende aanhaling van Lev. 18:28 aantoon, en Ursinus in sy Kommentaar op sy Kategismus uitlê. Hy noem selfdegeslag seksuele gedrag 'n verwarring van geslagte en 'n misbruik van vroulike seksualiteit. Hoekom word dit so sterk afgekeur saam met al die ander sondes wat hiermee verband hou? Die Kategismus antwoord: omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, en God wil he dat ons altwee rein en heilig sal bewaar.

3.1.5 GELOOFSGEMEENSKAP

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees (NGB 27). Ps. 46:6; Jer. 31:36; Ps. 102:14; Matt. 28:20.
Ons glo dat alle gelowiges verplig is om by hierdie kerk aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal – as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die medegelowiges in die opbou van hulle geloof te dien (NGB 28; HK vr. 54). Ps. 5:6; 22:23; Ef. 4:12; Heb. 2:12; Matt. 24:28.
Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf - kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken (NGB 29). Matt. 13; 2 Tim. 2:18-20; Rom. 9:6; Ef. 2:20;

Joh. 10:4, 14; Matt. 28:20; Gal. 1:8; 1 Kor. 11:20; Kol. 1:23; Hand. 17:11; Joh. 18:37; Ef. 1; Joh. 8:47; 17:20; 1 Joh. 4:2 (en 3:9); Rom. 6:2; Gal. 5:17, 24; Rom. 7:5; Kol. 1:12; 2:18- 19; Ps. 2:3; Op. 2:9; 17:3; Joh. 16:2.
Lidmate van die kerk kan uitgeken word aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig. Hiermee se ons nie dat daar nie nog groot swakheid in hulle is nie; inteendeel, deur die Gees stry hulle juis al die dae van hulle lewe daarteen, terwyl hulle altyd weer hulle toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het (NGB 29).
Ons aanvaar die liefde van Christus as die wesenlike grondhouding waarop alle verhoudinge binne en buite die geloofsgemeenskap gebaseer moet word (HK vr. 32). In Christus word alle gelowiges verlos om deel van die geloofsgemeenskap te wees, en deur die Gees met die volheid van God vervul. Alle gelowiges se identiteit word daarom bepaal deur hulle geloof in Christus, nie deur enige ander eienskap nie, ook nie hulle seksualiteit nie. Hand. 11:26; 1 Kor. 6:15; 1 Joh. 2:27; Hand. 2:17. Matt. 10:32; Rom. 10:10; Rom. I2:1; 1 Pet. 2:5, 9; Openb. 1:6; 5:8, 10; 1 Pet. 2:11; Rom. 6:12, 13; Gal. 5:16, 17; Ef. 6:11; 1 Tim. 1:18, 19; 2 Tim. 2:12; Matt. 25:34.
Alle mense, ongeag hulle seksuele aangetrokkenheid en/of orientasie, is ingesluit in God se liefde en behoort op grond van hulle doop en geloof as volwaardige lidmate van die kerk van Christus aanvaar te word. Onder volwaardige lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
Persone wat 'n selfdegeslag aangetrokkenheid en/of orientasie beleef, mag volledig tot die besondere ampte toegelaat word op voorwaarde dat hulle ‘n selibate lewenstyl beoefen.

3.1.6 HUWELIK
Die huwelik tussen een man en een vrou is ‘n belangrike instelling van God. Dit is gemik op 'n eksklusiewe, vaste verhouding in wedersydse liefde en trou tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag. Enige ander seksuele verhouding is teen die leer van die Skrif en die belydenisskrifte. Ons vertolk die Skrifgegewens oor selfdegeslag seksuele gedrag nie net as as ’n afwysing van sekere destruktiewe vorme daarvan nie, maar as ’n afwysing van alle selfdegeslag seksuele gedrag, sonder dat die Skrif ’n uitspraak lewer oor homoseksuele of enige ander gender identiteit as sodanig. Dit beteken dat daar geen ruimte vir selfdegeslagverhoudings is nie, selfs nie as dit in liefde en trou gesluit word nie. Sowel heteroseksuele as homoseksuele of enige ander promiskuiteit - d.w.s. enige seksuele gedrag buite die veilige ruimte van die huwelik - word as destruktiewe en sondige gedrag afgekeur. Daar is dus ook geen ruimte vir enige ander seksuele verhouding wat begrond word op die velerlei gender identiteite waarmee mense vandag identifiseer, ook nie bestialiteit of enige ander perverse seksuele gedrag nie.
HK vr. 108-109; Gen. 1:27; 2:24-25; Matt. 19:4-6; Lev. 18:28; Jud. 1:23; 1 Tess. 4:3-5; Hebr. 13:4; 1 Kor. 7:7; Ef. 5:3,4; 1 Kor. 6:18,19; Matt. 5:27,28; Ef. 5:18; 1 Kor. 15:33.

3.1.7 PASTORALE ONDERSTEUNING
Die geloofsgemeenskap is die primêre ruimte waarin familiebande gesluit en gekoester moet word, ook geestelike familiebande (Matt. 12:48-50; Mark. 10:29-31). Dit leer die nagmaal ons wat ingestel is om diegene te voed en te onderhou wat God reeds wederbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het. Nou het die wat weergebore is, tweerlei lewe in hulle: die een liggaamlik en tydelik, wat hulle van hulle eerste geboorte saamgebring het en wat alle mense besit; die ander geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte, wat deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind (NGB 35). Matt. 26:26; Mark. 14:17; Luk. 22:19; 1 Kor. 11:24, 28; Joh. 3:6; 10:10.
Die kerk behoort daarom ondersteuningsisteme daar te stel en pastorale sorg waar nodig te verskaf aan gelowiges wat op die een of ander wyse die werklikheid van selfdegeslag aangetrokkenheid en/of orientasie beleef en/of enige ander seksuele aangetrokkenheid. Gelowiges wat sulke aangetrokkenhede beleef, moet begelei word tot die verwesenliking van God se skeppingsdoel met man en vrou deur of die huwelik of die beoefening van ‘n selibate lewenstyl binne die geestelike familiebande wat ons in die geloofsgemeenskap aan mekaar verbind. 1.1

4. VERDERE PUNTE WAT UIT DIE BESWARE, GRAVAMINA EN APPÈLLE KOM
Indien die voorstel en amendement aanvaar word, besluit die Sinode watter van die volgende gravamenpunte reeds ingesluit is, en watter voorstelle deur die voorsitter aan die orde gestel word.

4.1 DIE BYBEL AS WOORD VAN GOD
4.1.1 Ons glo dat die Bybel as die Woord van God openbaringsprioriteit neem bo alle menslike geskrifte en bo die algemene openbaring en dat ons staan by ons belydenis van Sola Scriptura (Beswaar 24) en
4.1.1.1 dat die Algemene Sinode herbevestig dat die Woord van God bo alle ander
4.1.1.2 “Algemene Openbarings” prioriteit neem en dat die NG Kerk as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis Sola Scriptura – Slegs die Woord (Beswaar 1).
4.1.3 Ons verwerp dat humanisme en menswaardigheid die norm word in die Kerk. Dit hoort so dat die Kerk altyd, in die Woordbediening sowel as in kerklike besluite, ten diepste sal vra: Wat sê God in Sy Woord. Enige saak of tendens in die tyd en tydsgees moet ondergeskik aan die Woord wees. Dis is hartseer dat in die huidige post-moderne tyd sake soos humanisme en die menswaardigheid van alle mense so ‘n oorheersende faktor is. (46)

4.2 DIE GEREFORMEERDE AARD VAN DIE KERK EN ONS BELYDENISSKRIFTE

4.2.1 Die Sinode word opgeroep om ernstig te besin oor óf die Ned. Geref. Kerk nog haarself inderdaad as 'n Gereformeerde Belydeniskerk kan of wíl beskou in haar Skrifbeskouing en –gebruik; Om ernstig te besin oor óf ons in die Ned. Geref. Kerk nie inderdaad alreeds 'n punt bereik het nie waar ons ons Belydensskrifte alreeds só verskillend vertolk dat ons breër en plaaslike kerkverband alreeds in die gedrang is – en of dit moontlik is vir die Algemene Sinode om in te sien of begrip te hê waarom sommige Sinodes, Kerkrade en gemeentes die indruk sou kon hê dat ons kerkverband regtens alreeds verbreek is a.g.v. sommige besluite oor leer en lewe wat daarop neerkom dat daar nie meer eenheid is in die dinge wat veronderstel is om die grond van ons kerkverband te wees nie, bv. dat ons ons Belydenisskrifte dieselfde vertolk, dat ons dieselfde glo oor die Skrif en die Persoon en Verlossingswerk van Jesus Christus. (121, 5, 17,).

4.2.2 Dit word aanbeveel dat die NG Kerk Algemene Sinode:

4.2.2.1 Ernstig besin wat sy Belydenisskrifte werklik beteken en bevestig wat die kerk onderskryf en sal handhaaf; en

4.2.2.2 Daarvolgens riglyne en leiding sal verskaf oor die uitleg en verkondiging van die Bybel en evangelie en dissipline en leierskap daaroor sal inneem en handhaaf

4.2.2.3 Die teologiese fakulteite wat vir die opleiding van NG Kerk predikante se opleiding gebruik word sal evalueer in ooreenstemming met wat die kerk se verwagting is vir gereformeerde opleiding – in ooreenstemming met die NG Kerk leer hierbo aangedui en herformuleer wat die sillabusse behoort in te sluit en toe te sien dat dit uitgevoer word. Indien dit nie moontlik is nie oorweging aan die vestiging van 'n/ of kweekskole sal skenk

4.2.2.4 Standpunt sal inneem in ooreenstemming met gereformeerde skrifgefundeerde beginsels en leerstellings met betrekking tot SGV, dit te bevestig en te handhaaf

4.2.2.5 Die sambreel van geloofsbeskouinge sal vernou tot wat die Skrif daaroor fundamenteel uitsluitsel gee en nie verder amptelik ruimte maak vir diverse en afwykende sienings oor die skrif nie -wat die evangelie afbreek en ondermyn nie en kerkeenheid toenemend bemoeilik (Beswaarskrif 90).

DIE VOLGENDE GRAVAMENPUNTE WORD IN VERDERE VERSLAE AANGESPREEK:

4.3 BYBELSE SIENING VAN DIE HUWELIK

4.3.1 Die huwelik as monogame verhouding van een man en een vrou word erken as die enigste Bybelse model vir 'n huwelik waar Christus die middelpunt is en daarom versorg hulle mekaar met die liefde van Christus. Dit is 'n lewenslange verbintenis. (5 o.a.)

4.3.2 Die Skrif leer duidelik dat alle buitehuwelikse seks afgewys word as strydig met die wil van God (2, 96, 122).

4.3.3 Huwelike tussen homoseksuele mense nie aanvaar word nie en sal dus nie in die gemeente bevestig word nie (77).

4.3.4 Ons verwerp enige amptelike homoseksuele verbintenis wat kerklik voltrek word. Daar is geen Bybelse gronde hiervoor nie en geen verbintenis kan met die huwelik op dieselfde vlak gestel word nie. Die moontlikheid van sulke verbintenisse is op sigself 'n aanmoediging tot homoseksuele praktyke en verbintenisse.(46)

4.4 DIE BYBEL EN MENSLIKE SEKSUALITEIT

4.4.1 Ons glo dat die Bybel duidelik is oor die goddelike gegewe van menslike seksualiteit. Ons verstaan dat seksualiteit primêr deur God bedoel is om die menslike geslag te laat voortplant binne die ruimte van gesinne, gegrond op 'n onverbreekbare egverbintenis en trouverbond tussen 'n man en 'n vrou wat mekaar liefhet. Dit is ook die ruimte waarbinne die mens vreugde vind in die beoefening van sy/haar seksualiteit, omdat die mens daarmee, ten spyte van die gebrokenheid van die skepping, met die hulp van die Gees van Christus tog daarna streef om te voldoen aan die wil van God self. Die kerk het immers deur die eeue heen getuig dat die goddelik-bedoelde uitlewing van die mens se seksualiteit in 'n verhouding van trou, die een hoedanigheid van die mens is wat hom / haar op die mees lewens-vervullende wyse in verhouding tot 'n medemens bring (86 Sinode van Namibië).

4.4.2 Wanneer ons dus mense met 'n oriëntasie tot selfdegeslag seksuele verhoudings in 'n pastorale gesindheid van aanvaarding as lidmate aanvaar, kan ons nie anders nie as om hulle te versoek om die verantwoordelikheid van die selibate lewe te aanvaar en hulle te weerhou van praktyke van geslagsgemeenskap in selfdegeslag seksuele verhoudings. Ons kies dit nie in eie reg en terwille van selfhandhawing nie, maar omdat ons nie anders kan nie as om sover dit binne ons begrip en vermoë is, getrou te bly aan ons verstaan van God se oorspronklike bedoeling met menslike seksualiteit soos die Bybel daaroor praat (86 Sinode van Namibië).

4.4.3 Hierdie oproep tot 'n selibate lewe is nie bedoel om mense met 'n selfdegeslag seksuele oriëntasie te na te kom, te veroordeel of te verontreg nie. Eerder word dit gebore uit 'n eerlike en opregte poging om in ons menslike swakheid, niks anders te wil wees of na te streef as om Christus, ons Here, te ken en aan Hom gehoorsaam te wees uit dankbaarheid vir sy onverdiende en onbegryplike genade in ons lewe nie. (86)

4.4.4 Ons is dankbaar vir alle lidmate met 'n selfdegeslag seksuele oriëntasie wat selibaat lewe en verseker hulle van ons voorbidding en liefde (86).

4.4.5 Ons vra ernstig dat kerkrade die versoek tot 'n selibate lewe met sensitiewe deernis en die nodige berading aan mense met selfdegeslag seksuele oriëntasie sal rig (86).

4.4.6 Dat 'n homoseksuele leefstyl deur die NG kerk as sonde beskou en hanteer sal word, en dat geen homoseksuele verhoudings en verbintenisse die kerk se goedkeuring wegdra nie, (63, 64, 60, 97)

4.5 KERK SE PASTORALE TAAK EN GETUIENIS

4.5.1 dat die kerk sy bediening aan homoseksuele persone opskerp deur hulle in liefde te ontvang en saamwerk met bestaande bedieninge wat homoseksuele persone help om vry te kom van ‘n homoseksuele leefstyl.

4.5.2 Die huwelik en gesin se waarde moet opnuut waardeer word en alles moet in werking gestel word om mense in hulle huweliks-en gesinslewe te begelei om heilig en tot eer van God te leef (77).

4.5.3 dat die kerk sy profetiese roeping vervul deur die humanistiese aard van die gay-regte beweging uit te wys en nie die kerklike lewe daarvolgens kompromitteer nie.

4.6 EKUMENE

4.6.1 Die NG Kerk onderneem om in die toekoms wyd te konsulteer, ook met die gereformeerde en ander kerke, veral in Afrika, voordat sodanige ingrypende besluite geneem word en neem kennis van die spanning wat dit in hierdie kerke veroorsaak (65).

4.7 VERSKONING

4.7.1 Dat die Algemene Sinode van die NG Kerk al haar lidmate om verskoning vra oor die feit dat die sinodegangers geswig het onder die druk om wat God as sonde beskou, goed te praat (Beswaar 1)

4.7.2 Die Algemene Sinode vra verskoning vir die pyn en lyding wat hierdie verkeerde besluit tot gevolg gehad het, die verwagting wat by mense gewek is, en die verkeerde boodskap wat by sy lidmate- meestal eers via die pers- uitgekom het). Hierdie besluit het baie meer skade en seer veroorsaak as wat dit herstel en genesing tot gevolg het (Beswaar 14). As kerk spreek ons ons bewoënheid uit oor elke persoon wat worstel met seksuele probleme of identiteit van watter aard ookal, en vra gemeentes om gelowige mense wat worstel hiermee, met groot deernis en liefde te begelei. Ons glo in die krag van Christus om ons te bevry om met vreugde en dankbaarheid te leef, ook met en ten spyte van ons eie gebrokenheid. (14).

A.2 TAAKSPAN VIR BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORLEGINGS

A.2.5 SAMEVATTENDE OORSIG OOR GRAVAMINA EN BESWAARSKRIFTE WAT HANDEL OOR SKRIFGESAG EN DIE LEES, VERSTAAN EN VERTOLKING VAN DIE SKRIF (HERMENEUTIEK)

As afgevaardigdes het ons die groot verantwoordelikheid om al die dokumente onder oë te neem. Om u te help om gouer 'n greep op die dokumente te kry, word 'n samevatting van die gravamina en beswaarskrifte gegee (addendum 1) .Dit sal vir u 'n idee gee waar die voorstelle ter tafel vandaan kom.

1. DIE VOLGENDE DOKUMENTE KAN U DALK EERSTE LEES OM 'N GREEP OP DIE GRAVAMINA TE KRY TEEN DIE BESLUITE VAN 2015 SE SINODE OOR SELFDEGESLAG VERHOUDINGE

Dr Chris van Wyk - 23
Die Sinode van Namibië – beswaar 86
Riversdal lidmaat Griesel - beswaar 90
Ring van Heidelberg - beswaar 94

2. DIE LEES, VERSTAAN EN VERTOLKING VAN DIE SKRIF EN BELYDENISSKRIFTE VIR VANDAG (EKSEGESE EN HERMENEUTIEK)

2.1 DIE GESINDHEID

"Hoe lees ons die Skrif?" Elkeen van ons lees die Bybel met 'n sekere siening of geloofsoortuiging, en as mense van ons eie tyd. In hierdie geval – elkeen van ons lees die Skrif met 'n sekere idee of belewenis van menswees, die huwelik en van homoseksualiteit.

2.2 Die Sinode van Namibië maak baie duidelik wat hulle gesindheid is as hulle die onverklaarbare werklikheid van selfdegeslag oriëntasie by sekere mense, ook lidmate, erken. Hulle aanvaar die verantwoordelikheid om hierdie mense met 'n pastorale gesindheid van liefde en respek te aanvaar en respekvol te behandel as medemense voor die aangesig van die lewende God wat hulle as mens geskep het.

2.3 Hoe luister ons regtig na die Skrif? Sien ons die Skrif as God se Woord, of as mense se woorde oor God?

2.4 Die vraagstuk na die gesag van die Skrif is een van die belangrikste sake wat oor en oor herhaal word in die gravamina.

2.5 Die Woord is 100% God se Woord, en 100% mensewoorde en daarom is geloof en ons nadenke oor die Woord so belangrik, want geloof is 'n gawe van God, en alleen die Heilige Gees kan ons inlei in die dieptes en geheimenisse van God, en van ons roeping as mens. So, as sy woorde in ons bly, word ons gees en gedagtes nuut.

2.6 Die Belydenisskrifte getuig dat die Woord gesag het, helder en duidelik is en dat ons die juk van Jesus op ons moet neem, al is sy juk sag en sy las lig.

2.7 Ons ervaar dikwels dat Christene uit verskillende hoeke kyk na dieselfde gedeelte. Die gereformeerde antwoord hieroor is dat ons saam luister na die Skrif. Prof Willie Jonker het getuig dat ons "alleen saam met al die heiliges" die Woord van God helder en duidelik kan hoor (Ef 3).

2.8 Chris van Wyk getuig dat God gesag uitoefen deur die Bybel, en dat die gesag van die Bybel in God opgesluit lê. So kom God aan die Woord en ons bely: die geskrewe Woord van God is die Bybel(23).

2.9 Die vraag wat etlike gravamina stel, is die vraag: wat gee die deurslag in hierdie gesprek? Is dit humanistiese sienings wat ons siening wat die Bybel kleur? Is dit die gedagte van menseregte? Is dit die oortuiging dat sekere waardes soos "menswaardigheid, deernis en empatie met randfigure" selfs sekere duidelike opdragte van die Skrif oor selfdegeslag verhoudinge kan negeer? Of is ons bereid, as kerk van die Woord, as kerk wat die Sola Scpritura (die Skrif alleen) bely, om te buig voor God se gesag en sy wil te aanvaar soos Hy dit bekend gemaak het deur die eeue?

2.10 Die Ring van Heidelberg vat die saak oor Skrifgesag bondig saam: "Die manier hoe ons die Woord van God hanteer en interpreteer. Die Ring is bekommerd dat die Woord van God deur sulke besluite as sekondêr gesien word en die mens se emosies en ervaring primêr word in die proses van besluitneming."(Beswaar 94).

2.11 Dit hoort so dat die Kerk altyd, in die Woordbediening sowel as in kerklike besluite, ten diepste sal vra: Wat sê God in Sy Woord. Enige saak of tendens in die tyd en tydsgees moet ondergeskik aan die Woord wees. Dis is hartseer dat in die huidige post-moderne tyd sake soos humanisme en die menswaardigheid van alle mense so 'n oorheersende faktor is (Beswaar 96).

3. DIE LEES, VERSTAAN EN VERTOLKING VAN DIE SKRIF VIR VANDAG

3.1 Die Here openbaar Hom aan ons in sy Goddelike Woord, en wys ook – selfs aan heidene, sy almag en heerlikheid, sodat hulle alle verontskuldiging vir hulle afgodery en bose lewens ontneem word.

3.2 Watter rol speel die algemene openbaring in hierdie debat? Sommige oordeel dat dit op die 2015 Sinode die debat oorheers het. Die vraag is of die algemene openbaring nie maar net mense se interpretasie daarvan is nie, of dit ondergeskik gestel is aan die Besondere Openbaring (die Skrif) en of die twee in teenspraak met mekaar kan wees(1 Burgersfort gemeente). Chris van Wyk wys daarop dat ons wel uit die navorsing oor selfde geslag verhoudinge kan leer dat dit 'n komplekse interaksie tussen genetika, epi-genetika as skakelaars, en omgewingsfaktore is. Die vraag of mense "so gebore is", is steeds 'n ope vraag met geen bewese resultate nie. Ons kan nie ons vertrekpunte neem in die resultate van die biologie, sielkunde of sosiale wetenskappe of daaraan 'n skeidsregter funksie gee nie. Ons redeneer nie vanuit 'n natuur-teologiese standpunt nie (23: 3.1.4).
3.3 Watter rol speel die Skrif? Hoe lees ons die Skrif?
3.4 "Met hierdie besluit het die Sinode 'n laagte punt bereik om Skrifgetrou te wees. Duidelike Bybelse uitsprake oor die beoefening van homoseksualiteit in die OT sowel as in die NT word geïgnoreer en onder 'n algemene liefdesgebod gehanteer om so Bybelse legitimiteit daaraan te verleen".(67) Dit wat die Algemene Sinode van 1986 gevrees het, gebeur presies in hierdie besluit, nl. dat daar 'n spanning geplaas word tussen die konkrete gebooie van die wet van God en die samevattende sin van die wet, die liefde tot die naaste.(67) Algemene Sinode 1986 gaan voort en sê (aangehaal uit Agenda 1986) : "Dit is na ons mening teologies ontoelaatbaar en dit laat die deur oop vir etiese subjektiwisme. Dit word moontlik om die heersende sedelike opvatting van die tyd op een of ander wyse met die Bybel te versoen, sy dit dan deur 'n sterk aksent op die historiese bepaaldheid van die konkrete Bybelse gebooie of deur die redenasie dat die relasionele karakter van die waarheid toelaat dat ons in verskillende tye verskillend met die Bybelse gebooie sal omgaan".
3.5 Prof Johan Janse van Rensburg pleit dat die gereformeerde kanonieke interpretasie van die Skrif gehandhaaf sal word waarin die groot beginsel van Calvyn gehandhaaf sal word: "Die Heilige Skrif interpreteer homself. Die duidelike betekenis van die teks moet gehandhaaf word, sodat daar nie inlegkunde plaasvind of net ingewydes die teks kan lees nie. Wanneer die Skrif in sy onderskeie kontekste gelees en vergelyk word, kan daar misverstande uit die weg geruim word. (34).

4. DIE VERSTAAN VAN DIE BYBEL
4.1 Die verhouding Ou en Nuwe Testament is 'n baie belangrike sleutel om die Skrif te ontsluit
Dit word duidelik in die uiteensetting van die tekste in Levitikus wat oor naasteliefde gaan, en ook seksualiteit insluit.
"Beide in Levitikus 18 en 20 word homoseksualiteit afgewys as 'n gruwelike sonde in God se oë. Die argument dat dit in dié Skrifgedeeltes slegs oor tempelprostitusie gaan word nie deur die konteks van die Skrif ondersteun nie, aangesien dit gelys word saam met algemene familie verhoudings soos jou ma, suster, skoonsuster, ens. Verder word in die oorspronklike taal gesê dat een man nie by 'n ander man mag lê soos wat 'n man by 'n vrou lê nie. Dit is 'n algemeen insluitende stelling wat alle seksueel georiënteerde verhoudings met dieselfde geslag afwys. Verder is die genoemde wet in Levitikus nie bloot 'n reinigings-wet ter wille van die volk se higiëne nie en ook nie 'n seremoniële wet wat in Christus vervulling gevind het nie, maar dit is 'n morele wet wat konsekwent, ook in die Nuwe Testament, gehandhaaf word" (98).
4.2 Die Bybel wys hoe belangrik die huwelik tussen man en vrou is en alles wat geleer word oor seksualiteit en huwelik en gesin vorm deel van God se plan om sy verbondsvolk in hierdie wêreld as unieke en alternatiewe gemeenskap te bou tot eer van sy Naam.
4.3 "Reeds by die Skepping is dit duidelik dat God man én vrou geskape het, elkeen uniek met 'n eie aard. Hulle is bestem om mekaar aan te vul een te word in die huwelik (Gen 2:24). So besonders en heilig word die huweliksband geag dat Paulus in die Nuwe Testament die huwelik noem as 'n afbeelding van die verhouding tussen Christus en Sy Kerk (Ef 4:21-32). Seksuele afwykings, waaronder homoseksualiteit, is 'n gevolg van die sondeval en druis in teen God se oorspronklike bedoeling. Die uitlewing van homoseksualiteit druis in teen die skeppingsorde van God naamlik dat seksualiteit 'n geskenk is aan 'n man en 'n vrou (dus 'n heteroseksuele verhouding) binne die beskermde ruimte van die huwelik (Gen 2:23-24; Mt 19:5)". (96)
4.4 Verder beskryf die Bybel net heteroseksuele ouerskap, en selfdegeslag seksuele gedrag word konsekwent as negatief afgewys. Die Bybel praat nie oor selfdegeslag oriëntasie nie, maar oor gedrag. Dit word as onsedelik beskryf(Beswaar 23).

5. DIE VERTOLKING VAN DIE SKRIF VIR ONS EIE TYD
5.1 Lees hierdie gravamina net maar tekste oor homoseksualiteit los van hulle verband? Is daar sprake van dieper verstaan en insig in die hele verhaal van die Skrif, van Skepping, sonde, die koms van Jesus en sy Gees en die nuwe verbond waarin die kerk 'n bloeisel is van God se koninkryk, op weg na ewige heerlikheid en die voleinding? Of gaan dit net oor letterlike verstaan en blindelingse gehoorsaamheid? Het Jesus se gesag, optrede en prediking 'n beduidende invloed op hierdie gesprek in die gravamina?
5.2 Na albei kante van hierdie gesprek, word daar verwys na getrouheid aan Skrif en belydenis. Daar word daar beweer dat 'n nuwere hermeneutiek (manier om die Skrif te verstaan en vertolk) ons help om vanuit "die absolute en ononderhandelbare waarde van menswaardigheid" hierdie skuif in ons denke te maak en om homoseksuele gedrag goed te keur, mits dit in 'n langtermyn verhouding van liefde en trou geskied.
5.3 Die gravamina se siening is dat gereformeerde hermeneutiek altyd getrouheid aan die Woord inhou, meer as gehoorsaamheid aan die mens en die behoeftes en wense van die mens. Daar word aanspraak gemaak daarop dat gereformeerde omgang met die Woord verantwoordelike hermeneutiek (verstaan en vertolking van die Skrif)

inhou. Dit word duidelik verwoord in dr Van Wyk se standpunt: “Ons moet luister na die Skrif en ons interpretasies daaraan toets. Ons moet sorgvuldig luister na wat die kerk deur die eeue oor ‘n bepaalde teks gesê het. Ons mag krities luister, uitwys waar dit beter kan wees, voor die kerk dit as voorkeur interpretasie kan kies. Daarmee wy ons ons toe aan ‘n totale kontekstuele lees van die Skrif... elke vers in die die konteks van sy hoofstuk, elke hoofstuk in die konteks van sy eie boek, en elke boek in sy eie historiese, kulturele en kanoniese konteks”.(C van Wyk beswaar 23. 3.1)

5.4 Die gravamina gee aandag aan baie verskillende tekste oor menswees, oor die mens se roeping in die skepping, en van daaruit word oor die mens in sy of haar seksualiteit besin, en word die tekste wat direk daaroor uitspraak lewer, gelees.

5.5 Dit is duidelik dat hierdie tekste gesien word as ‘n eenduidige getuienis met geen verandering oor hierdie saak, soos bv oor slawerny, of die rol van die vrou in die kerk nie.

5.6 Die gravamina verskil daarvan dat die Bybel slegs na homoseksualiteit verwys in terme van verkragting (Sodom en Gomorra uit Genesis), of die Rigtersverhaal, groep orgies (Romeine 1:24-27) en pederastie of misbruik van seuns (1 Kor 6:10 en 1 Tim 1:10).

5.7 “Daar is veral ses pogings wat deur die pro-Gay groep gebruik word om aan te toon dat die Skrifgegewens oor ‘n perverse vorm van homoseksualiteit gaan en dat dit dus nie per se as teen-natuurlik en daarom teen die wil van God veroordeel word nie, nl. (a) dit is teen-natuurlik vir heteroseksuele mense, (b) dit dui op seunsprostitusie, (c) dit dui op die algemene verwording van die heidene, (d) dit dui op tempelprostitusie, (e) dit is onrein vir Paulus met sy Joodse agtergrond maar nie per se onrein nie en (f) dit gaan bloot oor losbandigheid. Dit is baie duidelik dat al hierdie pogings nie die toets van onbevange, deeglike eksegese van die Woord van God deurstaan nie en dat dit onwetenskaplik, blatante inlegkunde en selfs breingimnastiek is (Dr. William Lane Craig). Homoseksualiteit was welbekend in die Ou en Nuwe Testamentiese tyd en Nero en ander keisers het in homoseksuele verhoudings geleef. Paulus verwys definitief met die Griekse woord wat hy gebruik na homoseksualiteit as sodanig en nie net na een of ander perverse vorm daarvan nie (anders sou hy, wat sy woorde sorgvuldig gekies het, ‘n ander woord gebruik het). Feitlik alle Bybelse kommentare van naam beperk nie die Bybel se afwys van homoseksualiteit tot een of ander perverse vorm daarvan nie” (Beswaar 11 - Ring van Estoire).

5.8 Dit is verder duidelik dat die navorsing uitwys dat die tekste in Levitikus ‘n algemene veroordeling is oor homoseksuele dade en nie verwys na tempelprostitusie, soos bv in Deut 23 nie Die doodstraf vir hierdie sonde van homoseksuele gedrag is nie meer van krag na Jesus nie, maar die etiese en morele inhoud van die wet bly van krag, soos Jesus ook wys t.o.v. owerspel (Joh 8) (C van Wyk 23).

5.9 Die Romeine teks slaan nie op kindermolestering of pederastie nie, maar die Griekse woorde en konteks maak dit duidelik dat alle homoseksuele en lesbiese gedrag afgekeur word as sondig en strydig met God se wil.

5.10 Die verdere saak waaroor navorsing van dr Robert Gagnon e.a (vgl 34) duidelikheid gebring het, is dat daar reeds in Nuwe Testamentiese tye baie voorbeelde was van selfde geslag lantermyn verhoudinge van liefde en trou, en dat Jesus verseker ook daarvan bewus was.

5.11 Sodom en Gomorra se oordeel gaan nie net oor homoseksuele verkragting nie. Esegiël verwys daarna dat dit ook sake soos miskenning van armes ingesluit het. God het hulle sondige lewenswyse en boosheid veroordeel en vir Abraham ingelig dat Hy hulle gaan straf. Nogtans is die oortreding van die gasvryheid juis gedoen deur die uiterste vernedering, nl. homoseksuele verkragting en ook verkragting van vroue. Dit word ingesluit in God se oordeel, nie uitgesluit nie.

5.12 Levitikus 18 en 22 veroordeel alle homoseksuele dade, en hier is geen sprake van verkragting of selfs van kindermolestering nie, want gemeenskaplike instemming word hier veronderstel, maar dit kan ook kindermolestering insluit.”(23)

5.13 “Homoseksuele verhoudings en huwelike was ongetwyfeld algemeen in Mesopotamië bekend en moes dus ook in Israel bekend gewees het:

“Meanwhile, accounts of the Israelites’ departure for Canaan include their condemnation of Egyptian acceptance of same-sex practice. In actuality, same-sex marital practices and rituals are less known in Egypt compared to Mesopotamia, where documents exist for a variety of marital practices, including male lovers of kings and polyandry”. Dit verklaar ook die feit dat met die vertrek van Israel na die beloofde land homoseksualiteit in Levititkus 18 en 20 veroordeel is . Hierdie gegewens pas ook in by die konteks van die perikoop. Die perikoop handel oor seksuele oortredings waarteen die Israreliete gewaarsku word. Die konteks van Levitikus 20 word duidelik in vers 7 en 22-24 uitgespel. Die verbondsvolk staan op die punt om die beloofde land binne te trek. Die verbondsooreenkoms behels dat hulle vir God ‘n volk moet wees. Hulle mag dus nie die heidense gebruike van die ander volke aanvaar of akkomodeer nie. Hulle is geroep om anders te wees, om heilig te wees. Anders sal die land hulle uitspoeg, waarsku die Here (v.22). Binne hierdie konteks kan die verbod op homoseksualiteit, bestialiteit en ‘n verskeidenheid van seksuele verhoudings verstaan word. By die Levitikustekste is daar vir lank gepoog om aan te voer dat die homoseksualiteitsverbod uit die historiese konteks van afgodediens verklaar moet word. Hierdie voorbeelde toon hoedat kontemporêre kontekste van die nuwe hermeneutiek in die tekste ingedra word om die opsigtelike betekenis van Skriftekste weg te verklaar. Wat duidelik uit ‘n gereformeerde hermeneutiek blyk, is dat die konteks van die teks voorrang bó die historiese konteks in die verstaansproses geniet, behalwe waar die teks duidelik en doelbewus na die histories-kulturele konteks verwys.” (34 Prof Johan Janse van Rensburg)

5.14 Matt 19 is vir baie gravamina ‘n sleutelteks, want hierin gryp Jesus terug na Genesis 2 oor God se skeppingsdoel en plan. Dit gaan in die teks nie net oor ‘n maat nie, maar oor ‘n heteroseksuele lewensmaat waarin eenheid en lewe opgesluit is, sodat die menslike geslag kan vermeerder. Die geheelverhaal van die Bybel is die

verhaal waarin die mensbeskouing baie helder en duidelik geteken word as heteroseksueel. Nêrens word daarvan afgewyk nie(23, 34, 96).
5.15 Die vraag wat gevra word, is waarom sake soos kindermolestering, seks met familielede en ander voorskrifte uit Levitikus steeds geld, maar nie die voorskrifte oor homoseksualiteit nie? Die gebod oor naasteliefde kom uit Lev 19:1 (C van Wyk)
5.16 Is Jesus se insluiting van randfigure, mense teen wie gediskrimineer was of by voorbaat uitgesluit is uit die gemeenskap van gelowige Jode, soos tollenaars en prostitute, 'n voorbeeld wat hier in die debat direk van toepassing is?
5.17 Ten spyte van geweldige deernis met homoseksuele mense, is die antwoord hierop uit die gravamina da Jesus mense vrygespreek en vrygemaak het om nuut te leef. So het Hy die prostituut vrygespreek, maar kon sy nie 'n nuwe vlerk van haar bordeel gaan oopmaak nie. Jesus se omgee vir kinders en vroue was vir almal bedoel, maar vir hierdie sondares moes daar eers vryspraak kom, voordat sy 'n nuwe lewe kon begin (Luk 7). Op geen manier repudieer Jesus die Ou Testamentiese etiese riglyne nie, maar verklaar dat geen letterstrepie van die wet sal verval nie.
5.18 Die krag van Jesus se vryspraak beteken dat mense se gedagtes, gees en ganse menswees nuutgemaak word, wat ook hulle seksualiteit insluit. Dit gaan dus oor die totale antropologie van die Bybel, en nie net oor sekere sleuteltekste oor hierdie saak nie (23,96).
5.19 Romeine 1:24-27 is wel so 'n 'n kernteks wat binne sy konteks van die hele Romeinebrief deur verskillende gravamina uitgelê. Die hoofboodskap van sonde, vryspraak en 'n nuwe lewe van dankbaarheid, getuig dat ons meer as oorwinnaars is deur Hom wat ons krag gee. Vir die Romeinse wêreld word hierdie teks baie helder uitgelê, waar langtermyn verhoudings tussen homoseksuele mense en lesbiese verhoudinge algemeen was, soos uitgebeeld in hulle huise en kunswerke, en literatuur (vgl N T Wright, aangehaal in beswaar 23).
5.20 "Ons appelleer teen die Algemene Sinode se besluit omdat die Alg. Sin. in dié verband afwyk van die duidelike uitsprake in die Skrif, spesifiek Rom 1:24-27 (31)
Rom 1:24-27 "24. Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. 25. Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. 26. Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. 27. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit." Die volgende woorde kan nét dui op gedrag van homoseksuele persone, en nie op gedrag van heteroseksuele mense wat pervers optree soos tempelprostitute, of waar sodomie of pederastie beoefen word nie:
ταῖς ἐπιθυμίαις τῶν καρδιῶν "drange van hulle hart"
πάθη "drifte"
χρῆσιν εἰς τὴν παρὰ φύσιν "teen-natuurlike omgang"
ἐξεκαύθησαν ἐν τῇ ὀρέξει αὐτῶν εἰς ἀλλήλους "brand van begeerte vir mekaar"
Dit is duidelik dat beide mans of beide vroue wat in dié omgang betrokke is, die drange, drifte en begeerte vir mekaar het. Sodomie of pederastie of enige gedwonge seks is nié ter sprake nie.Dit is duidelik dat Rom 1:24-27 van gedrag van homoseksuele mense praat en dit as selfdegeslagverhoudings afkeur! (31)
5.21 Gal 5: 17 Die sondige natuur se begeertes in stryd met die Gees se wil(55). Die Woord is die hoogste gesag en daarom moet elke Christen homself toets aan die Woord of ons lewenswandel God alleen vereer. Ons liggaam is 'n tempel van God.(55)
5.22 1 Korintiërs 6:19, 20 "Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik."(55)
5.23 Jesaja 5:20 "Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter." (55)
5.24 Pet 3- die verhouding van man en vrou is die enigste normatiewe verhouding (33).

6. DIE BELYDENISSKRIFTE
6.1 Die vraag wat eerstens beantwoord moet word is eenvoudig: is die Bybel:

A: God se Woord in mensetaal
of
B: Mense se denke en belewenisse van God?

Die NGB verklaar onomwonde dat die Bybel onfeilbaar en volkome die Woord van God is. As die Sinode nog steeds die NGB as belydenis aanvaar, geld stelling A . En dan is dit nie moontlik om SGV's Bybels te regverdig nie.
Dit beteken eenvoudig dat die 2015-besluit direk in botsing met die Kerk se belydenis is. (Beswaar 118).

6.2 Chris van Wyk gee 'n volledige uiteensetting van die inhoud en betekenis van die Belydenisskrifte rakende sonde, verlossing en dankbaarheid en die uitlewing van gelowiges se seksualiteit: Johannes Calvyn het min geskryf oor selfdegeslag seksuele gedrag behalwe waar dit in die loop van sy kommentare oor die Bybel aan die

orde gekom het nie. In sy hantering van 1 Kor. 6:9-11 vertaal hy die terme wat met selfdegeslag seksuele gedrag verbind word met “effiminate” (malakoi – passieweselfdegeslag seksuele party) en “abusers of themselves with mankind” (arsenokoitai – aktiewe selfdegeslag seksuele party: “mans wat intiem verkeer met mans”). Sy kommentaar daaroor is: “By effeminate persons I understand those who, although they do not openly abandon themselves to impurity, discover, nevertheless, their unchastity by blandishments of speech, by lightness of gesture and apparel, and other allurements. The fourth description of crime is the most abominable of all — thatmonstrous pollution which was but too prevalent in Greece.” Hy was dus baie duidelik daaroor dat hy selfdegeslag seksuele gedrag as “abominable” beskou het, trouens as “the most abominable of all – that monstrous pollution”. En hy het dit verbind met die historiese voorkoms daarvan in die Griekse wereld.
6.3 Martin Luther se perspektief op selfdegeslag seksuele gedrag, in sy woorde “sodomie”, was as volg: “The vice of the Sodomites is an unparalleled enormity. It departs from the natural passion and desire,planted into nature by God, according to which the male has a passionate desire for the female. Sodomy craves what is entirely contrary to nature. Whence comes this perversion? Without a doubt it comes from the devil. After a man has once turned aside from the fear of God, the devil puts such great pressure upon his nature that he extinguishes the fire of natural desire and stirs up another, which is contrary to nature. ” (Plass, Ewald Martin. What Luther Says: An Anthology, Volume 1, 1959. p. 134.) Hy was dus eweneens baie duidelik daaroor dat selfdegeslag seksuele gedrag teen-natuurlik is, ‘n perversie van normale seksuele gedrag.

6.4 Die belangrikste bydrae van die Hervormers kom egter van die skrywer van die Heidelbergse Kategismus, Zacharias Ursinus. In sy kommentaar op die Heidelbergse Kategismus Sondag 41, vraag 108, wat hy saam met Casper Olivianus in opdrag van Frederik III geskryf het, en aanvaar is in 1563, beskryf hy selfdegeslag seksuele gedrag helder as ‘n oortreding van die sewende gebod. Ursinus het enige seks buite die huwelik tussen ‘n man en ‘n vrou as onkuis en onsedelik beskou en moeite gedoen om baie spesifiek ook selfdegeslag seksuele gedrag af te wys as teen-natuurlik en korrup en daarom onsedelik en onkuis, veral met verwysing na Romeine 1. Selfdegeslag seksuele gedrag het volgens hom ‘n verwarring van geslagte behels in die geval van mans en ‘n misbruik van vroulike seksualiteit in die geval van vroue. Daarom is daar net twee wee vir alle gelowiges: ‘n lewe van kuisheid (chastity) of die huwelik (man en vrou). Dit sien ‘n mens duidelik in Zacharias Ursinus se eie kommentaar op vraag 108 (The Commentary of Dr. Zacharaias Ursinus on the Heidelberg Catechism translated from the original Latin by Rev. G. W. Williard A. M. Electronic Version Edited by Eric D. Bristley, Th. M. for the Synod of the Reformed Church in the United States 2004 – http://www.rcus.org/wp-content/uploads/2013/09/UrsinusZ_HC-Commentary-17-NEW-HC.pdf): “God in this commandment enjoins and sanctions the preservation of chastity and marriage, and henceauthorises marriage itself; for whenever God forbids any thing, he at the same time commands and authorises the observance of that which is opposite thereto. God, now, in this commandment fobids adultery, which is a violation of conjugal fidelity. When God singles out adultery as the most shocking and debasing vice of all the sins which are repugnant to chastity, he at the same time prohibits and condemns all wandering and wanton lusts, whether they be found in married or unmarried persons, andprohibits all other sins and vices contrary to chastity, together with their causes, occasions, effects, antecedents, consequents, &c.” Dit is dus duidelik dat Ursinus enige seks buite die huwelik tussen ‘n man en ‘n vrou as onkuis en onsedelik beskou het. Trouens, die enigste twee wee wat gelowiges mag bewandel in terme van hulle seksualiteit is “chastity” (kuisheid, selibaat) en die huwelik. Dit is wat God deur die sewende gebod in die lewe van gelowiges sanksioneer. Ursinus gaan verder om dan baie spesifiek ook selfdegeslag seksuele gedrag af te wys as teen-natuurlik en korrup en daarom onsedelik en onkuis: “The first class or kind are those which are contrary to nature, and from the devil such as are even contrary to this our corrupt nature, not only because they corrupt and spoil it of conformity with God, but also because this our corrupt nature shrinks from them and abhors them. The lusts of which the apostle Paul speaks in the first chapter of his Epistle to the Romans, are of this class, as the confounding of sexes, also abuses of the female sex.” Ursinus is dus duidelik daaroor, spesifiek met verwysing na Romeine 1, dat selfdegeslag seksuele gedrag in die geval van mans ‘n verwarring van geslagte behels en in die geval van vroue vroulike seksualiteit misbruik. Buite die huwelik moet alle mense kuis – d.w.s. sonder seks – lewe. ‘n Mens kan dus nie anders as om die belydenisskrifte, spesifiek die Heidelbergse Kategismus, in die lig van Ursinus se eie interpretasie te lees nie. Op grond van Ursinus se interpretasie van die Heidelbergse Kategismus sowel as op grond van Calvyn se uitleg van 1 Korintiers 6 is dit duidelik dat die besluit van die Algemene Sinode van 2015 oor selfdegeslagverhoudings in direkte teenspraak nienet met dieHervormers is nie, maar ook in direkte teenspraak van kerkorde artikel 1 van die NG Kerk is wat as volg bely: “Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreels.” Ek sal dit verder beredeneer aan die hand van die uitsprake hieroor in ons belydenisskrifte en hanteer die volgende verwysings in die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) en die Heidelbergse Kategismus (HK): Levitikus 18:28; Romeine 1:18,20-21,28, 1 Korintiers 6:9-11, 1 Timoteus 1:15.
6.5 Vir die gravamina se skrywers is die wekroep van Skrif en belydenisskrifte dat die kerk nie met die wêreld moet saampraat en hulle gewoontes moet navolg nie, maar moet leef in Christus se vryheid en oorwinning, te midde van ons sondige en gebroke wêreld.

7. DIE TAAK VAN DIE KERK IS OM MENSE TOT DIE NUWE LEWE IN CHRISTUS TE BRING

7.1 “Dit begin by die aanvaarding van Christus se Middelaarswerk. Sonde moet bely word en dit bly ‘n voortdurende stryd. Wanneer ‘n gelowige in die gemeente opgeneem word is dit met aanvaarding volgens die liefde van die Here. Alle persone, ongeag hulle verlede of seksuele orientasie, word in liefde aanvaar. Die kerk het egter ook ‘n taak deur die opsig en tug om lidmate te begelei - in liefde - sodat hulle verstaan dat Christus se oorwinning ook beteken bevryding en verlossing van alle verkeerde dade. Daarom glo ons dat persone wat hulle skuldig maak aan homoseksuele dade hulle moet weerhou daarvan en in onthouding leef. En, ons glo dat daar by God in Sy genade ook bevryding en verlossing van hierdie seksuele afwyking moontlik is”. (Beswaar 96)
7.2 Ons bely dat Jesus Christus vir alle sonde gesterf het en daardeur, met die hulp en krag van die Heilige Gees, die mag wat sonde op die leer en lewe van 'n gelowige het, gebreek het. (Rom. 6:1-6; 1 Kor. 6:11; 10:13). Ons glo dat die opheffing van die selibaat vir alle ongetroudes, homo- of heteroseksueel, 'n dwaallering is omdat gelowiges nie meer slawe van hulle sondige natuur is nie. (Rom 6:1-14; Rom 8:1-17; Gal 5:13-25; Ef 2:1-10;) Ons betreur die feit dat gelowiges wat uit die oorwinningskrag van Jesus Christus, die selibaat beoefen, opnuut moet worstel oor die besluite wat hulle as gelowiges geneem het. (Rom 14:22) Beswaar (60) Ons bely voorts dat ALLE sonde op gelykwaardige vlak sonde is en dat nie een enkele sonde erger is as ’n ander nie. God haat alle sonde (denke, dade en versuim) maar het alle SONDAARS LIEF. Op grond hiervan is ons harte en gemeente OOP en verwelkomend teenoor ALMAL, sonder dat ons ENIGE SONDIGE PRAKTYK VAN ENIGIEMAND GOEDKEUR.(10).

8. VERBREKING VAN EENHEID
8.1 Die een gravamen kom uit Afrika wat sterk beswaar aanteken teen die spanning wat die NG Kerk in hulle geledere veroorsaak het deur die besluit te neem sonder om eers wyd met hulle te korrespondeer.(Beswaar 65)
8.2 Ons glo dat vermelde besluit verdeeldheid en polarisering in die kerk gebring het en sodoende die eenheid wat volgens Ef 4:3 in die kerk hoort, ernstig bedreig. Ons glo dat die kerk daarteen moet waak om nie deur humanistiese en populistiese denkrigtings mee gesleur word nie. (Ef 4:13-15). Ons glo dat enige besluit wat die breë kerk verdeeld en gepolariseerd laat (soos duidelik blyk uit die talle amptelike besware wat ingedien is en kommentaar in die media) onvanpas en voortydig was. (60)
8.3 Die Kerkraad van Piet Plessis betreur ook die feit dat die Algemene Sinode *“die reg (bevestig) van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke”* in hierdie verband *“te formuleer en te reël”.* Die gesag van God se Woord en die gehoorsaamheid daaraan kan nie deur *“eie standpunte en praktyke”* na goeddunke van enige Kerkraad of Sinode bepaal word nie maar alleen deur God se Woord self wat ons enigste Wegwyser is. (2 Tim.3:15-17; Ps.119:105; Joh.17:17 e.a.) Beswaar 5. Sommige besware aanvaar kerkrade se bevoegdheid om sekere sake hieroor op plaaslike vlak te besuit (86, 47 e.a).

Bykans elke gravamen eindig met die belofte dat hulle sal bid vir u as Sinode afgevaardigde om fyn te luister en God se wil helder en duidelik te hoor en te doen.

Dr Danie Malan (Taakspan Gravamina, beswaarskrifte en voorleggings)

A.2 TAAKSPAN VIR BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORLEGINGS

A.2.6 STANDPUNTE WAT VOORGELÊ IS TEN GUNSTE VAN DIE 2015 BESLUIT.

Voorleggings ten gunste van die 2015 besluit is te vinde in 36; 37; 71; 119; 84; 131; 132; 137.

In hierdie voorleggings word ‘n begronding vir etiese oordeelsvorming aangebied wat eerder werk met die breë beweging in die Ou en Nuwe Testament en met Bybelse waardes as met die spesifieke tekste wat homoseksuele dade as sonde afwys.

1. DIE WAARDES WAARMEE IN DIE 2015 BESLUITE GEWERK WORD.

1.1 Dokumente 36 en 36 beskryf die waardes waarmee gewerk behoort te word: dat God elke mens, sonder uitsondering, met onvervreembare waardigheid geskep het, dat die geloofsgemeenskap gekenmerk moet word deur radikale liefde, gasvryheid en geregtigheid, versoening met God lei tot versoening tussen mense. Die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid, nl respek, liefde, luister en omarming is verdere leidinggewende waardes.
1.2 In die nadenke oor selfdegeslagverhoudings moet dus eerder gewerk word met die goeie nuus van die Evangelie soos dit in die hele Bybel verwoord word as met bepaalde tekste. Dit beteken dat die Kerk altyd posisie moet inneem teen onreg en haar aan die kant van die verontregtes moet skaar. Daar mag geen kerklike diskriminasie wees nie, hetsy op grond van ras, gender of seksuele oriëntasie.
1.3 Die volle spektrum van seksualiteit, wat nie net heteroseksualiteit insluit nie, maar ook homoseksualiteit, biseksualiteit, transseksualiteit, interseksualiteit en ander seksualiteite word beskou as ‘n gawe van God. Liefde is liefde.
1.4 Verhoudings is wesenlik tot die geskapenheid van die mens en menslike seksualiteit floreer binne verhoudings wat gekenmerk word deur liefde en trou.
1.5 Teenoor NG Kerk se hartseer geskiedenis met apartheid en die sisteme van uitsluiting wat daarin gegeld het, bied hierdie nou aan die Kerk die geleentheid om die leiding in Suid Afrika te neem ten opsigte van insluiting. Dit pas nie by die Kerk om in hierdie land verder oor sisteme van uitsluiting te tob nie.

2. SKRIFGESAG EN SKRIFGEBRUIK IN DIE NG KERK.

2.1 HISTORIESE LEES VAN DIE BYBEL

Dokument 71 toon aan hoedat die NG Kerk se besinning oor homoseksualiteit deur die geskiedenis elke keer ook gepaard gegaan het met ‘n besinning oor Skrifgesag, Skrifgebruik en hermeneutiek. Dit dui aan dat die NG Kerk by moeilike etiese sake konsekwent gekies het om die Bybel histories (kultuur-sensitief) te lees en dit daarom met integriteit ook in die geval van besinning oor selfdegeslagverhoudings die Bybel so moet lees. Daar is ’n opvallende verband tussen die besinning in die NG Kerk oor selfdegeslagverhoudings aan die een kant en die nadenke oor Skrifgebruik aan die ander kant.
Telkens wanneer die kerk oor selfdegeslagverhoudings nagedink het, was daar ook ’n verslag oor Skrifgebruik. Dit is ’n aanduiding daarvan dat die NG kerk as gereformeerde kerk die begeerte gehad het om ook in hierdie omstrede saak aan die boodskap van die Bybel getrou te bly. Naas die deeglike besinning oor Bybeltekste in die verslae oor selfdegeslagverhoudings, vind ’n mens dat die groter raamwerk van die hermeneutiek (verstaanskunde) ook aandag kry.
Wanneer daar diep meningsverskille in die kerk ontstaan oor sake soos die vrou in die amp, die onderhouding van die Sabbat al dan nie of, soos nou onlangs, selfdegeslagverhoudings, kan dit dikwels na verskille in Skrifgebruik teruggevoer word. In die gesprek oor Skrifgesag en Skrifgebruik moet deeglik kennis geneem word van die resultate van die navorsing in die teologie omdat die implikasies van die onlangse ontwikkelings nie geïgnoreer kan word nie.

2.2 OORSIG OOR DIE GESKIEDENIS VAN SKRIFVERSTAAN

Dokument 71 dui die groot lyne aan van hoedat die verstaan van die Skrif en van Skrifgebruik van die reformasie tot nou verander het:

2.2.1 Reformasie: God se Woord

In die reformasie was die klem op die Bybel as die Woord van God - die gesagsbron vir geloof skuif weg van die Rooms Katolieke kerk na die gesag van die Woord. Die heilige Skrif is God se Woord. Die probleemkant van hierdie siening is dat die eg menslike kant van die Bybel misken word en die Bybel amper ‘n boek van orakels word.

2.2.2 17de en 18de eeu: God se woord in mensetaal

Die wetenskaplike en filosofiese ontwikkelings van die 17de en 18de eeu plaas die kerk voor nuwe uitdagings. Die wetenskaplike ontwikkelings wys die menslike kant van die Bybel uit, en ‘n verskuiwing vind plaas om die Bybel as “Gods Woord in mensetaal” te sien. Die Heilige Gees het mense gelei om in eie taal, styl en kultuurkonteks te

skrywe. Die Bybel is Goddelike woorde in menslike vorm. God is vir die inhoud verantwoordelik, maar dit is ter wille van die mense in verstaanbare menslike idioom gegiet.

2.2.3 20ste eeu: Mensewoorde oor God

In die 20ste eeu het die bevindinge van die literatuurwetenskap en die postmoderne denke ‘n betekenisvolle invloed uitgeoefen op die denke oor die gesag van die Bybel. Hiervolgens is die Bybelboeke die resultaat van mensewerk. Dit is mensewoorde oor God. In die mensewoorde hoor ons God. Die geloofsinsigte, ervaringe en interpretasies van mense word die erfenis wat van die een geslag na die ander oorgelewer is.

Vir sommige gelowiges het dit nou gevoel of die gesag van die Bybel oorboord gegooi word. Ander het dit egter gebruik om die aard van die Bybel se gesag te herdefinieer. Die Bybel bly steeds die weg waarlangs God ons help om iets van Hom te begryp. Selfs al is dit deur en deur ‘n boek met menslike karakter, historiese foute en tydsbepaalde uitsprake, help dit om die verskillende gesigspunte wat in die Bybel opgeneem is, beter te begryp. Dit is steeds moontlik om met oorgawe te bely: ”Dit is die woord van God.” Die Bybel bly onverswak die gesagsboek van die kerk.

Uit bostaande is dit duidelik dat die teologiese denke oor die Bybel telkens beïnvloed word deur dit wat op terrein van die natuur- en geesteswetenskappe gebeur. Dit is ook duidelik dat ons nie die Bybel as ‘n tydlose dokument kan lees nie. In ons soeke na die waarheid interpreteer ons. Ons neem ‘n boek uit ‘n ou wêreld wat totaal anders is as die waarin ons woon en ons probeer verstaan wat dit vir ons beteken. Daarom is dit ook so belangrik dat die Bybel binne die kerk gelees en gehoor word. Die besinning oor wat God se wil vir ons is, kan nie vorder sonder die korrektief van die gemeenskap van die gelowiges nie.

2.3 OORSIG OOR DIE NG KERK SE BESKOUINGS VAN SKRIFGESAG.

Die voorlegging toon aan hoedat daar in die verloop van 30 jaar bepaalde verskuiwings plaasgevind het in die Kerk se verstaan van die manier hoe ons die Skrif lees en verstaan. Deurgaans staan die gesag van die Skrif egter voorop. Alhoewel die manier van Skrifhantering verskuiwings ondergaan, bly die Bybel die gesagsboek van die NG Kerk.

2.3.1 Geïnspireerde mensewoorde oor God

In 1986 val die groot klem op die werk van die Heilige Gees, in die inspirasie sowel as die lees van die Skrif. Die organiese inspirasieleer word soos volg geformuleer: Die Heilige Gees het by die totstandkoming van die Heilige Skrif op sodanige wyse van die diens van mense gebruik gemaak, dat daar in geen enkele opsig aan hulle selfwerksaamheid afbreuk gedoen is, of die historiese en psigologiese bemiddeling van die openbaring uitgeskakel is nie. As ons bely dat die Bybel die Woord van God is, bedoel ons daarmee dat hierdie boek met sy menslike en historiese karakter in sigself die Woord van God is.

2.3.2 Historiese lees

Met die 1990 verslag val die klem weereens op die historiese lees van die Bybel. Dit beteken dat daar nie op 'n willekeurige wyse en op die klank af 'n beroep op die konkrete gebooie en insettinge van die Skrif of 'n bepaalde stand van sake gedoen kan word; asof hulle sonder meer in dieselfde vorm vanselfsprekend vir die kerk van alle eeue normatief is nie. Daar moet uitlegkundig onderskei word wat presies die bedoeling van sulke gebooie is in die spesifieke historiese situasie waarin hulle gegee is, ten einde te kan vasstel hoe dit konkrete uitdrukking verleen aan die blywende wil van God (...)

2.3.3 Belang van interpretasie

Met die Algemene Sinodes van 2002 en 2004 word weer beklemtoon dat die NG Kerk bely dat die Bybel die Woord van God is: met gesag oor ons hele lewe, betroubaar omdat ons daarin vir God leer ken, duidelik om die Evangelie aan ons bekend te maak en voldoende omdat ons daarin alles leer wat nodig is om in God te glo en Hom te gehoorsaam.

Hierdie belydenis beteken egter nie dat ons ons denkvermoë moet opoffer nie; of dat die Bybel gesien kan word as ’n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie; of dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie; of dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee, sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.

Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van ’n verantwoordelike interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na die waarheid. Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg, bly dit vir ons ’n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie.

2.3.4 Historiese, literêre en sakramentele lees

Tydens die 2015 sitting van die Algemene Sinode word die onderskeid gemaak tussen drie soorte lees van die Bybel onderskei:

2.3.4.1 Historiese lees van die Bybel

Die Bybel het 'n heel spesifieke historiese, geografiese en sosio-kulturele bedding. Wanneer ons sê dat die Bybel "kultureel bepaald" is, bedoel ons daarmee dat die Bybelskrywers in terme van die tale, waardes en mens- en wêreldbeeld van hul kulture praat wanneer hulle oor die lewe en oor God skryf. Om die Bybel histories te lees is

om te erken dat die Bybel 'n historiese konteks én 'n historiese betekenis het. Ons behoort dus nie sommer net enige betekenis daaraan toe te dig nie. Verantwoordelike en verantwoordbare eksegese en hermeneutiek is onontbeerlik vir 'n eerlike interpretasieproses wat getuig van integriteit; terwyl ons met respek na die teks luister. Wanneer ons die Bybel histories lees, moet ons altyd onthou dat ons self ook histories bepaald is. In ons lees van die Bybel kan ons nooit aan ons eie historiese en hedendaagse kontekstuele plasing ontsnap nie.

2.3.4.2 Literêre lees

Die Bybel kom na ons in ‘n verskeidenheid van literêre vorme. Die skrywers en mense van die geloofsgemeenskappe waarin die geskrifte ontstaan en uiteindelik tot kanon ontwikkel het, het hulle belewenisse van hulself, hul omgewing, die lewe en God uiteindelik ook in literêre vorme en met behulp van literêre konvensies verpak.

Wanneer ons die Bybel as literêre werke/dokumente lees, dan gee ons erkenning aan die feit dat ons hier met literêre werke uit antieke tye te doen het. Alhoewel hierdie literêre werke verskillend van aard is, maar ook verskil van die tipiese literêre soorte (genres) van ons dag, help ons hedendaagse wetenskaplike-literêre kennis ons om die Bybelse literêre aard beter te verstaan. Elkeen van die hierdie literatuursoorte moet verstaan en gelees word binne die spesifieke spelreëls van daardie genre. Gedigte word anders gelees as geskiedenis. Dit gebeur amper outomaties dat mens die verskillende literatuursoorte herken en die toepaslike reëls gebruik. Mens lees eenvoudig nie jou koerant (of 'n nuusberig) op dieselfde wyse as wat jy poësie sal lees nie.

2.3.4.3 Sakramentele lees

Ons lees die Bybel ook "sakramenteel": 'n Sakrament is 'n tydgebonde, fisiese, tasbare bemiddeling van wat as heilig bely word. 'n Sakrament is onder meer 'n manier waarop dit wat as goddelik bely word, vir ons mense sigbaar, tasbaar teenwoordig word in die hier en nou. ’n Sakrament kan gesien word as ’n voertuig waardeur God teenwoordig word/is - ’n middel waardeur die Gees beleef word. Na analogie van ons kerk se verstaan van die twee sakramente, doop en nagmaal, kan ons die Bybel bely as God se hoorbare, leesbare en tasbare woord in ons hier en nou. As sodanig dien die Bybel rigtinggewend (in die mees omvattende sin van die woord) in Christene se lewe.

Met ander woorde: die betekenis van die Bybelse teks is vir 'n Christen méér as die woorde wat daar staan; méér as die konsepte wat beskryf word; méér as die geskiedenis wat aangebied word; méér as die klaagliedere wat geskryf is; méér as die psalms wat gesing is. Binne die breëre en dieper betekenis van die Christelike geloofsbelydenisse, die geloofstradisie waarbinne ons staan, lees ons die historiese en literêre tekste van die Bybel en hoor daarin hoedat God geken en gehoor word as 'n genadige, liefdevolle God, betroubaar in Sy genade oor ons – juis ook in ons konteks vandag.

2.4 GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE AMPELIKE DOKUMENTE

2.4.1 Daar is in die NG Kerk nie onduidelikheid oor die gesag van die Bybel nie. As belydenisuitspraak geld dit vir alle lidmate en ampsdraers dat die Bybel bely word as “Woord van God”.

2.4.2 Die werk van die teologiese fakulteite in 1986 het die grondslag gelê waarop in ander stukke voortgebou is. Dit het ook verseker dat die NG Kerk se besinning oor Skrifgesag en Skrifgebruik nie losgestaan het van die akademiese navorsing daaroor nie.

2.4.3 Daar is ’n duidelike lyn van afwysing van fundamentalisme en die gepaardgaande a-historiese letterlike lees van die Bybel. Die historiese konteks waarbinne die Bybel ontstaan het, word ernstig geneem. *“What it meant and what it means”* is nie noodwendig dieselfde nie.

2.4.4 In die hantering van moeilike etiese en leerstellige sake is die Bybel op ’n konsekwente manier hanteer. Dit is die kerk se geloofwaardigheid ten goede.

2.4.5 Alhoewel daar ’n diep en breë eenstemmigheid in die NG Kerk is oor die gesag van die Bybel, is daar gewoonlik meer as een soort Skrifgebruik aan die werk. Dit is egter opvallend dat die kerk in sy amptelike stukke en besluite kies vir die kultuur-sensitiewe lees van tekste.

2.4.6 Dit is eie aan ’n gereformeerde Skrifverstaan dat ook hierdie formulerings oor die Bybel nie as finaal gesien word nie. Dit is soos alle besluite onderhewig aan voortgaande besinning.

2.4.7 Die 2015 besluit oor selfdegeslagverhoudings lê op ’n konsekwente lyn met vorige etiese beslissings en dit sal die kerk se integriteit illustreer as dit gehandhaaf word.

3. DIE EVANGELIE AS UITGANGSPUNT

Dokument 131 beskryf die twee kante van die debat oor selfdegeslagverbintenisse en gaan dan voort om ‘n weg te soek uit die impasse.

3.1 DIE EVANGELIE – JESUS EN DIE WET

In die besluite van 2015 word uitgegaan van die Evangelie as die finale en onbetwisbare vertrekpunt en oriëntasie om te weet hoe ons oor God dink en wat ons meen dat Hy van ons verwag. Hierdie voorlegging wil dan ‘n tendens in die woorde en optrede van Jesus aantoon wat etiese oordeelsvorming kan rig. In Matt 5 stel Jesus die wet en profete maar dui dan aan dat God méér van ons verwag. Hy stel die eise van die wet nog meer radikaal sodat die gesindheid van liefde, vergifnis, trou, toegeneentheid teenoor mense as 'n radikale keuse, as vertrekpunt vir die lewe van Christene geld. In Jesus se debatte met die Joodse godsdiensleiers kom sake soos egskeiding, die belangrikste wet, die Sabbat en belasting aan die orde. Jesus se reaksie op die strikvrae is telkens ‘n keuse vir liefde, omgee en om genaakbaarheid aan die slagoffers van die veroordelende godsdiensleiers te betoon.

In Matteus 23 stel Jesus die skrifgeleerdes en Fariseërs se skynheilige beroep en roem op die nakoming van die Wet en godsdiens-reëls aan die kaak, terwyl hulle die mees wesentlike, naamlik die liefde en sorg vir mense, nie ag nie. En uiteindelik in 23:23 lees ons die volgende: “Ellende wag op julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie. Blinde leiers! Julle skep die muggie uit julle beker uit, maar julle sluk die kameel in.”

3.2 JESUS EN DIE MENSWAARDIGHEID VAN DIE MINSTES

In Jesus se omgang met mense reduseer Hy telkens die wetboek deur net 'n eenvoudige eis tot gehoorsaamheid te stel – weliswaar met verskillende inhoude teenoor verskillende mense. Jesus tree oor die grense wat mense marginaliseer en bevestig as die “Seun van God”, in “die menswording van God” die menswaardigheid van juis diegene van wie die sosiale gemeenskap die minste gedink het.

3.3 ONS IS EERSTENS *CHRISTEN*-GELOWIGES

Uit Jesus se optrede en hantering van die wet vloei voort dat Christene onsself eerstens as *Christen-gelowiges* behoort te beskou en nie ongekwalifiseerd as *Bybel-gelowiges* nie; as *Christen-gelowiges* en nie as *Joodse gelowiges* nie. Dit is waarin ons unieke identiteit lê. Vanuit hierdie identiteit het die Christelike kerk deur die loop van die geskiedenis verskillende vorme van onreg en ongelykheid in die wêreld aangespreek, byvoorbeeld slawerny, die plek van vrouens, en rassisme.
Hierdie is dan ook die agtergrond vanwaar gedink moet word oor die menswaardigheid van gays en hoe die besluite van die Algemene Sinode in 2015 beoordeel moet word. Dit moet gesien word as ‘n evangeliese bevrydingswoord en volle erkenning van die menswaardigheid van gays volgens die voorbeeld van Jesus. Die leierskap van die NG Kerk ten opsigte van die erkenning van die menswaardigheid van alle mense, die bevordering van geregtigheid, barmhartigheid en genade is ‘n voorvereiste vir die profetiese rol van die NG Kerk in Suider-Afrika.

4. DIE MOONTLIKHEID VAN VERSKILLENDE INTERPRETASIES

Dokument 132 toon aan, met voorbeelde uit die Ou en Nuwe Testament dat daar binne die Bybel self verskillende sienings oor sentrale geloofsake bestaan het.

4.1 IN EN UITSLUITING IN DIE OU TESTAMENT

‘n Belangrike lyn in die OT wat die saak van selfdegeslagverbintenisse raak, is hoe daar verskillend gedink is oor die in en uitsluiting van mense uit ander volke of seksuele status. Sy gevolgtrekking hieroor is dan dat God mense insluit en nie uitsluit nie, Hy bring mense in sy en in mekaar se teenwoordigheid in. God oorskry die grense van die volk Israel en van seksuele status deur vreemdelinge en ontmandes in te sluit. Om die Here te dien beteken dan dat mens afstand doen van jou eie vooroordele en grense oorsteek. Hierin is dit van belang om nie die Wet tot hoogste goed te verhef met die gevolg dat ons ander mense afsny nie. Jesaja 56 impliseer dat die ontmandes juis weet hoe afhanklik hulle van God is en volgens God se wil lewe. Daarmee getuig hulle dat hulle hulleself aan God verbind het. Vir God is hulle getrouheid aan Hom en die doen van reg en geregtigheid belangriker as om te behoort tot ‘n volk of seksuele kategorie.

4.2 JESUS EN DIE WET

In die Evangelies word Jesus, sy lewe, wat Hy mense geleer het en hoe Hy die Wet en Profete interpreteer, konsekwent uitgebeeld as Iemand wat by die sagter, oper en meer inklusiewe interpretasie van die Ou Testament aansluit. Jesus kom leer vir die mense van sy tyd dat niks ten opsigte van die geldigheid van die Wet en die Profete met sy koms verander het nie. Met sy koms bly die Wet en die Profete geldig en gelowiges leef steeds aan die hand daarvan. Jesus sê immers dat hy nie gekom het om dit "los te maak" nie, met ander woorde hy het nie gekom om dit te ontbind nie. Hy het gekom om dit "vol te maak", met ander woorde om die eintlike bedoeling daarvan te kom leer en te kom leef.
In Antiochië het die Jode die Christene daarvan beskuldig dat hulle Jesus bo die "Wet en die Profete" stel. Nee, kom sê Matteus, Jesus is as te ware die Wet en Profete in lewende lywe. Jesus kom leer ons dat jy die Wet na sy ware bedoeling interpreteer. Die Wet laat lewe gedy en maak vredevolle naasbestaan moontlik.
Jesus kom bevestig die erns en belang van die Wet. Indien ons nie daarby hou nie, word die lewe ondraaglik, is daar vir liefde, genade en geregtigheid nie plek nie. Dit gaan hier nie oor 'n hiërargie in die lewe na die dood nie. Die koninkryk van die hemele (van God) is nou hier. Waar mense medemenslikheid leef, daar is die koninkryk van God.

4.3 DIE MOONTLIKHEID VAN VERSKILLENDE INTERPRETASIES

Net soos dit ’n fout is om te dink dat daar deur Israel en die eerste Christene se geskiedenis heen een suiwer, regsinnige interpretasie was, so is dit ’n fout om te vermoed dat die wil van die Here vir die mense van die Bybelse tyd makliker en duideliker te onderskei was, as wat dit vandag vir ons is. Die bespreking hier bo wys mos juis uit dat dit ook nie vir die mense van die Bybelse tyd altyd so eenvoudig en maklik was om die wil van die Here te onderskei nie.
Dit wat hier aangebied is dan ook bedoel om ons te maan tot versigtigheid ten opsigte van die manier waarop ons sonder meer oor God se wil praat, so asof ek en my groepie dit klinkklaar en reg sien soos dit is. Laat ons vandag

in ons soeke na die wil van die Here eerder saam bly luister, saam bly soek en bid en nie ons self te gou van mekaar los maak of afsny nie.
En dan is dit sekerlik belangrik dan ons wat ons ook al besluit en hoe ons ook al optree teenoor mekaar as die gemeenskap van gelowiges – asook teenoor diegene wat nie van ons geloofsgroep is nie – dit altyd sal doen in die gesindheid van Christelike liefde, Goddelike genade en die soort van versoenende geregtigheid wat deur die Gees in en deur ons bewerk (moet) word.

5. DENKE VANUIT DIE PERSPEKTIEF VAN DIE JESUSVERHAAL

Dokument 119 dui aan hoedat daar vanuit verskillende vertrekpunte gedink word oor die wyse waarop etiese oordeelsvorming plaasvind en verduidelik dan hoe die besluite van 2015 Bybels gefundeer word.

5.1 PROEFTEKSTE TEENOOR DIE BREË LYNE VAN DIE BYBEL

Aan die een kant word gedink vanuit ‘n paar “proeftekste” in die Bybel om aan te dui dat die Bybel gekant is teen enige vorm van homoseksuele gedrag en dat die kerk dus in gehoorsaamheid aan hierdie tekste nie anders kan as om te volstaan met ‘n verbod op verhoudings tussen mense van dieselfde geslag nie.
Aan die ander kant is daar die benadering om nie vanuit enkele tekste ‘n saak op te bou nie, maar om eerder die breë lyne van die Bybel te probeer volg – en dan veral vanuit die perspektief van die Jesusverhaal soos wat dit in die Nuwe Testament uitdrukking vind. Daar is wel ook na die sogenaamde “proeftekste” gekyk, maar daar is bevind dat hierdie tekste te doen het met seksuele uitwasse tussen mense van dieselfde geslag en dus nie bruikbaar is in die beoordeling van selfdegeslagverhoudings van wedersydse liefde en trou nie.

5.2 DIE LIG VAN DIE JESUSVERHAAL

In die lig van die Jesusverhaal word daar veral op twee aspekte gefokus: Jesus se radikale insluiting van mense wat om een ander rede deur die samelewing gemarginaliseer is, en die wyse waarop Jesus die wet as maatstaf vir menslike gedrag hanteer het.

5.2.1 Insluiting

Uit Jesus se optrede teenoor gemarginaliseerdes is dit baie duidelik dat hy uitgebeeld word as iemand wat uit sy pad gegaan het om mense wat deur samelewingsnorme en –strukture uitgesluit is, in te sluit by die gemeenskap wat hy rondom hom vergader het. Dit het ook mense ingesluit wat op grond van Ou Testamentiese rituele en reinheidsreëlings uitgesluit is van volle deelname aan die lewe van die geloofsgemeenskap.

5.2.2 Die liefdesgebod

Ten opsigte van Jesus se hantering van die wet word sy samevatting van die wet in die dubbele liefdesgebod as uitgangspunt geneem. In die lig hiervan word die liefde as maatstaf gebruik om te bepaal of menslike gedrag (ook seksuele gedrag) reg of verkeerd is. Die vraag hoe hierdie norm konkreet hanteer moet word, kan op tweërlei maniere beantwoord word: enersyds op negatiewe wyse deur te verwys na Paulus se uitspraak in Romeine 13:10 dat “die liefde die naaste geen kwaad aandoen nie”, en andersyds op positiewe wyse deur te verwys na Jesus se woorde in Johannes 10:10: “Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed”.

5.2.3 Die proeftekste in die lig van die liefdesgebod

Indien die lens van die liefdesgebod (in positiewe én negatiewe sin) oor die sogenaamde “proeftekste” geplaas word, sou daar bevind kon word dat die gedrag wat daarin beskryf word, wel afkeurenswaardig is – nie omdat dit ‘n algemene oordeel oor homoseksuele gedrag uitspreek nie, maar omdat dit verwys na spesifieke gedrag wat die medemens kwaad aandoen. Dit gaan immers in hierdie tekste oor sake soos groepsverkragting (die verhaal van Sodom), tempelprostitusie (die Levitikus-tekste), uitspattige seksorgies van goddelose mense (Romeine 1) en die seksuele uitbuiting van ondergeskiktes en minderjariges (1 Korintiërs 6 en 1 Timoteus 1). Sulke gedrag doen nie net die medemens kwaad aan nie, maar dra ook nie by tot die verwesenliking van ‘n “lewe in oorvloed” nie, en word om dié rede steeds as onaanvaarbare en sondige gedrag beskou.
Indien die liefdesgebod as norm hanteer word om menslike verhoudinge te beoordeel, dan behoort daar wat sowel heteroseksuele as homoseksuele verhoudings betref, die dubbele vraag gevra te word: doen dit die medemens kwaad aan, en staan dit in diens van ‘n lewe in oorvloed?
Indien twee persone in ‘n verhouding van liefde en trou staan waar hulle mekaar nie kwaad aandoen nie en mekaar se lewens verryk, is dit ‘n verhouding wat die toets van die liefdesgebod deurstaan en as eties aanvaarbaar beskou kan word. Dan maak dit ook nie saak of dit ‘n verhouding tussen persone van dieselfde geslag of tussen persone van die teenoorgestelde geslag is nie.
‘n Mens sou verder kon gaan deur te sê dat dit téén die bedoeling van die liefdesgebod is om van enigiemand op grond van sy/haar seksuele oriëntasie te verwag om te kies vir ‘n lewe van eensaamheid en onvervuldheid. Volgens die tweede skeppingsverhaal in die Bybel het God self aan die begin gesê “dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie” en toe vir die mens ‘n medemens gemaak het “wat by hom pas”.

5.3 ‘N VERANTWOORDELIKE OMGAAN MET DIE BYBEL

Met die besluit om te kies vir die erkenning van selfdegeslagverhoudings het die Algemene Sinode nie net ‘n bepaalde etiese beslissing gemaak nie, maar ten diepste gekies vir ‘n meer verantwoordelike wyse om met die Bybel om te gaan in die soeke na antwoorde op lewensvrae.

5.4 ‘N BESLUIT WAT RUIMTE SKEP

Wat die 2015-besluit nog meer merkwaardig maak is dat dit ook ruimte geskep het vir lidmate, ampsdraers en Kerkrade wat nie gemaklik voel met die erkenning van selfdegeslagverhoudings nie, deur die volgende te verklaar: “Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël”. Daarmee word die twee kante die debat nie op uitsluitende wyse teen mekaar afgespeel nie, maar word daar juis voorsiening gemaak vir die hantering van die verskille op ‘n wyse wat dit vir alle betrokkenes moontlik maak om volgens hulle gewete te handel.

6. VOORLEGGINGS MET ‘N MEER PERSOONLIKE GETUIENIS

Twee voorleggings, 84 en 137 lewer ‘n meer persoonlike pleidooi aan die Sinode vanuit die perspektief van gay-gelowiges.

Voorlegging 84: Die kerk wat die verdrukker was word opgeroep om die kerk te wees vir die weerlose, die weggestote, die vreemde, die ander en dit is nóú die tyd. Met ’n pro-besluit kan ons heldhaftiger die seisoen van menswaardigheid betree en dit selfs waag om te sê ons is missionaal. Kom ons word weer die kerk vir die wese en die weduwees en wewenaars en armes en hulle wat onderdruk word. ’n Pro-besluit kan ons weer bekendstel aan wat dit beteken om mekaar se voete te was. Die besluit kan ’n hoorbare evangelie boodskap uitstuur, ’n sagte boodskap wat heel en nader roep. ’n Boodskap van onvoorwaardelike liefde. Ons kan dien wanneer ons weet ons is genoeg. Vanuit genoegsaamheid wil ons die ander dien sodat óók húlle weet húlle is genoeg net soos hulle is. Hulle word dan ons. Wanneer jy ander uitsluit sal GENOEG nie ’n tuiste in jou kom maak nie. GENOEG het ons verstaan met ons bekering - net soos jy is!
Die herbevestiging van die besluit van die Sinode in 2015 is ’n baie belangrike besluit. Dit kan die NG kerk help om oop te breek in ’n nuwe varsheid waarin sy al haar kinders nooi om saam te loop. Ons wil ’n kerk wees wat vir almal wat wíl, nooi om saam te loop. Dit maak nie saak hoe jy lyk nie. Hoe jy ruik nie. Hoe jy praat nie. Hoe jy aantrek nie. Hoe jy lag nie. Hoe jy huil nie. Hoe jy dans nie. Hoe jy dink nie. Kom loop saam. Die oopbreek kan weer nuwe lig laat inskyn sodat ons weer kan skyn as ’n plek van veiligheid.

Voorlegging 137: Ons is ‘n aantal lidmate van die NG Kerk wat almal reeds geruime tyd in selfdegeslag burgerlike verbintenisse is.
(...)
Ons beskou hierdie erkenning deur die Kerk enersyds as ‘n voorreg waaroor ons baie dankbaar is, maar andersyds as ‘n kosbare reg wat ons met groot jaloersheid sal beskerm.
Ons doen ‘n ernstige beroep op die Algemene Sinode om enige poging om hierdie reg van ons af weg te neem met groot beslistheid teë te staan en om op dié manier te verseker dat ons Godgegewe menswaardigheid nie weer geskend word nie.

AANBEVELINGS

6.1 Voorstel: Dat die Algemene Sinode van 2015 se besluit oor selfdegeslagverhoudings gehandhaaf en sonder enige verdere oponthoud geïmplementeer word (gelykluidend dok 36 en 37).

6.2 Ek sou graag ‘n dringende beroep op die buitengewone Algemene Sinode wou doen om die besluite van die Algemene Sinode te handhaaf en om moeite te doen om die inklusiewe aard van hierdie besluite duidelik aan lidmate te kommunikeer (119 A Bartlett)

6.3 Ons aanvaar dat hierdie besluit van die Algemene Sinode nou geldig is en dat die erkenning van ons burgerlike verbintenisse dus van krag is.
Ons beskou hierdie erkenning deur die Kerk enersyds as ‘n voorreg waaroor ons baie dankbaar is, maar andersyds as ‘n kosbare reg wat ons met groot jaloersheid sal beskerm.
Ons doen ‘n ernstige beroep op die Algemene Sinode om enige poging om hierdie reg van ons af weg te neem met groot beslistheid teë te staan en om op dié manier te verseker dat ons Godgegewe menswaardigheid nie weer geskend word nie (137 Egpare in burgerlike verbintenisse).

A.2 TAAKSPAN VIR BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORLEGINGS

A.2.7 ETIESE BESWARE

1. VERONTAGSAMING VAN BYBELSE VOORSKRIFTE

1.1 Die beswaar wat by verre die meeste voorkom, is **dat die 2015 besluit die duidelike uitsprake in die Skrif hieroor verontagsaam.** Die volgende twee tekste speel hier 'n belangrike rol:
1 Korintiërs 6:9-11 Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen [10] of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie. [11] En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.
1 Timoteus 1:9-10 [9] 'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, [10]ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is.

1.2 Alle homoseksuele gedrag word afgewys.
Die kern van die besware wat gestel word, is dat die Bybel alle homoseksuele gedrag as sonde afwys, **nie net promiskue gedrag of ander uitwasse** soos tempelprostitusie of pederastie nie. 1 Kor 6:11 verwys dan ook na lede van die gemeente wat tevore so was maar wat nou, in Christus, geheilig is.

1.3 Geen interne kritiek in die Bybel.
In hierdie besware word dikwels verwys na die **eenduidige afwysing** van homoseksuele praktyke as sonde dwarsdeur die Ou en Nuwe Testament sonder enige vorm van interne kritiek in die Bybel self hierop. Hierin is die saak van homoseksuele dade anders as bepaalde ander etiese sake soos byvoorbeeld die plek van die vrou, slawerny of egskeiding. Die eenduidige afwysende lyn deur die Bybel is in baie besware 'n leidende argument oor hoe die saak verstaan moet word.

1.4 Die manier waarop die Skrif in die 2015 besluit hanteer word, is inkonsekwent.
1.4.1 Dokument 23 verwys na die afwys van selfdefamilieverhoudings wat net so sterk deur Paulus afgewys word en waar die afwysing ook gebaseer is op die Ou Testament. Dit is 'n parallelle saak waar die seksuele moraal ook besig is om te skuif, talle lande se wetgewing laat dit reeds toe. Waarom is dit nie ook op die tafel nie?
1.4.2 Dokument 23: Die sinode maak met hierdie besluit die deur oop dat daar eintlik verder geen etiese norme neergelê sal kan word nie. As ons die duidelike en eenduidige Bybelse voorskrifte hieroor ontken (homoseksuele praktyke ontsondig), om watter rede kan die kerk steeds dinge soos owerspel, dronkenskap, diefstal of bedrog afwys? Dit word immers in dieselfde asem genoem met homoseksuele praktyke in 1 Kor 6:11
1.4.3 Dokument 74: Wat gaan hierna volg – die goedkeuring van voorhuwelikse seks, saamwoon en 'n ruimer uitkyk oor pornografie miskien? Die Sinode het nou die deur oopgemaak en dit sal nie weer toegemaak kan word soos sake nou staan nie.
1.4.4 Dokument 82: Paulus veroordeel homoseksualiteit op twee plekke in die Bybel (1 Korintiërs 6:9-10, 1 Timoteus1:9-10). Hy groepeer homoseksualiteit met sosiale ongeregtighede soos diefstal, dronkenskap, moord en ontvoering. Hy meld tweemaal in 1 Korintiërs 6:9-10 dat diegene wat hulle hieraan skuldig maak, geen deel sal hê aan die koninkryk van God nie. Indien ons, die NG Kerk, homoseksualiteit goedkeur, en spesifiek homoseksuele predikante in die amp bevestig, beteken dit dan dat ons hierdie ander euwels ook moet verdra en goedkeur?

2. TOEGEE AAN BEÏNVLOEDENDE FAKTORE VAN BUITE

Daarmee saam loop die beswaar dat etiese norme in die eerste plek vanuit die Skrif gefundeer moet word. Die Skrif is die finale norm vir alle etiese uitsprake deur die kerk. In die werkswyse van die Algemene Sinode is te veel gewig gegee aan ander beïnvloedende faktore:

2.1 Deernis en begrip met homoseksuele persone en die pyn wat hulle beleef in die samelewing en in die kerk, is reg en in lyn met God se genade, sy aanvaarding en insluiting van alle mense. Hierdie liefde, respek en aanvaarding moet ook in die kerk se standpunte en optrede weerspieël word. Dit kan egter nie die uitgangspunt vorm vir 'n etiese besluit oor seksuele moraal nie.

2.2 Die Algemene Sinode het geswig voor die druk van 'n veranderende seksuele moraal wat in die samelewing heers.
Dit strook nie met die opdrag aan gelowiges om met ander norme as die wêreld te leef en God se waardes aan die wêreld voor te hou nie. Hier word dan onder andere verwys na die tekste in Levitikus waar dit daaroor gaan dat Israel anders moet leef as die heidense wêreld om hulle.

Dokument 15: In die afgelope eeu was daar 'n merkbare verskuiwing in die moraliteit van die wêreld. Saamwoonverhoudings wen veld teen huwelike. Aborsies is wettig en sosiaal aanvaarbaar. Buite-egtelike swangerskappe is gedestigmatiseer. Kerkloosheid en ongeloof word al hoe meer die sosiale norm. Prostitusie is

wettig of word oogluikend toegelaat, pornografie gedy op die golf van vryheid van spraak. God en Sy moraliteit het so te sê uit die sekulêre film-en mediabedryf verdwyn. Daar is ook toenemende sosiale druk vir die normalisering van alle seksuele verhoudings buite huweliksverband. Dit is die wêreldse tydsgees en 'n realiteit wat nie binne die wêreld sal verander nie.
Die Kerk behoort nie daarmee saam te gaan nie. God het 'n ander stel reëls as die wêreld. Dit is by uitstek die rol van die Kerk van Christus om konstant God se waardes aan die wêreld voor te hou. Die Kerk moet die morele kompas van die wêreld wees en nie andersom nie.

2.3 Menseregte en gay regte
'n Verdere beïnvloedende faktor van buite waarteen beswaar gemaak word, is dat dit wat tans in SA en die NG Kerk gebeur deel is van 'n groter wêreldwye beweging om gay-regte te beskerm en te bevorder.

Dokument 98: Die gay-aktiviste beweging het tans baie verder uitgekring as die VSA en gebruik die voertuig van menseregte om hulle saak te bevorder. Menseregte is 'n wye sambreel-term wat tans deur heersende magstrukture gebruik word om hul ideologiese voorkeure te regverdig. In ons sekulêre bestel word menseregte en menswaardigheid dikwels misbruik om die mens en sy begeertes bo God en die Bybelse norme vir die samelewing te stel. Die mens en sy "regte" word op die spits gedryf en sy begeertes en drange praat harder as die Woord en die wil van God. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God, volgens 2 Tim 3:4.
Hoewel ons Suid-Afrikaanse samelewing en grondwet burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag regverdig en die regte van praktiserende homoseksuele persone beskerm, het die Woord van God 'n ander standpunt. Ons respekteer die grondwet, net soos ons ook ander godsdienste in ons land respekteer maar ons deel nie hulle oortuigings nie. Binne die kerk geld ander norme wat op die Woord van God gebaseer is.
Daarom moet ons so versigtig wees dat ons in die kerk nie die samelewing en heersende kultuur blindelings navolg en in die proses wegdryf van die geopenbaarde waarheid wat God vir ons in sy Woord gegee het nie. In die kerk gaan dit nie net om mense gelukkig en tevrede te hou en om hul toe te laat om al hul begeertes uit te leef nie, maar in die eerste plek om die Here van die kerk te gehoorsaam en na te volg.

Dokument 121: Die Algemene Sinode het moontlik sy besluit oor selfde-geslag verhoudings geformuleer vanuit 'n moderne opvatting van wat menswaardigheid en menseregte is en dat die Bybel moontlik nie die Algemene Sinode se uitgangspunt was nie.

2.4 Humanisme en menswaardigheid as leidende faktore
In die beredenering van die verhouding tussen Skrif en wêreld kom die temas van humanisme en menswaardigheid na vore. Die beswaar word gemaak dat die kerk hom eerder laat lei deur die tydsgees van humanisme waarin menswaardigheid die hermeneutiese sleutel word en dit groter gewig dra as die gesag van die Skrif.

Dokument 34: Die dringende vraag is egter of dit 'n verantwoordelike hermeneutiek is om die eis tot menswaardigheid te gebruik as regverdiging vir selfdegeslagverhoudings. Daar kan geen twyfel wees nie dat die eis tot menswaardigheid 'n Bybelse etiese beginsel is. Jesus se woorde in Lukas 6:31 dien as *locus classicus*: "Behandel ander mense soos julle sélf behandel wil word". Dit impliseer dat vyande en vennote, vriende en vreemdelinge, wetsgehoorsames en wetsoortreders op 'n menswaardige wyse behandel moet word. Maar beteken die eis tot menswaardigheid dat die optrede van mense goedgepraat of aanvaar moet word? Die dief wat gesteel het, kan op menswaardige behandeling aandring maar kan tog sekerlik nie verwag dat sy optrede ook aanvaar moet word omdat hy die reg op menswaardige behandeling het nie. Die besluit van die Algemene Sinode van 2007 het reeds ook die beginsel van menswaardigheid vir alle mense aanvaar. Dit sluit die optrede teenoor selfdegeslagverhoudings in. Menswaardigheid is egter nie 'n hermeneutiese sleutel om die betekenis van die Skrif te interpreteer of mense se etiese gedrag te beoordeel of te regverdig nie.

Dokument 46: Ons verwerp dat humanisme en menswaardigheid die norm word in die Kerk. Dit hoort so dat die Kerk altyd, in die Woordbediening sowel as in kerklike besluite, ten diepste sal vra: Wat sê God in Sy Woord. Enige saak of tendens in die tyd en tydsgees moet ondergeskik aan die Woord wees. Dis is hartseer dat in die huidige post-moderne tyd sake soos humanisme en die menswaardigheid van alle mense so 'n oorheersende faktor is.

Dokument 57: Ons glo dat die kerk daarteen moet waak om nie deur humanistiese en populistiese denkrigtings mee gesleur word nie. (Ef 4:13-15)

3. DIE TOEPASSING VAN DIE LIEFDESGEBOD
Die vraag na die wyse waarop die liefdesgebod hanteer word, het telkens ter sprake gekom.

3.1 Die aanklag van liefdeloosheid
In die beredenering van hierdie vraagstuk is dikwels verwys na die aanklag van liefdeloosheid indien 'n standpunt van die afwysing van homoseksuele praktyke gehandhaaf sou word. Op hierdie aanklag word geantwoord dat dit juis liefdeloos kan wees om iemand wat in sonde leef of volhard, toe te laat om daarin te bly voortleef.

Dokument 51: Sy liefde vir my dryf my tot wederliefde vir Hom en tot liefde vir my naaste. Dus, as ek enige sulke afwykings namens God veroordeel, beteken dit nie dat ek liefdeloos optree nie. Ook nie dat ek daarmee sê ek is sondeloos nie. Ek, ons, die kerk moet nou soveel te meer na die persone in selfdegeslagverhoudings uitreik met die liefde van Christus.

Dokument 78: Ons bly altyd afhanklik van die Here en bid dat die Heilige Gees ons so sal lei dat ons nooit sal wegdwaal van God se Woord nie, maar dat ons ook nooit liefdeloos teenoor ons naaste sal optree nie.

Dokument 94: Ons beleef dat die besluit van die Algemene Sinode goeie verhoudings tussen lidmate in die gemeentes beskadig het. In gemeentes was daar altyd 'n openheid en aanvaarding van mense met verskillende seksuele oriëntasie binne bepaalde grense maar dat daar nou skielik beskuldigings van liefdeloosheid en veroordeling na vore tree wat die eenheid en vrede in gemeentes vertroebel.

3.2 Die eerste en grootste gebod
In verskeie dokumente word die vraag gevra oor die verstaan van **die orde van liefdesgebod**. Wat beteken dit dat die eerste en grootste gebod is om God bo alles lief te hê? Van die dokumente verstaan dat dit impliseer om eerstens aan God en sy wil gehoorsaam te wees. Dit is die eerste prioriteit. Daarna behoort die Kerk te kyk na mense en wat dit beteken om jou naaste lief te hê soos jouself.

3.3 **Die onderskeid tussen sondige dade en om mense lief te hê** word in talle besware uitgelig. Die liefdesgebod en waardes van insluiting, menswaardigheid en respek moet vir kerk 'n baie duidelike koers aandui oor die wyse waarop homoseksuele persone behandel moet word. Dit beteken egter nie dat homoseksuele dade goedgekeur kan word nie. (02; 54; 62; 75 en vele ander)

Dokument 01: Die kerk het die opdrag om die heiligheid van God te weerspieël. God se heiligheid is nooit 'n kliniese, liefdelose skoonheid nie. Sy Heiligheid druk sy andersheid uit en sluit juis sy liefde in. Daarom word die kerk, uit die aard van die saak, opgeroep om alle mense en dus alle sondaars lief te hê en met omarming in te trek in God se liefde. Hierdie liefde sluit dus alle mense in, ongeag die sonde waarmee hul steeds worstel. Liefde beteken egter nie dat die kerk kan sê dat alhoewel jou gedrag, ingesteldheid of leefstyl in stryd met God se Woord is, dit wat jy doen dan nou goed is nie.

Dokument 02: Vriendskaplike kontak met homoseksueel-georiënteerde | homoseksuele persone keur nie hulle sondige lewensstyl goed nie. Ons beoordeel slegs hul dade op grond van God se handleiding vir die mens: die Bybel.

3.4 Die hantering van homoseksuele lidmate in gemeentes.
Tientalle beswaarskrifte spreek die saak aan oor die wyse waarop homoseksuele persone in die gemeente behandel moet word. Hulle oordeel dat hierdie eerder die etiese vraag is wat hanteer moet word: hoe tree ons in Kerk teenoor gay lidmate op? Die kerk moet in sy hantering van mense met baie groot liefde en deernis optree, nederig en sonder om voor te gee dat ons finale antwoorde het.

Dokument 10: Ons is diep bewus daarvan dat ons oor MENSE praat. Mense wat kan seerkry, mense met gevoelens, mense wat met hulle eie seksuele oriëntasie stoei. Boonop praat ons ook oor MENSE (dis nou gemeentelede!) se kinders, broers, susters en vriende. Juis daarom praat ons stamelend, nederig sonder om voor te gee dat ons FINALE ANTWOORDE op alles het en gemaklik op God se regterstoel kan klim. Ons het absolute DEERNIS en begrip met julle almal se worsteling en bid dat die Here julle sal help en lei!

Dokument 49: Daar kon eerder 'n werkstuk opgestel gewees het wat ons rig hoe om in liefde hierdie lidmate te lei en te ondersteun sonder om die lewenstyl goed te keur.

Dokument 76: Gemeentes behoort daarop te let om homoseksuele mense met deernis en liefde binne die veilige ruimte van die gemeente te versorg.

4. SPESIFIEKE BYBELSE NORME EN BREËR WAARDES
Die besware in hierdie verband gaan daaroor dat die etiese besluitneming in die besluite van 2015 nie voldoende aandag gee aan die spesifieke Bybelse norme en voorskrifte soos ons dit vind in die tersaaklike Bybeltekste nie, maar net aan die meer algemene of breër waardes soos inklusiwiteit respek en menswaardigheid.

Dokument 67: Duidelike Bybelse uitsprake oor die beoefening van homoseksualiteit in die OT sowel as in die NT word geïgnoreer en onder 'n algemene liefdesgebod gehanteer om so Bybelse legitimiteit daaraan te verleen. Dit wat die Algemene Sinode van 1986 gevrees het gebeur presies in hierdie besluit, nl. dat daar 'n spanning geplaas word tussen die konkrete gebooie van die wet van God en die samevattende sin van die wet, die liefde tot die naaste.

Die Algemene Sinode 1986 gaan voort en sê (aangehaal uit Agenda 1986) : “Dit is na ons mening teologies ontoelaatbaar en dit laat die deur oop vir etiese subjektiwisme. Dit word moontlik om die heersende sedelike opvatting van die tyd op een of ander wyse met die Bybel te versoen, sy dit dan deur ‘n sterk aksent op die historiese bepaaldheid van die konkrete Bybelse gebooie of deur die redenasie dat die relasionele karakter van die waarheid toelaat dat ons in verskillende tye verskillend met die Bybelse gebooie sal omgaan.”

5. ONDERSKEID TUSSEN ’N ETIEK VAN BO EN ’N ETIEK VAN ONDER.
Hierdie besware gaan oor die hoek van waaruit die Kerk redeneer wanneer nagedink word oor etiese sake. ‘n Etiek van Bo werk met die uitgangspunt dat Christelike etiese standpunte God se heiligheid moet erken en erken dat God se wil die finale maatstaf vir die regte lewenswyse is. ‘n Etiek van onder gee gelyke of selfs groter gewig aan die wetenskap, interpersoonlike verhoudings, wat in die samelewing gebeur en heersende denkstrome as aan die Bybel. Die beswaar is dat dit die eintlike begronding van die Christelike etiek ondergrawe.

Dokument 34: *Without God, who is to say that one culture’s values are better than another’s? Who’s to say who is right and who is wrong?”* André Bekker haal psigiater Jeffrey Satinover aan wat eweneens oor moraliteit die vertrekpunt in God neem. Hy haal Satinover aan: *“Science... can say nothing about morality. For morals have to do with how things should be, whereas science can at best only tell us how things are. Furthermore, once we begin to consider how things should be, we find ourselves in the domain of religion.*

5.1 Etiek gaan nie net oor die medemens nie.
Mens kan nie etiek reduseer tot interpersoonlike verhoudings nie dit is nie goed genoeg om te redeneer dat niemand skade aangedoen word nie, jy moet ook die vraag vra of iets reg of verkeerd is in God se oë.

Dokument 69: Nêrens lees ek dat as hulle hul gedra en niemand skade aan doen nie maar in liefde mekaar bedien is dit reg in die oë van God nie.

6. DIE VERHOUDING WOORD EN SKEPPING
Etiek moet afgelei word uit die Woord en uit die Skepping**.** In die beoordeling van wat natuurlik is, moet die Kerk haar laat lei deur wat die Skrif oor die skeppingsorde sê, en dit moet voorkeur kry in etiese voorskrifte. Homoseksuele praktyke is in stryd met wat die Woord sê oor hoe God man en vrou geskape het nie. In die oorweging van hierdie saak moet die aard van die skepping ook in ag geneem word. Die seksuele verbintenis tussen manlik en vroulik is die wyse waarop voortplanting in die skepping plaasvind.

Dokument 46: Die uitlewing van homoseksualiteit druis in teen die skeppingsorde van God naamlik dat seksualiteit ‘n geskenk is aan ‘n man en ‘n vrou (dus ‘n heteroseksuele verhouding) binne die beskermde ruimte van die huwelik (Gen 2:23-24; Mt 19:5).

Dokument 56: Enrico Casaleggio wys tereg aan dat die Griekse woorde wat vir “teen-natuurlik” in Romeine 1 vers 27 gebruik word, is παρα φυσιν (para fusin). (The Greek New Testament, 1975: 531). Moo dui oortuigend aan hoe Paulus met hierdie woorde, op voetspoor van Joodse skrywers soos Philo en Josephus, wil sê dat homoseksualiteit teen-natuurlik is in God se oë; dat dit teen God se bedoeling met die geskape mens en teen Sy bedoeling met die huwelik is. Moo stel dit as: “Sexual sins that are ‘against nature’ are also, then, against God, and it is this close association that makes probable that Paul’s appeal to physis in this verse includes appeal to God’s created order … As in the previous verse, physis denotes the natural order, but as reflective of God’s purposes” (1991: 109 - 1107).
Selfs William Loader (2012) wat selfdegeslag verhoudings voorstaan, erken in sy boek “The New Testament on Sexuality” dat Paulus skryf teen gelyke selfdegeslag verhoudings in Romeine 1 verse 26 en 27, en dat “teen die natuur” beteken vir Paulus dat slegs die seksuele verhouding tussen ’n man en ’n vrou vir God aanvaarbaar is.

Dokument 67: God het man en vrou gemaak en hulle in die huwelik gestel en uit hulle het Hy kinders voortgebring om die aarde te bewoon. Dit is die natuurlike verhouding wat Hy daar gestel het. Dieselfde geslag kan nie natuurlik verkeer nie en kan nie kinders voortbring nie en moet van surrogaat persone gebruik maak weereens ‘n bewys dat dit teen die skepping van God is.

Dokument 81: Skepping-en-skeppingsopdrag. God het man-en-vrou geskape. Hy het man-en-vrou aan mekaar toevertrou en hulle beveel om te vermeerder. Hieroor is die Skrif baie duidelik. Nie in die Ou-of-Nuwe Testament is daar enige vermelding van twee mans of twee vrouens wat deur God aan mekaar toevertrou is nie. Ons glo ook dat die Skrif duidelik is oor die feit dat alle seksuele verhoudinge buite die huwelik teen God se wil en plan is.

Dokument 97: Wanneer Paulus in Rom 1:27 sê dat die sondige manne van sy tyd die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar het en in wellus ontbrand het om skandelikhede met ander mans te pleeg, verwys hy daarna dat die skeppingsorde van God deurbreek is. Die natuurlike- of skeppingsorde van God is dat ‘n man sy pa en ma sal verlaat en saam met sy vrou sal lewe en dat hy en sy vrou een vlees sal word Gen 2:24. Slegs man en vrou kan voortplant omdat dit binne God se skeppingsbedoeling is. Man en man, asook vrou en vrou, kan nie voortplant nie, want hulle is in ‘n teen-natuurlike verhouding buite God se skeppingsorde en buite God se bedoeling. Om te sê dat

die “téén-natuurlikheid” van Rom 1:26-27 onder andere verwys na homoseksuele persone wat in botsing met hulle natuurlike drange in ‘n heteroseksuele verhouding is, is doodgewoon om die konteks van die Bybel te verontagsaam. So ‘n standpunt is in stryd met Paulus se hele teologie en strook glad nie met sy lering in ander geskrifte oor die saak nie. Al “natuurlikheid” wat die Bybel ken by seksuele omgang is dié tussen een man en een vrou in die heterogame huwelik.

7 DIE HANTERING VAN DIE KULTUURGAPING

7.1 Die kulturele afstand en die lees van die Bybel

Die eerste beswaar wat hier na vore kom, is dat daar in die verslag en besluite van 2015 baie klem gelê word op die kulturele afstand tussen die wêreld van die Bybel en vandag, maar dat dit nie konsekwent toegepas word nie. Dit kan ook nie konsekwent toegepas word nie omdat dit uiteindelik daartoe sal lei dat ons geen uitsprake met etiese inhoud kan maak nie. Al wat sal oorbly is die breër waardes van liefde, menswaardigheid, geregtigheid, inklusiwiteit en respek vir alle mense. In dokument 56 word daar gevra dat ons die Skrif eerder heilshistories sal lees as kultuursensitief.

Dokument 56: Na bestudering van die Algemene Sinode se eie studiestukke het dit egter duidelik opgeval dat die klem oor Skrifgebruik op die erkenning van die kulturele afstand tussen die wêreld van die Bybel en die wêreld van vandag val (moontlik ’n rede waarom die Belhar Belydenis ook deel van die Kerkordelike belydenisgrondslag moet wees), en die invloed wat dít het op gelowiges se interpretasie van die Skrif in 2015. Dít word by implikasie as die rede aangevoer waarom ons onder andere nie meer mense doodmaak wat hulle ouers vloek (Eksodus 21 vers 15), wat ’n homoseksuele verhouding het (Levitikus 20 vers 13), wat die naam van die Here oneerbiedig gebruik (Levitikus 24 vers 15), of wat egbreuk pleeg (Levitikus 20 vers 10) nie (p. 6).
(...)
Dit is natuurlik so dat as kultuurverskille die norm behoort te wees waarom ons sekere dele uit die Ou Testament nie meer van toepassing maak op vandag nie, dit wel konsekwent is om by ’n besluit uit te kom dat selfdegeslagverhoudings goedgekeur en geseën kan word. Wat egter nie konsekwent sou wees nie, is dat die kerk op grond van dieselfde logika sou kon sê dat dit onaanvaarbaar sou wees dat kinders hulle ouers vloek (Eksodus 21 vers 15), dat die naam van die Here oneerbiedig gebruik word (Levitikus 24 vers 15), of dat egbreuk gepleeg kan word (Levitikus 20 vers 10) – vanuit hulle eie voorbeelde hierbo. Want hedendaagse kulturele waardes, veral dié kultuur wat deur Hollywood en/of die TV sepies vir ons aangebied word en wat baie mense aanneem, keur nie meer laasgenoemde dinge af nie. As ons dus ons moet verlaat op heersende kulturele waardes wat hierdie dinge betref, sal sulke dinge ook goedgekeur moet word.
Om dus saam te vat, gelowiges maak nie die strawwe oor sonde van toepassing op ons as Nuwe Testamentiese gelowiges nie, omdat ons die Bybel heilshistories lees, en nie omdat ons dit “kultuur sensitief” lees nie. Om die Bybel heilshistories te lees, beteken dat ons die Bybel lees in terme van die geskiedenis van die heil wat uitgeloop het op Christus as klimaks van die heilsgeskiedenis. In Christus het hy die Wet(boeke) en die Profete vervul (Matteus 5 vers 17; vgl. Lukas 16 verse 16 en 17; Efesiërs 1 vers 23). Inteendeel: Lukas 18 vers 31 sê: “alles wat deur die profete geskrywe is, sal aan die Seun van die mens vervul word”. Dit beteken dat ons die Wet(boeke) lees vanuit die vervulling in Christus en vanuit die evangelie.
Om die Ou Testament heilshistories te lees beteken egter nie dat gelowiges sonde herdefinieer of dat diesulkes hulle definisie van sonde aanpas by die hedendaagse kultuur nie (asof ’n mens kan praat van pre-moderne, moderne en postmoderne sonde?) Dit beteken wel dat gelowiges nie meer “onder die Wet” en “onder die sonde” is nie: diesulkes is nie meer onder die heerskappy daarvan nie, en hulle is nie meer onder die Mosaïese sisteem van die Wet nie. Onthou: Gelowiges is nou “onder die genade”, maar dit beteken juis nie ons kan steeds voortgaan om te sondig nie (Romeine 6 vers 14), of dat ons sonde kan herdefinieer nie. Die kennis van sonde is steeds deur die Wet (Romeine 3 vers 20). Dit beteken dat die moraliteit agter die Wet steeds geld omdat dit wat reg en verkeerd is, gekoppel is aan God se ewige karakter en Sy heiligheid, en aan Sy skeppingsorde.

7.2 Homoseksuele praktyke in die Bybel en vandag

In die 2105 verslag word beweer dat die Bybeltekste nie gaan oor die hedendaagse verskynsel van ‘n homoseksuele oriëntasie nie en dat dit waarteen die NT hom uitspreek oor ander sake gaan soos tempelprostitusie, pederastie en heteroseksuele mense wat homoseksuele dade pleeg. Ons kan die afwysing in die Skrif dus nie letterlik opneem nie en moet eerder die vraag vra oor die kulturele gaping wat oorbrug moet word as ons vandag ‘n etiese uitspraak hieroor wil maak.
Hierteen word beswaar gemaak:

Dokument 56: Uit die gelese studiestukke van die Algemene Sinode (AS), wat soms van swak akademiese standaard getuig, word dikwels erken dat die Bybel nie die begrippe “homoseksualiteit” in die sin van vandag gebruik nie en dat die gedeeltes eerder betrekking het oor dade wat afgekeer word en/of verband hou met betrekking tot die sogenaamde ongelyke stand van mense. Gemelde standpunt getuig van dwaalleer en is ’n verdere grond vir die bekragtiging van die NG Kerk se nuwe hermeneutiese sleutel aangesien die feit van die saak van homoseksualiteit tussen gelykes wel ’n aanvaarde en algemene praktyk van die antieke tyd was, terwyl Christene anders as die wêreld geleef het en selfs daarmee gebreek het (1 Korintiërs 6 vers 12*: “En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die*

Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God." en Matteus 19 vers 12: "Daar is mense wat nie kan trou nie omdat hulle van hulle geboorte af so is, ander is deur mense so gemaak, en ander het self so gekies ter wille van die koninkryk van die hemel. 'Wie dit kan doen, laat hy dit doen.'") Gevolglik is denkfout twee die volgende: Hoewel die Bybel in hedendaagse taal geskryf is, waar gelowiges die konsepte of begrippe soos "homoseksualiteit" of "selfdegeslag seksuele oriëntasie" gebruik, beteken dit beslis nie dat die verskynsel destyds nie bestaan het en algemeen bekend was nie.
(...)
Hierdie studies toon verder dat die verbod van Paulus op homoseksuele verhoudings in 1 Korintiërs 6 dus nie net gemik was teen die gevalle van tempel-prostitusie nie, maar teen homoseksualiteit in die algemeen. Dit beteken dat die verbod vandag steeds geld. Die morele eise van die wet geld steeds. (...)
Feitlik alle nuwer kommentare op Romeine meen dat Paulus homoseksualiteit tussen gelykes of in alle vorms (insluitend tussen gelykes) afkeur.

Dokument 98: Volgens DF Wright is *arsénokoités* 'n neologisme deur Paulus geskep juis op grond van die Septuaginta se omskrywing van Lev. 18:22 en Lev 20:13. Dus manne wat saam in die bed is/ lê, soos wat 'n man by 'n vrou lê/ in die bed is, is die sonde hier ter sprake, DF Wright The construction of Homosexuality (1984). Dit is dus nie 'n verwysing na tempelprostitusie of bloot seksueel perverse gedrag nie, maar 'n afwysing van 'n tipies homoseksuele verhouding wat beide die verfynde/passiewe en die meer aktiewe vennoot van so 'n verhouding insluit, volgens Dr Peet H Botha, The Bible and Homosex (2014:57-63).
Die verdere argument dat die hedendaagse verhoudings van liefde en trou tussen twee persone van dieselfde geslag aan die Bybelskrywers onbekend was en dus iets nuut is, is onwaar. Permanente verbintenisse en selfs huwelike tussen persone van dieselfde geslag het onder die adel van baie beskawings voorgekom, bv in Iran, China, Babel, Egipte, Grieke en die Romeine. In die Joodse kultuur en tradisie is dit konsekwent afgewys as sonde teen God. Juis in die tyd toe Paulus sy briewe aan die gemeentes geskryf het was keiser Nero in die huwelik bevestig met twee mans. Die meeste van die keisers was in hetero- en homo-seksuele verhoudings betrokke. In die Grieks-Romeinse kultuur gedurende die tyd van die vroeë kerk was pederastie en losse homoseksuele verhoudings volop, maar ook langtermyn verhoudings van "liefde en trou" tussen persone van dieselfde geslag. Paulus het seksuele verhoudings tussen dieselfde geslag konsekwent afgewys en geen ruimte gelaat vir selfs verhoudings van liefde en trou nie.

8 DIE CHRISTELIKE HUWELIK
Hierdie is een van die mees sentrale sake waaroor die besware gaan. Die huwelik word gesien as 'n lewenslange, eksklusiewe verbintenis tussen 'n man en 'n vrou, dit is heilig en die enigste ruimte wat God skep waarbinne seksuele verkeer mag plaasvind. Die Bybel spreek hom uit teen enige seksuele uitlewing buite die ruimte van die huwelik.

Dokument 06: Ons glo dat die Skrif duidelik is daaroor dat alle seksuele verhoudinge buite die huwelik teen God se wil en plan is.

Dokument 24: Die huwelik is dwarsdeur die Bybel tussen een man en een vrou. Alhoewel daar poligamie en egbreuk was, het dit nie instelling of heiligheid van die huwelik as verhouding tussen een man en een vrou verander of opgehef of selfs uitgebrei nie. Ons sien verder dat die metafoor bruid en bruidegom 'n deurlopende gebruik is in die Bybel as 'n verwysing na God en die kerk, of in gevalle van 'n man en 'n vrou wat huweliksverbintenisse maak. Opvallend in die Bybel, is dat daar geen riglyne of verwysing in die Bybel bestaan oor selfdegeslaghuwelike nie, net tussen 'n man en 'n vrou.

Dokument 89: In ons verstaan van die Bybel, is die huwelik 'n instelling tussen een man en vrou soos genoem in Genesis 2 en weer deur Jesus Christus aangehaal word in Matteus 19 waar Jesus Christus die middelpunt van die huwelik is. Ons sien nie 'n burgerlike verbintenis as alternatief vir die huwelik soos deur God ingestel nie. Daarom word versoek dat predikante van hierdie gemeente nie burgerlike verbintenisse voltrek nie.

Dokument 46: Reeds by die Skepping is dit duidelik dat God man én vrou geskape het, elkeen uniek met 'n eie aard. Hulle is bestem om mekaar aan te vul een te word in die huwelik (Gen 2:24). So besonders en heilig word die huweliksband geag dat Paulus in die Nuwe Testament die huwelik noem as 'n afbeelding van die verhouding tussen Christus en Sy Kerk (Ef 4:21-32). Seksuele afwykings, waaronder homoseksualiteit, is 'n gevolg van die sondeval en druis in teen God se oorspronklike bedoeling.

Dokument 113: Die burgerlike verbintenis tussen mense van dieselfde geslag is dus 'n buite-huwelikse verbintenis waarvoor daar geen Skriftuurlike gronde bestaan nie. Daarom kan 'n kerk wat volgens sy Kerkorde op die Woord van God staan, nie ruimte maak vir so 'n verbintenis van mense van dieselfde geslag binne die kerk nie.

9 BYBELSE ALTERNATIEWE VIR SELFDEGESLAGVERBINTENISSE WORD NIE ERNSTIG OPGENEEM NIE.
2.9.1 Wat van die Christelike deugde?

Die 2015 besluite laat homoseksuele gelowiges wat in gehoorsaamheid aan die Skrif nie homoseksuele praktyke beoefen nie, in die steek. Christelike deugde soos reinheid en selfbeheersing word nie in berekening gebring deur hierdie besluite nie.

Dokument 62: Wat my werklik ontstel is hoe die sinode ons selibate gay lidmate in die steek gelaat het. Hierdie mense leef al jare selibaat, soos hulle glo die Bybel van hulle verwag en nou moet hulle hoor dis skielik “okay” om jou gayskap uit te leef.

Dokument 122: Dis nie ons plek om mense te veroordeel nie, soos Jesus aandui wanneer Hy vir die mense wat die owerspelige vrou wil stenig, sê dat dit een wat geen sonde het nie, die eerste klip moet gooi. Terselfdertyd is dit ook nie ons plek om die Woord te verdraai nie en glo ons dat ons, in die lig van sy verdere opdrag aan die owerspelige vrou, nl. om heen te gaan en nie meer te sondig nie, geroep is om dieselfde te sê aan persone wat glo dat hulle van homoseksuele oriëntasie is. God het ons 'n gees van krag , selfbeheersing en liefde gegee. Ons is tot alles in staat deur Christus wat ons die krag gee. Ons kan daarom alle uitdagings te bowe kom.

Dokument 56: Erkenning word gegee dat almal in die werklikheid van die sondige gebrokenheid leef. Christene word opgeroep tot selfbeheersing – ook wat ons seksuele drange en behoeftes betref. Die oortuiging, vanuit die waarheid van die evangelie, dat die verlossingswerk van die Here Jesus Christus ons van die heerskappy van die sonde vrymaak, behoort ’n sentrale tema tydens die pastoraat te wees.

9.2 Menslike vryheid en keuse.
Dokument 17 beskryf ‘n Bybelse antropologie wat gebaseer is op die volgende: die mens is van nature ‘n sondaar met ‘n natuurlike geneigdheid tot sonde. Op grond hiervan kies mense om te sondig. Die vryspraak in Christus maak dit egter vir mense moontlik om te kies om in gehoorsaamheid aan God te lewe. Die feit dat mense gebore word met ‘n homoseksuele oriëntasie gee daarom nie regverdiging om dit uit te leef nie. Alle mense is gewikkel in ‘n stryd teen verkeerde leefwyses en kan net in Christus oorwinning verkry.

Dokument 86: Wanneer ons dus mense met ’n oriëntasie tot selfdegeslag seksuele verhoudings in ‘n pastorale gesindheid van aanvaarding as lidmate aanvaar, kan ons nie anders nie as om hulle te versoek om die verantwoordelikheid van die selibate lewe te aanvaar en hulle te weerhou van praktyke van geslagsgemeenskap in selfdegeslag seksuele verhoudings. Ons kies dit nie in eie reg en terwille van selfhandhawing nie, maar omdat ons nie anders kan nie as om sover dit binne ons begrip en vermoë is, getrou te bly aan ons verstaan van God se oorspronklike bedoeling met menslike seksualiteit soos die Bybel daaroor praat.
Hierdie oproep tot ’n selibate lewe is nie bedoel om mense met ’n selfdegeslag seksuele oriëntasie te na te kom, te veroordeel of te verontreg nie. Eerder word dit gebore uit ‘n eerlike en opregte poging om in ons menslike swakheid, niks anders te wil wees of na te streef as om Christus, ons Here, te ken en aan Hom gehoorsaam te wees uit dankbaarheid vir sy onverdiende en onbegryplike genade in ons lewe nie.

Dokument 122: Dié van ons wat wel glo dat daar iets soos konstitusionele homoseksualiteit bestaan, oordeel steeds dat, sou 'n persoon wel met 'n homoseksuele oriëntasie gebore word, hy/sy nie daarom homoseksuele praktyke mag beoefen nie, net soos wat 'n persoon met 'n predisposisie tot alkoholisme geroep word om teen te staan en dus selibaat moet lewe. Dit is die kruis wat hulle moet dra. Ons glo dat dit die bedoeling is van Jesus se uitspraak in Matteus 19:72 en Paulus se uitspraak in verband met die doring in sy vlees (2 Korintiërs 12: 7).

10 DIT IS ‘N FOUT OM HIERDIE AS ‘N RANDSAAK TE BESKOU.

10.1 Leer en lewe is een saak.
Die onderskeid tussen leerstellige kernsake en etiese sake as randsake is nie Bybels verantwoordbaar nie. Etiese sake is nie opsioneel nie, inteendeel, dit is die merkers van ‘n lewe wat aan God toegewy is. 1 Kor 6:9 waarsku (soos ook Gal 5:21) ten opsigte van ‘n lys van konkrete etiese sake (nie breë waardes nie) dat mense wat hulle hieraan skuldig maak, nie die koninkryk sal binnegaan nie. Dit sal dus ‘n fout wees om te argumenteer dat mens op grond van jou geloof gered word sonder dat ‘n veranderde lewe daarmee saamgaan. Dit sal ook ‘n waninterpretasie van die Bybel wees om te beweer dat die groot waardes soos liefde, geregtigheid, menswaardigheid, inklusiwiteit die kernsaak is maar dat die konkrete etiese opdragte randsake is. Dit is nie hoe die Bybel self dit aanbied nie. 1 Timoteus 1:10 verbind ‘n lys etiese voorskrifte aan die gesonde leer. Leer en lewe kan nie op so ‘n wyse van mekaar geskei word nie, dit is gesamentlik uitdrukking van mense se verbondenheid aan Christus.
Vergelyk ook in hierdie verband 2 Timoteus 3:16 waar die betekenis en doel van die Heilige Skrif verduidelik word: Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek,
Die regstel van verkeerdhede en kweek van ‘n regte lewenswyse word nie hier ondergeskik gestel aan waarheid met die teenkant van dwaling nie.

Dokument 74: Om in aansluiting by [d] aan te voer dat hierdie besluite nie die hartsake van die kerk raak nie, is nie net wensdenkery nie, maar bloot net onbybels.

10.2 Alle sondes op dieselfde vlak
Ons moet alle sondes op dieselfde vlak hanteer, nie sommige afmaak of ignoreer nie. ‘n Verdere probleem met die besluit is dat dit een sonde by name uitlig en dan, reglynig teen wat die Bybel daaroor sê, kondoneer. Daarmee saam egter, dat geen mens van die geloofsgemeenskap uitgesluit mag word nie, ons is immers almal sondaars. Dokument 10: Ons bely voorts dat ALLE sonde op gelykwaardige vlak sonde is en dat nie een enkele sonde erger is as ’n ander nie. God haat alle sonde (denke, dade en versuim) maar het alle SONDAARS LIEF. Op grond hiervan is ons harte en gemeente OOP en verwelkomend teenoor ALMAL, sonder dat ons ENIGE SONDIGE PRAKTYK VAN ENIGIEMAND GOEDKEUR.

11. Aanbevelings

11.1 Die Algemene Sinode besluit om by die komende spesiale sitting in diepte te praat oor die NG Kerk se interpretasie van die Bybel rondom spesifiek die sake van homoseksualiteit en daaruit voortspruitende selfdegeslagverhoudinge.

11.2 Die Algemene Sinode van die NG Kerk besluit om al haar lidmate om verskoning vra oor die feit dat die sinodegangers geswig het onder die druk om wat God as sonde beskou, goed te praat.

11.3 Die Algemene Sinode herbevestig dat die Woord van God bo alle ander ‘Algemene Openbarings’ prioriteit neem en dat die NG Kerk as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis Sola Scriptura – Slegs die Woord. Dit beteken dat die Woord van God as die hoogste gesag beskou sal word en dit nie verdraai sal word nie.

11.4 Die Algemene Sinode vra dat die Kerk sy profetiese roeping vervul deur die humanistiese aard van die gay-regte beweging uit te wys en nie die kerklike lewe daarvolgens kompromitteer nie.

11.5 Die Algemene Sinode vereenselwig hom met die besluite van die Algemene Sinodes (2004, 2007 en 2013) dat die huwelik slegs tussen een man en een vrou kan bestaan.

11.6 Volgens die Skrif is ‘n monogame huwelik, tussen één man en één vrou, die enigste Christelike verbintenis waarbinne seksualiteit uitgeleef en beoefen kan word, volgens die wil en bedoeling van God.

11.7 Die sinode besluit dat die huwelik in ere herstel sal en dat geen homoseksuele verhoudings en verbintenisse die kerk se goedkeuring wegdra nie. Die Sinode bevestig dat homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as ’n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

11.8 Die Sinode bevestig dat ’n homoseksuele leefstyl deur die NG kerk as sonde beskou en hanteer sal word en dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.

11.9 Die Sinode bevestig dat alle ongetroude mense wat selibaat lewe, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

11.10 Die Sinode besluit dat die kerk sy bediening aan homoseksuele persone sal opskerp deur hulle in liefde te ontvang en saam te werk met bestaande bedieninge wat homoseksuele persone help om vry te kom van ’n homoseksuele leefstyl.

A.2 TAAKSPAN VIR BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORLEGINGS

A.2.8 HOMOSEKSUELE PERSONE IN DIE AMP

1. INLEIDING

Punt 5 van die Algemene Sinode, 2015, se besluit oor selfdegeslagverhoudinge het betrekking:
"Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie van ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval."

Die saak van homoseksuele lidmate in die amp (meer spesifiek die predikantsamp, maar wel ook in die ander ampte en ander leiersposisies in die gemeente) word in plus-minus 20% van die gravamina/beswaarskrifte aangespreek. In baie gevalle word net 'n stelling in hierdie verband gemaak, maar in ander word wel 'n motivering vir die standpunt gegee. Die "bewyslas" vir die standpunt oor die homoseksueel in die amp word primêr in die Skriftuurlike verstaan van homoseksualiteit gevind.

Twee standpunte word duidelik:

Standpunt 1: Daar is geen ruimte vir 'n homoseksuele persoon in enige amp of leiersposisie nie

Standpunt 2: As die homoseksueel georiënteerde persoon selibaat leef, het hy/sy toegang tot volle lidmaatskapregte, insluitende die amp – en ander leiersposisies. (NG Kerk in Namibië; NG Ring van Estoire; NG Kerk Charl Cilliers; NGK Stilbaai; NGK Marquard; NGK Witbank-Panorama; NGK George; Chris van Wyk; Tiaan Boshoff; WD Strauss; SJ Louw; G Bekker).

Opmerking na gesprek in die Taakspan: Die eerste standpunt hierbo word nie verder hanteer nie (en daar is geen verdere verwysings in die verslag na die vergaderings of lidmate wat dit gestel het nie). Hierdie standpunt is nie ontvanklik nie omdat dit vra vir 'n wysiging van die besluite van die Algemene Sinode van 2007 en 2013 oor homoseksualiteit en nie slegs oor die saak op die tafel, naamlik die besluit oor selfdegeslagverhoudings van die Algemene Sinode van 2015.
Hierdie verslag poog op geen manier om waarde-oordele uit te spreek oor die standpunt nie, maar gee alleenlik die gegewens in die gravamina/beswaarskrifte deur.

2. MOTIVERING

Die primêre motivering vir die standpunt(e) ten opsigte van die homoseksueel in die amp gaan uit van die Skriftuurlike verstaan van óf die sondigheid van 'n homoseksuele oriëntasie óf van die sondigheid van die aktiewe seksuele uitlewing van die homoseksuele georiënteerde. (In hierdie verslag word nie verder ingegaan op die Skriftuurlike begrondinge nie, omdat dit volledig in ander verslae van die Taakspan gehanteer word).

2.1 VERDERE MOTIVERINGS

As verdere (en aansluitende) motiverings word die volgende gegee. Die motiverings word merendeels woordeliks uit die skrywes aangehaal.

2.1.1 Ampsdraers kan nie in sonde leef of volhard nie.

"Gegewe hierdie kerkraad se verstaan dat homoseksualiteit as sonde beskou word, sien ons die term 'Christelik-etiese standaarde (leer en lewe)' as 'n kontradiksie in terme, omrede Christelik impliseer in ooreenstemming met die Bybel en dít is nie ons verstaan van homoseksualiteit nie; die Here se kerk kan immers nie mense wat in sonde voortlewe as herders aanstel nie" (NGK Fouriesburg).

"Matteus 5:23 – 24 leer vir ons dat ons nie 'n gawe aan die Here kan bring as ons nie 'skoon hande' het nie. In die lig daarvan en ook ander tekste herbevestig hierdie kerkraad dat mense wat nie met sonde in hulle lewe wil breek nie, nie in die gemeente in enige bediening mag staan of bedien nie" (NGK Sasolburg Fakkel).
"'n Prediker wat willens en wetens in die sonde bly volhard, is nie ernstig met sy verhouding met die Here nie. So 'n persoon kan nie 'n herder vir soekende siele vir die Here wees nie" (Mollie Follard).
Ook kan so 'n persoon self nie meer pastoraal begelei word tot nuwe insigte nie (NGK Ermelo Oos Selkerk).

"Ampsdraers in die kerk is gelowiges wat 'n roeping van die Here ontvang het om namens Christus oor Sy Kerk te regeer. Die Skrif stel dit duidelik dat daar van ampsdraers verwag word om in hulle huwelikslewe, huislike lewe en persoonlike gedrag 'n toonbeeld te wees van die Nuwe Lewe in Christus. Persone wat volhard in die sonde en nie aan die vereistes voldoen nie, kan nie as ampsdraers in die Kerk die Koninkryk van God dien nie" (1 Tim 3 – SJ Louw; NGK George).
"Die besluit van die Algemene Sinode kan 'n ruimte skep vir mense om in gemak te volhard in hulle sonde en steeds in die amp bly. Terwyl die Woord vir ons baie duidelike riglyne gee oor die lewenswandel van ampsdraers" (Ring van Heidelberg).
"Die Bybelse beginsels vir die ampte bly dieselfde. Sou die deur geopen word vir een saak, soos bv

homoseksualiteit, is die vraag: waarvoor gaan volgende ruimte gemaak word. Om maar net ‘n voorbeeld te noem : Wat van egbrekers, persone wat poligamie beoefen? Daarom verwerp ons die moontlikheid dat persone wat homoseksuele dade beoefen in die besondere ampte in die Kerk staan” (SJ Louw).

2.1.2. Die Algemene Sinode se besluit is in stryd met die NG Kerk se legitimasieverklaring.
Die huidige legitimasie verklaring soos voorgeskryf in die Reglemente kan nie aan voldoen word deur homoseksuele leraars as gevolg van die huidige geloofsbelydenisse.
Reglement 10 Paragraaf 8 skryf die volgende Plegtige Legitimasieverklaring voor.
‘Ek, die ondergetekende, oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here
1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;
2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;
3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;
4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;’
In die navolging van hierdie verklaring kan leraars wat in homoseksuele verhoudings staan, met die HK Vraag 56 ingedagte, nie eerlik hierdie verklaring aflê nie. Hoe sal sulke leraars die leer getrou verkondig of dwalinge weerlê?” (NGK Charl Cilliers).

2.1.3. Perspektiewe vanuit die praktyk:
Hoe kan ‘n gay-predikant die Woord verkondig waar verwys word na man en vrou, vaders en moeders en spesifiek na homoseksuele (WL Basson).
Hoe preek ‘n gay predikant oor die kerk as bruid van die Lam. Hoe kan sy/haar eie huwelik voorbeeld wees van die Bruidegom en bruid?
“Probleme kan ook ontstaan op die gebied van pastorale berading. Gestel ‘n manlike lidmaat het ‘n predikant wat homoseksueel is, en hy nader die predikant met ‘n geestelike of ander probleem. Gestel nou hierdie manlike lidmaat kom agter dat die predikant aangetrokke tot hom is. Hoe kan so ‘n lidmaat veilig voel in hierdie situasie, en hoe sal hy kan baat vind by die berading of advies wat die predikant hom aanbied? In die geval van ‘n heteroseksuele predikant, wat byvoorbeeld ‘n vroulike lidmaat moet beraad, sal hy wys wees om sy vrou by die sessie te betrek, nie alleen om sy eie (goeie) reputasie te beskerm nie, maar ook om die veiligheid van die vroulike lidmaat te verseker. Indien dieselfde beginsel toegepas word op ‘n homoseksuele predikant, sal die betrekking van sy “eggenoot” by die berading van ‘n man, of vrou, nie juis die situasie verbeter, vir beide homself of die betrokke lidmaat, nie. In die besonder, hoe sal ‘n manlike predikant, wat homoseksueel is, met ‘n manlike eggenoot, (of ‘n vroulike predikant met ‘n vroulike eggenote) waardevolle huweliksadvies aan ‘n heteroseksuele egpaar (man en vrou) kan gee? My kennis van homoseksuele vroue is dat hulle dikwels uitermate feministies is, en as’t ware mans haat. In so ‘n geval sal ‘n vroulike homoseksuele predikant beslis nie die aangewese persoon wees om goeie en objektiewe advies te gee aan mans wat huweliksprobleme ervaar nie” (WJB Esterhuizen; Vgl ook Tiaan Boshoff).
‘n Voorbeeld word genoem van ‘n gemeente met homoseksuele persone op die kerkraad en met ‘n gay predikant. Volgens getuienis val hierdie gemeente moreel uitmekaar en kinders van die Here verlaat die gemeente. Net die loues bly oor (Rina Smith).

2.1.4 Die vereiste van ‘n selibate lewenstyl
As motivering vir ‘n selibate homoseksuele ampsbediening, is die volgende ‘n samevattende verduideliking:
“Ons aanvaar die liefde van Christus as die wesenlike grondhouding waarop alle verhoudinge binne en buite die geloofsgemeenskap gebaseer moet word (HK vr. 32). In Christus word alle gelowiges verlos om deel van die geloofsgemeenskap te wees, en deur die Gees met die volheid van God vervul. Alle gelowiges se identiteit word daarom bepaal deur hulle geloof in Christus, nie deur enige ander eienskap nie, ook nie hulle seksualiteit nie. Hand. 11:26; 1 Kor. 6:15; 1 Joh. 2:27; Hand. 2:17. Matt. 10:32; Rom. 10:10; Rom. I2:1; 1 Pet. 2:5, 9; Openb. 1:6; 5:8, 10; 1 Pet. 2:11; Rom. 6:12, 13; Gal. 5:16, 17; Ef. 6:11; 1 Tim. 1:18, 19; 2 Tim. 2:12; Matt. 25:34.
Alle mense, ongeag hulle seksuele aangetrokkenheid en/of oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en behoort op grond van hulle doop en geloof as volwaardige lidmate van die kerk van Christus aanvaar te word. Onder volwaardige lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
Persone wat 'n selfdegeslag aangetrokkenheid en/of oriëntasie beleef, mag volledig tot die besondere ampte toegelaat word op voorwaarde dat hulle ‘n selibate lewenstyl beoefen” (Chris van Wyk, pt 6.2, p 65; Vgl ook verklaring NG Kerk in Namibië; NG Ring van Estoire; NGK Witbank-Panorama).

3. AANBEVELING

3.1 Ons aanvaar die liefde van Christus as die wesenlike grondhouding waarop alle verhoudinge binne en buite die geloofsgemeenskap gebaseer moet word (HK vr. 32). In Christus word alle gelowiges verlos om deel van die geloofsgemeenskap te wees, en deur die Gees met die volheid van God vervul. Alle gelowiges se identiteit word daarom bepaal deur hulle geloof in Christus, nie deur enige ander eienskap nie, ook nie

hulle seksualiteit nie. Hand. 11:26; 1 Kor. 6:15; 1 Joh. 2:27; Hand. 2:17. Matt. 10:32; Rom. 10:10; Rom. I2:1; 1 Pet. 2:5, 9; Openb. 1:6; 5:8, 10; 1 Pet. 2:11; Rom. 6:12, 13; Gal. 5:16, 17; Ef. 6:11; 1 Tim. 1:18, 19; 2 Tim. 2:12; Matt. 25:34.

3.2 Alle mense, ongeag hulle seksuele aangetrokkenheid en/of oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en behoort op grond van hulle doop en geloof as volwaardige lidmate van die kerk van Christus aanvaar te word. Onder volwaardige lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

3.3 Persone wat 'n selfdegeslag aangetrokkenheid en/of oriëntasie beleef, mag volledig tot die besondere ampte toegelaat word op voorwaarde dat hulle 'n selibate lewenstyl beoefen. (Gravamen - Chris van Wyk).

3.4 Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die Sinode bevestig dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word. (Beskrywingspunt - Ring van Estoire)

4 DOKUMENTE

Die volgende gravamina en Beswaarskrifte is van toepassing:
NG Kerk in Namibië
Ring van Estoire
Ring van Heidelberg
NGK Bethal-Oos
NGK Charl Cilliers
NGK Ermelo Oos Selkerk
NGK Fouriesburg
NGK George
NGK Marquard
NGK Sasolburg Fakkel
NGK Stilbaai
NGK Witbank-Panorama
WL Basson
Marietjie Beukes
Tiaan Boshoff
WJB Esterhuizen
Mollie Fullard
JA Griesel
SJ Louw
Rina Smith
WD Strauss
Chris van Wyk

A.3 APPÈLLIGGAAM

A. 3.1 APPÈLLIGGAAM: VERSLAG EN BEVINDINGE

1. KONSTITUERING

Die Appèlliggaam het op 9 September 2016 in opdrag van die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) met die volgende lede gekonstitueer:
Dr. A Celliers
Dr. PJSG du Plessis
Ds. PJA Steenkamp
Ds. SW Albertyn
Ds. M de Beer
Ds. MF Prinsloo
Ds. MJN van der Merwe
Ds. MJN van der Merwe is tot voorsitter verkies en ds. MF Prinsloo tot skriba.
Mnr. Len Dekker het een vergadering in adviserende rol bygewoon.

2. SUIWERING VAN DIE APPÈLLIGGAAM

Die lede van die Appèlliggaam is persone wat nie teenwoordig was by die Algemene Sinode (AS) 2015 nie.
Ds. PJA Steenkamp, wat lid was van die Sinode van Wes- en Suid Kaapland wat die beskrywingspunt oor die wysiging van die belydenisgrondslag van en deur sinodes aan die AS 2015 voorgelê het, is telkens, wanneer appèlle teen dié betrokke besluite in behandeling geneem is, verskoon.

3. HANTERING VAN DIE APPÈLLE

3.1 Die appèlle tov besluite van die AS 2015 is by die konstitueringsvergadering in ontvangs geneem.
3.2 Daar was twee besluite waarteen appèlle ontvang is, te wete die besluite rakende
3.1.1 Selfdegeslagverhoudings en
3.1.2 Uitbreiding van die Belydenisgrondslag van en deur sinodes.
3.3 Die Appèlliggaam het in nederige afhanklikheid van die drie-enige God en in die lig en die gees van Artikel 21 van die Kerkorde van die Ned Geref Kerk 2013 gehandel: “Kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklik wyse.” Die opdrag is uitgevoer soos gereël deur Reglement 19 : Reglement vir Appèl en Beswaar Kerkorde 2013.
3.4 By die hantering en oorweging van die appèlle teen die besluite van Algemene Sinode 2015 oor beide sake is die Kerkorde 2013 gebruik aangesien dit die Kerkorde was wat gegeld het tydens Algemene Sinode 2015 teen wie se besluite geappelleer is en op grond waarvan die appèlle ingedien is.
3.5 In die behandeling van die appèlle het die volgende dokumente gedien:
3.5.1 Die ontvanklike appèlstukke;
3.5.2 Die Kerkorde van die NG Kerk met Reglemente – Oktober 2013;
3.5.3 Die Agenda van die 16de Vergadering van die Algemene Sinode – Oktober 2015;
3.5.4 Die Aanvullende Agenda van die 16de Vergadering van die Algemene Sinode – Oktober 2015;
3.5.5 Die Handelinge van die Algemene Sinode – Oktober 2015;
3.5.6 Antwoord van die Moderatuur op die vrae van die Appèlliggaam ten aansien van die prosesse tydens die Algemene Sinode 2015 en ‘n appèl teen die besluit oor uitbreiding van die Belydenisgrondslag van en deur sinodes;
3.5.7 Die oudio-opname van die Algemene Sinode 2015.

4. BEVINDING OOR DIE APPÈLLE OOR DIE SELFDEGESLAGBESLUIT

4.1 Die AS 2015 het die volgende besluite geneem oor selfdegeslagverhoudings:
4.1.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.
4.1.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ’n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.
4.1.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ’n huwelik beskou word.
4.1.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.
4.1.5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.
4.1.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.
4.1.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in ’n gees van Christelike liefde te doen.

4.1.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na ’n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op ’n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings.
4.1.9 Die Algemene Sinode besluit om ’n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake, wat reeds ’n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.
4.1.10 Die Algemene Sinode besluit om ’n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.
(Handelinge Algemene Sinode 2015, bladsy 69-70)

4.2 Verskeie appèlle is teen dié besluite ontvang waarvan die volgende in terme van Reglement 19, Kerkorde 2013 punte 5, 6.2 en 6.3 ontvanklik was:

Boksburgpark, Charl Cilliers, T Danzfuss, T Danzfuss en HJ van Rensburg, L Geldenhuys, B Pienaar, CK Robertson, H Schultz en R van Zyl (appèl 1), G Vermeulen, J Vosloo (Misgund), Witfield.

’n Oorsig oor al die appèlle wys uit dat daar geappelleer is op grond van prosedurele en teologies-inhoudelike gronde. Die appèlliggaam het sy ondersoek toegespits op die prosedurele aspekte van die appèlle. Teen die agtergrond van die beperkte tyd tot beskikking van die appèlliggaam, en gesien in die lig daarvan dat die liggaam homself nie bevoeg geag het om oor die inhoudelike 'n uitspraak te maak nie is die gedeeltes nie deur die appèlliggaam oorweeg nie.
Uit die diepgaande verskille hieroor wat blyk uit die appèlle wat ter hand was asook die besluit self en die stukke ter ondersteuning van die besluit, was dit duidelik dat hieroor verdeeldheid in die kerk bestaan. In die lig van die buitengewone Algemene Sinodesitting aan wie die appèlliggaam oor sy bevindings verslag moet doen en die uiteensetting van die vergadering se Agenda, het die appèlliggaam dit nie gerade geag om verder na die teologies-inhoudelike gronde te kyk nie.
Die appèlliggaam het kennis geneem dat die buitengewone Algemene Sinodesitting deur middel van 'n ander verslag wat hieroor sal dien, geadviseer sal word. Derhalwe laat die appèlliggaam dit aan die vergadering oor om hierdie teologies-inhoudelike gronde in oorweging te neem.

4.3 BEVINDING

Die Appèlliggaam het bevind dat daar wesenlike onreëlmatighede was in die prosedure wat tydens Algemene Sinode 2015 gevolg is om tot die besluit oor selfdegeslagverhoudings te kom. Indien die prosedure soos die Kerkorde 2013 dit voorskryf, korrek gevolg is, sou die besluit oor selfdegeslagverhoudings nie geneem kon word nie. Hierop volg die redes vir hierdie bevinding.

4.4 REDES VIR BEVINDING

4.4.1 Revisie

Daar is nie op die wyses wat Reglement 3, punt 8 en Reglement 19, punte 1.1.1 en 1.2 bepaal, kennis van revisie oor die beginselbesluite van die Algemene Sinodes van 2007, 2011 en 2013 oor die saak van selfdegeslagverhoudings gegee nie. (Robertson, bladsy 2, 3; Schultz en Van Zyl, bladsy 4; Vermeulen, bladsy 1; vgl. Danzfuss en J van Rensburg, bladsy 5-9.)
Verteenwoordigers van AS 2015 beweer dat Beskrywingspunt B10 die “saak oor die sinode se standpunt oor selfdegeslagverhoudings op die tafel van die Algemene Sinode geplaas” het (Antwoord van die Moderatuur op die vrae van die appèlliggaam ten aansien van die prosesse tydens die Algemene Sinode, punt 3.5).
Die beskrywingspunt sou wel as ‘n kennisgewing van revisie beskou kon word op die prosesbesluit van AS 2013, naamlik *“Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASM om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit ’n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie”*.
Uit die inhoud is dit duidelik dat dit juis *geen huidige of toekomstige wysiging van die beginselbesluite oor selfdegeslagverhoudings wil hê nie* (vgl. Agenda AS 2015, bladsy 461). Dit kan dus nie as ‘n kennisgewing van revisie daarop beskou word nie (vgl. ook punt 3.3.3.2.1 hieronder).
Die AS 2015 kon dus geen van die beginselbesluite van die Algemene Sinodes van 2007 - 2013 wesenlik gewysig het nie.
Algemene Sinode 2015 het dit egter daadwerklik gedoen. Dit geld in besonder van punte 2 en 4 - 6 van die besluit (Handelinge AS 2015, bladsy 69-70).

4.4.2 Gesprek oor Opdrag

Die Algemene Sinode het op aanbeveling van die ASM besluit om ‘n gefasiliteerde gespreksgeleentheid te reël “oor die opdrag ter vergadering” (Handelinge AS 2015, bladsy 21). Uit die verslag van die ASM aan die Algemene Sinode en Aanbeveling 4.3 van die verslag (Aanvullende Agenda AS 2015, A.19, bladsy 80), is dit duidelik dat *die opdrag* ter sprake die opdrag is wat die Algemene Sinode 2013 aan die ASM gegee het, naamlik: *“Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASM om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit ’n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie”*.

Die uitkoms van die gefasiliteerde gesprek kon hoogstens voorstelle wees wat wesenlik verband hou met die opdrag tot verdere studie, en dus amendemente op Aanbeveling 3: “Die Algemene Sinode besluit om die opdrag voort te sit en besluit ter vergadering oor die raamwerk vir die voortgesette navorsing en dialoog” (Danzfuss en J van Rensburg, bladsy 14; Robertson, bladsy 1).
Voorstelle wat die staande beginselbesluite van die Algemene Sinodes 2007-2013 wou wysig, sou nie ontvanklik kon wees nie omdat dit verder sou gaan as die ruimte wat die besluit oor die gefasiliteerde gesprek gegee het. Tog is sodanige voorstelle nie net ontvang nie, maar ook geïnkorporeer in die uiteindelike voorstel wat goedgekeur is en die besluite van Algemene Sinodes 2007 - 2013 wesenlik gewysig het (Handelinge AS 2015, bladsy 36, 38, 40, 69-70; vgl. klankopname van die verrigtinge van die AS 2015 vir die inhoud van die voorstelle - Notule: Vierde sittingsdag, tweede middagsessie, Oudiolêer: Dag_3_4), Danzfuss en J van Rensburg, bladsy 11-12; Robertson, bladsy 1).

4.4.3 Saak van Selfdegeslagverhoudings

Die saak van selfdegeslagverhoudings het deur die verslag van die ASM (Aanvullende Agenda AS 2015, bladsy 80; Handelinge AS, bladsy 36), die verslag van die Tydelike Taakspan Regte (TTR) aangaande die beskrywingspunt van die Kuratorium van Stellenbosch (Beskrywingspunt B15, Handelinge AS 2015 bladsy 36, 172) en die verslag van die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake (TTLAS) aangaande die beskrywingspunt van die Diensraad van die Oostelike Sinode (Beskrywingspunt B10, Handelinge AS 2015 bladsy 36, 164) op die agenda van die Algemene Sinode gekom.

4.4.3.1 Inhoud van Beskrywingspunt B15

Die eerste aanbeveling van die TTR aangaande beskrywingspunt B15 is aanvaar, naamlik dat dit nie ontvanklik is nie op grond van die beperkte bevoegdheid van kuratoria om beskrywingspunte in te dien (Handelinge AS 2015, bladsy 36; vgl. Reglement 3 punt 6.1). Die Algemene Sinode het die tweede aanbeveling van die TTR aanvaar, naamlik dat kennis van die inhoud van die beskrywingspunt geneem kan word tydens die bespreking van selfdegeslagverhoudings.
Die besluit dat dit nie ontvanklik is nie, haal egter die beskrywingspunt in geheel van die agenda af. Daarom is hierdie tweede besluit ongeldig en kom dit neer op ’n onregmatige beïnvloeding van die vergadering oor die saak van selfdegeslagverhoudings (Danzfuss en J van Rensburg, bladsy 11).

4.4.3.2 Substansiële voorstel en amendemente

Die Reglement van Orde (Reglement 3, Kerkorde 2013) (vgl. Danzfuss en J van Rensburg, bladsy 6, 11, 14) bepaal onder andere in punt 4.1 “Indien ’n tydelike steunspan ’n aanbeveling doen wat ’n aanbeveling van ’n projekspan of algemene steunspan raak, het die projekspan of die algemene steunspan die voorstel en moet die tydelike steunspan amendeer”. Die ASM is in hierdie geval die algemene steunspan en die TTR en die TTLAS die tydelike steunspanne.

4.4.3.2.1 Aanbeveling 4.3 en Beskrywingspunt B10

Die aanbeveling van die TTLAS oor die betrokke beskrywingspunt (B10) en die beskrywingspunt self, kon dus op die meeste as ’n amendement op die aanbevelings van die ASM dien, en slegs as dit aan die vereistes vir ’n amendement voldoen, naamlik dat dit nie die aanbeveling wat dit amendeer wesenlik verander nie. Indien dit nie aan die vereistes vir ’n amendement voldoen nie, sou dit moes oorstaan totdat Aanbeveling 4.3 van die ASM afgehandel en nie goedgekeur was nie. Die aanbeveling van die ASM, Aanbeveling 3 het nooit weer gedien nadat dit aanvanklik oorgestaan het nie (Handelinge AS 2015, bladsy 36, 40, 69; Danzfuss en J van Rensburg, bladsy 12) en so ook nie die aanbeveling van die TTLAS oor die beskrywingspunt nie (Handelinge AS, bladsy 36, 39). Die voorsitter het gereël dat beide oorstaan. Die beskrywingspunt het wel in stryd met Reglement 3, punt 7.4, los van die verslag en aanbeveling van die TTLAS voor die vergadering gedien en is nie goedgekeur nie (Handelinge AS 2015, bladsy 39). Die saak waaroor dit gegaan het, het wesenlik iets anders voorgestel as Aanbeveling 4.3 van die ASM. Terwyl laasgenoemde aanbeveel het dat verdere studie gedoen moet word, het eersgenoemde voorgestel dat by die staande beginselbesluite gebly word.
Weereens, dit sou moes wag totdat Aanbeveling 4.3 afgehandel is. Daarom kon dit ook nie die beginselsaak van selfdegeslagverhoudings op die agenda van die AS plaas soos die verteenwoordigers van die Algemene Sinode in hulle repliek beweer nie (Antwoord van die Moderatuur op die vrae van die appèlliggaam ten aansien van die prosesse tydens die Algemene Sinode, punt 3.5).

4.4.3.2.2 Aanbeveling 4.3 en Beskrywingspunt B15

Dieselfde geld in wese vir Beskrywingspunt B15 wat via die TTR op die tafel gekom het. Dié verslag met sy aanbevelings van ’n tydelike steunspan het selfs voor die aanbeveling van ’n algemene steunspan (ASM, Aanbeveling 4.1 en 4.3) gedien (Handelinge AS 2015, bladsy 36). Aanbeveling 4.2 van die ASM was op daardie stadium reeds afgehandel en uitgevoer (Handelinge AS 2015, bladsy 21, 25).

4.4.3.2.3 Aanbeveling 4.3 en Ander Voorstelle

Voorstelle uit die gespreksgeleentheid is hanteer deur die TTLAS (tydelike steunspan) (Handelinge AS 2015, bladsy 36, 38). Hierdie voorstelle van die tydelike steunspan kon hoogstens amendemente op Aanbeveling 4.3 van die ASM (algemene steunspan) wees, aangesien die ASM die voorstel het, volgens die aangehaalde Reglement 3, punt 4.1 (Danzfuss en J van Rensburg, bladsy 11, 14; Robertson, bladsy 2). Voorstelle wat teenoor Aanbeveling 4.3 staan, sou nie ontvanklik wees nie, of moes wag totdat Aanbeveling 4.3 afgehandel en nie goedgekeur was nie (Robertson, bladsy 1 - 2). Indien dit voorstelle was wat die staande besluite van Algemene Sinodes 2007-2013 oor die saak wysig, sou dit buitendien nie ontvanklik wees nie, aangesien daar geen kennis van revisie van sodanige staande besluite gegee is nie (Punt 4.4.1 hierbo).

4.4.3.2.4 Aanbeveling 4.3

Aanbeveling 4.3 is nooit weer, nadat dit aanvanklik deur die verslag van die ASM op die tafel geplaas is en, op suggestie van die voorsitter, oorgestaan het, opgeneem en selfs as ’n geamendeerde voorstel tot stemming gebring nie (Handelinge AS 2015, bladsy 36, 40, 69; Danzfuss en J van Rensburg, bladsy 12, 14). Trouens, die voorsitter het in stryd met Reglement 3, punt 4.1 gereël dat dit deel word van die voorstelle wat die TTLAS moes hanteer (Handelinge AS 2015, bladsy 36, 38). Dit beteken dat geen ander voorstel oor selfdegeslagverhoudings voor die vergadering kon dien sonder Aanbeveling 3 as die substantiewe voorstel nie. Alle besluite wat oor die saak geneem is, is dus in stryd met die Kerkorde geneem en daarom ongeldig.

4.5 ANDER APPÈLGRONDE
Daar was appèlgronde wat afgewys is of as nie-wesenlike onreëlmatighede bevind is.

4.6 BESLUIT
4.6.1 In die lig van die bevinding dat daar wesenlike onreëlmatighede was in die prosedure wat tydens die Algemene Sinode 2015 gevolg is om tot die besluit oor selfdegeslagverhoudings te kom (Punt 4.3) en die redes vir die bevinding (Punt 4.4) hierbo, het die Appèlliggaam geen ander keuse nie as om die appèlle in paragraaf 4.4 vermeld toe te staan, die besluite van die Algemene Sinode 2015 ter syde te stel en die saak na die Algemene Sinode terug te verwys. (Kerkorde 2013, Reglement 19:8)
4.6.2 Met die tersydestelling van die besluite van Algemene Sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudings op prosedurele gronde en die terugverwysing van die saak na die Buitengewone Algemene Sinode 2016, word al die appèlle oor die saak (vermeld in paragraaf 4.2) as afgehandel beskou.

5. BEVINDING OOR DIE APPÈLLE OOR DIE BELYDENISGRONDSLAG

5.1 Die AS 2015 het die volgende besluite geneem oor die verandering van die belydenisgrondslag van en deur sinodes:
5.1.1 Die Algemene Sinode besluit om dit vir sinodes moontlik te maak om ander belydenisskrifte wat nie in stryd met die Skrif, die drie Formuliere van Eenheid en erkende ekumeniese belydenisse is nie, deel van (die sinode se) belydenisgrondslag te maak.
5.1.2 Die Algemene Sinode besluit om Artikel 35 van die Kerkorde te wysig deur die byvoeging van Artikel 35.7: Die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:
35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;
35.7.2 minstens twee derdes van ’n sinode ten gunste daarvan besluit;
35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van ’n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;
35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en
35.7.5 dit nie as ’n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie.
5.1.3 Die Algemene Sinode gee aan die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland en ander sinodes wat daarom vra, toestemming om kragtens (die nuwe) Artikel 35.7 die Belydenis van Belhar deel van die sinode se belydenisgrondslag te maak.

5.2 Die appèlle oor die verandering van die belydenisgrondslag van Coertzen en Oosthuizen, Danzfuss en Charl Cilliers het betrekking.
Die dokumente wat as bylaes aangeheg word, is tegnies verwerk om aan te pas by die voorskrifte vir die formaat vir dokumente wat ingesluit word by die agenda van die Algemene Sinode 2016. Daar is geensins aan die inhoud verander nie.
5.2.1 Tegniese Gronde
Die appèlle word op tegniese gronde nie gehandhaaf nie. Die beskrywingspunt van die Sinode van Wes-Kaapland het op ‘n wettige wyse deur middel van die Tydelike Taakspan Regte op die agenda van die Algemene sinode gekom (Kerkorde 2013, Reglement van Orde, punt 7.4).
Daar was voldoende ruimte om die aanbeveling van die Tydelike Taakspan Regte oor die beskrywingspunt te beredeneer en die aanbeveling is met ‘n tweederde meerderheid goedgekeur soos vereis in die geval van ’n kerkordewysiging (Kerkorde 2013, Artikel 44.3).
5.2.2 Inhoudelike Gronde
Ten opsigte van die inhoudelike argumente in die appèlle (Bylaes 1-3) het dit duidelik geword dat daar wesenlike kerkregtelik-teologiese argumente is wat die betrokke besluit van die Algemene Sinode bevraagteken. Uit die motivering van die beskrywingspunt (Bylae 4), die begronding van die Tydelike Taakspan Regte (Bylae 5) en die skriftelike repliek van die verteenwoordigers van die Algemene Sinode (Bylae 6; vgl Reglement vir Appèl en Beswaar, punte 6.5 en 6.8) is dit duidelik dat daar wesenlike kerkregtelik-teologiese gronde is wat die besluit ondersteun. Daar is ook pragmatiese redes vir die bevraagtekening en ondersteuning van die besluit, wat insluit die uitslag van die kerklike proses om Artikel 1 te wysig om die Belharbelydenis in te sluit in die belydenisgrondslag van die Ned Geref Kerk en die posisie van die Sinode van Wes-Kaapland oor die Belharbelydenis. Dit is duidelik dat diepgaande verskille oor die aard en rol van belydenisskrifte, asook die aard en wese van kerkverband in die Ned Geref Kerk bestaan.
5.2.3 Deeglikheid van Studie

Die beskrywingspunt oor die verandering van die belydenisgrondslag van en deur sinodes en die insluiting van die Belharbelydenis in die belydenisgrondslag van die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland is verwys na die TTR. Gesien in die lig van die duidelike verskille oor die saak soos uitgelig in Punt 5.2.2 hierbo, die tydsdruk tydens die Algemene Sinode en die vol program van die Algemene Sinode, het die TTR 'n uiters beperkte tyd gehad om 'n deeglike studie oor so 'n komplekse onderwerp te doen. Sake wat nuwe terrein oopbreek behoort rustig en deeglik nagevors en beredeneer te word

5.3 Remedies
AANBEVELINGS: Op grond van die verskille soos uitgewys in punt 5.2.2 en die tydsbeperking soos uitgewys in punt 5.2.3 hierbo versoek die appèlliggaam die Buitengewone Algemene Sinode om
5.3.1 as 'n saak van uiterste dringendheid 'n deeglike studie te maak oor die aard en rol van belydenisskrifte in die kerk, die aard en wese van kerkverband, en die wedersydse invloed wat die twee sake op mekaar het. Die begronding van die appèlle (Bylaes 1-3) en dié van die Sinode van Wes-Kaapland (Bylae 4), die Tydelike Taakspan Regte (Bylae 5), en die repliek van die Moderatuur van AS 2015 (Bylae 6) moet deel vorm van die besinning.
5.3.2 die besluit van die AS 2015 op te skort tot die volgende gewone Algemene Sinode die studie in behandeling geneem het
5.3.3 die opdrag aan 'n taakspan wat saamgestel word uit 'n gelyke aantal verteenwoordigers van ATLAS en ATR, soos deur die betrokke taakspanne self aangewys, te gee. Die taakspan kan lede koöpteer.

5.4 Die appèl oor die verandering van die belydenisgrondslag van Schultz en Van Zyl het betrekking
5.4.1 Bevinding
Die appèl word nie gehandhaaf nie.
5.4.2 Redes vir die Bevinding
Die appèl verwys deurentyd na die beskrywingspunt van die Sinode van Wes-Kaapland waarin gevra word dat 'n Artikel 44.6 bygevoeg word by Artikel 44 van die Kerkorde van die Ned Geref Kerk asof die Algemene Sinode besluit het om dit te doen. Die Algemene Sinode 2015 het nie Artikel 44 van die Kerkorde gewysig nie, maar wel 'n Artikel 35.7 by Artikel 35 van die Kerkorde gevoeg. Daar is dus appèl aangeteken teen iets wat nie besluit is nie.
5.4.3 Inhoudelike Aspekte
Die saak van die wysiging van die belydenisgrondslag van 'n sinode is ondervang in die bevinding oor die ander appèlle oor dieselfde saak.

B. VERDERE AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE GETUIENIS VOOR DIE APPÈLLIGGAAM IN REAKSIE OP BESLUITE VAN ALGEMENE SINODE 2015

Na aanleiding van die reaksie op en die gevolglike verdeeldheid en onsekerheid in die kerk na aanleiding van sekere besluite wat geneem is tydens die sinodesitting van 2015, word die volgende as staande werksprosedures voorgestel.

6. ALGEMENE SINODE BESLUITNEMINGSPROSES

6.1 In 1994 het die Algemene Sinode die volgende besluit geneem:*Die Algemene Sinode besluit:*
1. Die sake soos genoem in Art 43 van die Kerkorde (beleid in sake van gemeenskaplike belang, die vasstelling van die Bybelvertaling ensovoorts) behoort tot die besluitnemingsbevoegdheid van die Algemene Sinode.
2. Indien die Algemene Sinode egter vermoed dat sekere besluite of standpunte moontlik tot groot verdeeldheid onder kerklidmate kan lei, staan dit hom vry om voor finale besluitneming, die advies van mindere kerkvergaderinge in te win ten einde groter konsensus oor die betrokke sake in die Ned Geref Kerkverband as geheel te kry. In finale instansie is dit egter die Sinode se eie oortuiging in die lig van God se wil wat die deurslag moet gee. Dit gaan steeds om die Christokrasie - ook by die mees omstrede kwessies. (Bl 439, pt 2.6.4)
6.2 Hierdie besluit is nie opgeneem in die Reglement van Orde nie en is dus reeds vergete. Indien die sinode wel hiervolgens opgetree het, kon die dilemma waarin die kerk hom tans bevind, verhoed gewees het.
6.3 Indien ondergenoemde voorstel reeds by die komende buitengewone sitting van die sinode kan dien deur die verslag van die ATR of die TTR mag dit onses insiens help om groter rustigheid in die kerk te bring.
6.4 Sodanige besluit sal groter deelname en insette van mindere vergaderings verseker, en die vertroue in die Algemene Sinode versterk. Dit gaan immers in die kerk oor die saamluister na en saambuig voor Christus wat sy kerk deur sy Woord en Gees regeer.

6.5. AANBEVELINGS: Die appèlliggaam stel dus voor dat die ATR die volgende gewysigde voorstel vir insluiting in die Reglement van Orde (Reglement 3) oorweeg:
6.5.1 Die sake soos genoem in Art 43 van die Kerkorde behoort tot die besluitnemingsbevoegdheid van die Algemene Sinode en die sinode het die reg om bindende besluite daaroor te neem.
6.5.2 Indien die Algemene Sinode egter rede het om te vermoed dat 'n besluit of standpunt moontlik tot groot verdeeldheid in die kerk kan lei, moet die sinode, vóór die finale besluitneming, die advies van mindere kerkvergaderinge inwin ten einde groter konsensus oor die betrokke sake in die Ned Geref Kerkverband as geheel te kry.
6.5.3 In finale instansie is dit egter die Sinode se eie oortuiging in die lig van die Skrif, die Gereformeerde Belydenisskrifte en die Kerkorde wat die deurslag moet gee.

7. KERKREGTELIKE- EN REGSIMPLIKASIES

7.1 Die Sinode het ná die besluit oor selfdegeslagverhoudings die volgende besluit geneem:
1. Die Algemene Sinode dra dit aan die ASR op om die kerkregtelike- en regsimplikasies van enige besluit(e) insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek, met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen.
2. Die Algemene Sinode neem kennis dat volgens die Civil Union Act 17 van 2006 vereis word dat denominasies skriftelik by die Minister moet aansoek doen om toestemming te verkry om selfdegeslagverbintenisse te voltrek (vergelyk Klousule 5 wat soos volg lees: "Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denominations or organisations as marriage officers: (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act)."
7.2 Onses insiens moes hierdie besluit vóór die finale besluit oor selfdegeslagverhoudings geneem gewees het. Die ATR of TTR kon dan daaroor verslag gedoen het, aanbevelings gemaak het en die vergadering in staat gestel het om die volle kerkregtelike- en regsimplikasies van die voorstel te oorweeg. Die vergadering kon sodoende aanpassings aan die finale voorstel maak ten einde 'n ingeligte en verantwoordelike besluit te neem.
7.3 Bogenoemde voorstel is belangrik
7.3.1 in gevalle waar die Algemene Sinode 'n beginselbesluit neem, maar aan mindere vergaderings die reg gee om anders te besluit en daar dus nie 'n eenvormige beleid is nie, en
7.3.2 om onnodige regs- en/of kerkregtelike onsekerheid en dispute te voorkom.

7.4. AANBEVELINGS: Die appèlliggaam stel dus die onderstaande, vir insluiting in die Reglement van Orde, voor:
7.4.1 Indien 'n voorstel, aanbeveling of beskrywingspunt regs- en/of kerkregtelike implikasies het, word die voorstel / aanbeveling / beskrywingspunt na die ATR of TTR verwys vir advies en aanbevelings t.o.v. sodanige implikasies vóórdat 'n finale besluit geneem word.
7.4.2 Indien sodanige weloorwoë advies en aanbevelings nie ter vergadering gelewer kan word nie, staan die voorstel / aanbeveling / beskrywingspunt oor tot die volgende sitting van die Algemene Sinode om die ATR in staat te stel om die implikasies deeglik, indien nodig met regsadvies, te oorweeg met verslag aan die sinode.
7.4.3 Die oorspronklike voorstel / aanbeveling / beskrywingspunt word in die lig van die ATR of TTR se verslag en aanbevelings geamendeer (indien moontlik) voordat 'n finale besluit geneem word.

8. SLOTOPMERKINGS
Die Appèlliggaam wil ter afsluiting meld dat die Verslag, soos hier aangebied, eenparig deur al die lede goedgekeur is en lê dit aan die buitengewone Algemene Sinode, in sitting op 7 November 2016 en verdere dae, voor met die bede dat die Here se seën op haar beraadslagings sal rus.

Hiermee vertrou die Appèlliggaam dat dit sy werk na behore afgehandel het.

A.3 APPÈLLIGGAAM

A.3.2 APPèL TEEN BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE VAN 2015 OOR REGTE TOEGEKEN AAN DIE SINODE VAN WES- EN SUID-KAAP

BYLAAG 1
P COERTZEN EN G OOSTHUIZEN

1. Wat hieronder geskryf word, is geen standpunt oor die Belydenis van Belhar as sodanig nie. Dit is opmerkinge oor en ’n appèl téén die Algemene Sinode se hantering van die voorstel van die Wes- en Suid-Kaap aan die Algemene Sinode en die gevolglike besluit van die Algemene Sinode en die kerkregtelike situasie wat deur die besluit van die Algemene Sinode teweeggebring is.

2. Ter Sake Besluite van die Algemene Sinode 2015

Die volgende besluite van die Algemene Sinode van 2015 is ter sake vir hierdie appèl.
2.1 Ter Agtergrond: die besluit van die Algemene Sinode oor ARTIKEL 1
1 Die Algemene Sinode ontvang die uitslag en verslag ten opsigte van die Artikel 1-proses en verwys dit na sinodes om in hulle eie konteks daaraan aandag te gee soos hulle nodig ag.
2 Die Algemene Sinode aanvaar die gegewe dat Artikel 1 van die Kerkorde nie gewysig kan word soos deur die vorige Algemene Sinode aanbeveel nie.
3 Die Algemene Sinode rig die volgende pastorale skrywe aan die kerkverband:
Met die skrywe van die Moderamen in Junie 2014 is die finale fase betree waar lidmate, kerkrade en sinodes hulle goedkeuring moes gee vir die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde. Die proses het oor die algemeen baie vlot verloop. Stemme is op verskillende wyses uitgebring, getel en die uitslae is voorsien aan die Moderamen wat dit op hulle beurt voorgelê het aan die Algemene Sinode.
Die Algemene Sinode 2015 het daarop die volgende besluite geneem:
1 Die Algemene Sinode ontvang die uitslag en verslag ten opsigte van die Artikel 1-proses en verwys dit na sinodes om in hulle eie konteks daaraan aandag te gee soos hulle nodig ag.
2 Die Algemene Sinode aanvaar die gegewe dat Artikel 1 van die Kerkorde nie gewysig kan word soos deur die vorige Algemene Sinode aanbeveel nie.
3 Die Algemene Sinode rig die hierdie pastorale skrywe aan die kerkverband.
Uit die terugvoering wat van die kerkrade, ringe en sinodes ontvang is, is dit duidelik dat daar inderdaad groot moeite gedoen is om die proses korrek en eerbaar te laat verloop. Ongelukkig het ons ook kennis geneem daarvan dat daar lidmate, ampsdraers en selfs hele gemeentes is wat diep seergekry het en steeds seerkry. Ons het gehoor van spanning, teleurstelling en ernstige en eerlike worsteling met vrae oor die proses, die uitslae en die moontlike gevolge daarvan vir lidmate, gemeentes, verhoudinge in die NG Kerk en die NG Kerk se verhoudinge met die ander kerke in die NG Kerkfamilie.
Ons bede is dat die Here deur sy Woord en Gees nou ná alles weer heling sal bring in die gemoedere van lidmate, ons onderlinge verhoudinge en ons kerk se verhoudinge na buite. Ons doen dan ook ’n beroep op sinodes en kerkrade om hulle met die nodige deernis en begrip te beywer vir versoening tussen lidmate deur hulle aan te moedig om in opregte liefde vir die Here, sy kerk en mekaar in respek en vertroue hande te vat sodat ons almal saam ons roeping in Suidelike Afrika kan uitleef. Met die oog daarop is die woorde van Lied 532 baie gepas:
Ons Vader, neem ons hande en maak ons een.
Versterk U self die bande – gee ons u seën.
Bind ons in u genade aan U, o Heer,
en leer ons om met dade u Naam te eer.
Heer, wees vir ons 'n Vader wat sorg en sien.
Trek ons in Christus nader om U te dien.
Laat, Heer, u Gees ons voorgaan, laat Hy ons lei,
Dat ons u Woord gehoorsaam – ons aan U wy.
Leer ons mekaar vergewe, mekaar vertrou.
Laat ons die hele lewe op liefde bou.
Laat heers oor ons u vrede, en bind ons saam.
Verhoor tog ons gebede in Jesus Naam. Amen.

2.2 Die beskrywingspunt van die Wes- en Suid Kaapland wat deur die Algemene Sinode aanvaar is.

1 Die Algemene Sinode besluit om dit vir sinodes moontlik te maak om ander belydenisskrifte wat nie in stryd met die Skrif, die drie Formuliere van Eenheid en erkende ekumeniese belydenisse is nie, deel van (die sinode se) belydenisgrondslag te maak.
2 Die Algemene Sinode besluit om Artikel 35 van die Kerkorde te wysig deur die byvoeging van Artikel 35.7:
Die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:

35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;
35.7.2 minstens twee derdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;
35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van 'n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;
35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en
35.7.5 dit nie as 'n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie.
3 Die Algemene Sinode gee aan die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland en ander sinodes wat daarom vra, toestemming om kragtens (die nuwe) Artikel 35.7 die Belydenis van Belhar deel van die sinode se belydenisgrondslag te maak.

3. Kerkordelike en Kerkregtelike gronde vir die appèl

3.1 Die besluite van die Algemene Sinode van 2015 hierbo (Belhar 1,2 en 3), is geneem ingevolge die Kerkorde van 2013.
3.2 Oor die belydenis grondslag van die Kerk en die funksies van Sinodes en die Algemene Sinode geld die volgende artikels van die Kerkorde(2013):
3.2.1 KO Artikel 1. " Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse leerreëls."
Opm: KO art 1 spel die belydenis grondslag van die hele NG Kerkverband uit
3.2.2 KO art 35. "Tot die taak en bevoegdhede van die sinode hoort:
35.1 die opstel van bepalings en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou mits dit nie met die Kerkorde in stryd is nie;
35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met in agneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van die Kerkorde. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal;
35.3 die opleiding van bedienaars van die Woord soos deur Artikel 6 van die Kerkorde bepaal;
35.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansieringvan die Algemene Sinodevolgens 'n aanvaarde formule;
35.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;
35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode."
Opmerking: Art 35 dui die taak en bevoegdhede van sinodes in die NG Kerkverband aan. Die aanvaarding van belydenisskrifte is nie deel van 'n sinode se taak en bevoegdhede nie. Deur aan sinodes hierdie taak en bevoegdheid toe te ken, word die hele aard van die kerkverband versteur.
3.2.3 KO art 43.1.6 "Tot die taak van die Algemene Sinode hoort: die vasstelling van die:
die Belydenisskrifte ooreenkomstig Artikel 44;
die Kerkorde;
die liturgiese formuliere en gebruike;
die liederebundels(s); en
die liturgiese grondlyne vir eredienste."
Die hele Kerkorde art. 43 het dit oor die funksies van die Algemene Sinode. Artikel 43.1.6 bepaal onomwonde dat dit tot die taak en bevoegdhede van die Algemene Sinode hoort om die Belydenisskrifte wat in die hele NG Kerkverband geld, vas te stel. Hierdie bevoegdheid word aan geen ander kerkvergadering in die NG Kerk toegeken nie en die Algemene Sinode kan homself op geen wyse van hierdie verantwoordelikheid ontdaan en dit na 'n ander liggaam/vergadering in die NG Kerkverband delegeer nie.
3.2.4 KO art 44
"44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.'
44.2 "Artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het."
Die manier waarom 'n belydeniswysiging kan plaasvind word duidelik bepaal in arts 44.1 en 44.2. Daar word ook verwys na die Reglement vir die Prosedure wat Gemeentes volg vir die Wysiging van Belydenis KO 2013, Reglement 24. Op die oomblik is dit die enigste manier waarop belydeniswysiging (hetsy deur die wegneem, toevoeging of handhawing van belydenisskrifte) binne die kerkverband van die NG Kerk kan plaasvind. Die uitlegbeginsel Inclusio unius est exclusio alterius (The inclusion of one is the exclusion of another – my vertaling BC) is hier van toepassing.
3.2.5 KO art 45
"Die Algemene Sinode mag artikels van die Kerkorde, met uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde, met 'n tweederdemeerderheidstem óf opskort óf daarvan vrystelling verleen."

Art 45 van die KO beskerm die Belydenis van die NG Kerkverband baie duidelik teen die opskorting of vrystelling van KO art 44.1 en 44.2. Na ons mening het die Algemene Sinode nie voldoende aandag gegee aan hierdie artikel toe hy die beskrywingspunt van die Sinode van Wes- en Suid Kaapland hanteer het nie. In effek het die Algemene Sinode artikel 44 opgeskort en vrystelling daarvan verleen met sy besluit oor die beskrywingspunt van Wes- en Suid Kaapland.

4. Besluite van die Algemene Sinode van 2015.

Die Algemene het by sy sitting van 2015 die beskrywingspunt van die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland aanvaar en om besluit om "Belhar 2" hieronder tot die Kerkorde toe te voeg.

4.1 Belhar 1. "Die Algemene Sinode besluit om dit vir sinodes moontlik te maak om ander belydenisskrifte wat nie in stryd met die Skrif, die drie Formuliere van Eenheid en erkende ekumeniese belydenisse is nie, deel van (die sinode se) belydenisgrondslag te maak.

4.2 Belhar 2:

"Artikel 35.7: Die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:

35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;

35.7.2 minstens twee derdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;

35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van 'n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;

35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en

35.7.5 dit nie as 'n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie."

4.3 Belhar 3:" Die Algemene Sinode gee aan die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland en ander sinodes wat daarom vra, toestemming om kragtens (die nuwe) Artikel 35.7 die Belydenis van Belhar deel van die sinode se belydenisgrondslag te maak."

5. Beredenering.

5.1 Volgens KO 43.1.6 is dit uitdruklik die taak van die Algemene Sinode om die Belydenisskrifte van die NG Kerk vas te stel. Dit is 'n funksie wat die Algemene Sinode kerkregtelik in die lig van die Kerkorde (2013), artikels 18; 20.2; 21; 22; 43.1.6 artikel 44.1 en 44.2 asook artikel 44.5 nie kan delegeer nie. In hierdie geval het die Algemene sondermeer sy bevoegdheid na 'n sinode gedelegeer. Dit is iets wat nie mag gebeur nie omdat die hele NG Kerkverband se bestaan kerkregtelik in gedrang kan kom. In die lig van hierdie besluit kan dit voortaan gebeur dat sinodes, ringe en selfs kerkrade hulle eie weg opgaan en die hele kerkverband ignoreer. Die Algemene Sinode mag nie sy eie Kerkorde op so 'n duidelike wyse oortree en sodoende die verband tussen gemeentes, kerkrade ringe, sinodes en die Algemene Sinode as die mees omvattende uitdrukking van die NG Kerkverband in gedrang bring nie.

Die aard van die NG Kerkverband kom daarmee ook in gedrang want 'n besluit soos hierdie van die AS kan die aard van die NG Kerkverband ingrypend verander, dit 'n baie losser en meer kongregasionalistiese of independente verband maak. As hierdie moontlikheid aan die Wes-Kaap toegestaan word, kan ander Sinodes met ander versoeke kom. Op grond waarvan sal die AS dit kan weier as ander sinodes begin om ander standpunte as die res van die kerkverband te huldig oor byvoorbeeld die gesag van die Skrif en van die belydenisskrifte, die skepping, die maagdelike geboorte van Christus, Christus se opstanding uit die dood, die bestaan van die duiwel, weerdoop ens.

5.2 Dan is daar ook die volgende vraag. Indien die Wes- en Suid-Kaapse Sinode die weg opgaan wat in die besluit voorgestel word, wat gaan die situasie wees as gemeentes of ringe sê húlle is die voortsetting van die oorspronklike NG Kerk in die Wes- en Suid-Kaap en daarom maak hulle aanspraak op die naam, eiendomme, bates en finansies van die NG Kerk? As die Wes Kaapse Sinode die belydenisgrondslag van die Wes- en Suid Kaapse Kerk wysig, wat hy na ons mening nie mag doen nie omdat belydeniswysiging 'n funksie van die Algemene Sinode is, wysig hy die aard van die Wes-Kaapse kerkverband en kan enige NG Kerklidmaat of kerkvergadering daarop aanspraak maak dat die aard van die ooreenkoms soos vasgelê in die Kerkorde en waartoe hulle ingestem het, eensydig gewysig is deur die Sinode. Ons moet hier die geskiedenis van die VGK en NG Kerk in Afrika tydens die 1998 proses onthou. Dit is ook 'n vraag of die AS nie, in die geval van hofsake, betrek sou kon word as respondent by besware teen so 'n wysiging nie omdat die AS verkeerdelik toestemming daarvoor gegee het.

6. Hierdie versoek van die Wes- en Suid-Kaap, die besluit van die Algemene Sinode en die verdere optrede van die Wes- en Suid-Kaap is 'n baie netelige saak waaroor die hele NG Kerk baie goed moet dink. Wye raadpleging en gesprekvoering voor optrede is heelwaarskynlik die aangewese weg om eers te volg voor enige optrede geneem word.

7. Hierdie saak is so ernstig dat:

7.1 hierdie appèl daarteen gehandhaaf moet word; en dat

7.2 die besluite van die Algemene Sinode na aanleiding van die beskrywingspunt van die Wes- en Suid-Kaapse Sinode hierbo nietig verklaar behoort te word en ter syde gestel moet word as in stryd met die Skriftuurlike grondslag van die NG Kerk en haar Kerkorde.
7.3 Die Appèlliggaam van die Algemene Sinode behoort die Moderamen van die Algemene Sinode te versoek om ŉ liggaam saam te stel vir raadpleging, gesprekvoering en aanbevelings oor die hele aangeleentheid wat in hierdie appèl ter sake is.

BYLAAG 2

APPÈLDOKUMENT TEEN DIE BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE (AS) 2015 OOR WYSIGING VAN ARTIKEL 35 VAN DIE KERKORDE ASOOK OOR TOELATING VAN SINODES OM EIE BELYDENISSE TE AANVAAR – T DANZFUSS.

Aangesien ondergetekende binne die voorgeskrewe tyd op 3 Februarie 2016, skriftelik kennis gegee het van voorneme om te appelleer, handig ons hiermee nou skriftelike gronde vir die appèl (die appèlstuk) in soos bepaal word volgens 6.3 van bogenoemde Appèl Reglement.
Ons gebed is dat die appèlliggaam hierdie appèl in biddende afhanklikheid van die Here met ware objektiwiteit, billikheid en regverdigheid sal beoordeel. Die appèl word ingedien in nederigheid en liefde terwille van die eer van God, die welsyn van Sy kerk en die eenheid asook die integriteit en geloofwaardigheid van die ganse NG Kerk wat deur hierdie besluite, by duisende lojale lidmate sowel as buitestaanders onder ernstige verdenking gekom het. Die appèlliggaam kan help om hierdie geloofwaardigheid te herstel, indien hierdie appèl in alle opregtheid voor God met eerlikheid en objektiwiteit beoordeel word.

1. REG TOT APPÈL

Artikel 23.1 van die Kerkorde bepaal as volg:
23.1 Die besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigdes is bindend, maar daaroor kan in appèl na ‘n meerdere vergadering of die meerdere vergadering se gevolmagtigde gegaan word.
Die Kerkorde 2013, Reglement vir Appèl of Beswaar, bepaal soos volg:
“5.1 Lidmate of ŉ kerkraad of ŉ ring of ŉ sinode wat ŉ beswaar op grond van die Bybel, die Belydenis en/of die Kerkorde teen die besluit(e) van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde het, kan binne die toegelate tyd (vergelyk 6.2 en 6.3 hieronder) skriftelik by die Algemene Sinode se gevolmagtigde appèlliggaam (die Algemene Steunspan Regte ingevolge 3.1.5 van die Reglement vir die Algemene Steunspan Regte) of die eersvolgende Algemene Sinode daarteen appelleer of beswaar aanteken. Die appellant of beswaarde gee daarvan kennis aan die Moderamen of aan die Algemene Sinode.
6.2 ŉ Lidmaat of ŉ kerkvergadering wat ŉ appèlstuk of beswaarskrif wil indien, moet binne 21 dae nadat die vergadering se goedgekeurde notule beskikbaar gestel is, of nadat die bevindinge van ŉ tug- en/of dissiplinêre ondersoek bekend gemaak is, by die meerdere vergadering daarvan kennis gee.
6.3 Die appellant of beswaarde moet binne 21 dae nadat daar kennis van appèl of beswaar gegee is, in die appèlstuk of beswaarskrif aan die appèlliggaam ŉ skriftelike uiteensetting van die gronde van/redes vir die appèl of beswaar (ter sake dokumentasie ingesluit) voorsien, anders verval die reg op appèl of beswaar. “

2. BESLUITE WAARTEEN ONDERGETEKENDE APPELLEER.

Besluite waarteen appèl gerig is:
BELYDENIS VAN BELHAR (B.5 bl 435, T.3.2 bl 4 – 8 pt 3.1 – 3.7, Notule Dag 5 pt 12) (Goedgekeur met tweederde meerderheid)
1. Die Algemene Sinode besluit om dit vir sinodes moontlik te maak om ander belydenisskrifte wat nie in stryd met die Skrif, die drie Formuliere van Eenheid en erkende ekumeniese belydenisse is nie, deel van (die sinode se) belydenisgrondslag te maak.
(Ons verwys hierna as Belsuit nr. 1)
2. Die Algemene Sinode besluit om Artikel 35 van die Kerkorde te wysig deur die byvoeging van Artikel 35.7:
Die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:
35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;
35.7.2 minstens twee derdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;
35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van 'n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;
35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en
35.7.5 dit nie as 'n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie.
(Ons verwys hierna as Besluit nr 2)
3. Die Algemene Sinode gee aan die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland en ander sinodes wat daarom vra, toestemming om kragtens (die nuwe) Artikel 35.7 die Belydenis van Belhar deel van die sinode se

belydenisgrondslag te maak.
(Ons verwys hierna as Besluit nr 3)

3. WAT WORD GEVRA IN DIE APPÈL?

Die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde appèlliggaam word hiermee dringend versoek om op grond van een of meer van die motiverings hieronder die besluite van die Algemene Sinode 2015 wat hierbo aangehaal is tersyde te stel (te herroep).

4. GRONDE EN MOTIVERING VIR APPÈL

4.1 DIE SINODE HET NIE REG OM TOESTEMMING TE GEE VIR IETS WAT DIE HELE KERK SO PAS DEUR 'N KERKORDELIKE STEMPROSES VERWERP HET NIE.

Om die appèl te verstaaan is dit nodig om die historiese aanloop tot hierdie besluite in ag te neem:
a) Oktober 2011 besluit die Algemene Sinode as volg:
Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor in werking te stel.
b) Tussen 2011 en 2013 staan die proses om Belhar deel te maak van die NG Kerk se belydenisgrondslag byna stil weens verwarring oor die prosedures, die stemming en die regsimplikasie.
c) Tov die kerkordelike prosesse is aan die Algemene Sinode 2013 as volg gerapporteer:
4.1 Die Moderamen het erns gemaak met die feit, en die kommer, oor die regte kerkordelike prosesse tov die insluiting van Belhar in die belydenisgrondslag/ die wysiging van die belydenisgrondslag.
4.2 Opdrag is aan die ATR gegee om 'n eenvoudige en duidelike kerkregtelike prosedure/ proses te voorsien...
4.3 Die ATR is ook versoek om 'n regsopinie te kry oor die hantering van die hele saak.
4.4 4.4 Belydeniswysiging moet itv Art 44 van die Kerkorde hanteer word. Die ATR het die Aktuarius opdrag gegee om seker te maak dat die besluite van die Algemene Sinode hieroor in orde is.
d) Ten opsigte van Belhar as deel van die belydenisgrondslag is soos volg aan die Algemene Sinode 2013 rapporteer:
5.1 Die advies van die Moderamen aan die Algemene Sinode is dat die vraag aan die kerkverband oor die Belydenis van Belhar net kan geskied as 'n nuwe Artikel 1 van die Kerkorde.
Uit bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat die hele aksie om Artikel 1 te wysig van die begin tot die einde gegaan het oor een probleem naamlik: Wat kan die sinode doen om die Belydenis van Belhar deel te maak van die kerk se belydenisskrifte?
Let wel wat was die Moderamen se advies in 2013, nadat hulle verskeie regsmenings en kerkregtelike advies ingewin het: "daar is net een manier hoe Belhar deel kan word van die NG Kerk se belydenisgrondslag, selfs al is die aanvaarding daarvan opsioneel vir lidmate, kerkrade en sinodes, bly daar net een manier om dit wettig te doen en dit is artikel 1 moet gewysig word."1
Om seker te maak alle kerkvergaderings, asook gemeentes en lidmate weet waaroor hulle moet stem, is baie kosbare geld en tyd uit lidmate se dankoffers spandeer om die Algemene Sinode se voorgestelde wysiging van Artikel 1 te bemark. Selfs die kerk se amptelike koerant is volskaals hiervoor ingespan. Een en vyftig duisend gratis Kerkbodes is versprei om lidmate en kerkrade te probeer oortuig dat hulle die voorgestelde wysiging van artikel 1 moet aanvaar. Verteenwoordigers van die Moderatuur kon selfs alle sinodesittings bywoon. Die tyd, geld en energie wat ook by streeksinodes aangewend was om die proses te laat werk is onberekenbaar. Die uiteindelike stemproses het twee jaar geduur en het die NG Kerk waarskynlik eerder miljoene as duisende rande gekos.
Weens die deeglike verskansing van Artikel 1 deur artikel 44.1 en 44.2 was daar net een wettige manier om toestemming te gee dat Belhar deur sommige sinodes, kerkrade en lidmate aanvaar kan word as deel van hul belydenisgrondslag, en dit was 'n baie duur en omslagtige stemproses waarby alle sinodes, kerkrade, en lidmate geleentheid moes kry om te stem. Hierdie stemming was histories uniek in die Ng Kerk! Die ATR moes sorg dat Reglement 24 betyds in die Kerkorde kom om die praktiese riglyne vir kerkrade se stemproses uit te spel. Die voorstel waaroor alle sinodes, kerkrade en lidmate moes stem was of die Algemene Sinode Artikel 1 mag wysig om as volg te lees:
Voorgestelde nuwe Artikel 1
1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
1.2 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in
1.2.1 die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en
1.2.2 die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreels.
1.3 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
1.4 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van

haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.
1 Verslag oor stemming Artikel 1 Algemene Sinode Aanvullende Agenda 2015.
e) Terugvoer by Algemene Sinode 2015:
Die uitslag van die landswye stemming was ‘n duidelike en ondubbelsinnige NEE.
. Uit die tien sinodes was daar slegs drie wat die vereiste meerderheid gekry het. Sewe uit tien sinodes se uitslag was ‘n duidelike NEE.
. “Meer as tweederdes (67.5%) van die kerkrade in die NG Kerk stem uiteindelik teen Artikel 1”.
. Slegs 32.5 % van al die kerkrade wat gestem het, oor die hele land, stem ten gunste van die wysiging van Artikel 1.
f) Besluit van Algemene Sinode 2015:
6.2 Die Algemene Sinode aanvaar die gegewe dat Artikel 1 van die Kerkorde nie gewysig kan word soos deur die vorige Algemene Sinode aanbeveel nie.
g) Konklusie:
. Sedert 1998 het die druk op die AS om Belhar belydenis deel te maak van ons belydenisgrondslag sistematies toegeneem. Die AS het sedert 1998 egter herhaaldelik die lidmate getroos met die belofte dat Belhar nie in ons belydenisgrondslag opgeneem sal word sonder om eers die kerkrade en lidmate te raadpleeg nie. Hierdie belofte het uitgeloop op die nuutste formulering van Artikel 44.1 en 44.2 waarin Artikel 1 wat die belydenisgrondslag van die NG Kerk bepaal, behoorlik verskans word. Die kerkrade en lidmate se inspraaak is later reglementeel vasgelê in Reglement 24.
. Die AS het dus deur sy eie besluite, bepalings en reglemente publiek onderneem dat Belhar nie deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag sal word sonder die nodige instemming van sinodes en kerkrade en approbasie van lidmate nie.
. In 2011 het die AS besluit om Belhar op ‘n Kerkordelike wyse op te neem in sy belydenisgrondslag. Daar was net een manier om dit wettiglik te doen, e dit was deur die lang proses om eers die sinodes, kerkrade en lidmate daaroor te raadpleeg.
. Die hele debat het van die begin af dus nie gegaan oor Artikel 1 as sodanig nie, maar oor die vraag hoe Belhar deel kan word van ons belydenisgrondslag. Artikel 1 was bloot die voertuig waarmee Belhar die kerk kon binnevaar.
. Die NG Kerk het toe sy lidmate en kerkvergaderings oor ‘n tydperk van vier jaar deeglik getoets oor die moontlike opname van Belhar in ons belydenisgrondslag, selfs al is dit so opsioneel dat party sinodes (of kerkrade) dit kan aanvaar en ander nie.
. Hierdie proses het die kerk fortuine gekos aan tyd en geld en energie.
. Kerkrade, sinodes en lidmate wat gestem het, het gestem met die veronderstelling en versekering dat die Algemene Sinode die geloofwaardigheid en integriteit sal hê om die uitslag van hul eie voorgeskrewe stemproses te aanvaar.
. Die uitslag was oortuigend en beslissend: NEE. Die AS het in 2015 publiek verklaar dat hy hierdie uitslag aanvaar.
Hierdie “NEE-stem” belet die AS dus om op grond van sy eie besluite, beloftes en bepalings, Belhar belydenis deel te maak van die NG Kerk se belydenisgrondslag, tensy dat die stemproses later weer herhaal sou word en die nodige goedkeuring wettiglik verkry sou word. Dit geld vir die ganse NG Kerk wat al die sinodes insluit. Selfs die moontlikheid van opsionele aanvaarding slegs deur sommige sinodes is reeds deur die stemproses verwerp.
. Besluit Nr 1 van die AS 2015 soos hierbo aangehaal is dus onregmatig en ongeldig want dit is in stryd met die AS se eie besluite en bepalings. Die NG Kerk in geheel het dit wat besluit 1 wil toelaat reeds publiek verwerp.
. Besluit Nr 2 van die AS 2015 soos hierbo aangehaal is dus onregmatig en ongeldig, want Artikel 35 kan nie besluite moontlik maak wat in stryd is met Artikel 1 nie.
. Besluit Nr 3 van die AS 2015 soos hierbo aangehaal is dus onregmatig en ongeldig want dit is inhoudelik teenstrydig met die uitslag van die twee-jaar lange stemproses en met die AS se eie publieke onderneming.

4.2 HIERDIE BESLUITE IS ‘N OORTREDING VAN DIE NEGENDE GEBOD.

Ten spyte van die Algemene Sinode se duidelike boodskap dat hulle die uitslag aanvaar en dus nie meer Artikel 1 so kan of sal verander dat Belhar deel kan word van sekere sinodes en gemeentes se belydenisgrondslag nie, kom dieselfde sinode en neem drie ander besluite wat inhoudelik dieselfde beteken as wat wysiging van Artikel 1 prakties vir sinodes sou beteken.
. Antwoord 112 van die Heidelbergse Kategismus verduidelik die betekenis van die negende gebod soos volg:
Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê (a), niemand se woorde verdraai (b), nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie (c), niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie (d). Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel (e) se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring (f) nie. In regsake en in alle ander handelinge moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely (g). My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (h).
. Besluit nr 1, nr 2 en nr 3 hierbo, staan direk teenoor die sinode se onderneming om die uitslag van Artikel 1 se stemming te aanvaar. Presies dit waarteen lidmate gestem het word nou op ‘n oneerbare wyse by die agterdeur ingebring. Dit is oneerbaar en misleidend teenoor die sinodes, kerkrade en lidmate wat beslis nie al die moeite geld en tyd sou spandeer het om te stem as hulle geweet het die AS gaan as hulle die stemming verloor maar net ‘n ander skuiwergat soek om Belhar ingevoer te kry. Die besluit dat Belhar nie deel van ons belydenisskrifte kan wees nie, geld vir die ganse NG Kerk, dus ook vir alle sinodes en spesifiek ook Wes-Kaap. Almal wat die konteks ken sal

weet dat die hele stemming eintlik gesentreer het op Wes-Kaap se versoek om Belhar deel te maak van haar belydenisgrondslag.
. Besluit 1, besluit 2 en besluit 3 hierbo kom neer op ‘n oortreding van die negende gebod.

4.3 HIERDIE BESLUITE PLAAS DIE GELOOFWAARDIGHEID EN INTEGRITEIT VAN DIE ALGEMENE SINODE EN DIE GANSE NG KERK ONDER ERNSTIGE VERDENKING.

Die AS het met besluit 1, besluit 2 en besluit 3 hierbo getoon dat hy hom nie regtig steur aan die wil van sy mindere vergaderings en lidmate nie.
Geen vergadering of lidmaat sou moeite doen om te stem as hulle geweet het die AS gaan maar net weer sy kerkorde so wysig om sy eie beheptheid met Belhar deurgevoer te kry nie. Dit laat mens besef dat vir ‘n groot deel van die AS, die hele duur stemproses eintlik maar net een groot speletjie was.
Lank voordat die stemming oor Artikel 1 voltooi was, het die media al verskeie berigte geplaas wat bevestig het dat baie lede van die sinode die hele stemproses nie ernstig opneem nie. ‘n goeie voorbeeld is Beeld van 6 November 2014 se berig wat toe al vir prof. Nelus Niemandt (moderator van die AS) soos volg aangehaal het: “Lidmate moet onthou dat die NG Kerk reeds die Belydenis van Belhar aanvaar het.” En bietjie verder weer: “Maar die NG Kerk het die belydenis dan reeds aanvaar. Hoekom het daardie mense nie toe al uitgeloop nie?” Hierdie soort uitsprake wat toe ontstellend geklink het, blyk nou waar te wees as die Sinode ten spyte van die duidelike uitslag, Belhar maar net by ‘n ander agterdeur insmokkel.
Al drie bogenoemde besluite van die AS 2015 plaas nie net die AS se eerbied vir die waarheid nie, maar ook sy geloofwaardigheid en integriteit onder verdenking.

4.4 HIERDIE BESLUITE IS TEENSTRYDIG MET ARTIKEL 21 VAN DIE KERKORDE.

Artikel 21:
Die kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse.
Wes- en Suid-Kaap se sinode het die AS versoek om hulle toe te laat om die Belydenis van Belhar as addisionele toevoeging tot hulle belydenisgrondslag te aanvaar.
Hierdie versoek was baie sterk emosioneel gemotiveer terwille van hulle verhouding met die VGKSA.
Die versoek het gepaard gegaan met openlike en bedekte dreigemente dat hulle hul bande met die AS gaan losmaak indien die AS hulle nie hul sin gee nie.
Hulle was bewus daarvan dat die NG Kerk in geheel so pas juis teen aanvaarding of opsionele aanvaarding van Belhar gestem het.
Ten spyte van dit alles het Wes-Kaap voortgegaan om die sinode se eie besluite te disrespekteer en om emosionele druk op die AS uit te oefen om dit self ook te disrespekteer.
As die sinode by Artikel 21 gebly het deur alle sake op sy agenda, op ‘n kerklike wyse vanuit kerklike perspektief in die lig van die Woord van God te behandel, sou hierdie voorstel/versoek nie eers ontvanklik gewees het nie, aangesien die sinode so pas besluit het om die uitslag van die kerk se stemproses te eerbiedig. Die besluit is nie geneem in die gees van Artikel 21 nie.
Verder was die voorstel buite orde aangesien dit kerkregtelik eintlik nie eers ontvanklik was vir die vergadering nie. Dr P Rossouw stel dit baie duidelik in sy boek Kerkvergaderings p 55 dat sekere voorstelle geensins ontvanklik is by ‘n kerkvergadering nie.
“’n Voorstel wat bots met die heilige Skrif, die belydenisskrifte, die kerkorde en genome besluite is nie ontvanklik nie. Indien laasgenoemde toegelaat word, word die voorskrifte in verband met revisie onordelik oorboord gegooi.”2
Hierdie voorstel was in stryd met die reeds genome besluit wat beteken dat geen kerkvergadering van die NG Kerk toestemming kry om Belhar as deel van sy belydenisgrondslag te aanvaar nie. Die feit dat dieselfde versoek nou deur ‘n ander voertuig... ‘n ander artikel .. ter tafel kom, is oneties, onkerklik en kerkordelik onwettig.

4.5 HIERDIE BESLUITE IS TEENSTRYDIG MET ARTIKEL 43 VAN DIE KERKORDE EN IS IN EFFEK DIE KONDONERING VAN ‘N KERKSKEURING.

Artikel 43 bepaal onder andere as volg:
Tot die taak van die Algemene Sinode hoort: 43.1.1 dit wat uitdrukking gee aan die Kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid.
In een kerkverband is daar dus twee sake wat die een kerkverband gemeenskaplik deel en dit is belydenis en Kerkorde. Dit is waarom daar geen sprake is van een kerkverband met die VGKSA en ander familiekerke solank ons nie een Kerkorde en een Belydenis het nie. Die twee sake nl vasstelling van Kerkorde en van Belydenis hoort dus al die jare nog by al die gereformeerde kerke tuis by die Algemene Sinode. Dit beteken nie dat mindere vergaderings nie inspraak daarin het nie, maar dat die finale vasstelling daar tuishoort waar ons verband as eenheid konstitueer.
Voor 1962 het die sinodes wat tans in een kerkverband as NG Kerk verenig is, elkeen as afsonderlike selfstandige kerk bestaan. In daardie tyd kon elkeen sy eie belydenisskrifte bepaal en het elkeen ook sy eie Kerkorde saamgestel. Sedert die eenwording van die verskillende kerke in 1962 kom die een kerkverband tot uitdrukking in een Algemene Sinode. Per defenisie van die een NG Kerk, bestaan daar dus nou nie meer afsonderlike Kerkordes nie, en ook nie afsonderlike eie belydenisskrifte nie. Die doel en funksie van ‘n belydenisskrif is juis om uitdrukking te gee aan die eenheid in geloof, en om die een kerk as huisgesin saam te bind. “Dit gaan in die kerk dus om geloofsgenote wat mekaar in geestelike gemeenskap gevind het omdat God hulle gevind en tot ’n gemeenskaplike belydenis gebring het. ’n Gemeenskap wat saamgebind is deur hulle geloof in God Drie-enig. ’n Gemeenskap wat

mekaar aan dieselfde belydeniswaarhede uitken en mekaar vanuit Christus deur sy Gees en as kinders van dieselfde Vader opsoek: 'n belydende eenheidsgemeenskap.3
Volgens Artikel 37 kan enige enige van die samestellende sinodes die kerkverband met die Algemene Sinode losmaak en terugkeer tot sy selfstandige posisie wat hy voor die eenwording gehad het indien hy so 'n stap voor God in die lig van die Skrif kan regverdig. Wanneer 'n sinode egter besluit om sy eie belydenisgrondslag
2 Rossouw, dr P; Kerkvergaderings; p 55
3 Strauss, PJ; Universiteit van die Vrystaat; Belydenis, Kerkverband en Belhar; Acta Theologica, NG Kerk, p 560; Sept-Des 2005.
te bepaal en dus ook sy eie kerkorde saam te stel (want belydenisgrondslag word nie in bepalings vasgelê nie, maar in die Kerkorde), dan beteken dit in effek kerkskeuring. Dan gebeur wat Art 37 noem, die sinode maak sy bande met die een NG Kerk, wat een belydenis het en een Kerkorde het los. Dan bely daardie predikante en daardie lidmate iets anders as die res van die kerkverband. Dan is daar ander maatstawwe wat gebruik word om suiwerheid van leer en lewe te beoordeel. Dan is daar ander inhoude wat in die kategese materiaal opgeneem word. Dan is daar ander maatstawwe vir kerklike tug en dissipline. Dan word van lidmate verwag (al is dit dalk nog opsioneel?), om ander belydenisse te onderteken as hulle geloofsbelydenis aflê. Dan word daar van predikante verwag om ander belydenisse met hulle legitimasie eed te onderskryf. Dan is daar 'n nuwe selfstandige kerk.
Die AS se besluite nr 1 en nr 2 en nr 3 delegeer in effek sy on-delegeerbare bevoegdheid wat slegs by die AS tuishoort, om eie belydenisse vas te stel (al is daar sekere voorwaardes aan verbonde) en om dus ook 'n eie kerkorde saam te stel waar daardie kerk (sinode) se eie belydenisgrondslag bepaal word.
Artikel 44.3 beperk enige wysings van die kerkorde tot die Algemene Sinode.
Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde, die Kerkorde wysig of aanvul met 'n tweederdemeerderheidstem.
Die drie besluite kondoneer nie net kerkskeuring in die sin dat sinodes soos Wes- en Suid-Kaap weer onafhanklik begin funksioneer met hul eie belydenisse nie. Dit is ook 'n resep vir kerkskeuring deurdat die baie lidmate en kerkrade dalk hulle rug permanent op die Algemene Sinode gaan draai as die besluite gehandhaaf word. In die stemproses het die ASM en moderatuur voortdurend 'n beroep op kerkrade en sinodes gedoen om die stemming so sensitief te hanteer dat daar geen skeurings sal plaasvind nie. Reglement 24.4 wat die proses van stemming verduidelik, bepaal ook dat alles moontlik gedoen meot word om kerkskeuring te voorkom."die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerkskeuring te voorkom.4"
Die AS se besluit is dus ondeurdag en onreëlmatig geneem agv die groot emosionele druk wat Wes-Kaap op 'n onkerklike wyse op die sinode uitgeoefen het.

4.6 HIERDIE BESLUITE IS TEENSTRYDIG MET, EN MAAK MISBRUIK VAN ARTIKEL 35

Binne konteks gelees is dit onmoontlik dat Artikel 35 enige onderdele kan bevat oor belydenisvorming. Artikel 35 gaan oor spesifieke plaaslike verantwoordelikhede van bepaalde streke. Sodra belydenis en/of kerkorde hierby ingevoeg word, oorskry dit die duidelike grense van artikel 35 se bedoeling. In hierdie geval het die AS onder emosionele druk en invloed van Wes-Kaap geswig voor die druk om 'n skuiwergat, of oop venstertjie, te soek om Belhar in te bring terwyl die artikel 1 stemming dit baie duidelik uitgesluit het.
Die feit dat artikel 35 nie so gewysig mag word nie word bevestig deur:
. Die Moderamen se advies aan die sinode van 2013 nadat verskeie regsopinies en kerkregkundiges geraadpleeg was dat: "Daar is net een manier hoe Belhar deel kan word van die NG Kerk se belydenisgrondslag, selfs al is die aanvaarding daarvan opsioneel vir lidmate, kekrade en sinodes, bly daar net een manier om dit wettig te doen en dit is artikel 1 moet gewysig word." As wysiging van Artikel 35 deur 'n byvoeging, al is wat nodig was om Belhar deel te maak van sommige NG sinodes se belydenisgrondslag, dan sou die AS toe al daardie pad geloop het wat baie goedkoper, vinniger en makliker sou wees. Dit was egter nie moontlik nie en is nou ook ongeldig.
. Artikel 32 bevestig dat sinodes in die een verenigde kerk nie selfstandige kerke kan wees, of so kan funksioneer nie want die indeling van sinodes word deur de Algemene Sinode gedoen. Dit beteken die Algemene Sinode kan besluit hoe die geografiese groepering van sinodes ingedeel moet word. As die sinodes nou verskillende belydenisse het, sou dit onmoontlik wees vir die AS om hierdie indeling van tyd tot tyd te herrangskik.
. Regsadvies tydens die 2015 sinode het gewaarsku teen die hoë regsrisiko wat hierdie drie besluite vir die NG Kerk kan inhou. (Sien volgende hoofpunt). Dit alles bevestig dat die hele byvoeging van Art 35.7 asook meegaande
4 Kerkorde Alg Sinode 2013; Reglement 24; 24.4.
besluite niks anders as 'n onregmatige misbruik van die artikel is. Nie een van die gereformeerde erkende kerkordes laat ruimte vir sulke byvoegings nie.

4.7 HIERDIE BESLUIT IS GENEEM DIREK TEEN DIE UITDRUKLIKE WAARSKUWING VAN 'N BEKENDE EN BEKWAME REGSGELEERDE EN KERKREGKUNDIGE WAT DEUR DIE SINODE GERAADPLEEG WAS.

Wes-Kaap sowel as die TRK het tydens die sinode mnr Chris Du Plessis, 'n bekende regsgeleerde en kerkregkundige wat al baie werk vir die kerk gedoen het, geraadpleeg oor die regsimplikasies indien die sinode die pad sou loop om slegs 'n byvoeging by Art 35 te maak. Mnr Du Plessis se advies was ook aan die sinode bekendgemaak naamlik dat hierdie pad van wysiging van Artikel 35, vir die NG Kerk 'n hoë regsrisiko inhou.
Hierdie waarskuwing was uitgespel tydens die ontmoeting van Wes-Kaap verteenwoordigers met die TRK en dit was herhaal in die oop vergadering.
Die vergadering het, wetende dat hierdie pad nie die regte en suiwer pad is nie, tog weens die druk van binne

en buite, besluit om Artikel 35 so te wysig dat streeksinodes Belhar deel van hulle belydenisgrondslag kan maak. Van die afgevaardigdes het gesê die aanvaarding van Belhar is vir hulle so belangrik dat hulle selfs bereid is om ‘n paar honderdduisend rand te begroot vir regskoste indien hulle ‘n hofsaak daaaroor sou verloor!.
Die blinde ignorering van ‘n bekwame regsopinie bevestig die feit dat hierdie besluite nie geneem was in ooreenstemming met Artikel 21 nie.

SLOT:
In die lig van een of meer van bogenoemde redes versoek ons nou die sinode om die drie besluite hierbo genoem tersyde te stel aangesien dit in ten minste een of meer opsigte onregmatige besluite is.

BYLAAG 3

APPÈL INGEVOLGE REGLEMENT 19 VAN DIE KERKORDE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 2013 – BP MARAIS, T DE JAGER, A SERFONTEIN, N STEYN

Ons as gemeente, kerkraad en leraar van die NG Kerk, Charl Cilliers:
- erken ons diepe afhanklikheid van God,
- erken die Bybel as die enigste ware Skrif geïnspireer deur die Gees van God en
- ons liefde vir God en ons medemens

In navolging van hierdie beginsels laat sekere besluite geneem tydens die 16e vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk (AS) ons geen ander keuse as om ’n appèl teen die volgende besluite aan te teken: die besluite aangaande belydenisskrifte

1. BELHAR BELYDENIS

AS Besluit (*Verbatim* aanhaling vanuit die BESLUITEREGISTER ALGEMENE SINODE 2015, Notule Dag 5 pt 12)
1. Die Algemene Sinode besluit om dit vir sinodes moontlik te maak om ander belydenisskrifte wat nie in stryd met die Skrif, die drie Formuliere van Eenheid en erkende ekumeniese belydenisse is nie, deel van (die sinode se) belydenisgrondslag te maak.
2. Die Algemene Sinode besluit om Artikel 35 van die Kerkorde te wysig deur die byvoeging van Artikel 35.7:
Die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:
35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;
35.7.2 minstens twee derdes van ’n sinode ten gunste daarvan besluit;
35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van ’n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;
35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en
35.7.5 dit nie as ’n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie.
3. Die Algemene Sinode gee aan die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland en ander sinodes wat daarom vra, toestemming om kragtens (die nuwe) Artikel 35.7 die Belydenis van Belhar deel van die sinode se belydenisgrondslag te maak.

Appèl
Die optrede van die AS in die bogenoemde besluite is in stryd met die bepalings van Artikel 44 van die Kerkorde (2013) en die toepaslike regsbeginsels in die Suid-Afrikaanse reg. Die bepalings van Artikel 44, ’n duidelike verskansingsklousule, neem voorkeur bo enige ander artikel in die Kerkorde waar dit in stryd is met Artikel 44.1 en 2. Al die bogenoemde besluite het die effek dat Artikel 1 gewysig kan word sonder nakoming van Artikel 44 en moet dus ongeldig verklaar word. Alhoewel slegs die bogenoemde aanhalings gemaak is, is die appèl ook gemik teen enige ander besluit wat daarop gemik is om die belydenisskrifte te wysig en/of uit te brei.

Motivering
Artikel 1 of die Belydenisskrifte se wysigings word verskans deur Artikel 44.1 en 2 wat ’n baie omvattende twee derde meerderheid (deur kerkrade, sinodes en die AS) vir wysiging van Artikel 1 of die Belydenisskrifte vereis.
Die besluit is ’n konstruktiewe wysiging van Artikel 1 deur sekere sinodes toe te laat om ’n addisionele belydenisskrif te aanvaar. Hierdie besluit is buite die magte van die AS en behoort dus as ongeldig verklaar te word.
Die Suid-Afrikaanse reg is duidelik oor die toepassing van verskansings klousules.
Die optrede van die AS is laakbaar gesien in die lig van die stemmingsproses ten aansien van die insluiting van die Belharbelydenis. Die afwysing van die insluiting is deur die AS aanvaar, maar hierdie optrede kan slegs gesien word as ’n slinkse wyse om die wense van lidmate, kerkrade en sinodes te weerstaan.

A.3 APPèLLIGGAAM

A.3.3 BESKRYWINGSPUNT BELYDENIS VAN BELHAR (WES KAAPLAND)

1. INLEIDEND:
Die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland het oor die Belydenis van Belhar die volgende besluite geneem:
1.1 Die sinode handhaaf die oortuiging dat die Belydenis van Belhar in ooreenstemming is met die Woord van God en as belydenisskrif in die belydenisgrondslag van die NG Kerk opgeneem moet word, ingevolge die 2011-besluit van die Sinode en die 2011-besluit van die Algemene Sinode.
1.2 Die Sinode is van oortuiging dat die Belydenis van Belhar (saam met die ekumeniese belydenisse en die Drie Formuliere van Eenheid) uitdrukking gee aan die identiteit van die NG Kerk in SA. Dit behels:
1.2.1 dat die aanvaarding en uitlewing van die Belydenis van Belhar as belydenisskrif 'n helder getuienis en roeping aangaande die uitdagings van ons eie tydsgewrig verwoord;
1.2.2 dat die aanvaarding en uitlewing van die Belydenis van Belhar as belydenisskrif 'n onontbeerlike en deurslaggewende rol in die herstel van die geloofwaardigheid van die NG Kerk moet speel;
1.2.3 dat die aanvaarding en uitlewing van die Belydenis van Belhar as belydenisskrif die oortuiging beliggaam dat die NG Kerkfamilie ten diepste onlosmaaklik aan mekaar verbonde is, en daarom onmoontlik die basis kan wees of kan word waarop ontworteling of losmaking of skeuring of verdeeldheid of onenigheid binne hierdie familie geregverdig kan word.
1.3 Dit is die bede van die Sinode dat die Belydenis van Belhar volledig aanvaar moet word op dieselfde vlak as die Drie Formuliere van Eenheid.
1.4 Die Sinode is en bly bewus van die uiteenlopende standpunte onder lidmate, predikante, en kerkvergaderinge oor die Belydenis van Belhar, en wil op welke manier moontlik ruimte probeer skep vir 'n diversiteit van standpunte en ervarings.
1.5 Hierdie Sinode, wat die proses van wysiging van belydenis binne die NG Kerkverband geïnisieer het, is hartseer oor hoe die verloop daarvan lidmate in die hele NG Kerkfamilie seergemaak het. Dit was nie ons bedoeling om lidmate verder te vervreem nie, maar juis om mekaar nader te trek.
1.6 Die Sinode erken die NG Kerk se onvermoë om die saak tans tot bevrediging van almal te hanteer, maar sou te midde van al die kompleksiteite en in biddende afhanklikheid van die Here – haar enigste Hoof – 'n prinsipiële en teologiese posisie wou inneem.
1.7 Dit is die Sinode se oortuiging dat daar dus 'n verdere reis met Artikel 1 en die Belydenis van Belhar vir die NG Kerk voorlê na afloop van die Algemene Sinode se sinodesitting. Omdat ons die evangelie glo, hoop hierdie Sinode ook op die Drie-Enige God om eenheid, geregtigheid en versoening in sy kerk en deur sy kerk in die wêreld te bewerk.
1.8 Die Sinode spreek haar dank en waardering teenoor die Algemene Sinode uit dat die Algemene Sinode die NG Kerk in SA se erns met die Belydenis van Belhar opgeneem en 'n kerkregtelike proses daargestel het om uiting te gee aan die NG Kerk in SA se 2011-verbintenis aan die Belydenis van Belhar as belydenisskrif.
1.9 Die Sinode besluit om 'n versoek aan die Algemene Sinode te rig om 'n proses in plek te stel wat dit vir Sinodes moontlik sal maak om belydenisskrifte, soos die Belydenis van Belhar, wat nie in stryd met die Skrif en bestaande belydenisse en belydenisskrifte is nie, deel van hulle belydenisgrondslag te maak. (82,3% van die sinode het vir hierdie voorstel gestem).
2. BESKRYWINGSPUNT:
2.1 Die Algemene Sinode besluit om dit vir sinodes moontlik te maak om ander belydenisskrifte wat nie in stryd met die Skrif, die Drie Formuliere van Eenheid en bestaande ekumeniese belydenisse is nie, deel van hulle belydenisgrondslag te maak.
2.2 Die Algemene Sinode voeg 'n nuwe Kerkorde Artikel aan die einde van Artikel 44 van die Kerkorde by:
Artikel 44.6 (nuut): "Sinodes kan ander belydenisskrifte deel van hul belydenisgrondslag maak indien die Algemene Sinode bevind dat sodanige belydenisskrif nie in stryd met die Skrif, die Drie Formuliere van Eenheid en bestaande ekumeniese belydenisse is nie. So 'n besluit word nie as 'n wysiging van die Algemene Sinode se belydenisgrondslag beskou nie."
2.3 Die Algemene Sinode gee aan die NG Kerk in SA (Wes- en Suid-Kaapland) en ander sinodes wat daarom vra toestemming om kragtens (die nuwe) Artikel 44.6 die Belydenis van Belhar deel van die hulle belydenisgrondslag te maak.
436
3. MOTIVERING:
3.1 Die Algemene Sinode het reeds met Artikel 44.1en 44.2 die reg van elke sinode erken om ook oor die belydenisgrondslag van die kerk na te dink en haar daaroor uit te spreek. Voor die vorming van die Algemene Sinode het die onderskeie sinodus plena (vergadering waar alle gemeentes verteenwoordig is) die gesag gehad om die belydenisgrondslag van die sinode te bepaal. Die Algemene Sinode het as sinodus contracta hierdie funksie oorgeneem. In beginsel beteken dit egter nie dat die selfstandigheid en verantwoordelikheid van sinodes opgehef is om oor belydenisskrifte en -vorming na te dink nie. Die gereformeerde oortuiging bly immers dat die kerk altyd weer reformeer (ecclesia reformata semper reformanda). Dit sal onomwonde gebeur dat die onderskeie samestellende sinodes van die Algemene Sinode nie almal terselfdertyd tot dieselfde oortuiginge kom nie.
3.2 Die onderskeie sinodes wat gesamentlik die Algemene Sinode vorm het in 1962 ooreengekom dat dit slegs die Algemene Sinode is wat oor belydenis en die wysiging van belydenis kan besluit. Sinodes het dus die bevoegdheid

om ’n belydenisskrif te wysig of ’n nuwe belydenisskrif deel te maak van haar belydenisgrondslag oorgedra na die Algemene Sinode. Indien ’n sinode dus nou die reg wil bekom om ’n addisionele belydenisskrif te aanvaar, moet die Algemene Sinode daartoe instem. Dit is immers vir die Algemene Sinode moontlik om sodanige besluit te neem. As Regter Harms die gereformeerde- of presbiteriale kerkregeringstelsel opsom, stel hy dit in sy uitspraak in 1998 (saak nr. 536/96b Regter Harms) dat daar in een kerkverband ’n verskil ten aansien van die uitleg en toepassing van die belydenisskrifte kan wees. Dit beteken dat daar wel goeie argumente bestaan ten gunste van diversiteit ten opsigte van belydenisaanvaarding, en dat die Algemene Sinode ruimte kan skep vir sinodes om belydenisse te aanvaar wat nie in stryd is met die bestaande belydenisse nie.

3.3 Die toestemming wat die Algemene Sinode vir ’n sinode gee om ’n belydenisskrif deel van haar belydenisgrondslag te maak kan alleen gebeur indien die Algemene Sinode verklaar dat die inhoud van so belydenis nie strydig met die Skrif en bestaande belydenisskrifte is nie. Dit beteken verder dat sodanige besluit nie die eenheid van die kerk, die heersende belydenisskrifte, asook die quia-standpunt in gedrang sal bring nie.

3.4 Die Algemene Sinode het reeds in 1988 die Belydenis van Belhar Skriftuurlik aanvaarbaar bevind. Daar is ook in 1998, 2004 en 2007 verklaar dat die Belydenis van Belhar nie in stryd met die Drie Formuliere van Eenheid is nie. Die Algemene Sinode het in 2011 besluit dat hy van voorneme is om die Belydenis van Belhar op ’n kerkordelike wyse deel van die belydenisgrondslag te maak. In 2013 besluit die Algemene Sinode om voor te stel dat daar ruimte vir lidmate in die kerk moet wees om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te aanvaar of nie. Al die feite dui daarop dat daar geen skriftuurlik-teologiese en daarom ook kerkregtelike rede is waarom die belydenis van Belhar nie aanvaarbaar kan wees nie. Die Algemene Sinode sou dus sonder om iets van die karakter en belydenisgrondslag van die NG Kerk prys te gee, met goeie motivering aan sinodes, toestemming kan verleen om die Belydenis van Belhar in hulle belydenisgrondslag op te neem. Die Algemene Sinode het met vrymoedigheid voorgestel dat daar ruimte in die kerk moet wees vir mense wat die Belydenis van Belhar as belydenisskrif wil aanvaar en vir die wat dit nie wil aanvaar nie. Hiermee het die Algemene Sinode by implikasie reeds besluit dat daar óók ruimte in die kerk moet wees vir sinodes wat die Belydenis van Belhar as belydenis wil aanvaar en vir dié wat dit nie wil aanvaar nie. Hiermee het die Algemene Sinode erken dat die skep van ruimte vir die Belydenis van Belhar nie tot verdeeldheid of skeuring sal lei nie.

A.3 APPèLLIGGAAM

A.3.4 TYDELIKE TAAKSPAN BELYDENISSKRIFTE (Handelinge AS 2015, bladsy 132evv)

3. B.5 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE SINODE VAN WES- EN SUID-KAAPLAND OOR DIE BELYDENIS VAN BELHAR (Agenda AS 2015 bl 435)

3.1 BESKRYWINGSPUNT

3.1.1 *Die Algemene Sinode besluit om dit vir sinodes moontlik te maak om ander belydenisskrifte wat nie in stryd met die Skrif, die drie Formuliere van Eenheid en bestaande ekumeniese belydenisse is nie, deel van [die sinode se] belydenisgrondslag te maak.*

3.1.2 *Die Algemene Sinode voeg 'n nuwe kerkorde-artikel aan die einde van Artikel 44 van die Kerkorde by: Artikel 44.6 (nuut)*

"Sinodes kan ander belydenisskrifte deel van hul belydenisgrondslag maak indien die Algemene Sinode bevind dat sodanige belydenisskrif nie in stryd met die Skrif, die Drie Formuliere van Eenheid en bestaande ekumeniese belydenisse is nie. So 'n besluit word nie as 'n wysiging van die Algemene Sinode se belydenisgrondslag beskou nie."

3.1.3 *Die Algemene Sinode gee aan die NG Kerk in [Suid-Afrika] [(Sinode) Wes- en Suid-Kaapland] en ander sinodes wat daarom vra toestemming om kragtens (die nuwe) Artikel 44.6 die Belydenis van Belhar deel van die [sinode se] belydenisgrondslag te maak.*

3.2 PUNT 3.1.1

3.2.1 Die voorstel wat hier gemaak word, mag met die eerste oogopslag onhaalbaar of nie-kerkregtelikmoontlik-nie afgemaak word. Daar is egter ander aspekte wat ook hier in oorweging geneem moet word, waaronder:

3.2.2 Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode Wes- en Suid-Kaapland) het reeds die kerkordelike weg gevolg om in terme van Artikel 44.1 van sinodes en die Algemene Sinode te vra om ruimte te skep vir die opname van die Belydenis van Belhar in die belydenisgrondslag van die NG Kerk. Die uitkoms van hierdie proses is nou bekend en word deur die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode Wes- en Suid-Kaapland) aanvaar. Die verlangde uitkoms is nie verkry nie en dit het die gemelde Sinode, gegewe sy eie geskiedenis en standpunte, in 'n byna onhoudbare posisie geplaas.

3.2.3 Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode Wes- en Suid-Kaapland) het voor die keuse te staan gekom om óf in terme van Artikel 37 van die Kerkorde met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die Algemene Sinodale verband te tree óf om die Algemene Sinode te versoek om na ander moontlikhede te kyk. Enersyds is daar geen twyfel dat die gemelde Kerk/Sinode so 'n stap voor God in die lig van sy Woord sal kan regverdig nie. Andersyds is die gemelde Kerk/Sinode op géén wyse van voorneme om die eenheidsband met die NG Kerk in Algemene Sinodale verband te breek nie. Dit sal strydig wees met juis dit wat nou bely word.

3.2.4 Wat nie buite rekening gelaat kan word nie, is die feit dat die NG Kerk in Suid-Afrika vóór toetrede tot die Algemene Sinode in 1962 oor die reg beskik het om belydenis vas te stel en dat hierdie reg toe reeds 'n gevestigde reg was. Daar is wel van hierdie reg afstand gedoen toe die Algemene Sinode tot stand gekom het en die reg aan die Algemene Sinode oorgedra is. Maar die NG Kerk in Suid-Afrika het nog geensins finaal van hierdie reg afstand gedoen nie en kan dit weer in terme van Artikel 37 van die Kerkorde opneem. Die Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het in 1961 soos volg gelees:

DIE BELYDENIS VAN DIE KERK

ART. 1:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika grond hom op die Heilige Skrif, die Woord van God. Die leer wat hy in ooreenstemming met daardie Woord bely, word uitgedruk in sy Belydenisskrifte, die Formuliere van Enigheid: die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat aangeneem is deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke gehou te Dordrecht in die jare 1618 en 1619.

ART. 2:

Die Kerk erken die historiese belydenisskrifte van die Christelike Kerk:

(a) Apostoliese Geloofsbelydenis, (b) die Geloofsbelydenis van Nicea, (c) die Geloofsbelydenis van Athanasius.

ART. 116:

Die Sinode het tot taak die vasstelling en handhawing van die belydenis van die Kerk, die kerkorde, die liturgiese formuliere en orde van die erediens ...

3.2.5 Die besondere historiese verband tussen die NG Kerk in Suid-Afrika, die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid-Afrika moet in berekening gebring word. Laasgenoemde twee kerke het, op enkele uitsondering na, hulle

voortsetting gevind in die Verenigende Gereformeerde Kerk, Streeksinode Kaapland, met wie die NG Kerk in Suid-Afrika steeds besondere noue bande het. In 1961 het die NG Kerk in Suid-Afrika of sy wettige opvolgers die uitsluitende reg gehad om die grondwet van hierdie twee ander kerke te verander, uit te brei of te herroep.
3.2.6 In die Memorandum van Ekumeniese Verhouding tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan: "Die aanvaarding van nuwe belydenisskrifte bring nie die ekumeniese verhouding noodwendig in gedrang nie." Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het hierdie Memorandum aanvaar en onderteken welwetende dat die NG Kerk toe met sy Artikel 1-proses besig was.
3.2.7 Wat die NG Kerk in Suid-Afrika versoek, verskil nie wesenlik met wat reeds ten grondslag van die Artikel 1-proses aanvaar is nie, naamlik dat daar kerkvergaderinge kan wees wat die Belydenis van Belhar as belydenisskrif aanvaar, terwyl daar ander kerkvergaderinge kan wees wat dit nie as belydenisskrif aanvaar nie.
3.2.8 Die voorwaardes wat die Algemene Sinode stel om ander belydenisskrifte deel te maak van 'n sinode se belydenisgrondslag, blyk in orde te wees om die inspraak van die Algemene Sinode in belang van die NG Kerk as geheel te behou. Die woord "bestaande" moet liefs met "erkende" vervang word aangesien daar ander ekumeniese belydenisse bestaan waaraan daar nie erkenning verleen is nie.

3.3 AANBEVELING:
Die Algemene Sinode onderskryf punt 3.1.1, maar wysig "bestaande" na "die erkende".

3.4 PUNT 3.1.2
3.4.1 Artikel 44 bevat die verskansingsklousules in die Kerkorde, met ander woorde dié sake waarvoor die Algemene Sinode en selfs sinodes 'n vereiste tweederdemeerderheid moet verkry. Dit behels die wysiging van belydenis, die wysiging van die Kerkorde, die bekragtiging van die uitspraak in die gevalle van leertug en leergeskille en natuurlik die wysiging van Artikel 44.1 en 44.2 self. Die voorgestelde nuwe Artikel 44.6 hoort dus nie hier tuis nie.
3.4.2 Aangesien die voorstel met die bevoegdheid of taak van die sinode te doen sal hê, behoort daaraanoorweging geskenk te word om Artikel 35 van die Kerkorde dienooreenkomstig of anders te wysig. Dit sal ook mooi inpas by Artikel 36 en Artikel 37 wat met die kerkvereniging van 1962 in verband gebring word en oor die seggenskap, regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts van die samestellende kerke (NG Kerk in Suid-Afrika, NG Kerk Natal en NG Kerk OVS) en die samestellende sinodes (Oos- en Noord-Kaapland, Namibië en die Transvaalse sinodes) handel.
3.4.3 Die Algemene Sinode beskik nie oor die belydenisgrondslag nie, maar die NG Kerk as die kerkverband.
3.4.4 Dit gaan nie hier oor 'n belydeniswysiging van die Algemene Sinode nie. Dit beteken dat Artikel 44.1 en Reglement 23 nie hier van toepassing is nie.
3.4.5 Die taakspan neem kennis dat die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland die Belydenis van Belhar van harte omarm en reeds jare begeer dat dit deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag moet vorm. Daarom het die sinode die afgelope jare op kerkordelike wyse die inisiatief geneem om die Belydenis van Belhar deel van die kerk se belydenisgrondslag te maak. Hierdie pogings was nie suksesvol nie. Dit laat die Sinode van die Wes- en Suid-Kaapland in 'n baie moeilike posisie. Hulle versoek is dus nou dat die Algemene Sinode hulle behulpsaam moet wees met die vind van 'n oplossing. Die taakspan besef dat die Algemene Sinode hulle hulproep moet hoor deur dit vir hulle moontlik te maak.
3.4.6 Die taakspan het regsadvies ingewin.
3.4.7 Die opsies wat na regsadvies beskikbaar is, is die volgende:
3.4.7.1 Opsie 1: Die Algemene Sinode se artikel 43 soos dit daar staan, maak nie voorsiening daarvoor dat die Algemene Sinode sy bevoegdheid om belydenisse vas te stel weer kan delegeer nie. Die vergadering neem nie Beskrywingspunt B.5 in behandeling nie en aanvaar dit nie. Hierdie opsie hou geen regsrisiko vir die Algemene Sinode in nie, maar kan wesenlike probleme vir die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland inhou omdat dit nie vir hulle 'n oplossing bied nie.
3.4.7.2 Opsie 2: Die vergadering neem Beskrywingpunt B.5 in behandeling en besluit daaroor ongeag die regsrisiko wat dit vir die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland mag inhou. In die lig van die geskiedenis en die unieke konteks van die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland oordeel die Algemene Sinode dat Artikel 43 so geïnterpreteer kan word dat die Algemene Sinode inderdaad aan sinodes die reg kan gee tot uitbreiding van die belydenisgrondslag in soverre die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrifte nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie.
3.4.7.3 Opsie 3: Die Algemene Sinode besluit om die volgende voorstel vir insluiting in Art 43 te oorweeg:
"Die samestellende sinodes het die bevoegdheid om ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode op te neem op voorwaarde dat die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie; (hierdie is 'n addisionele punt in Artikel 43).
3.4.7.4 Opsie 4: Die Algemene Sinode besluit om die volgende voorstel vir goedkeuring of afwysing te oorweeg:
"Die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode op te neem op

voorwaarde dat die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie." Voorafgaande is egter onderworpe aan die nakoming van die bepaling van Art 44 – volgens Artikel 43.1.6
3.4.7.5 Opsie 5: Die Algemene Sinode verwys beskrywingspunt B.5 na 'n paneel van regsgeleerdes, die ASR en dr J Ernst om die ASM van advies te bedien, en verder gee die Algemene Sinode die ASM die afhandelingsbevoegdheid om aan die hand van voormelde regsadvies te handel.
Die taakspan oordeel dat Opsie 2 (3.4.7.2) 'n oplossing vir die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland, en moontlik ook vir ander sinodes, kan bied. Daarom word die volgende aanbeveel:

3.5 AANBEVELING (Opsie 2 van advies):
Die Algemene Sinode onderskryf punt 3.1.2 in beginsel en besluit om Artikel 35 van die Kerkorde te wysig deur die byvoeging van Artikel 35.7:
Nuwe Artikel 35.7:
Die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:
35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;
35.7.2 minstens tweederdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;
35.7.3 minstens tweederdes van die kerkrade van 'n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;
35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en
35.7.5 dit nie as 'n wysiging van die NG Kerk se belydenisgrondslag beskou word nie.

3.6 PUNT 3.1.3:
3.6.1 Indien die aanbeveling soos in 3.1.1 van die beskrywingspunt deur die Algemene Sinode goedgekeur word, is die logiese uitvloeisel dat die Algemene Sinode punt 3.1.3 van die beskrywingspunt onderskryf.
3.6.2 Die nuwe Artikel 35.7 sal ook aan ander sinodes die ruimte gee om in hulle bepalinge ander belydenisskrifte op dieselfde voorwaardes op te neem.
3.6.3 Die nuwe Artikel 35.7 sal aan die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode Wes- en Suid-Kaapland) die verlangde uitkoms gee.

3.7 AANBEVELING ;
Die Algemene Sinode onderskryf punt 3.1.3, maar wysig die verwysing na 44.6 na 35.7.

A.3 APPèLLIGGAAM

A.3.5 REPLIEK OP DIE APPÉLGRONDE VAN P COERTZEN EN G OOSTHUIZEN AANGAANDE APPÈL TEEN DIE BESLUIT OOR DIE BELYDENISSKRIFTE – MODERATUUR ALGEMENE SINODE 2015

1. Hier volg die reaksie en repliek teenoor genoemde appelgronde. Die eintlike appelgronde van die appellante kom in paragraaf 5 van hulle brief aan die orde en wel in 5.1 , 5.2, 6 en finale versoek in 7.
5.1 Hier wil die appélgrond dat die Algemene Sinode sy bevoegdheid om die belydenisgrondslag vas te stel nie kan delegeer na die ander (streek) sinodes nie. As motivering word artikel 43.1.6 en art 44.1 en 44.2 gebruik, waar dit duidelik staan dat dit die taak en funksie van die Algemene sinode is om die belydenisgrond vas te stel en dat hy dit nie kan afgee of delegeer na ander sinodes nie.
Repliek:
Hoewel die appellant die Kerkorde artikels korrek aanhaal is hulle interpretasie en toepassing van die besluite soos op die sinode geneem nie korrek nie. Die Algemene Sinode het op geen stadium besluit om die belydenisgrondslag van die Algemene Sinode te wysig nie. Dit staan duidelik in die sinodebesluit (wat die appellante aanhaal), asook die nuwe Kerkorde artikel 35.7.5. Hierdie besluit wysig nie die belydenisgrondslag van die Algemene Sinode nie. Die Algemene Sinode oortree dus nie sy eie kerkorde van Art 43.1.6 en 44.1 en 44.2 nie. Die Algemene Sinode het ook nie sy eie bevoegdheid om belydenisgrondslag te verander gedelegeer nie. Dit is ’n verkeerde interpretasie van die besluit om so ’n afleiding te maak.
Met die besluit van die Algemene Sinode gee hy geensins sy eie bevoegdheid en alleenreg weg om die belydenisgrondslag van die NG Kerk te verander nie. Hy moet enige sodanige uitbreiding van die belydenisgrondslag van ’n betrokke sinode eers goedkeur. Sinodes kan geensins op hulle eie optree nie. Die Algemene Sinode sal alleen toestemming gee as daar aan sekere voorwaardes voldoen is: Daar is duidelik verklaar dat “om ander belydenisskrifte wat nie in stryd met die Skrif, die drie Formuliere van Eenheid en erkende ekumeniese belydenisse is nie, deel van (die sinode se) belydenisgrondslag te maak.” Dit is dus slegs belydenisskrifte wat nie in stryd is met die Skrif en die Drie- Formuliere van eenheid, wat sou kwalifiseer. Hier is drie dinge ter sake:
Die Alg Sinode kan nie sy eie Artikel 1 in die proses oortree nie
Die finale besluit is steeds by die Algemene Sinode. Hy gee dus nie bevoegdheid af nie.
Selfs al gee die Algemene Sinode toestemming dat dit kan geskied – verklaar die Algemene Sinode duidelik – (al het ’n sinode toestemming om dit te doen en die sinode aan al die voorwaardes voldoen) – dat daardie sinode se betrokke belydenis byvoeging steeds nie die Algemene Sinode se belydenis wysig nie. Die Algemene Sinode het so waterdigte besluit geneem dat dit onverstaanbaar is hoe die appellante so ‘n afleiding kan maak.
Die Algemene Sinode gee met die besluit erkenning aan sy eie artikel 36 en 37 dat die verskillende sinodes selfstandige kerke is. Die gesamentlike belydenisgrondslag word steeds deur die Algemene Sinode gedoen.
Die Algemene Sinode gee geen willekeurige oop agenda aan (streek)sinodes nie, soos wat die appellante in par 5.1 beweer nie. Deur te beweer dat – die besluit tot gevolg sal hê dat die verband nou sal verander in ’n kongregasionalistiese of independente kerkverband en sinodes in die toekoms ander standpunte sal huldig bv., die skepping, maagdelike geboorte, as die Algemene Sinode, is ’n wanvoorstelling van die betekenis van die besluit. Niks van die aard kan gebeur nie. Die besluit van die Algemene Sinode is duidelik dat die Algemene Sinode enige sodanige belydenisskrif eers moet goedkeur en dat dit nie in stryd met die Skrif of Drie Formuliere van Eenheid mag wees nie.

2. In par 5.2 probeer die appellante ’n aantal gevolgtrekkings maak, wat die onderhawige besluit van die Algemene Sinode moontlik sal inhou. Die vraag word gevra of die gevolg van die besluit nie gaan wees dat die Sinode van Wes-Kaapland se kerkverband gewysig word nie. Op hierdie bewerings word die volgende gestel:
2.1 Die Algemene Sinode het aan die Sinode van Wes-Kaapland toestemming gegee om die kerkordelike prosesse soos goedgekeur in die nuwe Artikel 35.7 in werking te stel. Die belydenisskrif wat hier ter sprake is, is die Belydenis van Belhar. Die Algemene Sinode het die saak van hierdie belydenis deeglik oor die jare getoets en bevind dat dit nie in stryd met die huidige belydenisgrondslag is nie. Die belydenisgrondslag van die NG Kerk word dus nie aangetas deur die besluit nie.
Die Algemene Sinode het reeds in 1988 die Belydenis van Belhar Skriftuurlik aanvaarbaar bevind. Daar is ook in 1998, 2003 en 2007 verklaar dat die Belydenis van Belhar nie in stryd met die Drie Formuliere van Eenheid is nie. Die Algemene Sinode het in 2011 besluit dat hy van voorneme is om die Belydenis van Belhar op ’n kerkordelike wyse deel van die belydenisgrondslag te maak. In 2013 besluit die Algemene Sinode om voor te stel dat daar ruimte vir lidmate in die kerk moet wees om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te aanvaar of nie. Al die feite dui daarop dat daar geen skriftuurlik-teologiese en daarom ook kerkregtelike rede is waarom die belydenis van Belhar nie aanvaarbaar kan wees nie. Die Algemene Sinode het dus sonder om iets van die karakter en belydenisgrondslag van die NG Kerk prys te gee, met goeie motivering aan sinodes, toestemming verleen om die Belydenis van Belhar in hulle eie belydenisgrondslag op te neem. Die Algemene Sinode het met vrymoedigheid voorgestel dat daar ruimte in die kerk moet wees vir mense wat die Belydenis van Belhar as belydenisskrif wil aanvaar en vir dié wat dit nie wil aanvaar nie. Hiermee het die Algemene Sinode by implikasie reeds besluit dat daar óók ruimte in die kerk moet wees vir sinodes wat die Belydenis van Belhar as belydenis wil aanvaar en vir dié

wat dit nie wil aanvaar nie. Hiermee het die Algemene Sinode erken dat die skep van ruimte vir die Belydenis van Belhar nie tot verdeeldheid of skeuring sal lei nie. Met hierdie besluit het die Algemene Sinode kerkordelik ruimte gemaak vir sinodes om dit te bely , maar terselfdertyd nie sy eie amptelike belydenis hieroor te wysig nie. Die Algemene Sinode het toestemming gegee dat 'n sinode van 'n besondere kerk/streek dit wel mag bely , maar dit duidelik gestel dat so 'n besluit nie sy eie belydenis wysig nie.
Omdat die Alg Sinode reeds die belydenis as nie teen die Skrif of Drie Formuliere van Eenheid verklaar het nie , kan 'n sinode wat so 'n belydenis wil onderskryf geensins vir enige iemand binne of buite die Sinode, wat dit nie wil onderskryf nie , 'n bedreiging inhou nie. Die kerkordelike verandering maak juis voorsiening dat dit sonder dwang sal geskied.
Die bewering dat die Sinode van die Wes-Kaapland (NG Kerk in Suid-Afrika) (of enige ander sinode) nie 'n voortsetting van die oorspronklike NG Kerk is nie as hy die Belydenis van Belhar bely, is 'n wanvoorstelling sonder enige gronde.
2.2 Die voorwaarde wat artikel 35.7 oor die aanvaarding van so 'n belydenisskrif plaas, verseker dat dit in die betrokke sinodale gebied aanvaarbaar sal wees en nie 'n verandering van die kerkverband is nie. Daar moet 'n baie goeie algemene aanvaarding binne so sinodale gebied en kerkrade wees alvorens sodanige besluit geneem kan word. (Sien nuwe artikel 35.7)
35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;
35.7.2 minstens twee derdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;
35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van 'n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;
35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en
35.7.5 dit nie as 'n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie.
Die Algemene Sinode het besluit om seker te maak dat 'n paar mense nie 'n sinode op sleeptou neem nie. Daarom is basies dieselfde voorwaardes vir 'n sinode gestel soortgelyk aan Art 44. Die besluit moet ook sonder dwang op kerkrade of lidmate geneem word.
Die bewering dat 'n Sinode eensydig sodanige wysiging kan doen en dat dit dan aan mense opgedwing kan word, is ongegrond.

3. Punt 6 van die appél: Hierdie is 'n netelige saak wat eers vir gesprekvoering verwys moet word.
Hierop word die volgende reaksie aangeteken.
Daar is reeds vir jare (vanaf 1998-2013) oor die saak gesprek gevoer deur die Sinode van Wes-Kaapland, asook die Algemene Sinode. Daar kan nie net gesprek gevoer word en geen oplossing vir die Wes-Kaapse dilemma gegee word nie. Vir die Wes-Kaap is die skep van die ruimte om 'n belydenisskrif te kan aanvaar, van besondere belang. Om in die NG Kerkverband te bly, is vir die Sinode van Wes-Kaapland ononderhandelbaar. Terselfdertyd leef die sinode in 'n besondere verhouding met die VGK. Die geskiedenis van die skeiding tussen die kerke toon dat dit belangrik vir die NG Kerk is dat hier ruimte en beweging moet kom, al sou dit net in die Sinode van Wes-Kaapland wees.
Dit moet in ag geneem word dat die Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) vóór toetrede tot die Algemene Sinode in 1962 oor die reg beskik het om sy belydenis vas te stel en dat hierdie reg toe reeds 'n gevestigde reg was. Daar is wel vir die tyd van hierdie reg afstand gedoen toe die Algemene Sinode tot stand gekom het en die reg aan die Algemene Sinode oorgedra is. Maar die NG Kerk in Suid-Afrika het nog geensins finaal van hierdie reg afstand gedoen nie en kan dit weer in terme van Artikel 37 (2013) van die Kerkorde opneem.
Die Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het in 1961 soos volg gelees:
DIE BELYDENIS VAN DIE KERK
ART. 1:
Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika grond hom op die Heilige Skrif, die Woord van God. Die leer wat hy in ooreenstemming met daardie Woord bely, word uitgedruk in sy Belydenisskrifte, die \formuliere van Enigheid: die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat aangeneem is deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke gehou te Dordrecht in die jare 1618 en 1619.
ART. 2:
Die Kerk erken die historiese belydenisskrifte van die Christelike Kerk:
(a) Apostoliese Geloofsbelydenis, (b) die Geloofsbelydenis van Nicea, (c) die Geloofsbelydenis van Athanasius.
ART. 116:
Die Sinode het tot taak die vasstelling en handhawing van die belydenis van die Kerk, die kerkorde, die liturgiese formuliere en orde van die erediens ...
Die besondere historiese verband tussen die NG Kerk in Suid-Afrika, die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid-Afrika moet in berekening gebring word. Laasgenoemde twee kerke het, op enkele uitsondering na, hulle voortsetting gevind in die Verenigende Gereformeerde Kerk Kaapland, met wie die NG Kerk in Suid-Afrika steeds besondere noue bande het. In 1961 het die NG Kerk in Suid-Afrika of sy wettige opvolgers die uitsluitende reg gehad om die grondwet van hierdie twee ander kerke te verander, uit te brei of te herroep.

Dot is in die lig van die geskiedenis vir die Algemene Sinode belangrik om die historiese posisie van die Sinode van Wes-Kaapland te erken en die reg tot belydenisvorming van die sinode te erken, onder meer met die oog op die voorsetting van sy historiese bande met die VGK en sy voorgangers.
Daar moet in ag geneem word dat die Sinode van Wes-Kaapland met ’n meerderheid van 83% besluit het om die Algemene Sinode te versoek om die Belydenis van Belhar deel van die NG Kerk Wes-Kaapland se belydenisgrondslag te maak. Daar is reeds vir jare gesprek hieroor gevoer. Die die NG Kerk in Wes-Kaapland se stempersentasie om die voorgestelde Artikel 1 wysiging te aanvaar is ook met 73% aanvaar. Daar was ook ‘n hele aantal stemme uitgebring teen die voorstel uitgebring deur pro-Belhar mense, wat nie saamgestem het met die formulering van die voorgestelde Artikel 1 nie.
Dit alles is slegs ’n bewys dat die appellant se betoog dat daar nog gesprek gevoer moet word nie gronde het nie.

4. Gevolgtrekking: Die appellante versoek dat die besluit ter syde gestel word omdat dit in stryd is met die Skriftuurlike grondslag van die NG Kerk en die Kerkorde. Hulle appél het nie op grond van die Skrif, Drie Formuliere van Eenheid of die Kerkorde oortuig nie.
* Daar is duidelik aangetoon dat die Alg Sinode reeds besluit het dat die Belydenis van Belhar geensins teen die huidige Drie Formuliere van Eenheid is of die Skrif nie.
* Daar is ook aangedui dat dit nie in stryd is met die Kerkorde nie. Die besluit wysig geensins die gemeenskaplike belydenisgrondslag van die NG Kerk nie. Die Algemene Sinode het die nuwe artikel 35.7 met ’n tweederde meerderheid goedgekeur.

A.4 FREKWENSIE EN SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die volgende artikels is van belang wanneer oor frekwensie en samestelling van die Algemene Sinode gedink word.

Artikel 18

Daar is vier kerkvergaderinge: kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode.

Artikel 19

Die opsig oor, die regering van en die tug en/of dissipline in die Kerk word aan hierdie vergaderinge toevertrou.

Artikel 20

20.1 Die vergaderinge het, elkeen na sy eie aard en funksie, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle toevertrou.

20.2 Die gesag van die ring, na aanleiding van sy aard en funksie, oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode en die Algemene Sinode, na aanleiding van elkeen se eie aard en funksie, oor die kerkverband.

Artikel 21

Die kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse.

Artikel 22

22.1 In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie.

22.2 'n Meerdere vergadering het die bevoegdheid om 'n saak wat 'n mindere vergadering moes afhandel onder die volgende omstandighede te hanteer:

22.2.1 waar 'n mindere vergadering nie bestaan nie; en

22.2.2 in die geval van onvermoë of wanbestuur by die mindere vergadering.

Artikel 38

38.1 Die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 200 afgevaardigdes wat saamgestel word uit 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens van die sinodes.

38.1.1 Die eerste 100 afgevaardigdes word uit 10 persone per sinode saamgestel.

38.1.2 Die oorblywende 100 word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die sinodes saamgestel.

38.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein.

38.3 Elke afvaardiging moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.

Artikel 42

42.1 Die Algemene Sinode besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie.

42.2 Die Algemene Sinodale Moderamen roep 'n buitengewoneAlgemene Sinode byeen indien dit nodig geag word, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes.

1.2 AANBEVELING:

1.2.1 Die Algemene Sinode besluit dat die volgende vergadering in 2019 sal plaasvind.

1.2.2 Die Algemene Sinode gee die Taakspan Kerkverband opdrag om die volgende sinode met 'n omvattende verslag te adviseer rondom: wyse van besluitneming, samestelling, agendavorming, wyse van vergader, bekostigbaarheid, voorkeurfasiliteite wat benodig word, samestelling van die Moderamen asook ander faktore wat 'n rol kan speel ten einde goeie besluitneming te verseker.

B.1 BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE

MODERAMEN BESLUIT

Die ASM besluit dat

1. ‘n buitengewone sitting van die Algemene Sinode gehou word op7-10 November 2016 in Pretoria.
2. met die oog op die beplanning en ontwerp tree die Moderatuur en ds Francois Retief op as Ontwerpspan.

3. die agenda voorsiening maak vir die volgende:

3.1 die 2015 SVG-besluit,
3.2 die verslag van die Appelliggaam:
3.2.1 appelle rakende die uitbreiding van die belydenisgrondslag (Art35)
3.2.2 en appellee selfdegeslagverhoudinge;
3.3 die verslag van die Tydelike Taakspan vir Gravamina en Beswaarskrifte;
3.4 die verslag van die ATR in sake Reglement 19;
3.5 die verslag oor die Algemene Sinode;
3.5.1 die grootte en
3.5.2 frekwensie

4. Tydelike Taakspan vir Gravamina Beswaarskrifte en ander voorleggings

4.1 Opdrag: om appelle, gravamina en ander voorleggings te orden en voor te berei met die oog op die vergadering
4.2 Personeel: James Kirkpatrick, Danie Malan, Attie Nel, Dewyk Ungerer en Lourens Bosman(sameroeper) Frikkie vd Merwe (moderatuur benoem nog ‘n vrouelid).

5. Die ASM stel voor dat die volgende proses gevolg word met die oog op die finalisering van die agenda:

5.1 al die appellante word versoek om te oorweeg om hul appelle te herformuleer as beswaarskrifte/gravamina en dit as sodanig in te dien met die oog daarop dat dit tydens die buitengewone sinode hanteer kan word;
5.2 die appellante word versoek om binne 7 dae na kennisgewing hierop te antwoord;
5.3 alle beswaarskrifte/gravamina moet voor 30 September by die skriba van die Algemene Sinode ingedien wees;
5.4 alle beswaardes word genooi om van hierdie kerklike remedie gebruik te maak,
5.5 sinodes mag beskrywingspunte/gravamina via die Ontwerpspan indien tot en met 4 November.

6. Die ASM besluit ten opsigte van die samestelling dat:

6.1 die Algemene Sekretaris die sinodes voorsien van die formule vir afvaardiging;
6.2 die geloofsbriewe na die Algemene Sinode 2015 ontvanklik is of
6.3 waar sinodes daartoe besluit, nuwe geloofsbriewe ingehandig kan word
6.4 geloofsbriewe ingehandig word teen 30 September.

7. Die ASM versoek die ATR om die ASM/sinodes te adviseer oor die samestelling en konstituering van die buitengewone sinode.

B.2 REGLEMENT 3
REGLEMENT VAN ORDE

1. OPENING EN KONSTITUERING

1.1 Die afgevaardigdes kom byeen op die plek en tyd soos vooraf deur die Moderamen bepaal. Die afgevaardigde predikant met die langste diens wat die oudste in jare is,open die vergadering en gaan voor totdat die moderator verkies is. Die algemene sekretaris help met die konstituering van die vergadering en die verkiesing van die moderator. By ’n buitengewone Algemene Sinode tree die voorsitter van die Moderamen op as voorsitter.

1.2 Die berekening van die afvaardiging per sinode op grond van Artikel 38.1.2 van die *Kerkorde* geskied deur die Moderamen. Geloofsbriewe van afgevaardigdes moet die algemene sekretaris minstens drie maande voor die aanvang van die vergadering bereik. Gewysigde geloofsbriewe kan tot die aanvang van die vergadering ingedien word. By konstituering word die geloofsbriewe ter tafel geneem. By ’n buitengewone Algemene Sinode word geloofsbriewe en verslae ingedien soos deur die Moderamen bepaal en dien alleen die sake waarvoor die buitengewone Algemene Sinode byeengeroep is.

1.3 Die vergadering word deur die voorsitter as wettig gekonstitueer verklaar soos saamgestel uit die afgevaardigdes wie se geloofsbriewe ingedien is. Die meerderheid van die afgevaardigdes na die vergadering ingevolge Artikel 38.1 van die *Kerkorde* vorm die kworum.

1.4 Na konstituering van die Algemene Sinode word die Moderatuur verkies vir die duur van die vergadering.

1.4.1 Die verkiesing van die Moderatuur geskied uit afsonderlike nominasielyste. Die opneem en tel van die stemme word aan ’n kommissie/stemtellers opgedra wat vooraf deur die Projekspan Agenda Algemene Sinode benoem is.

1.4.2 Die Moderatuur van die Algemene Sinode bestaan uit ’n moderator, assessor en aktuarius. Die algemene sekretaris tree met adviserende stem as skriba van die vergadering op. Die Moderatuur word tydens die vergadering deur die moderators/ voorsitters van die onderskeie sinodes bygestaan.

1.4.3 Lede van die Moderatuur kan nie by meer as twee agtereenvolgende vergaderings gekies word om in dieselfde posisie te dien nie.38 Die persoon kan daarna wel in een van die ander posisies verkies word.

1.5 Die vergadering word met oop deure gehou, tensy die vergadering anders besluit.

1.6 Elke sittingsdag word op ’n gepaste wyse geopen met Skriflesing en gebed en afgesluit met gebed.

1.7 ’n Lid van die vergadering moet vooraf verskoning maak indien die persoon vir ’n deel van die vergadering afwesig gaan wees. ’n Sekundus kan in die persoon se plek verskyn. Geen lid mag sonder verlof die vergadering verlaat nie.

2. STEMMING

2.1 Elke lid van die vergadering moet stem. Vir ’n beslissing word ’n volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige lede vereis, behalwe in die gevalle waar die *Kerkorde* ’n tweederdemeerderheid vereis (Artikel 44.1 tot 44.4 en 70.4). Die voorsitter het ’n gewone maar nie ’n beslissende stem nie. Persone wat die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag aan die bespreking deelneem, maar nie stem nie.

2.2 Die stemming oor persone geskied op geslote wyse en soos volg:

2.2.1 Eers word ’n nominasielys saamgestel. Elke stemgeregtigde lid mag persone nomineer, maar nie meer as die getal persone wat gekies moet word nie.

2.2.2 Uit die name in die nominasielys stem elke stemgeregtigde vir soveel name as die getal persone wat gekies moet word.

2.2.3 Die persoon op wie die meeste stemme verenig word, is verkies indien die getal stemme op die persoon uitgebring die volstrekte meerderheid van die aanwesige stemgeregtigdes uitmaak.

2.2.4 Indien ’n persoon/persone nie ’n volstrekte meerderheid van stemme kry nie, vind daar ’n verdere stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam ’n volstrekte meerderheid vorm.

2.2.5 Indien daar ’n staking van stemme is wat nie deur verdere stemming opgelos kan

word nie, geskied die beslissing deur die lot.
2.3 Die stemming oor sake verloop soos volg:
2.3.1 Oor alle sake, wat nie algemene instemming ontvang nie, word daar gestem óf met opsteek van hande, óf in die geval van kontensieuse sake op ’n geslote stemwyse, indien die vergadering so besluit. Die meerderheid van stemme bepaal die besluit.
2.3.2 In die geval van ’n voorstel met amendemente, word die amendemente eers tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste amendement wat ingedien is en daarna die voorstel soos deur die aanvaarde amendement(e) gewysig. Slegs indien al die amendemente verwerp word, stem die vergadering oor die oorspronklike voorstel.
2.3.3 Na elke stemming oor ’n amendement of ’n voorstel word die uitslag van die stemming aangekondig – nie die getal stemme vir of teen die voorstel of amendement uitgebring nie, maar of dit aanvaar of verwerp is.
2.3.4 Dit staan ’n lid vry om met of sonder opgaaf van redes te laat notuleer dat die persoon met ’n besluit wat geneem is nie instem nie of dat die persoon nie teenwoordig was toe die besluit geneem is nie.

3. BEHANDELING VAN SAKE

3.1 Die Projekspan Agenda Algemene Sinode deur die Moderamen saamgestel, stel die agenda vir die vergadering saam en dra sorg dat die agenda, indien enigsins moontlik, ses weke voor die vergadering in die hande van die afgevaardigdes gestel word. Vóór die vergadering word die agenda en ná die vergadering word die handelinge aan alle diensdoende predikante van die Kerk, sowel as gemeentes, amptenare en belanghebbende instansies, gestuur. Die agenda en handelinge kan in gedrukte en/of elektroniese formaat versprei word.
3.2 Die verslag van die Projekspan Agenda Algemene Sinode word ter aanvang van die vergadering in behandeling geneem.
3.3 Die algemene sekretaris maak aantekeninge van sake wat op meer as een plek in die agenda voorkom en stel hierdie aantekeninge tot beskikking van die voorsitter.
3.4 By die behandeling van sake neem die voorsitter die orde in ag wat die geskikste voorkom. Die voorsitter dra die sake wat behandel moet word, duidelik voor, gee die nodige inligting en kan, as die saak dit vereis, wenke aan die hand doen om die vergadering te help om tot ’n beslissing te kom.
3.5 Die voorsitter neem ’n saak wat op meer as een plek in die agenda voorkom, op die mees sinvolle plek in behandeling en handel, indien enigsins moontlik, die saak daar af. Waar dieselfde saak elders voorkom en afgehandel is, word slegs die opskrif aangegee en deur middel van die betrokke bladsyverwysing aangedui waar dit reeds afgehandel is.
3.6 In gevalle wat op die orde van die vergadering betrekking het en waarvoor geen voorsiening in hierdie reglement gemaak word nie, handel die voorsitter volgens gebruik en eie oordeel. As enige lid teen hierdie handelswyse beswaar het, word dit aan die beslissing van die vergadering onderwerp.
3.7 Elke lid van ’n vergadering moet by deelname aan die bespreking die voorsitter aanspreek.
3.8 By die behandeling van sake is elke lid op ’n spreekbeurt geregtig, tensy die vergadering anders besluit. Niemand mag buite ’n toegekende spreekbeurt en/of sonder verlof van die voorsitter praat nie. As twee of meer lede gelyk opstaan, beslis die voorsitter wie die eerste aan die woord kom.
3.9 Geen lid van die vergadering is geregtig op meer as een spreekbeurt oor dieselfde saak nie, behalwe wanneer die persoon die aandag van die voorsitter wil vestig op ’n afwyking van die reglement van orde, óf met die verlof van die vergadering óf om as voorsteller repliek te lewer.

3.10 Die voorsitter het die reg om, wanneer na eie oordeel die saak onder behandeling genoegsaam bespreek is, dit aan die vergadering te stel of daar nie tot stemming oorgegaan kan word nie.

4. VOORSTEL EN AMENDEMENT(E)

4.1 Die voorstel en die amendement(e) moet skriftelik ingedien en deur die voorsteller en die sekondant geteken word. Aanbevelings van ’n projekspan en ’n algemene of ’n tydelike taakspan word as voorstelle aan die vergadering voorgehou. Indien ’n tydelike taakspan ’n aanbeveling doen wat ’n aanbeveling van ’n projekspan of algemene taakspan raak, het die projekspan of die algemene taakspan die voorstel en moet die tydelike taakspan amendeer. Indien meer as een projek- of algemene taakspan ’n

voorstel oor dieselfde saak voor die vergadering het, reël die voorsitter watter een die voorstel is.
4.2 Geen spreekbeurt mag aangevra word, of voorstel of amendement(e) dien, voordat die voorsitter die saak aan die orde stel nie.
4.3 ’n Voorstel of amendement wat reeds ter tafel is, mag nie sonder die verlof van die vergadering teruggetrek word nie.
4.4 Die indiener van ’n voorstel word beperk tot ’n spreekbeurt van 8 minute, met 5 minute tyd vir repliek, en ander sprekers tot 5 minute. Die vergadering mag in bepaalde gevalle van hierdie tydsbeperking afsien.

5. MOSIE VAN ORDE

5.1 ’n Mosie van orde is ’n voorstel wat betrekking het op:
5.1.1 die volgorde waarin sake ter tafel moet kom; of
5.1.2 die opskorting van die bespreking van ’n bepaalde saak; of
5.1.3 die verwysing van ’n bepaalde saak; of
5.1.4 die afstap van ’n bepaalde saak.
5.2 ’n Ordemosie kan op enige tydstip gedurende die voortgang van die bespreking ingedien word. Daaroor word dadelik sonder bespreking gestem. Dit word egter aan die oordeel van die voorsitter oorgelaat om die mosie terug te hou as die voorsitter van mening is dat dit aangewend word om ’n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom.

6. BESKRYWINGSPUNTE EN VERSLAE

6.1 Alleen ’n kerkvergadering of sy gevolmagtigde en ’n kuratorium oor beleid ingevolge Artikel 6.2 van die *Kerkorde* mag beskrywingspunte by die Algemene Sinode indien. Beskrywingspunte wat hulle oorsprong by kerkrade of ringe het, word met ’n motivering na die betrokke sinode/sinodale kommissie/moderamen gestuur.
6.2 Die betrokke sinodale vergadering of sy gevolmagtigde neem die beskrywingspunt van ’n kerkraad of ring in behandeling en stuur die beskrywingspunt met bykomende kommentaar na die Algemene Sinode.
6.3 Beskrywingspunte is alleen ontvanklik as dit in ooreenstemming met Artikel 43 van die *Kerkorde* is en minstens drie maande voor die vergadering deur die algemene sekretaris ontvang is.

6.4 Beskrywingspunte van spoedeisende aard mag deur die vergadering in behandeling geneem word, indien die vergadering, na raadpleging en aanbeveling van die Tydelike Taakspan Regte, daartoe besluit.
6.5 Verslae van projek- en algemene taakspanne van die Algemene Sinode moet minstens drie maande voor die vergadering by die algemene sekretaris ingedien word.
6.6 Dringende sake wat in die drie-maande-tydperk voor die vergadering voorkom en deur projek- of algemene taakspanne behandel is, mag by wyse van addendumverslae, met verlof van die Projekspan Agenda Algemene Sinode, ter tafel gelê word.
6.7 Die Projekspan Agenda Algemene Sinode het die bevoegdheid om verslae deur die projek- en algemene taakspanne ingedien, te laat verkort, indien dit onnodig lank is.
6.8 Aanbevelings van projek- en algemene taakspanne wat wysigings aan die *Kerkorde* en reglemente behels, word in die agenda gemerk: Vir die aandag van die Tydelike Taakspan Regte. Hierdie voorstelle word dan voor die vergadering deur die Tydelike Taakspan Regte nagegaan vir kerkregtelik bevredigende formulerings sonder uitspraak oor die beginsel vervat in die voorstel. Tydens die behandeling van die betrokke voorstel in die projek- of algemene taakspan se verslag, lewer die Tydelike Taakspan Regte advies oor die kerkregtelike aspekte daaraan verbonde.

7. TYDELIKE TAAKSPANNE, PROJEK- EN ALGEMENE TAAKSPANNE

7.1 Tydelike taakspanne, soos deur die Projekspan Agenda Algemene Sinode aangewys, mag voor die aanvang van die vergadering met hulle werksaamhede begin.
7.2 Die benoeming van tydelike taakspanne gedurende die sitting van die Algemene Sinode word, op aanbeveling van die Moderamen, deur die vergadering met opsteek van hande gedoen.
7.3 Amptenare in diens van die sinodes en van die Algemene Sinode het sitting met adviserende stem in tydelike taakspanne (as afgevaardigdes of waarnemers wat op koste van sinodes teenwoordig is).
7.4 Beskrywingspunte wat betyds ontvang word, word deur die algemene sekretaris na die toepaslike projek- of algemene taakspanne verwys vir verslag aan die Algemene

Sinode. Ander beskrywingspunte word deur tydelike taakspanne hanteer. Insenders van beskrywingspunte mag dit by die projek- of algemene taakspan toelig.
7.5 Tydelike taakspanne maak nie aanbevelings oor die verslae van projek- of algemene taakspanne nie, tensy daar ’n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer ’n saak deur die vergadering na hulle verwys is.
7.6 Na afloop van die vergadering word opdragte uitgevoer en werksaamhede voortgesit deur projekspanne onder die strategiese leiding van die Moderamen, met ondersteuning van die Bedryfspan, steundienste (administrasie, fondse en bates, regte, menslike hulpbronne en kommunikasie), algemene taakspanne en die Kantoor van die Algemene Sinode. Projekspanne hanteer werksaamhede met ’n korter of *ad hoc*leeftyd, terwyl algemene steunpanne werksaamhede van ’n meer durende of onbepaalde aard verrig.
7.7 Projek- en algemene taakspanne word tydens die Algemene Sinode deur die vergadering óf na afloop van die vergadering deur die Moderamen saamgestel. ’n Sameroeper word vir elke projek- en algemene taakspan aangewys, wat die aangewese lede vir die eerste vergadering byeenroep en die konstituering behartig.
7.8 Vakatures in projek- en algemene taakspanne wat tussen gewone vergaderinge van die Algemene Sinode ontstaan, word aangevul deur die Moderamen op aanbeveling van die betrokke projek- of algemene taakspan.

8. REVISIE

8.1 Besluite wat geneem is, mag alleen na voorafgaande kennisgewing en met die toestemming van die vergadering op ’n tyd deur die Moderatuur bepaal, in revisie geneem word.
8.2 Kennisgewing van revisie:
8.2.1 Revisie kan toegestaan word indien oortuigend aangevoer word dat
8.2.1.1 in die bespreking van die saak waarom dit gaan in die vergadering aan sekere aspekte daarvan glad nie of nie voldoende aandag gegee is nie; en/of
8.2.1.2 daar later inligting na vore gekom het wat hersiening van die besluit noodsaaklik maak.
8.2.2 Elke kennisgewing van revisie word na die Tydelike Taakspan Regte verwys.
8.2.3 Die aansoeker stel die rede(s) vir die aansoek om revisie aan die Tydelike Taakspan Regte.
8.2.4 Die Tydelike Taakspan Regte doen ’n aanbeveling aan die vergadering ten opsigte van elke kennisgewing van revisie.
8.2.5 Die vergadering beslis met meerderheidstem of die revisie toegestaan word**.** Indien toegestaan, word die saak weer oopgestel vir bespreking en kan die vergadering tot ’n ander besluit kom of die vorige besluit kan gehandhaaf word.

9. NOTULE

9.1 Voorstelle word, soos skriftelik ingedien, genotuleer.
9.2 Alle voorstelle en amendemente, ook die wat nie aanvaar word nie, word in die notule opgeneem.
9.3 Die notule van elke sittingsdag word deur ’n notulekommissie versorg en tydens die volgende sittingsdag deur die vergadering goedgekeur en deur die moderator en skriba onderteken.
9.4 Die notule van die laaste sittingsdag word deur die notulekommissie geredigeer en deur die Moderamen goedgekeur en onderteken.
9.5 Besluite van die Algemene Sinode (soos vervat in die *Handelinge* en die wysiging van die *Kerkorde*) tree in werking met die gedrukte en/of elektroniese publikasie van die *Handelinge van die Algemene Sinode*, tensy die Algemene Sinode anders besluit.

10. TOEGANG TOT MINDERE VERGADERINGE, AMPSADRAERS EN LIDMATE

10.1 Indien die Algemene Sinode beleidsbesluite neem, is hy bevoeg om die Kerk in haar geheel aan te spreek, dit wil se mindere kerkvergaderings, ampsdraers en lidmate.

B.3 HUISREëLS

1. Reglement 3 geld, die reglement van Orde, soos vir elke vergadering. Afgevaardigdes sal nougeset hieraan gehou word.

2. Daar is ’n **embargo** op die sakelys, verslae, bylaes, appèlle, beswaarskrifte en gravamina tot en met die vergadering omdat dokumente as **vertroulik** geag word.

3. Alle besoekers moet elke dag by aankoms registreer en word net op die gallery toegelaat.

4. Spreekbeurte word net aan lede van die vergadering (afgevaardigdes en persone met adviserende stem) sowel as aan persone wat genooi is om beskrywingspunte toe te lig verleen.

5. Die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake word saamgestel uit die Moderatuur saam met Moderators/Voorsitters van sinodes, soos die kerkorde voorstel.

6. Geen mense met kleredrag of plakkate of enigiets dergliks wat standpunte oor selfdegeslagverhoudings verteenwoordig of propageer word toegelaat in die vergadering nie - besoekers word ook versoek om hieraan gehoor te gee.

7. Geen klank-, foto's of beeldopnames word in die vergadering toegelaat nie, selfs van selfone af.

8. Voor elke stemming is elke tafel se stemteller verantwoordelik om eers die stemgeregtigde teenwoordiges aan elke tafel vas te stel as ’n kontrole vir die getal stemme wat uitgebring word. Elke afgevaardigde met stemreg moet aan stemming deelneem. Stemme kan net op die genommerde uitgedeelde stembriefies uitgebring word. Elke stemteller neem verantwoordelikheid dat die aantal teenwoordige stemgeregtigdes ooreenstem met die aantal stemme uitgebring. Lede van die vergadering wat nie in die vergaderinglokaal aan tafel is wanneer ons met die stemproses begin nie, mag nie aan die stemming deelneem nie.

9. Geen literatuur of materiaal, word deur nie lede van die vergadering, aan die afgevaardigdes by die sinode uitgedeel nie.

10. Joernaliste is welkom by die vergadering en sal op die gallery plek inneem. Die media is welkom om buite die saal foto’s te neem.

11. Die enigste amptelike kommunikasie van die kerk sal deur die voorsitter en aktuarius gedoen word. Dit sal by wyse van ‘n mediakonferensie aan die einde van elke dag se vergadering geskied.

Uittreksel: Besluite Algemene Sinode 2004

4.10 HOMOSEKSUALITEIT

1. Dit is die roeping van die kerk om die evangelie van Jesus Christus in alle omstandighede en aan alle mense te bring. Daarom is dit die kerk se taak om die lig van God se Woord ook op die terrein van menslike seksualiteit te laat val sodat die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus ook met betrekking tot hierdie aspek van die lewe tuisgebring kan word.

2. Dit is ook die roeping van die kerk om sonder vooroordeel, bewus van ons eie gebrokenheid, ons lidmate op te roep en te begelei, om in waarheid met liefde en deernis voor God met mekaar om te gaan. In die lig hiervan vra die Algemene Sinode verskoning aan alle homoseksueles en hulle families, binne en buite die kerk, vir elke geval waar die kerk sulke mense in die verlede, onder andere as gevolg van 'n gebrek aan leiding, seergemaak en veronreg het en waar God se liefde nie in die kerk se optrede raakgesien kan word nie.

3. Die Sinode is diep geraak deur die pyn en lyding, verwerping en eensaamheid van persone wat op een of ander wyse met die werklikheid van homoseksualiteit gekonfronteer is. Daarom onderneem ons om met mekaar saam op weg te gaan, deur:

* in liefde mense te ondersteun op persoonlike vlak en die nodige ondersteuningsisteme daar te stel op alle vlakke;
* met die middele tot ons beskikking die nodige pastorale begeleiding te verskaf, as daar 'n behoefte is;
* saam te besin oor wat 'n Bybels-gefundeerde pastorale model is om homoseksuele persone te versorg.

4. Die Sinode erken dat daar in die kerk verskil-lende vertolkings is van die beskikbare Skrifgegewens oor homoseksualiteit. Ons onderneem om die gesprek en studie oor hierdie saak met groot erns voort te sit met die oog daarop om die kerk en ons lidmate op die mees verantwoordelike manier te dien.

5. Volgens ons verstaan van die Skrif kan slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word. (Handelinge, Algemene Sinode 2002: 624 12:11 punt 2.)

6. In aansluiting by die Algemene Sinode van 2002 bevestig die Sinode dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.

7. Die Sinode is daarvan oortuig dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en dat hulle op grond van hulle doop as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te word. Dit is ons oortuiging dat ons alle mense se getuienis oor hulle geloof en toewyding, sowel as oor hulle seksuele oriëntasie, ernstig moet opneem en hulle integriteit moet aanvaar.

Hierdie besluit vervang die vorige besluit van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit en word nou die amptelike standpunt van die NG Kerk.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
BESLUIT OOR HOMOSEKSUALITEIT: 2007

Die Algemene Sinode besluit dat:

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ‘n huwelik beskou kan word.
5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as ‘n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is ‘n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat ‘n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.
8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

Die Algemene Sinode verklaar dat die besluit van 8 punte oor homoseksualiteit as ‘n eenheid aan die Sinode gestel is en dat hierdie besluit as ‘n eenheid gelees en verstaan moet word.

2013 HOMOSEKSUALITEIT: PROSESVOORSTEL

Die Algemene Sinode

1.5.1 bevestig dat die besluit van 2007 oor homoseksualiteit geneem is na ’n deeglike eksegetiese en teologiese studie.
1.5.2 gee opdrag aan die ASM om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit ’n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie
1.5.3 besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie.
1.5.4 verbind hom ook in die hantering van die saak aan die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid.

2015 BESLUIT: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Die Algemene Sinode het op Vrydag 9 Oktober 2015 soos volg besluit:

1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.

2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ’n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.

3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ’n huwelik beskou word.

4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van pt 1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou, en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie van ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.

6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.

7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in ’n gees van Christlike liefde te doen.

8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na ’n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op ’n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinoge van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met die NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.

9 Die Algemene Sinode besluit om ’n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Projekspan vir Leer en Aktuele Sake, wat reeds ’n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.

10 Die Algemene Sinode besluit om ’n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

Die Algemene Sinode het verder besluit:

1 Vanuit ons verbintenis tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid sê ons as Algemene Sinode opreg jammer vir mense wat seergekry het en wie se waardigheid aangestas is weens enige homofobiese taal, gedrag of gesindheid van die kant van die kerk, ook tydens hierdie vergadering.

2 Die Algemene Sinode weerhou haarself voortaan van enige homofobiese taal, gedrag en gesindheid juis vanweë ons verbintenis aan die Seisoen van Menswaardigheid, en ook vanuit ’n diepe oortuiging van die diskriminerende aard van sodanige taal, gedrag en gesindheid as gevolg daarvan.

Die Algemene Sinode het verder besluit:

1 Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Steunspan Regte op om die kerkregtelike- en regsimplikasies van enige besluit(e) insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen.

2 Die Algemene Sinode neem kennis dat volgens die *Civil Union Act* (Wet 17 van 2006) vereis word dat denominasies skriftelik by die Minister moet aansoek doen om toestemming te verkry om selfdegeslagverbintenisse te voltrek (vergelyk Klousule 5 wat soos volg lees: *Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denomination or organisation as marriage officers: (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act).*

Die Algemene Sinode het verder besluit:

1 Die Sinode van Namibië versoek die Algemene Sinode om kennis te neem dat pt 4 in die goedgekeurde voorstel wat soos volg lees "erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag", in stryd is met die landswette van Namibië.

2 Die Algemene Sinode keur goed dat hierdie besluit oor selfdegeslagverhoudinge nie van toepassing is op die Sinode van Namibië nie.